# DIE ONTWERP EN EVALUERING VAN 'N MAATSKAPLIKE GROEPWERKPROGRAM TER VERBETERING VAN DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE VROU IN 'N MYNGEMEENSKAP

**A.E. Naudé**

# DIE ONTWERP EN EVALUERING VAN 'N MAATSKAPLIKE GROEPWERKPROGRAM TER VERBETERING VAN DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE VROU IN 'N MYNGEMEENSKAP

A.E. Naudé

1999

# DIE ONTWERP EN EVALUERING VAN 'N MAATSKAPLIKE GROEPWERKPROGRAM TER VERBETERING VAN DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE VROU IN 'N MYNGEMEENSKAP


**ANNA ELIZABETH NAUDÉ**

BA(MW) MA(MW)


Proefskrif voorgelê vir die graad

**PHILOSOPHIAE DOCTOR**

in die

**DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK**

aan die

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS**

Promotor: Prof. H. Strydom

Potchefstroom

1999

# ABSTRACT

The South African circumstances are subject to constant, astonishingly rapid and profound changes (Strydom, 1990:1). These changes have an influence on numerous aspects of one's life, but especially on the life of a woman. The position of the woman in the mining community is probably worse, due to her lower level of education, her isolation and the typical mining culture which is difficult to change. Little pleasure for the enrichment of a woman is found in the mining community. All these factors may give rise to a poor self-image. A poor self-image is detrimental to one's life as a whole, one's actions and relationships (Barnard, 1985:1). If the woman does not function effectively, it could lead to the disintegration of her whole family. Social group activities for adult women are opportunities which could be utilised to develop a woman (Letsebe, 1998:1-9). From the data bases that were utilised for this literature study, it was obvious that no social group activities exist for developing the self-image of a woman in the mining community. It appears to be a fundamental need, as there are numerous problems in the mining community, and it would alleviate the task of a group leader if an intervention programme were available to bring about the required change.

The primary aim of this investigation was to determine whether the application of a planned, intensive intervention programme, based on social group work for women in a mining community, would bring about an improvement in their social performance.

The objectives thus formulated for attaining the primary aim, were the following:

- To study the performance of women in a mining community by means of an exploratory investigation (participant observation);
- to design an intervention programme for women, based on the literature study and mentioned interventional research which will develop and indicate a definite change in their physical well-being, encourage them to learn life and manual skills and help them to maintain various good relationships;
- to evaluate the intervention programme that was designed (single-system design).

These aims and objectives were achieved after a thorough literature study and interventional research had been undertaken. Interventional research was used

as the method of investigation and incorporates the following phases: problem analysis and project planning, the gathering of information and synthesis, design, early development and pilot testing, evaluation and advanced development, and dissemination. Each of these phases consisted of several steps which offered excellent guidelines for embarking on this study. Participative observation and the single-system design were used as methods for gathering material. As far as participative observation is concerned, ten women from the Glenharvie mining community were randomly selected as trial subjects for the investigation. Each one of these trial subjects was interviewed on three different occasions. A qualitative questionnaire was used as structure for gathering the required information. The integration of the questions and answers of the participative observation was explained throughout the thesis.

After the needs of the women in the mining community had been established, an intervention programme was designed and presented to two separate groups of women in the mining community. The groups consisted of seven and eight members respectively. Group meetings took place every alternate week (holidays excluded) and covered nineteen meetings. At the first, tenth and nineteenth meetings the self-image of each woman was evaluated. The results of the self-image evaluations were graphically represented.

The hypothesis of this investigation, namely the design, presentation and evaluation of an intervention programme for women in the mining community which will improve their social performance, that is, the positive development of their self-image, which in turn has a positive influence on their care for their physical well-being, life and manual skills, and the maintenance of various relationships, was concluded.

# DANKBETUIGING

Hiermee betuig ek graag my opregte dank aan almal wat op die een of ander wyse bygedra het tot die voltooiing van hierdie proefskrif.

- In die besonder wil ek graag prof. Herman Strydom, my promotor, opreg bedank vir sy geloof in my asook sy hulp, aanmoediging en geduld, selfs in moeilike en besige omstandighede.
- 'n Woord van dank aan mev. Corinne Strydom wat soms as koerier moes dien in tye wat ek en prof. Strydom mekaar nie kon bereik nie.
- 'n Besondere dank aan mev. Doepie de Jongh vir al haar geduld, tyd, netjiese en akkurate tikwerk.
- Ook 'n besondere woord van dank aan mev. Elsa Brand vir die taalkundige versorging van die proefskrif.
- Baie dankie aan mev. Pat Pretorius vir die taalkundige versorging van die *abstract.*
- My dank aan die ondersoekgroep wat by die navorsing betrek is en sonder wie geen navorsingsresultate moontlik sou wees nie.
- Ek wil ook my dank teenoor die EAP-groepbestuurder van Medgold, mnr. K. du Toit, uitspreek wat my toegelaat het om in die tyd wat ek by hulle in diens was, die navorsing te onderneem.
- Baie dankie aan my eggenoot André, wat waarlik uit sy pad gegaan het om my te ondersteun en te bemoedig en so vir my die geleentheid geskep het om die ondersoek te onderneem.
- Vir my dogtertjie Elrize wil ek baie dankie sê vir dié kere wat sy met minder aandag tevrede moes wees en steeds liefdevol en gelukkig kon bly.
- Aan my ouers, Hennie en Henna Naudé, 'n woord van dank vir al julle liefde en geloof in my.
- Dankie aan mev. Adri Roux wat my altyd geïnspireer het en nooit ophou glo het in my nie.

- Aan almal wat ondersteunend was in my studietydperk, baie dankie - veral Arno en Elzaan Combrink, Alida Taylor, Dorothy Meiring en my vriendekring in Pretoria.

- Aan FAMSA en personeel wat die laaste deel van my navorsing met my meegemaak het, baie dankie vir jul liefde en ondersteuning.

- Bo alles steeds die grootste lof en erkenning aan ons Hemelse Vader vir die krag, talente en vermoë wat Hy aan my geskenk het om hierdie navorsing te kon onderneem.

**Opgedra aan my ouers, Hennie en Henna, vir wie ek graag alles sou wou terugdoen uit dank vir wat hulle vir my gedoen het, maar wat onmoontlik is. Hierdie proefskrif dra ek dus veral aan julle op sodat julle kan weet hoe besonders julle vir my is. Ek dra die proefskrif verder aan my man André, en dogtertjie Elrize, op omdat julle sulke besondere mense in my lewe is.**

# HOE MOET 'N VROU SE HART WEES?

**Om mooi te wees, moet die hart van die vrou drie dinge wees ...**

* Dit moet wees soos die gras wat deur diere afgevreet word, maar altyd weer groei.
  G'n seer moet dit doodmaak nie.

* Dit moet wees soos 'n fontein wat deur die diere vuil getrap word, maar daarna altyd weer helder word.
  Geen mens moet sy modderspore daarin agterlaat nie.

* Dit moet wees soos die rooidag wat elke môre die nag oorwin.
  Geen swaarkry moet dit kan doodkry nie.

# INHOUDSOPGAWE


HOOFSTUK 1 ........ 1

ALGEMENE INLEIDING ........ 1

1. PROBLEEMFORMULERING ........ 1
2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP ........ 3
3. DOEL VAN DIE ONDERSOEK ........ 4
4. SENTRALE TEORETIESE STELLING ........ 4
5. AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEK ........ 5
6. TYDPERK VAN ONDERSOEK ........ 5
7. VOORONDERSOEK ........ 5
   - 7.1 LITERATUURSTUDIE ........ 6
   - 7.2 RAADPLEEG VAN DESKUNDIGES ........ 7
   - 7.3 VOORLOPIGE VERKENNINGSTUDIE ........ 7
8. NAVORSINGSONTWERP ........ 8
   - 8.1 DIE VERKENNENDE ONTWERP ........ 8
   - 8.2 BESKRYWENDE ONTWERP ........ 8
   - 8.3 DIE VERKLARENDE ONTWERP ........ 9
9. METODES VAN ONDERSOEK ........ 9
   - 9.1 LITERATUURSTUDIE ........ 9
   - 9.2 INTERVENSIENAVORSING ........ 10
10. WYSES VAN DATA-INSAMELING ........ 11
    - 10.1 DEELNEMENDE WAARNEMING ........ 11
    - 10.2 DIE ENKELSTELSELONTWERP ........ 12
11. ONTLEDING EN METING VAN GEGEWENS ........ 13
12. BEPERKINGS EN LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK ........ 13
13. BEGRIPOMSKRYWING ........ 15
    - 13.1 MAATSKAPLIKE GROEPWERK ........ 15
    - 13.2 MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING ........ 15
    - 13.3 GEDEPRIVEERDE VROU ........ 15
    - 13.4 MYNGEMEENSKAP ........ 16
    - 13.5 SELFBEELD ........ 16
    - 13.6 INTERVENSIENAVORSING ........ 17
    - 13.7 DEELNEMENDE WAARNEMING ........ 17

13.8 DIE ENKELSTELSELONTWERP .....17
13.9 VELDAANTEKENINGE .....17
14. AANBIEDING .....18
HOOFSTUK 2 .....20
DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE VOLWASSE VROU IN DIE MYNGEMEENSKAP .....20
1. INLEIDING .....20
2. DIE SELFKONSEP .....21
2.1 DIE FISIEKE SELFKONSEP .....22
2.2 DIE INTELLEKTUELE SELFKONSEP .....23
2.3 DIE PSIGOLOGIESE SELFKONSEP .....24
2.4 SOSIALE SELFKONSEP .....25
2.5 MORELE SELFKONSEP .....26
2.6 SELFAGTING .....27
2.7 GESLAGTELIKE SELFKONSEP .....28
3. DIE BELANGRIKHEID VAN 'N POSITIEWE SELFBEELD IN DIE DOELTREFFENDE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE VROU IN DIE MYNGEMEENSKAP .....29
3.1 VOORTVLOEISELS VAN DIE SELF .....30
3.2 SELFAKTUALISERING .....30
3.3 KONGRUENSIE .....31
4. VORMING VAN 'N POSITIEWE SELFBEELD .....32
4.1 DIE INVLOED VAN 'N POSITIEWE SELFBEELD .....33
4.2 DIE VOORDELE VAN 'N POSITIEWE SELFBEELD .....33
5. DIE VORMING VAN 'N NEGATIEWE SELFBEELD .....34
5.1 BASIESE OPTREDES VAN PERSONE MET 'N NEGATIEWE SELFBEELD .....35
5.2 SIMPTOME VAN 'N NEGATIEWE SELFBEELD .....35
6. ASPEKTE VAN BELANG IN DIE VORMING VAN 'N POSITIEWE SELFBEELD BY DIE VOLWASSE VROU IN DIE MYNGEMEENSKAP .....37
6.1 LEWENSKUNS .....37
6.2 VOLWASSENHEID .....38
6.2.1 Die betekenis van werk .....39
6.2.2 Die betekenis van liefde .....40
6.2.3 Die betekenis van lyding .....41

6.2.4 Die betekenis van die dood ..........42
6.3 SELFONTDEKKING ..........42
6.3.1 Ouderdom ..........42
6.3.2 Die vel ..........43
6.3.3 Haarversorging ..........44
6.3.4 Grimering ..........45
6.3.5 Liggaam ..........45
6.4 VERHOUDINGSWESE ..........50
7. SAMEVATTING ..........52
HOOFSTUK 3 ..........53
DIE GEBRUIK VAN MAATSKAPLIKE GROEPWERK IN DIE HANTERING VAN VOLWASSE VROUE IN DIE MYNGEMEENSKAP ..........53
1. INLEIDING ..........53
2. BEGRIPOMSKRYWING: MAATSKAPLIKE GROEPWERK ..........54
3. DOELSTELLINGS VAN MAATSKAPLIKE GROEPWERK ..........55
3.1 ALGEMENE DOELSTELLINGS VAN MAATSKAPLIKE GROEPWERK ..........55
3.1.1 Die groei van die groep as geheel ..........56
3.1.2 Die bevrediging van die behoefte aan kommunikasie in groepsverband ..........56
3.1.3 Die stimulering van persoonlikheidshoedanighede ..........57
3.1.4 Hulp met die oplos van probleme ..........57
3.1.5 Leiding neem en aanvaar ..........58
3.1.6 Ontspanning ..........58
3.2 SPESIFIEKE DOELSTELLINGS VAN GROEPWERK MET VOLWASSE VROUE IN DIE MYNGEMEENSKAP ..........58
4. VERSKILLENDE SOORTE GROEPE ..........60
4.1 TAAKGEORIËNTEERDE GROEPE ..........60
4.2 BEHANDELINGSGROEPE ..........61
4.2.1 Opvoedkundige groepe ..........61
4.2.2 Groeigeoriënteerde groepe ..........61
4.2.3 Remediërende groepe ..........62
4.2.4 Sosialiseringsgroepe ..........62
4.3 ONDERSTEUNINGSGROEPE ..........63
4.4 VERWYSINGSGROEPE ..........63

5. ADMINISTRATIEWE ASPEKTE VAN MAATSKAPLIKE GROEPWERK MET VOLWASSE VROUE IN DIE MYNGEMEENSKAP .......65
5.1 SAMESTELLING VAN DIE GROEP .......65
5.1.1 Ouderdom .......66
5.1.2 Waardesisteem .......66
5.1.3 Gemeenskaplike probleme .......67
5.1.4 Homogeniteit .......67
5.1.5 Heterogeniteit .......67
5.1.6 Intelligensie en verdraagsaamheid jeens struktuur .......68
5.1.7 Geslag .......68
5.1.8 Familie .......69
5.2 WERWING EN VOORBEREIDING VAN GROEPLEDE .......69
5.3 PLEK VAN BYEENKOMS .......71
5.4 TYD EN DUUR VAN BYEENKOMS .......72
5.5 GEREELDHEID VAN BYEENKOMSTE .......73
5.6 AANTAL BYEENKOMSTE .......74
5.7 GROOTTE VAN DIE GROEP .......74
5.8 FUNKSIONELE HULPMIDDELS .......75
6. DIE VERLOOP VAN DIE GROEPWERKPROSES IN DIE HANTERING VAN 'N GROEP VOLWASSE VROUE IN MYNGEMEENSKAPPE .......76
6.1 DIE VERTIKALE BENADERING .......77
6.1.1 Groepsmotivering .......77
6.1.2 Strukturering .......78
6.1.3 Stemming, atmosfeer of klimaat .......79
6.1.4 Waardes en norme .......79
6.1.5 Beheer .......81
6.1.6 Verhoudinge .......81
6.1.7 Programbeplanning .......83
6.2 DIE HORISONTALE BENADERING .......85
6.2.1 Die voorbereidingsfase .......85
6.2.2 Die aanvangsfase .......88
6.2.3 Toetredingsfase .......95
6.2.4 Die benuttingsfase .......97
6.2.5 Afsluitingsfase .......99
7. SAMEVATTING .......101

HOOFSTUK 4 ..... 103

'N MAATSKAPLIKE GROEPWERKPROGRAM MET VOLWASSE VROUE IN DIE MYNGEMEENSKAP ..... 103

1. INLEIDING ..... 103

2. PROGRAMMEDIA ..... 104

3. VOORGESTELDE MAATSKAPLIKE GROEPWERKPROGRAM MET VROUE IN DIE MYNGEMEENSKAP ..... 106

3.1 SELFBEELD ..... 109

3.1.1 Byeenkoms 1: Aksie ken-mekaar ..... 109

3.1.2 Byeenkoms 2 en 3: Positiewe uitbouing van die selfbeeld ..... 110

3.1.3 Byeenkoms 4 en 5: Pad na selfontdekking ..... 116

3.1.4 Byeenkoms 6, 7, 8 en 9: Selfversorging ..... 123

3.2 VERHOUDINGE ..... 133

3.2.1 Byeenkoms 10: Verhouding tot God ..... 133

3.2.2 Byeenkoms 11: Innerlike verhouding ..... 136

3.2.3 Byeenkoms 12 en 13: Rol van die vrou in die huweliksverhouding ..... 138

3.2.4 Byeenkoms 14: Rol van die vrou ten opsigte van die ouer-kind-verhouding ..... 145

3.3 ANDER PROGRAMAKTIWITEITE ..... 150

3.3.1 Uitstappies ter uitbreiding van groeplede se algemene kennis ..... 150

3.3.2 Die aanleer van sekere handvaardighede ..... 151

3.4 AFSLUITING (BYEENKOMS 19) ..... 153

4. ALGEMENE OPMERKINGS ..... 153

5. SAMEVATTING ..... 154

HOOFSTUK 5 ..... 156

NAVORSINGSMETODOLOGIE: INTERVENSIENAVORSING AS METODE VAN NAVORSING ..... 156

1. INLEIDING ..... 156

2. INTERVENSIENAVORSING ..... 156

2.1 BEGRIPOMSKRYWING ..... 157

2.2 FASES VAN INTERVENSIENAVORSING ..... 157

2.2.1 Probleemontleding en beplanningsfase ..... 159

2.2.2 Die insameling van data en sintesefase ..... 163

2.2.3 Ontwerpfase ..... 166

2.2.4 Voorlopige ontwikkeling en voorondersoekfase ........... 168
2.2.5 Evaluasie en aangepaste ontwikkelingsfase ........... 170
2.2.6 Disseminasie ........... 172
3. SAMEVATTING ........... 175
HOOFSTUK 6 ........... 176
DIE WYSES VAN DATA-INSAMELING EN EMPIRIESE DATA ........... 176
1. INLEIDING ........... 176
2. DEELNEMENDE WAARNEMING ........... 176
2.1 BEGRIPOMSKRYWING ........... 177
2.2 WYSES VAN DEELNEMENDE WAARNEMING ........... 177
2.2.1 Volkome deelnemer ........... 177
2.2.2 Deelnemer-as-waarnemer ........... 178
2.2.3 Waarnemer-as-deelnemer ........... 178
2.2.4 Volkome waarnemer ........... 178
2.3 DIE PROSES VAN DEELNEMENDE WAARNEMING ........... 179
2.3.1 Die omskrywing van die probleem en die doelstellings van die ondersoek ........... 179
2.3.2 Die seleksie van die navorsingsveld ........... 181
2.3.3 Die verkryging van toegang tot die navorsingsveld ........... 182
2.3.4 Die instandhouding van verhoudinge ........... 184
2.3.5 Die insameling van data ........... 187
2.3.6 Die ontleding van data ........... 196
2.3.7 Verslagskrywing ........... 197
2.4 EMPIRIESE DATA ........... 199
3. DIE ENKELSTELSELONTWERP ........... 201
3.1 BEGRIPOMSKRYWING ........... 201
3.2 DIE VERSKILLENDE ENKELSTELSELONTWERPE ........... 201
3.2.1 Gevallestudie gekoppel aan die basiese enkelstelselontwerp ........... 202
3.2.2 Basiese eksperimentele ontwerp ........... 202
3.2.3 Meervoudige ontwerpe ........... 205
3.2.4 Ontwerpe betrokke by veranderings in intervensie ........... 205
3.2.5 Meervoudige komponentontwerp ........... 206
3.2.6 Komplekse ontwerpe ........... 206
3.3 DIE STAPPE VAN DIE ENKELSTELSELONTWERP ........... 207

3.3.1 Die formulering van die probleem ..... 207
3.3.2 Die raadpleeg van literatuur ..... 208
3.3.3 Die ontwikkeling van doelstellings ..... 208
3.3.4 Die ontwikkeling van hipoteses ..... 209
3.3.5 Die opstel van die ontwerp ..... 210
3.3.6 Die omskrywing van die afhanklike veranderlike ..... 211
3.3.7 Die omskrywing van die onafhanklike veranderlike ..... 211
3.3.8 Die bepaling van maatskaplike hindernisse ..... 212
3.3.9 Die basislynfase ..... 212
3.3.10 Die intervensiefase ..... 213
3.3.11 Die ontleding van data ..... 214
3.3.12 Die opstel van die verslag ..... 215
4. RESULTATE VAN GROEPLEDE SE SELFBEELDMETINGS ..... 218
5. SAMEVATTENDE INTERPRETASIE ..... 235
6. SAMEVATTING ..... 236
HOOFSTUK 7 ..... 238
SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS ..... 238
1. INLEIDING ..... 238
2. SAMEVATTING ..... 238
2.1 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK ..... 238
2.2 DIE METODES VAN ONDERSOEK ..... 239
2.2.1 Literatuurstudie ..... 239
2.2.2 Intervensienavorsing ..... 239
2.3 WYSES VAN DATA-INSAMELING ..... 239
2.3.1 Deelnemende waarneming ..... 239
2.3.2 Die enkelstelselontwerp ..... 240
2.4 DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE VOLWASSE VROU IN DIE MYNGEMEENSKAP ..... 241
2.5 MAATSKAPLIKE GROEPWERK AS METODE ..... 241
3. GEVOLGTREKKINGS ..... 242
3.1 DOEL VAN DIE ONDERSOEK ..... 242
3.2 METODES VAN ONDERSOEK ..... 242
3.2.1 Literatuurstudie ..... 242
3.2.2 Intervensienavorsing ..... 243

3.3 WYSES VAN DATA-INSAMELING ....................................... 243
3.3.1 Deelnemende waarneming ....................................... 243
3.3.2 Die enkelstelselontwerp ....................................... 244
3.4 DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE VROU IN DIE MYNGEMEENSKAP ....................................... 244
3.5 MAATSKAPLIKE GROEPWERK AS METODE ....................................... 245
4. AANBEVELINGS ....................................... 246
4.1 METODES VAN ONDERSOEK ....................................... 246
4.1.1 Literatuurstudie ....................................... 246
4.1.2 Intervensienavorsing ....................................... 246
4.2 WYSES VAN DATA-INSAMELING ....................................... 246
4.2.1 Deelnemende waarneming ....................................... 246
4.2.2 Die enkelstelselontwerp ....................................... 247
4.3 MAATSKAPLIKE GROEPWERK AS METODE ....................................... 248
4.4 AANBEVELING VIR VERDERE NAVORSING ....................................... 249
5. SLOTOPMERKING ....................................... 249
BIBLIOGRAFIE ....................................... 251

**BYLAES**

BYLAE A: Kwalitatiewe vraelys - Deelnemende waarneming ....................................... 261
BYLAE B: Selfbeeldindeksvraelys ....................................... 265
BYLAE C: Die Keirsey-vraelys ....................................... 266
BYLAE D: Temperamentsvraelys ....................................... 273

**LYS VAN TABELLE**

TABEL 1: ONDERWERPE EN PROGRAMMEDIA ....................................... 107
TABEL 2: VERSKILLENDE TIPES DEELNAME ....................................... 195
TABEL 3: BASIESE EKSPERIMENTELE ONTWERP ....................................... 211
TABEL 4: SELFBEELDINDEKS VAN RESPONDENTE VAN DIE GLENHARVIE-GROEP ....................................... 219
TABEL 5: SELFBEELDMETINGS VAN RESPONDENTE VAN DIE OOS-DRIEFONTEIN-GROEP ....................................... 227

**LYS VAN DIAGRAMME**

DIAGRAM 1: ASPEKTE VAN DIE SELFKONSEP ....................................... 21
DIAGRAM 2: ROLLE VAN DIE VROU ....................................... 140

**LYS VAN GRAFIESE VOORSTELLINGS**

GRAFIESE VOORSTELLING 1: GEMIDDELDES VAN SELFBEELD-METINGS ....................................... 220

GRAFIESE VOORSTELLING 2: METING VAN GROEPLID 1 SE SELF-BEELD ........ 220
GRAFIESE VOORSTELLING 3: METING VAN GROEPLID 2 SE SELF-BEELD ........ 221
GRAFIESE VOORSTELLING 4: METING VAN GROEPLID 3 SE SELF-BEELD ........ 222
GRAFIESE VOORSTELLING 5: METING VAN GROEPLID 4 SE SELF-BEELD ........ 223
GRAFIESE VOORSTELLING 6: METING VAN GROEPLID 5 SE SELF-BEELD ........ 224
GRAFIESE VOORSTELLING 7: METING VAN GROEPLID 6 SE SELF-BEELD ........ 225
GRAFIESE VOORSTELLING 8: METING VAN GROEPLID 7 SE SELF-BEELD ........ 226
GRAFIESE VOORSTELLING 9: GEMIDDELDES VAN SELFBEELD-METINGS ........ 228
GRAFIESE VOORSTELLING 10: METING VAN GROEPLID 1 SE SELF-BEELD ........ 228
GRAFIESE VOORSTELLING 11: METING VAN GROEPLID 2 SE SELF-BEELD ........ 229
GRAFIESE VOORSTELLING 12: METING VAN GROEPLID 3 SE SELF-BEELD ........ 230
GRAFIESE VOORSTELLING 13: METING VAN GROEPLID 4 SE SELF-BEELD ........ 231
GRAFIESE VOORSTELLING 14: METING VAN GROEPLID 5 SE SELF-BEELD ........ 232
GRAFIESE VOORSTELLING 15: METING VAN GROEPLID 6 SE SELF-BEELD ........ 233
GRAFIESE VOORSTELLING 16: METING VAN GROEPLID 7 SE SELF-BEELD ........ 234
GRAFIESE VOORSTELLING 17: METING VAN GROEPLID 8 SE SELF-BEELD ........ 235

**LYS VAN SKEMATIESE VOORSTELLINGS**

SKEMATIESE VOORSTELLING 1: 'N PROSEDURE VIR DIE SELEKTERING VAN PROGRAMMEDIA ...... 105

SKEMATIESE VOORSTELLING 2: FASES VAN INTERVENSIENAVORSING ........ 158

SKEMATIESE VOORSTELLING 3: VERSKILLENDE TIPES ONDERHOUDE ........................................ 192

# HOOFSTUK 1

# ALGEMENE INLEIDING

## 1. PROBLEEMFORMULERING

Die Suid-Afrikaanse omstandighede is voortdurend en verbasend vinnig aan diepgaande veranderings onderhewig (Strydom, 1990:1). Hierdie veranderinge het op verskeie aspekte van die mens, maar veral ook op die vrou se lewe, 'n invloed. Letsebe (1998:3) meld die volgende: "The need to empower South African women emanates from their historically disadvantaged positions in a patriarchal society. While women comprise about 54% of South Africa's population (Women's National Coalition, 1994), their representation at all levels of decision making in government and the economy is minimal." Verder wys Letsebe (1998:3) daarop dat temas van ongelykheid, uitbuiting, ongeletterdheid, werkloosheid en werkskaarste, gebrek aan ontwikkelingsinfrastruktuur, geweld teen vroue, armoede en die dringende behoefte om hierdie aspekte aan te spreek omdat dit 'n groot impak op vroue het, in oorvloed voorkom in al die geïdentifiseerde literatuur soos genoem.

Uit die aard van die ondersoeker se werksaamhede in die myngemeenskap het dit duidelik geblyk dat daar tot dieselfde slotsom gekom kan word ten opsigte van regte van vroue asook negatiewe situasies wat die vrou in Suid-Afrika, en spesifiek in die myngemeenskap, beleef. Die vrou in die myngemeenskap se posisie is dalk nog meer negatief as gevolg van haar lae geskooldheid, afgesonderdheid en die tipiese mynkultuur wat moeilik is om te verander.

Die myngemeenskap, veral dié gebiede waar die ondersoek gedoen is (rondom Westonaria en Carletonville (Gauteng), meer spesifiek Oos-Driefontein en Glenharvie), is 'n baie geslote gemeenskap. Hiermee word bedoel dat die *villages*, soos dit bekend staan, nie naby dorpe geleë is nie. Die *villages* het min tot geen infrastruktuur. Daar is dus min vermaak ter verryking van die vrou as persoon en min tot geen sentrums waar die vrou inkopies kan doen. As die gesin oor 'n motor beskik, maak die mans meestal daarvan gebruik as vervoer na hul werk. Die meeste van die vroue het 'n swak skolastiese agtergrond en daarom is hulle meestal beperk tot hul huise

as gevolg van bogenoemde omstandighede. Dit kan tot die ontwikkeling van 'n swak selfbeeld by die vroue lei. Daar is verder geen of min maatskaplike dienste beskikbaar. Die geleentheid vir die ontwikkeling van dié vroue is dus nog verder beperk.

Barnard (1985:I) noem dat 'n swak selfbeeld 'n mens se hele lewe, optrede en verhoudinge benadeel. As die vrou nie doeltreffend funksioneer nie, kan dit gebeur dat haar hele gesin in duie stort. Combrink (1989:86) sluit hierby aan en noem dat verveling en 'n gebrekkige roepingsbesef 'n knou kan gee aan 'n mens se eiewaarde. 'n Swak selfbeeld en 'n gevoel van ontoegerustheid laat 'n leemte by die vrou om haar verwagte rol te vervul, soos om die kinders te versorg, ondersteuning aan die eggenoot te bied en aandag te gee aan die algemene versorging van die gesin. Indien die volwasse vrou maatskaplik doeltreffend funksioneer, kan heelwat probleme in die gesin uitgeskakel word. Rust (1994:33) noem dat oormoeg vroue swak tuisteskeppers is. 'n Vrou moet stokperdjies kan beoefen, byvoorbeeld blommerangskikking, tuinmaak of kunsnaaldwerk. 'n Vrou moet volgens Rust iets vind om te doen en te geniet. Hierdeur kan haar gees weer opgebou word om liefde, aandag en energie aan haar gesinslede te gee.

In maatskaplike dienslewering is daar in die verlede meestal van die gevallewerkmetode gebruik gemaak. Daar is baie gekonsentreer op die individu en sy probleem (Skidmore *et al.*, 1994:70). Strydom (1995:115) stel dat daar vir te lank hoofsaaklik op gesofistikeerde eerstewêreldse opleidingsmodelle staatgemaak is. Volgens Skidmore *et al.*, (1994:70) het die behoefte egter deur die jare al groter geword om groepe mense te hanteer. Maatskaplike groepwerk met volwasse vroue is 'n geleentheid wat gebruik kan word om die vrou te ontwikkel (Letsebe, 1998:1-9). Uit die databasisse wat vir die literatuurstudie benut is, het dit duidelik geblyk dat daar geen maatskaplike groepwerkprogram vir die uitbou van die vrou se selfbeeld in die myngemeenskap bestaan nie. Dit blyk 'n wesenlike leemte te wees aangesien daar soveel probleme in die myngemeenskap bestaan en dit die taak van 'n groepleier vergemaklik as daar wel 'n intervensieprogram beskikbaar is wat definitief werk en 'n verskil maak.

Die navorsingsvraag wat getoets is, is tweërlei van aard, naamlik:

(a) Watter temas vanuit die literatuur en intervensienavorsing kan geïdentifiseer word om 'n intervensieprogram wat gebaseer is op

maatskaplike groepwerk, op te stel, om die maatskaplike funksionering van vroue in 'n myngemeenskap te verbeter; en

(b) sal die toepassing van die ontwerpte program op 'n groep vroue in 'n myngemeenskap hul maatskaplike funksionering beduidend verbeter. Met maatskaplike funksionering word bedoel die verbetering van haar fisiese versorging, die aanleer van lewens- en handvaardighede, die uitbou van positiewe verhoudinge en die uiteindelike vorming van die vrou se positiewe selfbeeld wat 'n invloed op al bogenoemde sal hê.

## 2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Motivering vir die keuse van die onderwerp spruit eerstens uit 'n belangstelling in volwasse vroue in die myngemeenskap en die begeerte om die vroue tot positief maatskaplik funksionerende persone te lei. Die vrou is die kern van die gesin en as sy gesond funksioneer, sal haar gesin maatskaplik ook beter funksioneer. Gesonde gesinne het gesonde gemeenskappe tot gevolg.

Tweedens is die ondersoeker van mening dat die maatskaplike werker voldoende opgelei is om die volwasse vrou in die myngemeenskap tot beter maatskaplike funksionering te lei en haar siening van haarself te verander.

Derdens stel die ondersoeker belang in maatskaplike groepwerk as metode van maatskaplike werk. Maatskaplike groepwerk bied die geleentheid aan groeplede om binne groepsverband onder leiding van die maatskaplike werker te groei, probleme op te los, vaardighede aan te leer, te sosialiseer en te verander.

Vierdens wou die ondersoeker 'n program daarstel wat met volwasse vroue in die myngemeenskap gevolg kan word ter verbetering van hul selfbeeld. Die program kan aangepas word na gelang van die groep se behoeftes, maar hierdie program kan as vertrekpunt dien.

Vyfdens het dit na gelang van die tipe aanmeldings by die ondersoeker in haar hoedanigheid as maatskaplike werker asook by die ander maatskaplike werkers en sielkundiges in diens van Medgold (mediese fonds vir Gold Fields-werknemers) geblyk dat daar 'n groot behoefte is om vroue in die myngemeenskap se selfbeeld te verbeter. Uit vraelyste en gesprekke wat met vroue in die myngemeenskap gevoer is, het dit duidelik geblyk dat dié vroue baie potensiaal het, maar dat hul negatiewe selfbeeld, omstandighede

en passiwiteit hul maatskaplike funksionering negatief beïnvloed. In die gesprekke wat met die vroue in die myngemeenskap gevoer is, het hulle die behoefte uitgespreek om hulself te ontwikkel. Maatskaplike groepwerk as metode het die aangewese metode geblyk te wees om in hierdie behoeftes te voldoen, omdat dit 'n homogene probleem of behoefte is.

Ten slotte het dit geblyk dat die moontlikhede vir maatskaplike groepwerk baie positief was. Die vroue besoek die *village*-klinieke gereeld en dit is 'n redelik sentrale en bereikbare plek om groepbyeenkomste te hou. Omdat die kliniek maklik bereikbaar is vir al die vroue in die myngemeenskap en daar so min aktiwiteite vir vroue in die gemeenskap plaasvind, sou dit 'n goeie geleentheid wees om 'n maatskaplike groep vir vroue van stapel te stuur.

## 3. DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die primêre doel van hierdie ondersoek is om te bepaal of die toepassing van 'n ontwerpte intervensieprogram, gebaseer op maatskaplike groepwerk, vir vroue in 'n myngemeenskap 'n verbetering in hul maatskaplike funksionering tot gevolg sal hê.

Die doelwitte wat so geformuleer is dat die primêre doelstelling daardeur bereik word, is die volgende:

3.1 Om die maatskaplike funksionering van die vrou in die myngemeenskap te bestudeer deur middel van 'n verkennende ondersoek (deelnemende waarneming);

3.2 om op grond van 'n literatuurstudie en die genoemde intervensienavorsing 'n intervensieprogram vir vroue te ontwerp wat daarop gerig is om hul maatskaplike funksionering te verbeter, dit wil sê hul selfbeeld positief uit te bou wat 'n invloed op die groeplede se fisiese versorging, die aanleer van lewens- en handvaardighede en handhawing van verskillende verhoudinge sal hê; en

3.3 om die intervensieprogram wat ontwerp is, te evalueer (enkelstelselontwerp).

## 4. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die ontwerp, aanbieding en evaluering van 'n intervensieprogram aan vroue in die myngemeenskap sal hul maatskaplike funksionering verbeter, dit wil sê

hul selfbeeld sal positief uitgebou word, wat 'n positiewe invloed op die vrou se fisiese versorging, lewens- en handvaardighede en handhawing van verskillende verhoudinge sal hê.

## 5. AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEK

Maatskaplike werk het bepaalde (spesifieke) en vasgestelde (algemene) doelstellings waarby die doelstellings vir hierdie ondersoek aansluiting vind. Die bepaalde doelstellings is die doelstellings wat spesifiek vir hierdie ondersoek geformuleer is. Vasgestelde doelstellings is die doelstellings wat algemeen in alle groepwerk gebruik word. Vir hierdie ondersoek word die doelstellings afgebaken tot maatskaplike groepwerk as een van die primêre metodes van maatskaplike werk. Die ondersoeker het maatskaplike groepwerk op haar beurt weer beperk tot maatskaplike groepe wat behandelings- (opvoedkundige, groeigeoriënteerde, remediërende en sosialiseringsgroepe), ondersteunend en verwysingsgeoriënteerd is. Die navorsing fokus op die blanke volwasse vrou in die myngemeenskap se behoeftes en die probleme wat sy met 'n swak selfbeeld ervaar. Daar is spesifiek net van blanke vroue as homogene groep gebruik gemaak omdat hulle as teikengroep meer homogeen is en mekaar se omstandighede beter verstaan.

## 6. TYDPERK VAN ONDERSOEK

Daar is in Junie 1996 met die verkenning van die toepaslike literatuur begin. Die voorbereiding vir die aanvang van die volwasse vrouegroep is ook in hierdie tydperk gedoen. Die eerste byeenkoms is aan die begin van Maart 1997 gehou, terwyl die reeks in die begin van Desember 1997 ten einde geloop het. Daar kon voortdurend aanvulling tussen die teorie en die praktyk gedoen word omdat die literatuurstudie en die empiriese deel van die ondersoek gelyktydig geskied het.

## 7. VOORONDERSOEK

Dit is onmoontlik om wetenskaplike navorsing in verband met 'n spesifieke probleem te onderneem sonder dat die navorser oor deeglike agtergrond-kennis daaroor beskik. Strydom (1997:225) stel die volgende in dié verband: "Hierdie fase van die proses behoort op presies dieselfde wyse as in enige navorsingsprosedure benut te word, naamlik dat alle aspekte van 'n

voorondersoek verdiskonteer behoort te word. Die navorser behoort kennis te neem van alle moontlike literatuur wat oor die onderwerp beskikbaar is. Gesprekke of ander vorme van kontak met deskundiges is wesenlik belangrik ten einde vas te stel of die beplande ondersoek meriete het."

Die voorondersoek is dus die wyse waarop die voornemende navorser hom/haarself ten opsigte van die beplande projek kan oriënteer. Cilliers (1973:132), Pentz (1995:4), Strydom (1990:5), Strydom (1994:26-27) en Strydom (1997:225) onderskei vier aspekte ten opsigte van die voorondersoek, naamlik die literatuurstudie, die raadpleeg van deskundiges, voorlopige verkenningstudies en intensiewe studie van strategiese eenhede. Vir hierdie ondersoek is daar net van die eerste drie aspekte gebruik gemaak aangesien hierdie hoofsaaklik 'n kwalitatiewe studie is en indien daar na intensiewe studie van strategiese eenhede verwys word, sal dit 'n herhaling van die hoofondersoek wees.

## 7.1 LITERATUURSTUDIE

In die voorondersoek word daar op 'n verkennende wyse gelet op literatuur wat moontlik gebruik sal kan word vir die ondersoek. Die doel van die literatuurstudie was dus eerstens om op hoogte te kom met vorige navorsing wat oor maatskaplike groepwerk met volwasse vroue in die myngemeenskap onderneem is. Databasisse wat benut is, is Nexus, die Repertorium van Suid-Afrikaanse Tydskrifartikels, Social Work Abstracts, Social Sciences Index, Psyclit, en Dissertation Abstracts International.

Daar is heelwat literatuur beskikbaar oor maatskaplike groepwerk in die algemeen. Literatuur betreffende groepwerk handel oor die volgende: doelstellings van maatskaplike groepwerk, verskillende soorte groepe, administratiewe aspekte van maatskaplike groepwerk en die verloop van die groepwerkproses. Wat die toepassing daarvan op die doeltreffende maatskaplike funksionering van die volwasse vrou betref, bestaan daar egter weinig literatuur. Literatuur oor die algemene behoeftes van die vrou en haar selfbeeld is bestudeer.

Daar is op literatuur rakende die volgende gefokus: die selfkonsep, aspekte van belang by 'n positiewe selfbeeld, aspekte van belang by 'n negatiewe selfbeeld, aspekte van belang vir die vorming van 'n positiewe selfbeeld by die volwasse vrou-lewenskuns, volwassenheid, selfontdekking en die verhoudingslewe. Om die navorsingsmetodologie wat die ondersoeker gebruik

ten volle te verstaan en te kan toepas, is literatuur oor die volgende aspekte betreffende die enkelstelselontwerp en deelnemende waarneming bestudeer: die verskillende enkelstelselontwerpe en stappe van die enkelstelselontwerp; vorme van deelnemende waarneming en die proses van deelnemende waarneming. Literatuur van ander vakterreine moes ook gebruik word, byvoorbeeld sielkunde en sosiologie, as aanvullend tot die tekort aan vakliteratuur uit die eie vakgebied vir hierdie ondersoek.

## 7.2 RAADPLEEG VAN DESKUNDIGES

Gesprekke of ander vorme van kontak met deskundiges is van wesenlike belang ten einde vas te stel of die beplande ondersoek meriete het (Strydom, 1997:225). Die benutting van deskundiges kan baie help om die probleem skerper te omlyn en om waardevolle inligting te verkry oor die meer tegniese en praktiese aspekte van die beplande ondersoek (Strydom, 1994:29).

Die ondersoeker het met kundiges van die Departement Maatskaplike Werk van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (mev A Roux en prof H Strydom), 'n predikant (ds J van Rooyen), sielkundiges (mnre K du Toit, P Janse van Vuuren, P Smit en dr Capitani), 'n maatskaplike werker (me M Marais), mediese dokters (drs I Cumming, M van Rensburg en G van Zyl) en 'n klinieksuster (suster E Baird) beraadslaag. Dit is gedoen om vanuit hierdie deskundiges se oogpunt kennis oor die volwasse vrou in die myngemeenskap in te samel en 'n breër agtergrond oor die onderwerp te verkry.

## 7.3 VOORLOPIGE VERKENNINGSTUDIE

Afgesien van die bestudering van relevante literatuur en onderhoude met deskundiges is dit nogtans noodsaaklik om ook 'n beeld te verkry van die werklike praktiese situasie waarin die voornemende navorsing onderneem gaan word (Strydom, 1990:6). Strydom (1994:30) is van mening dat die voorlopige verkenningstudie 'n waardevolle manier is waarop praktiese kennis van die beplande navorsingsgebied opgedoen kan word. Voorlopige verkenningstudie is veral belangrik met die oog op die praktiese beplanning van die navorsingsprojek. Die beplanning het die volgende ingesluit:

- Toestemming van die groep se Employee Assistance Programme (EAP)-bestuurder is verkry om vroue wat deur Medgold bedien word, by die groep te betrek.

- Funksionele reëlings vir die werwing en keuring van die ondersoekgroep is getref.
- Administratiewe reëlings vir die plek en tyd van byeenkoms is getref.
- Voorlopige meetinstrumente is gekonstrueer.

## 8. NAVORSINGSONTWERP

Volgens Strydom (1992:86) is die navorsingsontwerp, met ander woorde die struktuur en die strategieë van die ondersoek, daarop gemik om antwoorde op navorsingsvrae te vind. Die navorsingsontwerp stel die navorser in staat om die spesifieke navorsingsvrae op 'n betroubare, sistematiese en objektiewe wyse te bestudeer (Botes, 1997:11). Vir die doel van hierdie ondersoek word van die verkennende, beskrywende en verklarende ontwerp gebruik gemaak.

### 8.1 DIE VERKENNENDE ONTWERP

Daar is in die empiriese ondersoek van die verkennende ontwerp gebruik gemaak (Polansky, 1975:64 en Royse, 1995:147). Arkava en Lane (1983:191) en Marlow (1993:154) bespreek die verkennende en beskrywende ontwerp as een ontwerp en is van mening dat hierdie studies van waarde is indien 'n probleem nie begryp word nie of swak omskryf is. Botes (1997:11-12) sluit hierby aan en noem dat die verkennende ontwerp geskik is in gevalle waar duidelike teorieë nog nie bestaan nie. Die doel van die verkennende navorsing is om te verken - niks meer en niks minder nie. Daar kan in die benutting van die ontwerp nie tot klinkklare gevolgtrekkings gekom word nie en dit is ook nie die doel nie. Die doel is slegs om algemene idees en tentatiewe teorieë daar te stel wat later met meer presiese en komplekse navorsingsmetodes nagevors kan word. Verkennende studies het dus ten doel om 'n relatief onbekende terrein te verken. Daar is heelwat navorsing gedoen oor maatskaplike groepwerk op sigself, maar oor maatskaplike groepwerk met vroue in die myngemeenskap is daar weinig literatuur in Suid-Afrika beskikbaar.

### 8.2 BESKRYWENDE ONTWERP

Daar is 'n voortdurende behoefte aan 'n sistemiese, objektiewe en volledige beskrywing van die werklikheid wat primêr die doelwit van beskrywende

navorsing uitmaak (Strydom, 1992:88). Babbie (1992:90-91) is van mening dat die meeste maatskaplikewerk-navorsing op die eksplorering, beskrywing en verduideliking van situasies en gebeure gerig is. In 'n studie waar beskrywing die doel is, observeer die navorser en beskryf dan wat waargeneem is. In hierdie ondersoek word 'n studie gemaak van maatskaplike groepwerk met volwasse vroue in die myngemeenskap en word die navorsing beskryf.

### 8.3 DIE VERKLARENDE ONTWERP

Strydom (1990:7) noem dat die verklarende ontwerp 'n logiese proses is waar verskillende stelle feite met mekaar in verband gebring word en logiese afleidings gemaak word. In hierdie ondersoek kom dié oogmerke wel na vore, omdat die verband tussen maatskaplike groepwerk en die volwasse vrou in die myngemeenskap se selfbeeld nagevors is.

In hierdie ondersoek is daar elemente van al drie die ontwerpe teenwoordig. Die verkennende ontwerp staan egter meer uit in die ondersoek omdat 'n relatief onbekende terrein rondom die vrou in die myngemeenskap verken is.

## 9. METODES VAN ONDERSOEK

Dit is belangrik om te bepaal op watter wyses die gegewens ingesamel gaan word aangesien daar in hierdie stadium duidelikheid is oor die vraagstuk wat nagevors gaan word. In hierdie ondersoek is 'n literatuurstudie en intervensienavorsing as metode van ondersoek gebruik.

### 9.1 LITERATUURSTUDIE

Databasisse wat benut is, is Nexus, die Repertorium van Suid-Afrikaanse Tydskrifartikels, Social Work Abstracts, Social Sciences Index, Psyclit en Dissertation Abstracts International.

Dit is van kardinale belang om die literatuur rondom die probleemstelling in diepte te ontleed, aangesien die inligting nodig is om dit wat ondersoek word, met agtergrond uit die literatuur te bevestig of tekortkominge en behoeftes te help uitwys. Volgens Pentz (1995:6) is daar heelwat literatuur beskikbaar oor maatskaplike groepwerk in die algemeen. Literatuur betreffende groepwerk handel oor die volgende: doelstellings van maatskaplike groepwerk en die verloop van die groepwerkproses. Wat die toepassing daarvan op die

doeltreffende maatskaplike funksionering van die volwasse vrou betref, bestaan daar egter weinig literatuur. Literatuur oor die algemene behoeftes van die vrou en haar selfbeeld is bestudeer.

Daar is op literatuur rakende die volgende gefokus: die selfkonsep, aspekte van belang by 'n positiewe selfbeeld, aspekte van belang by 'n negatiewe selfbeeld, aspekte van belang vir die vorming van 'n positiewe selfbeeld by die volwasse vrou-lewenskuns, volwassenheid, selfontdekking en die verhoudingslewe. Om die navorsingsmetodologie wat die ondersoeker wil gebruik ten volle te verstaan en te kan toepas, word literatuur oor die volgende aspekte betreffende die enkelstelselontwerp en deelnemende waarneming bestudeer: die verskillende enkelstelselontwerpe en stappe van die enkelstelselontwerp; vorme van deelnemende waarneming en die proses van deelnemende waarneming. Literatuur van verwante vakterreine moes ook gebruik word, byvoorbeeld die sielkunde en sosiologie, as aanvullend tot die tekort aan vakliteratuur uit die eie vakgebied vir hierdie ondersoek.

## 9.2 INTERVENSIENAVORSING

Daar is van intervensienavorsing (De Vos *et al.*, 1998:384-404) gebruik gemaak. Die model is onder meer uit die ontwikkelingsnavorsingsmodel (Grinnell, 1981:590-605) ontwikkel en bestaan uit die volgende stappe: probleemanalise en beplanning, die insameling van data en sintese, ontwerp, voorlopige ontwikkeling en vooronderskoek, evaluasie en aangepaste ontwikkeling en disseminasie.

Die meeste studente wat tot dusver oor hierdie modelle navorsing onderneem het, verkies om met die oorspronklike DR + U-model te werk (De Vos *et al.*, 1998:384-385). Die ondersoeker huldig egter die standpunt dat die intervensienavorsingsmodel die beste aan haar doelstellings beantwoord en waag dus op hierdie onbekende terrein, naamlik om die teoretiese model van intervensienavorsing in die praktyk toe te pas.

Die model word volledig in Hoofstuk 5 bespreek en na die praktyk deurgetrek. Die ondersoek leen hom hoofsaaklik tot die kwalitatiewe werkwyse en is tipiese kwalitatiewe data-insamelingswyses soos deelnemende waarneming en die enkelstelselontwerp in die ondersoek benut. Die aanbieding van die data geskied dus ook hoofsaaklik op 'n kwalitatiewe wyse.

## 10. WYSES VAN DATA-INSAMELING

### 10.1 DEELNEMENDE WAARNEMING

Van der Burgh (1988:63) noem dat deelnemende waarneming 'n strategie is waar die navorser betrokke moet raak in die lewe en wêreld van die mens wat bestudeer word en die realiteit ervaar soos hulle dit ervaar. Strydom (1990:7) is van mening dat verkennende studies ten doel het om 'n relatief onbekende terrein te verken. Hoewel heelwat navorsing oor maatskaplike groepwerk gedoen is, is min literatuur spesifiek oor maatskaplike groepwerk met volwasse vroue in die myngemeenskap beskikbaar. Die voorlopige verkenningstudie is veral belangrik ten einde moontlike probleme uit te skakel en om praktiese beplanning vir die navorsingsprojek te doen. Royse (1995:146) verwys na dié tipe opnames as behoeftebepalings. Die rede hiervoor is om eerstehand kennis te neem van dit wat die vrou in die myngemeenskap ervaar.

Die prosedure wat gevolg moes word om deelnemende waarneming as wyse van data-insameling te kon gebruik, was soos volg: Toestemming is van die groep EAP-bestuurder verkry om vroue wat deur Medgold bedien word, in die groep te betrek. Funksionele reëlings vir die werwing en keuring van die ondersoekgroep asook administratiewe reëlings vir die plek en tyd van byeenkoms is daarna getref.

Tien vroue is uit die gemeenskap geselekteer om as proefpersone te dien. Die *village*-kliniek het 'n naam- en adreslys voorsien van vroue wat 'n lêer by die kliniek het. Die lys het net uit name bestaan van vroue wat getroud is, kinders het en tussen die ouderdomme van 20 en 35 jaar is. Elke tiende vrou op die lys is as proefpersoon geselekteer. Sodoende het 'n ewekansige selektering plaasgevind.

Drie besoeke is per vrou wat geselekteer is, afgelê. 'n Kwalitatiewe vraelys is as data-insamelingsmetode gebruik (Neuman, 1997:32-33) (kyk Bylae A). Strydom (1996:130) noem dat die insameling van data tydens deelnemende waarneming neerkom op die werklike waarneming van gedrag en die afneem van veldaantekeninge. De Vos *et al.*, (1998:285) noem dat hierdie veldaantekeninge nie net kort opsommings moet wees nie, maar gedetailleerde weergawes van wat plaasgevind het. In hierdie ondersoek is veldaantekeninge afgeneem van die beskrywing van die vroue se ervaring van hul kinderjare, huidige huwelik, siening van hul rol as moeder, die verloop

van hul daaglikse patroon, belewing van die feit dat sy 'n tuisteskepper is, wat die vrou van haarself dink, haar denke oor die belangrikheid van selfversorging en haar siening van die myngemeenskap. Dit word volledig in Hoofstuk 2 bespreek.

Bogenoemde inligting was nodig om die intervensieprogram saam te stel.

## 10.2 DIE ENKELSTELSELONTWERP

Volgens Strydom (1992:88) en Strydom (1990:7) beoog verklarende en beskrywende navorsing die verbetering van insig deur feite met mekaar in verband te bring. Dit behels dus 'n logiese proses waar verskillende stelle feite met mekaar in verband gebring word en logiese afleidings gemaak word. In die beplande ondersoek moes dus bepaal word of die ontwerpte intervensieprogram en die verbetering van die vroue se selfbeeld met mekaar verband hou.

Die prosedure van die enkelstelselontwerp behels die bestudering van 'n subjek op 'n herhalende grondslag (Ruben & Babbie, 1997:310). Strydom (1990:113) meen dat dié prosedure tot die verhoging van die bepaalde diens se kwaliteit asook verantwoordbaarheid sal lei. Daar is aan die vroue in die gemeenskap uitnodigings gerig via die skole, die kliniek, aansteek- en vertoonborde en persoonlike uitnodigings. Twee vrouegroepe bestaande uit sewe en agt lede onderskeidelik is vir hierdie ondersoek geselekteer. Die vroue is uitgenooi om die groepbyeenkomste by te woon indien sy getroud is, kinders het en tussen die ouderdomme van 20 en 35 jaar is. Die vroue moes ook in die *villages* woon.

Die groepbyeenkomste het uit negentien groepsessies bestaan. Die groepbyeenkomste het elke tweede week plaasgevind en ongeveer een en 'n halwe uur geduur. Die groepbyeenkomste het nie gedurende skoolvakansies plaasgevind nie. Daar is met elke byeenkoms aan 'n sekere onderwerp/tema aandag gegee wat aanleiding gegee het tot die uitbouing van die vroue se selfbeeld, hulle meer toegerus laat voel en gelei het tot positiewe maatskaplike funksionering. Die temas wat in die sessies gehanteer is, was soos volg: ken-mekaar (eerste meting), selfbeeld, ontdek jouself, handvaardigheid (byvoorbeeld maak eie skilderye en materiaalverf), uitstappies (tweede meting), velsorg, haarsorg, persoonlike higiëne, verhouding met Skepper, innerlike verhouding, huweliksverhouding en ouer-kind-verhouding (derde meting). Die veldaantekeninge van waarneming,

diagnose en beplanning is na elke byeenkoms in 'n deeglike verslag saamgestel en sodoende kon die inligting later met die literatuurstudie geïntegreer word.

As meetinstrument is daar van Hudson se metingskale gebruik gemaak, spesifiek die selfbeeldindeks (Bloom & Fischer, 1982:153) (kyk Bylae B). Omdat die vroue nie 'n goeie skolastiese agtergrond het nie, kan daar nie van 'n te ingewikkelde skaal gebruik gemaak word nie. Die selfbeeldindeks van Hudson (Bloom & Fischer, 1982:153) is eenvoudig en verstaanbaar. Verder word daar op die selfbeeldskaal gefokus, want as die vrou se selfbeeld verbeter en positief ontwikkel, sal dit al die ander fasette positief beïnvloed. Barnard (1985:i) noem dat 'n swak selfbeeld 'n mens se hele lewe, optrede en verhoudinge benadeel. 'n Positiewe selfbeeld kan tot positiewe funksionering op al hierdie gebiede aanleiding gee. Hudson se selfbeeldindeks (Bloom & Fischer, 1982:153) is met die aanvang van die eerste byeenkoms en weer in die middel van die reeks groepsessies en na afloop van die reeks groepsessies voltooi. Die metingskaal is gebruik om te bepaal of die program wat saamgestel is, groei by die vroue laat plaasvind het en of dit tot 'n positiewe selfbeeld en positiewe maatskaplike funksionering aanleiding gegee het. Die verkreë inligting is by wyse van beskrywende statistiek ontleed. Die enkelstelselontwerp word volledig in Hofstuk 6 bespreek.

## 11. ONTLEDING EN MEET VAN GEGEWENS

Die inligting wat deur middel van metingskale en deelnemende waarneming verkry is, is met behulp van beskrywende statistiek weergegee. Die beskrywende statistiek hou verband met die beskrywing en opsomming van die ingesamelde gegewens. Die inligting wat deur middel van die metingskale verkry is, is in grafiese voorstellings aangebied en deurlopend in die navorsingsinligting weergegee. Die voordeel hiervan is dat die gegewens so gereduseer is dat gevolgtrekkings aansienlik vergemaklik word. In hierdie ondersoek is dit dus moontlik om volgens die grafiese voorstellings en beskrywende inligting gevolgtrekkings te maak.

## 12. BEPERKINGE EN LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK

Ter wille van die wetenskaplikheid van die ondersoek moet die belangrikste beperkinge ten opsigte daarvan ook uitgelig word:

- Subjektiwiteit in geesteswetenskaplike navorsing word algemeen as 'n leemte beskou (Strydom, 1990:10). In hierdie ondersoek het subjektiwiteit veral 'n rol gespeel in die ondersoeker se insameling van inligting en die skryf van verslae wat later met die teorie geïntegreer is. Die ondersoeker het egter so ver moontlik probeer om objektief te wees.

- Oor die DR + U-model is reeds 'n paar ondersoeke gedoen, terwyl daar oor intervensienavorsing bitter min navorsing gedoen is. Die ondersoeker moes dus op eie bene staan en innoverend te werk gaan, wat dit soms moeilik gemaak het sonder veel van 'n verwysingsraam-werk.

- Strydom (1990:10) wys daarop dat metingskale se grootste beperking is dat vrae verkeerd vertolk kan word en dat respondente die metingskale nie akkuraat invul nie. Hierdie beperkinge is grootliks by die volwasse vroue in die myngemeenskap uitgeskakel omdat die vrae wat met die deelnemende waarneming gebruik is, so eenvoudig moontlik gestel is. Die ondersoeker het self die vrae aan die vroue gevra en kon 'n verduideliking bied indien daar enige onsekerheid was. Die metingskaal wat deur die lede van die vrouegroepe ingevul is, is in die teenwoordigheid van die ondersoeker ingevul. Van die groeplede het probleme ondervind met die interpretasie van enkele van die vrae. Die vraag is deur die ondersoeker aan die groeplid verduidelik en so is verdere onsekerhede uitgeskakel. Die probleem was om die vraag nie so te beantwoord dat die groeplid dit as haar antwoord gebruik nie.

- Die ondersoeker se vol program en onvoorsiene omstandighede het dit soms genoodsaak om van die beplande datums vir groepbyeenkomste af te wyk. Die reeks byeenkomste moes ook so beplan word dat voorkom moes word dat die laaste deel van die program tot Januarie 1998 oorstaan en die lang Desembervakansie dan die hele proses waardeur die groeplede gegaan het, onderbreek. Uitstappies moes so gereël word dat die vroue betyds tuiskom vir die ontvangs van hul kinders en veral hul mans, sodat konflik vermy kon word. Dit was soms stremmend vir die ondersoeker, veral wanneer die vervoer wat gereël is, nie stiptelik was soos gereël is nie en dit dan die hele beplanning omvergegooi het.

## 13. BEGRIPOMSKRYWING

Daar sal kortliks op 'n paar begrippe wat in die ondersoek gebruik is, gelet word.

### 13.1 MAATSKAPLIKE GROEPWERK

Maatskaplike groepwerk kan omskryf word as 'n metode om met mense (twee of meer mense) te werk vir die verbetering van hul maatskaplike funksionering en vir die bereiking van sosiale menslike doelstellings (Skidmore *et al.*, 1994:73). Toseland en Rivas (1998:12) sluit hierby aan: "Goal directed activity with small treatment and task groups aimed at meeting socio-emotional needs and accomplishing tasks. The activity is directed to individual members of a group and to the group as a whole within a system of service delivery." Die groep is 'n byeenkoms waar lede nuwe vaardighede en gedrag kan aanleer. Die groep is 'n beskermde omgewing. Deur interaksie kan groeplede terugvoer, omgee en nuwe idees oor hoe om teenoor ander op te tree, aanleer (Reid, 1991:17). Maatskaplike groepwerk kan dus as 'n metode gesien word waar individue in groepsverband die geleentheid kry om hulself te ontwikkel en sekere vaardighede aan te leer.

### 13.2 MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING

Maatskaplike funksionering word deur die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:37) soos volg omskryf: "Geheel van 'n individu se rolvervulling op alle bestaansvlakke in wisselwerking met ander individue, gesinne, groepe, gemeenskappe of situasies".

Maatskaplike funksionering gaan dus oor dit wat met mense gebeur, hoe hulle die situasie hanteer en dit na buite reflekteer. Dit gaan ook oor die vermoë om die balans te handhaaf van wat 'n persoon nodig het en in watter mate hulle in die behoeftes voorsien.

### 13.3 GEDEPRIVEERDE VROU

Die Tweetalige Definiërende Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1984:29) omskryf 'n gedepriveerde persoon soos volg: "Persoon van wie die psigiese, fisieke, emosionele of maatskaplike behoeftes onbevredig gebly het weens omstandighede buite sy beheer". Die Verklarende Handwoordeboek van die

Afrikaanse Taal omskryf *vrou* soos volg: "Vroulike persoon; dame; ... eggenote, getroude dame" (Odendal *et al.*, 1992:1324). Die vrou is 'n persoon met 'n instink tot moederskap, iemand wat steun bied op emosionele vlak, maar tog ook iemand met 'n eie persoonlikheid en identiteit (Pentz, 1995:10). 'n Gedepriveerde vrou kan dus gesien word as 'n vrou wat as gevolg van omstandighede nie kon ontwikkel tot 'n persoon met 'n eie identiteit en persoonlikheid nie en ook nie in staat is om ondersteunend vir haar man en kinders te wees nie.

## 13.4 MYNGEMEENSKAP

Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (1996:616) beskryf myngemeenskap soos volg: "Deel van die myngemeenskap wat aktief by die mynbou betrokke is".

Die myngemeenskap kan dus gesien word as 'n saamgroepering van al die mense wat by die mynbou betrokke is. Hulle woon en werk dus in dieselfde omgewing en het mynbou as gesamentlike doel voor oë. Sekere myne het 'n woongebied by die myn self. Hierdie woongebiede staan as *villages* bekend. Die *villages* beskik egter meestal nie oor winkel- en sakesentrums nie en is soms 'n redelike afstand van die naaste myndorp met sakesentrums geleë.

## 13.5 SELFBEELD

Die selfbeeld is 'n "skets" wat die persoon van hom- of haarself het, het 'n dinamiese komponent wat van situasie tot situasie verander, word gevorm deur middel van interaksie met ander mense en word beoordeel op grond van suksesse en mislukkings (Strydom, 1990:13-14). Barnard (1985:5) stel dat die selfbeeld die gevoelens en gedagtes is wat jy oor jouself het. Dit is die innerlike beeld wat jy van jouself het. Dit is jou siening van jouself. Dit word gevorm deur die spieëlbeeld van jouself wat na jou gekaats word vanaf jou omgewing, jou medemens, die duiwel en God. Dit word gevorm wanneer jy hierdie spieëlbeelde interpreteer met jou innerlike vermoëns en aanlegte.

Die selfbeeld gaan dus oor wat 'n persoon van hom- of haarself dink en die feit dat ander faktore help om die selfbeeld te vorm. Die selfbeeld kan dus negatief of positief wees.

## 13.6 INTERVENSIENAVORSING

Intervensienavorsing word deur die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:31) soos volg omskryf: "Navorsing wat gerig is op die daarstelling van sistematiese prosedures vir die ontwerp, toetsing, evaluering en verfyning van tegnieke en instrumente met die oog op intervensie in maatskaplike probleme in gemeenskappe en groepe".

## 13.7 DEELNEMENDE WAARNEMING

Deelnemende waarneming of naturalistiese waarneming impliseer in die algemeen dat die navorser op die een of ander manier betrokke raak in die alledaagse gebeurlikhede van die wêreld van die mense wat hy bestudeer (Schurink, 1988:67). Jorgensen (1989:12) stel die volgende: "Through participant observation, it is possible to describe what goes on, who or what is involved, when and where things happen, how they occur, and why - at least from the standpoint of participants - things happen as they do in particular situations."

Met deelnemende waarneming word die waarnemer dus deel van sy ondersoekobjek en kan die waarnemer dus die opset van sy gemeenskap bestudeer. Hierdie waarneming moet so plaasvind dat dit nie die natuurlikheid van die gemeenskap versteur nie.

## 13.8 DIE ENKELSTELSELONTWERP

Die enkelstelselontwerp is 'n navorsingsontwerp wat ten doel het om teorie en praktyk te integreer. Dit verwys na die bestudering van 'n enkele subjek op 'n herhalende grondslag (Strydom, 1994:92-93). Hierdie subjek (stelsel of sisteem) kan 'n individu, gesin, groep, organisasie, of 'n ander kollektiwiteit wees. Elke stelsel of sisteem word vir die doel van ontleding as 'n enkele eenheid gehanteer. In dié verband verwys die begrip *ontwerp* na 'n sistematiese plan vir dataversameling (Fourie, 1992:71).

## 13.9 VELDAANTEKENINGE

Veldaantekeninge kan gesien word as die aantekening van enige inligting wat deelnemende waarnemers waarneem en later moet kan weergee om enigsins in staat te wees om hul navorsingsresultate te boekstaaf en dit

sodoende aan die wetenskaplike wêreld te kan kommunikeer (Schurink, 1988:87).

## 14. AANBIEDING

Die inligting wat nagevors is, word voortdurend prakties en teoreties geïntegreer. Hierdie integrering is sover moontlik in al die afdelings uiteengesit. Die indeling van die navorsingsverslag is soos volg:

Hoofstuk 1 dien as 'n algemene inleiding en bevat die probleemformulering, motivering vir die keuse van die onderwerp, doel van die ondersoek, sentrale teoretiese stelling, afbakening van die ondersoek, tydperk van die ondersoek, voorondersoek, navorsingsontwerp, metodes van ondersoek, ontleding en meting van gegewens, beperkings en leemtes van die ondersoek en begripomskrywings.

Hoofstuk 2 handel oor die maatskaplike funksionering van die volwasse vrou in die myngemeenskap. Daar word aan die volgende aspekte aandag geskenk: Die selfkonsep, die belangrikheid van 'n goeie selfbeeld in die doeltreffende maatskaplike funksionering van die vrou in die myngemeenskap, aspekte van belang by 'n positiewe en negatiewe selfbeeld, die vorming van 'n negatiewe selfbeeld en aspekte van belang in die vorming van 'n positiewe selfbeeld by die volwasse vrou in die myngemeenskap.

Hoofstuk 3 handel oor die gebruik van maatskaplike groepwerk in die hantering van volwasse vroue in die myngemeenskap. Hier word gelet op begripomskrywing, doelstellings van maatskaplike groepwerk, verskillende soorte groepe, administratiewe aspekte van maatskaplike groepwerk met volwasse vroue in die myngemeenskap en die verloop van die groepwerkproses in die hantering van 'n groep volwasse vroue in die myngemeenskap.

In Hoofstuk 4 word die voorgestelde maatskaplike groepwerkprogram met volwasse vroue in die myngemeenskap uiteengesit. Die indeling is soos volg: programmedia, voorgestelde program van maatskaplike groepwerk met vroue in die myngemeenskap en algemene opmerkings.

In Hoofstuk 5 word die navorsingsmetodologie, naamlik intervensienavorsing, uiteengesit. 'n Begripomskrywing en die fases van intervensienavorsing word bespreek.

Hoofstuk 6 beskryf die wyses van data-insameling en word die resultate van die program (empiriese data) weergegee. Wat deelnemende waarneming betref, word die volgende uiteengesit: begripomskrywing, wyses van deelnemende waarneming en die proses van deelnemende waarneming. Die enkelstelselontwerp is soos volg uiteengesit: begripomskrywing, die verskillende enkelstelselontwerpe en die stappe van die enkelstelselontwerp. Verder word daar ook gelet op die resultate van groeplede se selfbeeldmetings en interpretasie.

Hoofstuk 7 bevat 'n samevatting sowel as gevolgtrekkings waartoe daar deur die loop van die ondersoek gekom is. Hierdie gevolgtrekkings word gevolg deur sekere aanbevelings, wat teoretiese en praktiese implementering behels en ook verdere navorsing bepleit.

# HOOFSTUK 2

# DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE VOLWASSE VROU IN DIE MYNGEMEENSKAP

## 1. INLEIDING

'n Gesonde selfbeeld is noodsaaklik vir gesonde geestelike ontwikkeling, terwyl 'n negatiewe selfbeeld 'n mens se optrede en verhoudinge beïnvloed. Om waarlik vrou te wees en maatskaplik doeltreffend te funksioneer, moet 'n vrou haarself ken en 'n positiewe beeld van haarself hê. Geen vrou met 'n negatiewe selfbeeld en sonder kennis van haarself en haar behoeftes kan doeltreffend funksioneer nie. Die vrou is die kern van die gesin en as sy maatskaplik wanfunksioneer, het dit 'n negatiewe invloed op haar hele gesin. Daarom is dit noodsaaklik om die vrou tot die besef te bring van hoe belangrik dit is om voortdurend aan haar selfbeeld te werk sodat sy maatskaplik doeltreffend kan funksioneer.

Die meeste vroue in die myngemeenskap word nog deur hul mans as 'n persoon wat by die huis bly, kinders in die wêreld bring en versorg en wat geheel en al onderdanig aan hom moet wees sonder enige of min regte, beskou. Omdat baie vroue in die myngemeenskap nie oor hoë skolastiese of tersiêre opleiding beskik nie, kan hulle meestal nie buitenshuis werk nie. Die vroue kry min aandag en ondersteuning van hul eggenote en offer baie vir hul kinders op. Hul eie menswees word selde in ag geneem. Dit beïnvloed die vrou se gemoedstoestand negatief en laat haar belangstelling in die dinge om haar verloor. Die geslote gemeenskap en die kultuur wat daarmee gepaard gaan, speel 'n groot rol ten opsigte van hierdie vroue en hul siening van hulself.


In hierdie hoofstuk sal gelet word op die belangrikheid van 'n positiewe selfbeeld en die vrou se behoeftes in die ontwikkeling tot 'n selfverwesenlike en positief-funksionerende persoon. Daar sal ook stilgestaan word by aspekte wat van belang is by die vrou om maatskaplik doeltreffend te funksioneer.

## 2. DIE SELFKONSEP

Daar is heelwat definisies vir die begrip selfkonsep. Gerdes (1988:87) noem dat selfkonsep soos volg gedefinieer kan word: " 'n Persoon se siening van sy eie attribute wat in terme van sekere aspekte gekategoriseer kan word". Piek (1985:234) stel die volgende ten opsigte van selfkonsep: "By die volwassene is die selfkonsep 'n komplekse en georganiseerde idee van die persoon as geheel en sluit dit kognitiewe, emosionele en evaluatiewe aspekte in. Dit beteken dat die persoon nie net kennis van sy eienskappe het nie, maar ook gevoelens oor en evaluasies van homself en sy eienskappe. Die selfkonsep sluit dus sake soos 'n selfbeeld, selfagting en selfaanvaarding in."

Die hoofaspekte van die selfkonsep word skematies in Diagram 1 weergegee.

**DIAGRAM 1: ASPEKTE VAN DIE SELFKONSEP**




(Gerdes, 1988:87.)

Volgens Van Staden (1992:20) is die selfkonsep in wese drieledig.

- **Die bestaande konsep**

Dit is die beeld wat die persoon van homself het as hy "objektief" na homself kyk.

- **Die begeerde selfkonsep**

Dit is hoe die persoon homself graag wil sien.

- **Die aangebode selfkonsep**

Dit is hoe die persoon hom in verskillende omstandighede voordoen.

Daar sal vervolgens 'n uiteensetting en bespreking gebied word rakende die hoofaspekte van die selfkonsep, soos in Diagram 1 weergegee.

## 2.1 DIE FISIEKE SELFKONSEP

Die mens se liggaam is die binneste deel van die materiële self. Dit lyk of met die materiële self na die liggaam verwys word. Tog blyk dit eerder te wees dat die begrip voorwerpe soos die persoon se klere, huis, sy vrou en kinders, sy voorouers en vriende, ja, alles wat aan hom behoort - dit wat hy syne, oftewel myne ("my") noem, insluit (Van Rooyen, 1994:25). Wanneer die persoon met 'n lae selfkonsep met homself oor sy liggaam en fisieke vaardighede praat, sê hy vir homself dat hy nie sy liggaam kan aanvaar nie (Jacobs & Vrey, 1982:45).

Gerdes (1988:88) meld dat die siening van die fisieke self dikwels ook as die liggaamsbeeld bekend staan. Dit het betrekking op die individu se psigologiese ervaring van sy liggaam, dit wil sê van interne organe en prosesse asook van uiterlike voorkoms en die houdings en gevoelens wat daarmee saamhang. Die individu se liggaamsbeeld is 'n weerspieëling van die waarde en betekenis wat hy aan verskeie aspekte van sy fisieke self heg.

Pentz (1995:40) meld dat enige groot fisieke verandering noodwendig 'n heromlyning van 'n mens se liggaamsbeeld en gevolglik ook van jou selfkonsep vereis. Liggaamlike veranderings vind dwarsdeur die hele lewensloop plaas, gevolglik verander die individu se liggaamsbeeld ook voortdurend.

**Die lede van die ondersoekgroepe het sodanig 'n lus in die lewe verloor dat die gedagte aan selfversorging net eenvoudig na te veel moeite geklink het. Uit die vraelyste wat voltooi is met 'n groep vroue in die myngemeenskap, het hul antwoord op die vraag "of hulle dink dat dit belangrik is om hulle self te versorg, en doen jy dit?" die volgende reaksie opgelewer:**

- **By die huis is daar niemand wat my gegrimeerde gesig waardeer nie, vir wat dan moeite doen."**
- **As ek myself mooi maak, wil almal weet waarnatoe ek gaan. 'n Mens is mos nie veronderstel om net te grimeer as jy iewers gaan nie. Dit "switch" my dan sommer af om wel iets aan my voorkoms te doen."**

**Die vroue was oor die algemeen nooit netjies aangetrek en versorg nie. en het meestal gewigsprobleme wat spruit uit hul passiwiteit. Bogenoemde aspekte dra by tot die groeplede se negatiewe selfbeeld wat nie net negatiewe gevolge vir hulle as persone ingehou het nie, maar ook ten opsigte van al die ander verhoudinge waarin hulle staan.**

## 2.2 DIE INTELLEKTUELE SELFKONSEP

Kognitiewe vermoëns speel 'n groot rol in selfaanvaarding. Dit is die kognitiewe vermoëns van 'n persoon wat hom in staat stel om dinge te doen, waarvoor hy dan weer krediet, erkenning en lof kry. Die persoon met 'n lae selfkonsep lewer die volgende uitspraak aan homself oor sy psigiese:

- "Ek kan nie akademies presteer nie."
- "Ek mag my ware gevoelens nie wys nie, wat sal die mense van my dink."
- "Ek kan dit nooit waag om tot 'n professie te aspireer nie - ek sal nie slaag nie" (Jacobs & Vrey, 1982:46).

Pentz (1995:40) noem dat die intellektuele self 'n persoon se waarnemings van sy intellektuele vermoëns en talente insluit. Die individu is geneig om 'n algemene indruk van sy vlak van intellektuele funksionering te vorm en beskou homself byvoorbeeld as "redelik intelligent"; "bra onnosel" of briljant in sekere opsigte en "dom" in ander opsigte. Talent verwys na 'n spesifieke vermoë soos 'n talent vir musiek of kuns. Gerdes (1988:88) stel dat deur van intellektuele vermoëns gebruik te maak, 'n mens tot nuwe insigte kom en nuwe hanteringsmetodes ontwikkel kan word. Dit is ook met behulp van sy denke dat 'n mens 'n selfkonsep formuleer. Talente en vermoëns, of die gebrek daaraan, moet in samehang met ander faktore oorweeg word. Gemiddelde intelligensie sal byvoorbeeld 'n groter negatiewe uitwerking hê

op iemand uit 'n begaafde gesin as op 'n persoon wat afkomstig is uit 'n omgewing waar intellektuele vermoëns nie as so belangrik geag word nie.

**Die vroue wat die vraelyste voltooi het asook die groeplede was bewus daarvan dat hulle nie oor veel geletterdheid beskik nie. Uit die vraelyste het drie vroue standerd 6, ses vroue standerd 8 en slegs een vrou matriek geslaag. Die meeste van die vroue het nadat hulle die skool verlaat het, direk getrou en geen werksondervinding opgedoen nie. Hierdie neiging is sterk kenmerkend van dié omgewing, naamlik dat die meisies op 'n vroeë ouderdom skool verlaat en trou. Baie van die vroue het genoem dat hulle 'n groot fout begaan het om hulself nie goed te kwalifiseer nie. Juis omdat die vroue soveel behoefte aan stimulering gehad het, was hulle baie gewillig om ingelig te word met bruikbare kennis.**

## 2.3 DIE PSIGOLOGIESE SELFKONSEP

Ten einde 'n persoon psigologies te kan evalueer, is dit belangrik om vas te stel hoe hy self sy persoonlike aktiwiteite waarneem en evalueer. Die psigologiese selfkonsep hou verband met verskeie psigologiese eienskappe:

- Relatief konstante persoonlikheidseienskappe soos introversie/ ekstra-versie;
- kenmerkende emosionele toestande soos angs, opgeruimdheid, aggressiwiteit en beskroomdheid; en
- temperamentele kwaliteite soos emosionele opwekkingsvlak, kalmte of die neiging tot opgewondenheid (Gerdes, 1988:89).

**Die lede in die ondersoekgroepe het meestal as introverte voorgekom. Met verloop van tyd het die lede egter meer spontaan geraak en het dit gelyk of daar wel ekstroverte onder die groeplede was. Hierdie persone het soveel vertroue in hulself verloor, dat hulle ekstroverte geaardheid heeltemal onderdruk geraak het. Die kenmerkende emosionele toestand van die lede was aanvanklik depressiwiteit en 'n gevoel van moedeloosheid. Die vroue wat ingeskakel was by die ondersoekgroepe se gemoedstoestand het met die verloop van die byeenkomste verander na opgeruimdheid en weer nuwe hoop vir die toekoms.**

## 2.4 SOSIALE SELFKONSEP

Jacobs en Vrey (1982:47) noem dat die persoon met 'n lae selfkonsep aan homself van sy sosiale omgewing sê: "Niemand hou van my nie." Gergen (1971:65) sê in die verband: "Persons may love or hate each other for a variety of reasons, but fundamental to the feelings we have for others are the feelings we have for ourselves. Depending on our self-esteem we may be predisposed not only to feel certain ways about others in general, but also to respond favorably or unfavorably to their actions toward us." Hierdie persoon kan homself nooit in 'n geselskap blootstel deur deel te neem nie (Jacobs & Vrey, 1982:47). Van Rooyen (1994:29) noem dat elkeen van ons slegs as 'n sosiale persoon in die gees ("mind") van ander persone bestaan. Van Staden (1992:20) sluit hierby aan en noem dat die selfbeeld onder meer deur die volgende drie faktore gevorm word:

- Die indruk wat persone soos 'n ma, pa, ouer broer en onderwysers se houdings, optrede teenoor hom en hul sienings van hom op sy selfbeeld gemaak het;
- die gedurige vergelyking met ander persone wat beter of slegter as hyself is; en/of
- selfbeoordeling op grond van vermoëns/onvermoëns of suksesse/ mislukkings.

**Die vroue in die myngemeenskap is geneig om baie geïsoleerd te leef. Op die vraag in die vraelys ten opsigte van wat hul siening van die myngemeenskap is, het die volgende aanmerkings uitgekom:**

- **"Ek 'laaik' nie om met mense in die myngemeenskap te meng nie want hulle is net 'n spul wat van jou skinder."**
- **"Ek sou eerder graag in 'n ander gemeenskap wou bly. Ek meng nie sommer met die mense in die gemeenskap nie want as jy nie drink nie, is jy nie in nie en die mense het nie respek vir 'n huwelik nie. Hulle moet my man uitlos."**
- **" 'n Mens kan nie met iemand vriende maak nie want as jy met hulle 'n geheim deel, blaker hulle dit teenoor almal uit. Dit is net 'n geskinder."**

**Die vroue was dus vasgevang in hul omstandighede en hul probleme en het ook nie 'n vertroueling gehad om net soms hul harte teenoor uit te praat nie. Baie van die vroue het uit swak huislike omstandighede gekom wat nie baie positief was vir die ontwikkeling van hul selfkonsep nie. Uit die vraelyste het die vroue die volgende genoem:**

- **"Alhoewel my ouers albei geleef het, was hulle nie ouers vir ons nie. Ons was alles wat sleg was. Toe ek 14 jaar oud was, het die welsyn ons uit ons ouers se sorg verwyder."**
- **"My ouma moes my grootmaak want my ma het drie kinders gehad maar ons het nie een dieselfde pa gehad nie. My ma was nie veel bekommerd oor my wel en weë nie. Die kêrels was belangriker."**

**Die vroue in die myngemeenskap het dus nie 'n gevoel van *behoort aan* nie. Hulle het minderwaardig gevoel en gevoel dat hulle nie eintlik oor uitsonderlike vermoëns beskik nie. Hulle het ook gevoel dat hulle gesinne, veral hul mans, hulle nie waardeer nie en dit het aanleiding gegee tot die gevoel dat hulle as vroue en moeders misluk.**

## 2.5 MORELE SELFKONSEP

Die morele self hou verband met 'n persoon se waarneming van die mate waarin hy aan die voorgeskrewe gedragsreëls van 'n bepaalde gemeenskap voldoen. Van Rooyen (1994:42) noem die volgende: "By tye is die begeerte om korrek te wees en deur ander geprys te word, en agtenswaardig deur die samelewing behandel te word, in so 'n mate aanwesig dat dit die selforganisme se begeertes oortref." Hy noem dat Rogers ook 'n uiters sterk begeerte na selfagting, parallel aan sosiale agting, vind. Gerdes (1988:90) is van mening dat die morele self gegrond is op 'n persoon se begeerte om goedkeuring te ontvang en om afkeuring te vermy - aanvanklik van ouers en later van belangrike ander persone. Geestelike en religieuse oortuigings en waardes bepaal dikwels 'n individu se definisie van wat moreel reg en verkeerd is.

**Dit was vir lede van die ondersoekgroepe baie belangrik om deur die mense na aan hulle (gesin, familie en vriende) asook die gemeenskap aanvaar te word. Uit die aard van die bywoning van die groepbyeenkomste het dit geblyk dat die lede ook nie die ondersoeker wou**

**teleurstel nie. Dit kan ook bevestig word deur die feit dat groeplede die ondersoeker in kennis gestel het as hulle nie die groepbyeenkoms kon bywoon nie. In die groep het die vroue geleer om iemand se geheim te hou en dat hulle vir iemand 'n vriendin kan wees as hulle hierdie gedrag openbaar. Van die groeplede het genoem hulle besef dat hulle skade doen om van ander te praat en dit as skinder ervaar word. Hulle het sodoende ook geleer om hul mans se vertrouelinge te wees en nie net as 'n huweliksmaat gesien te word wat so gou as moontlik met 'n sappige storie van haar man/huwelik na die bure hardloop nie. Dit was belangrik dat hulle as opregte mense aanvaar moet word.**

## 2.6 SELFAGTING

Hoë selfagting word vereenselwig met gevoelens van bekwaamheid, tevredenheid met die self en 'n gevoel van eiewaarde, terwyl lae selfagting saamhang met gevoelens van onbekwaamheid, ontevredenheid met die self en minagting van die self (Gerdes, 1988:90). Jacobs en Vrey (1982:30) noem dat die bevindinge van 'n studie wat gedoen is, getoon het dat persone hoër waarde heg aan dié beskrywings waarin hulle meen dat hulle goed is en geen waarde heg aan dié dinge waarin hulle hulself as swak beskou nie.

**Die lede van die ondersoekgroepe het onbekwaam gevoel en hul selfagting was baie negatief. Uit die vraelyste wat met die vroue in die myngemeenskap voltooi is, het die vroue op die vraag "Wat dink jy van jouself?" soos volg geantwoord:**

- **"Ek wens ek kan iets meer wees as wat ek is."**
- **"Nee, ek weet nie."**
- **"Dit is 'n moeilike vraag. Ek weet nie wat om vir jou te sê nie."**
- **"Om eerlik te wees, nie veel nie - Ek dink mense misbruik my net en ek is goed vir niks."**
- **"Ag ek weet nie, ek dink niks van myself nie miskien omdat ek maar net 'n huisvrou is."**
- **"Ek is vet en sommer siek vir myself."**

- **"Ek weet nie rêrig nie. *Genuine* nie. Ek weet nie hoe om vir jou te sê nie. Ons is grootgemaak met 'F... (vloekwoord) voor die TV weg'. Ek twyfel soms of ek iemand is."**

**Deur die program wat met die lede gevolg is, het hulle die geleentheid gekry om inligting in te win oor wat 'n selfbeeld en wat selfagting is en wat daartoe kan bydra om hul selfagting te verhoog. Uit die metings wat met die lede in die ondersoekgroepe gedoen is, kan die duidelike verbetering van die lede se selfbeeld gemerk word. Hulle duidelike toename in selfvertroue, beter fisiese versorging en positiewe omgang met ander mense, was ook 'n goeie aanduiding van die groei ten opsigte van wat hulle van hulself gedink het.**

Dit is dus duidelik dat 'n persoon se selfagting in 'n groot mate verantwoordelik is vir sy kernaktiwiteite, sosiale verhoudingverwagtinge en -belewinge.

Hoewel die volgende aspekte rondom die selfkonsep nie in die grafiese voorstelling aangedui word nie, is dit ook belangrik om dit te bespreek omdat dit wel deel van 'n persoon se geheel vorm.

## 2.7 GESLAGTELIKE SELFKONSEP

Gerdes (1988:90) is van mening dat geen mens homself as geslagloos sien nie. Hy dink aan homself as 'n sterk man. Sy dink aan haarself as 'n intelligente vrou. Mans en vroue is biologies tot manlikheid en vroulikheid gepredisponeer. Tog speel die sosiokulturele omgewing en belangrike ander persone 'n groot rol in die vorming van 'n manlike of vroulike selfkonsep deur voorskrifte en norme daar te stel van wat wenslik en onwenslik is vir seuns en meisies en vir mans en vroue.

**Uit die aard van die kultuur in die myngemeenskap lyk dit of daar nie groot kommer by die meeste van die ouers is as hul kinders die skool op 'n jong ouderdom verlaat nie, veral wat hul dogters betref. Die dogter gaan mos trou met 'n man wat vir haar en die kinders 'n huis, kos, klere en ander benodigdhede sal voorsien. Waarom moet die dogter dan onnodig 'n hoë kwalifikasie behaal. Dit het so gewerk vir die voorgeslagte en behoort vir hul dogters ook so te werk. Wat die seuns betref, kan hulle soos hul pa's en oupas en dié se oupas ook 'n werk op die myn kry. Die enigste probleem wat die ouers nog nie besef nie, is**

**dat 'n persoon wat selfs vir 'n mynersposisie aansoek doen, matriek moet hê.**

**Die lede het erken dat om hul kinders so groot te maak, veroorsaak dat hul dogters net so onderdanig aan hul mans sal moet wees as wat hulle as moeders nou is. In die meeste van hierdie huwelike mag hulle as vroue nie buitenshuis gaan werk nie. Hulle moet by die huis bly, kinders grootmaak en kos op die tafel reg hê as die man van die werk terugkom. Die mans reken dat hulle hul dagtaak vervul het deur te gaan werk en daarom is die opvoeding van die kinders die vrou se plig. Die lede het gevoel dat hulle net altyd alles moet doen wat hulle mans gelukkig hou. Die lede moes tot insig gelei word dat daar niks verkeerd is om die man en kinders te versorg nie, maar nie ten koste van hul eie menswees en selfbeeld nie. Dit was belangrik dat hulle moes besef dat beide die man en vrou rolle in die huwelik en gesinslewe het om te vervul.**

## 3. DIE BELANGRIKHEID VAN 'N POSITIEWE SELFBEELD IN DIE DOELTREFFENDE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE VROU IN DIE MYNGEMEENSKAP

Elke mens en dus ook elke vrou, het 'n siening van haarself (Pentz, 1995:45). Barnard (1985:1) is van mening dat hierdie siening 'n groot invloed op die persoon se lewe, gedrag en optrede het. Dit bepaal dikwels die sukses of mislukking van haar funksionering.

Dit is belangrik dat elke mens moet vasstel wie hy is. Niemand ken jou so goed soos jy jouself ken nie. As 'n persoon meer kennis van homself inwin, sal hy dalk anders optree as wat hy tans doen. Pentz (1995:45) noem dat 'n swak selfbeeld veroorsaak dat 'n persoon baie fyngevoelig is en altyd fout vind met homself. 'n Swak selfbeeld kan daartoe aanleiding gee dat 'n persoon perspektief met die werklikheid kan verloor. Sy verhoudingslewe kan ook negatief beïnvloed word en so raak die hele situasie 'n kringloop van verlorenheid. Clunie (1993:30) stel die volgende: "Self-esteem contains the judgemental issue. It deals with worth and value, good, bad, negative and positive - the attitude toward the self in total and can be described as the evaluation component of the self-concept." Dus dui die selfbeeld op gevoelens en gedagtes asook die innerlike beeld wat 'n persoon van homself het.

Volgens Gerdes (1988:93) is die selfkonsep by die volwassene 'n betreklik bestendige entiteit wat rigting gee aan gedrag, maar ruimte laat vir wysigings wat vereis word weens veranderde omstandighede en gebeurtenisse soos die huwelik, ouerskap en uitdienstreding. Die realistiese waarneming van 'n mens se vermoëns, belange en doelwitte behoort al hoe meer onafhanklik te word van ander se menings. Daar is verskeie faktore wat kan bydra tot die vorming van 'n selfbeeld. Dit is belangrik dat mense bewus moet wees van hierdie faktore, want dit sal bydra tot 'n beter begrip van sy eie menswees en persoonlikheid.

## 3.1 VOORTVLOEISELS VAN DIE SELF

Clunie (1993:28) stel die volgende betreffende die self: "The majority of literature refer to the self as some or other form of integrating mechanism, structuring and binding the "I" or the "me" together." As gevolg van die mens se interaksie met sy omgewing, en veral as gevolg van die evaluering deur ander, ontstaan 'n patroon van waarnemings van *ek* en *my* met ander (Möller, 1987:135). 'n Persoon se ideale self, dit wil sê die mens wat hy die graagste sou wou wees met die eienskappe wat hy die graagste sou wou besit, hou ten nouste verband met 'n persoon se evaluering van homself. Dit dien as ideaal waarna die individu kan streef en indien dit realisties is in die lig van sy ware vermoëns en beperkinge, verskaf dit waardevolle riglyne vir ontwikkeling. Die mate waartoe die individu die ideale self bereik, bepaal grootliks sy selfagting of gebrek daaraan (Gerdes, 1988:90).

**Die ondersoeker het by lede van die ondersoekgroepe gevind dat die self 'n belangrike aspek in die ervaringslewe van die lede was, en dat hulle graag hul ware self wou ken om sodoende hul maatskaplike funksionering te verbeter.**

## 3.2 SELFAKTUALISERING

Selfaktualisering kan beskryf word as die mens in die volle sin van die woord. Jacobs en Vrey (1982:13) sluit hierby aan en noem dat so 'n persoon volkome betrokke is by die lewe, intense genot smaak en diepe smart beleef, nie slegs sy eie nie, maar ook dié van ander met wie hy saamleef. Die persoon wat tot selfaktualisering gekom het, kry dit reg om al sy energie en vermoëns op probleme en omstandighede buite homself te rig. Só 'n persoon het 'n realistiese selfsiening sodat hy homself kan aanvaar. Selfaktualisering

impliseer ook die persoon se doelbewuste poging om die latente moontlikhede van sy selfheid te realiseer. Dit sal al die terreine van fisieke vaardighede, verstandelike vermoëns, gevoelsbelewing en sedelike bewussyn insluit, sodat hy die menslike selfheid wat hy inderdaad is, kan verwerklik. Turner en Helms (1987:403) sluit hierby aan: "Self actualisation is at the zenith of a person's striving for humanness and for achieving his or her full potential. Self actualisation is at the pinnacle of a hierarchy of basic needs. The other needs, from fundamental to more complex, are physiological, safety, belongingness and esteem."

**Die lede van die ondersoekgroepe se selfaktualisering was baie negatief. Die lede het uit die aard van hul negatiewe selfbeeld en gevoel van passiwiteit min tot geen deelname in gebeure in hul gemeenskap gehad nie. Hulle beleef bitter min die intense genot van die lewe. Elke dag wat hulle opstaan, is net nog 'n dag. Die lede het 'n onrealistiese selfsiening. Hulle kyk verby hul moontlikhede en talente en 'n sterk gevoel van geen betekenis is by hulle gemerk. Deur die program kon die groeplede leer om aan hul selfbeeld te bou. Hier kon die vrou van ander hoor dat sy wel spesiaal is en deur die aanleer van handvaardighede en die toerusting met inligting rondom haar ról as vrou, dat sy wel oor die vermoë beskik om te ontwikkel. Uit die aard van die program wat vir die ondersoek gebruik is, is daar aandag geskenk aan die fisiese en sielkundige behoeftes van die lede wat gedeeltelike aspekte van selfaktualisering uitmaak.**

Alle fisiologiese en sielkundige behoeftes van 'n persoon moet dus gesien word as gedeeltelike aspekte van en ondergeskik aan die tendens van selfaktualisering.

## 3.3 KONGRUENSIE

Wanneer die betekenis van bepaalde ervarings akkuraat gesimboliseer word en in hierdie vorm deel gaan uitmaak van selfstruktuur, kan daar gepraat word van 'n toestand van kongruensie tussen die self en ervaring. Kongruensie beteken dus dat die self 'n getroue weergawe is van die ervarings van die organisme. Die persoon in 'n toestand van kongruensie is oop en vatbaar vir nuwe ervarings, omdat hy nie bedreig voel nie. Wanneer die selfkonsep inkongruent is, impliseer dit dat daar ook 'n inkongruensie bestaan tussen die selfaktualiseringstendens en die meer grondliggende aktualiseringstendens. Hierdie tendense werk teenstrydig op mekaar in, want

die aktualisering van die inkongruente self is nie meer in harmonie met die aktualiseringstendens van die organisme nie (Brammer & Shostrom, 1982:53; Möller, 1987:141-144; Pentz, 1995:47-48; Sears *et al.*, 1988:454-456 en Turner & Helms, 1987:403-404).

Pentz (1995:48) lig bogenoemde met die volgende voorbeeld toe: " 'n Moeder ontwikkel vae siektesimptome elke keer as haar enigste seun beplan om van die huis af weg te gaan. Haar werklike begeerte is om hom nie te verloor nie, om solank as moontlik aan hom vas te hou, maar dit kan sy nie simboliseer nie, want dit is teenstrydig met die siening van haarself as 'n goeie moeder (selfkonsep). Gevolglik word die ervaring verdraaid gesimboliseer ("Ek is siek, ek het jou nodig"), maar nou is daar inkongruensie tussen die selfkonsep en die werklike ervaring.

**As gevolg van die lede se negatiewe selfbeeld het dit veroorsaak dat enigiets, iemand of gebeurtenis hulle bedreig laat voel het en kan gesê word dat inkongruensie by die lede bestaan het. Die lede was dus baie agterdogtig as iemand vir haar kom kuier, want sy was nie seker of die persoon 'n vriendin wil wees of net wou inligting inwin om haar te beskinder nie. Baie keer het dit tydens die gesprekke in die ondersoekgroepe na vore gekom dat die sogenaamde vriendin dalk agter haar man aan is, terwyl die persoon se voornemens dikwels opreg was.**

## 4. VORMING VAN 'N POSITIEWE SELFBEELD

Selfbeeld verwys na die beeld wat 'n persoon van homself en sy rolvervulling het (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1984:43). 'n Positiewe selfbeeld beteken dat 'n persoon homself aanvaar met sy positiewe en negatiewe eienskappe en in positiewe verhoudinge kan staan. Die persoon moet homself liefhê voordat hy ander kan bemin. Die persoon moet ook selfvertroue besit om goeie moraal te ontwikkel asook die vermoë om die lewe aan te durf. Wat 'n persoon word en met sy lewe uitrig, word bepaal deur die "ego" en ideale. Die persoon moet homself ken voordat hy homself kan beheer (Vermeulen, 1985:32).

Die vorming van die selfbeeld begin in die vroegste lewensjare, dalk selfs voor geboorte. Die persone wat vir die kind die grootste betekenis het, oefen die sterkste invloed op die vorming van sy selfbeeld uit. In die eerste

lewensjare is dit veral die moeder. Die vrou kan nie leiding aan haar kinders gee en hul selfbeeld opbou as sy nie haarself ken en verstaan nie.

Daar is volgens Barnard (1985:7-10) en Vermeulen (1985:29) drie noodsaaklike komponente vir 'n gesonde selfbeeld by die vrou:

- Die gevoel dat sy êrens tuishoort en bemin word;
- die gevoel dat sy waarde het en iets beteken; en
- die gevoel dat sy bekwaam en vaardig is.

## 4.1 DIE INVLOED VAN 'N POSITIEWE SELFBEELD

Pentz (1995:49) noem dat dit belangrik is dat 'n persoon sal weet wat 'n positiewe selfbeeld is en watter uitwerking dit op sy of haar lewe kan hê. Pentz (1995:49-50) verwys soos volg na die eienskappe van 'n persoon met 'n positiewe selfbeeld:

- So 'n persoon is nie grootpraterig en ook nie skaam vir haarself nie;
- sy fokus meer op ander mense as op haarself, sy sal haarself nie verkleineer nie, maar sy is ook nie net altyd besig om oor haarself te praat nie;
- sy het minder behoefte om haarself teenoor ander te bewys; en
- sy aanvaar ander mense soos hulle is.

## 4.2 DIE VOORDELE VAN 'N POSITIEWE SELFBEELD

Pentz (1995:50) is van mening dat 'n persoon met 'n positiewe selfbeeld vrede gemaak het met homself en met die lewe. So 'n persoon beleef kalmte, rus en vrede.

Barnard (1985:11-15), Jacobs en Vrey (1982:22-33), Pentz (1995:50) en Vermeulen (1985:32-36) bespreek die voordele van 'n positiewe selfbeeld:

- Die persoon het meer energie en lus vir die lewe;
- meer selfvertroue;
- behaal groter sukses;

- kry nie so maklik seer nie;
- dra baie minder spanning en is dus baie gesonder;
- menseverhoudinge is beter - Ross sluit hierby aan: "Implicit in the ecological metaphor is the assumption that self-esteem and life satisfaction are influenced by the 'goodness-of-fit' between people and their environments" (1990:324);
- voel vry om homself te wees en homself te handhaaf;
- sal oor die algemeen 'n gelukkiger mens wees;
- raak minder gefrustreerd;
- beter persepsie van die werklikheid;
- meer spontaan;
- meer kreatief; en
- meer vertroue in ander.

Dit is dus baie voordelig vir 'n persoon om 'n positiewe selfbeeld te hê. Dit maak van 'n persoon 'n vryer en gesonder mens. 'n Persoon se optrede, gevoelens, gedragspotensiaal en talente word altyd aangepas by sy selfbeeld. 'n Positiewe selfbeeld bring positiewe aanpassing.

## 5. DIE VORMING VAN 'N NEGATIEWE SELFBEELD

'n Negatiewe selfbeeld beteken dat 'n persoon 'n negatiewe beeld van homself het en sy beskouing van homself so negatief is dat hy skaam is vir homself. Jacobs en Vrey (1982:38) noem dat 'n negatiewe selfbeeld verantwoordelik is vir 'n gevoel van ontoereikendheid en 'n gebrek aan selfvertroue. Indien 'n persoon 'n lae selfbeeld het, is dit direk verantwoordelik vir die ontstaan van allerlei gedragsprobleme, soos byvoorbeeld angs en spanning. Clunie (1993:33) sluit hierby aan: "Lack of self-esteem leads to pathological anxiety - fear of something or the thought of something that does not exist. Normal fear does exist, like the fear of heat, glass or traffic. Pathological anxiety interferes with the rational thought process."

## 5.1 BASIESE OPTREDES VAN PERSONE MET 'N NEGATIEWE SELFBEELD

Vier basiese kenmerkende optredes van 'n persoon met 'n negatiewe selfbeeld kan soos volg uiteengesit word:

- **Onttrekking en/of selfverkleinering**

So 'n persoon onttrek hom aan sosiale verkeer en weier om betrokke te raak. Hy wil homself dus nie blootstel nie (Jacobs & Vrey, 1982:43).

- **Probeer om ander se goedkeuring en/of aanvaarding te wen** (Pentz 1995:51).

- **Hoogmoedige optrede**

'n Persoon met 'n meerderwaardigheidskompleks en wat grootpraat of spog oor sy prestasies en besittings (Strydom, 1990:208).

- **Kritiese optrede**

Persone wat gedurig ander mense kritiseer of met hulle fout vind, ly dikwels aan 'n negatiewe selfbeeld (Barnard, 1985:16).

Barnard (1985:16) meld dat 'n mens se selfbeeld in jou kinderdae gevorm word. 'n Negatiewe selfbeeld het sy ontstaan daarin dat hy te min liefde, aanvaarding, goedkeuring en liefkosing van die mense rondom hom gekry het. Die persoon is te veel gekritiseer, sleggesê en uitgetrap.

As 'n vrou so 'n beeld van haarself het, is dit baie onaangenaam. So 'n vrou sal haarself as 'n swakkeling, 'n nikswerd wat niks kan doen en geen sukses kan behaal nie, beskou. Daarom sal sy onbekwaam, skuldig en minderwaardig voel. Dit kan so diep gesetel wees dat sy bitter teleurgesteld in haarself is en haarself selfs haat en verwens.

## 5.2 SIMPTOME VAN 'N NEGATIEWE SELFBEELD

'n Negatiewe selfbeeld benadeel 'n persoon se kanse op sukses en geluk. Daarom is dit belangrik om 'n negatiewe selfbeeld te identifiseer en daaraan te werk. Daar is 'n hele paar simptome waaraan 'n negatiewe selfbeeld uitgeken kan word.

Barnard (1985:27-31), Clunie (1993:35-36), Jacobs en Vrey (1982:45-49), Pentz (1995:52) en Vermeulen (1985:70-100) noem die volgende voorbeelde:

- Gevoelens van skuld en skaamte;
- gevoelens van woede, aggressie en haat;
- depressie;
- angstigheid, vrees en fobieë;
- emosionele uitputting;
- geïsoleerdheid en slegte verhoudinge;
- gebrek aan konsentrasie;
- die persoon sal emosioneel makliker seerkry as iemand met 'n goeie selfbeeld;
- so 'n persoon hou van argumente;
- kan nie ander se opinie aanvaar nie;
- is baie krities teenoor ander mense;
- die persoon is 'n swak luisteraar;
- onvergewensgesind en wrokkigheid kom voor;
- is uitermatig jaloers en besitlik;
- heg besonder baie waarde aan materiële dinge en is gedurig besig om te versamel;
- word werklik beïnvloed deur belangrike mense en geleenthede;
- is 'n swak verloorder;
- goed bedoelde komplimente maak so 'n persoon verleë;
- daar is 'n groot mate van angstigheid of onsekerheid oor haar/homself;
- verwag maklik teleurstellings;
- wantrou mense maklik; en

- tree verdedigend op.

Dit is dus baie belangrik dat daar gelet moet word op die aspekte van belang by 'n positiewe en negatiewe selfbeeld. Hierdie inligting kan 'n persoon en dan spesifiek die vrou meer bedag maak op haar selfbeeld. Sy kan bepaal watter van die simptome by haar na vore kom en daaraan aandag gee.

## 6. ASPEKTE VAN BELANG IN DIE VORMING VAN 'N POSITIEWE SELFBEELD BY DIE VOLWASSE VROU IN DIE MYNGEMEENSKAP

Dit is belangrik dat elke vrou sal weet watter aspekte wat deel uitmaak van haar daaglikse lewe kan bydra tot die opbou of afbreek van haar selfbeeld. Om bewus te wees van hierdie aspekte, bied aan die vrou die geleentheid om haarself en haar ewewig in die vinnige roetine van die lewe te behou, en ook om as 'n individu in eie reg te kan voortleef.

### 6.1 LEWENSKUNS

Vir die vrou van vandag is dit 'n lewenskuns om 'n balans te handhaaf tussen al die verskillende rolle wat sy moet vertolk. Sy moet dikwels nie net vrou en moeder wees nie, maar sy moet ook haar plek in die beroepswêreld volstaan. Tussen alles deur moet sy egter ook nog die vermoë hê om haarself te wees. Die Wêreldgesondheidsorganisasie stel in dié verband die volgende: "Women's status is often described in terms of her level of income, employment, education, health and fertility, as well as the roles she plays within the family, the community and society. It also involves society's perception of these roles and the value it places upon them. What women do, not only affects their health but is also affected by it" (1985).

Rust (1994:3) sluit hierby aan en noem dat die vrou vandag gebiede betree wat mense in die verlede as eksklusief-manlike domeine beskou het. Dit is bevrydend, maar ook moeilik en verwarrend en veroorsaak by die vrou konflik in haarself. Vroue wat werk, kwel hulle oor dié dinge wat in die huis agterweë bly. Hulle voel die prooi van 'n gejaagde bestaan. Huisvroue, aan die ander kant, voel weer dikwels gefrustreerd en onvervuld om net by die huis te wees. Hulle voel hulle raak agter op die gebied waarvoor hulle opgelei is. Hulle voel hul horisonne vernou. Watter moontlikhede 'n vrou kies om haarself te verwerklik, hang van baie omstandighede af. Elkeen het sy voor- en nadele, sy slaggate en vergoeding.

Hierdie warboel van aspekte verwar die vrou van vandag en daarom moet sy die lewenskuns aanleer om die balans te handhaaf.

**Die vroue in die myngemeenskap het gevoel dat hulle die kuns om 'n balans te handhaaf, verloor het. Al tien die vroue wat die vraelys voltooi het, was tuisteskeppers. Op die vraag: "Hoe beleef jy die feit dat jy 'n tuisteskepper is?" is die volgende antwoorde gebied:**

- **"Ek geniet dit in 'n sekere mate, maar ek raak geïrriteerd met al die verpligtinge wat op my alleen rus net omdat ek 'n sogenaamde huisvrou is wat baie tyd het."**
- **"Soms voel dit vir my asof ek nie bestaan soos wat my kinders, my man, die huishouding en die familie al my tyd opraap nie. Ek is sommer net moeg vir alles."**
- **"Ek gee alles vir my man en kinders, maar alles word in my gesig teruggegooi. Waarom nog aansukkel en van iets die moeite werd probeer maak?"**

**Die vroue wat by die groep ingesluit was, het nooit die geleentheid gehad om die lewenskuns om die balans te handhaaf, aan te leer nie. Sodoende kon hulle nie hul verskillende rolle voldoende bemeester en delegeer nie. Hierdie gebrek aan lewenskuns het 'n negatiewe selfbeeld tot gevolg gehad, wat weer aanleiding gegee het tot 'n vrou wat nie net belangstelling in haarself nie, maar ook in haar huishouding en omgewing verloor het.**

## 6.2 VOLWASSENHEID

As kind glo 'n mens dat volwassenheid 'n toestand is wat 'n mens op 'n spesifieke dag gaan bereik en dan is jy vernaam en kan alles doen. Volwassenheid in jare beteken egter nog nie volwassenheid van gees nie (Pentz, 1995:54). Turner en Helms (1986:53) brei verder hierop uit: "Generally speaking, maturity refers to a state that promotes physical and psychological well-being. In most instances, the mature person possesses a well-developed value system, an accurate self-concept, stable emotional behaviour, satisfying social relationships, and intellectual insight."

Monteith, Postma en Scott noem dat 'n persoon emosioneel volwasse is wanneer sy ingesteldheid teenoor andere hom toelaat om 'n warm,

persoonlike en vir alle partye bevredigende verhouding aan te gaan. Hulle noem ook dat daar nie sprake van emosionele volwassenheid by 'n persoon kan wees sonder simpatie, empatie, deernis en medelye nie. Soepelheid in waarneming, ervaring en uitdrukking van gevoelens en die vermoë om verhoudinge te bou, is 'n verdere kenmerk van emosionele volwassenheid. 'n Laaste kenmerk van emosionele volwassenheid is stabiliteit, met ander woorde om nie van een uiterste van woede na 'n ander uiterste van oorstelpte blydskap te fluktueer binne dieselfde situasie nie (1988:76-77).

Onvolwassenheid kan 'n persoon se selfbeeld skade aandoen omdat hy in 'n situasie kan beland wat negatiewe gevolge vir homself kan inhou. Die mate waarin die mens in staat is om volwasse vermoëns te ontwikkel, gaan gepaard met die betekenis of sin wat sekere lewenstake of -doelstellings vir hom/haar inhou. Volwassenheid is afhanklik van twee veranderlikes wat ten nouste met mekaar verweef is, naamlik dat die mens voortdurend op soek is na sin in die lewe en dat hy die vermoë het om hom van homself te kan distansieer (Pentz, 1995:54).

Die sin in die lewe kan op vier verskillende wyses gevind word en as die mens dit in sy gedrag toon, is hy geestesgesond en op pad na volwassenheid (Möller, 1987:173). Werk, liefde, lyding en dood speel in die volwassene se lewe 'n groot rol. Die manier wat dit hanteer en verwerk word, wys dikwels uit hoe emosioneel volwasse 'n persoon is.

### 6.2.1 Die betekenis van werk

Die betekenis van werk sluit die belang wat werk in mense se lewens het, in. Geestesgesondheid word bevorder deur lewenstake op 'n sinvolle, intensionele wyse aan te pak. Selfs die eenvoudigste taak moet 'n mens met oorgawe verrig. Die mens moet as't ware opgaan in sy taak, want juis daardeur kry sy bestaan betekenis. Turner en Helms (1986:57) noem die volgende: "Skilled individuals are driven by a need to express their competence through some type of activity. They identify with their work and display pride in the skills needed to produce the finished product." Schreuder en Theron (1997:4-11) noem die volgende variante betreffende die betekenis van werk vir die mens: 'n Gevoel van behoort aan die gemeenskap, waardes, magstruktuur, status, sentrale lewensbelang, vryetyd en selfaktualisering.

Baie vroue sê hul beroepsidentiteit op omdat hulle hulself as huisvroue en moeders beskou en weinig aandag skenk aan enige ander beroepsidentiteit. Hulle slaag gevolglik nie daarin om enige langtermyn beroepsoogmerk te

ontwikkel nie. Indien so 'n vrou later in haar lewe graag wil of verplig word om te gaan werk, kan dit wees dat sy tevrede moet wees met 'n baie ondergeskikte pos met beperkte geleenthede en finansiële voordeel.

**Die vroue in die ondersoekgroep was almal tuisteskeppers met redelike lae skolastiese opleiding wat nogal kenmerkend is onder vroue in die myngemeenskap. Uit die vraelys wat met vroue in die myngemeenskap voltooi is, het dit geblyk dat drie vroue standerd 6, ses vroue standerd 8 en slegs een vrou matriek geslaag het. Uit die vraelyste het die vroue die volgende aanmerkings oor werk in die arbeidsmark genoem:**

- **"Ek sou graag wou werk, maar my tekort aan skolastiese prestasie en werksondervinding tel teen my."**
- **"Ek kom agter ek kan nie met ander mense gesprekke voer nie, ek voel in 'n groef vasgevang. 'n Mens moet uitkom en met ander mense meng."**
- **"Ek ken niks anders as om by die huis te bly en 'n huisvrou te wees nie."**
- **"Ek sou graag wou gaan werk, maar my man wil nie hê ek moet nie."**

**Die meeste van die vroue het direk nadat hulle die skool verlaat het, getrou en dus nooit die geleentheid gehad om werksondervinding op te doen nie. Dit veroorsaak dat hulle nie altyd in hul behoeftes kan voorsien nie. Baie vroue in die myngemeenskap moet in baie slegte huweliksomstandighede aanbly omdat hulle nie vir hulself finansieel kan sorg nie. Hierdie situasies veroorsaak dat die vrou hul selfwaarde verloor, wat tot 'n negatiewe selfbeeld aanleiding gee.**

### 6.2.2 Die betekenis van liefde

'n Tweede volwasse kenmerk om sin in die lewe te ontdek, is deur liefde. As die mens bereid is om hom/haarself op te offer ter wille van 'n ander, het hy/sy 'n sterk dimensie van betekenisvolheid in die lewe bereik. Rust (1994:49) noem dat God se bevel om ons naaste lief te hê, 'n besliste keuse is. Dit is nie sommer 'n emosie nie. Om net verlief te wees, is nie genoeg om 'n langtermynverbintenis soos 'n huwelik aan die gang te hou nie. Liefhê is 'n daaglikse wilsbesluit. Om lief te hê, is dus 'n keuse, 'n dissipline, 'n daaglikse toewyding en 'n verantwoordelikheid. Daarom sou 'n mens ook kan leer om

ander mense lief te hê. Liefhê is inderdaad 'n groeiproses. Möller (1987:175) is van mening dat liefde nie 'n bysaak of sekondêre gevolg is van primêre seksuele drange of instinkte nie. Liefde is 'n primêre verskynsel en selfs 'n uitdrukkingsvorm daarvan. Seks is geregverdig net in sover dit 'n medium van die liefde is. Liefde is 'n menslike verskynsel. Dit is wat die mens eers regtig mens maak. Dit stel hom in staat om na iets of iemand buite homself te streef, iets of iemand wat nie maar net hyself is nie.

**Uit die aard van die vrou en haar regte in die myngemeenskap het dit geblyk dat die meeste van die vroue gevoel het dat die fisieke verhouding al rede is waarvoor hulle nog in die huwelik toegelaat word. Hulle voel nie altyd na intimiteit nie want hulle word nie op ander vlakke erken en gekoester nie. Die lede het genoem dat hulle soms die fisieke verhouding toelaat om die vrede te bewaar. Dit het aanleiding gegee tot onvervulde en ongelukkige huweliksverhoudinge. Die ondersoeker het gevind dat 'n gebrek aan kennis rondom die opbou van 'n emosionele en liefdevolle huweliksverhouding veral tot baie van die egpare se probleem bygedra het. Deur die program wat die ondersoeker vir die ondersoekgroepe gebruik het, kan hierdie probleem aangespreek word.**

### 6.2.3 Die betekenis van lyding

Smit (1996:34) noem dat daar een feit is waarmee elke mens moet vrede maak - daar lê swaarkry en lyding vir elke mens voor. McFarlane (1996:333) stel dat voor 'n mens nie self deur diep waters gegaan het nie, so 'n persoon dikwels ongeduldig en onsimpatiek is met mense wat bedroef is. Niks maak 'n mens so sag en begrypend vir ander se leed as wanneer 'n persoon eers self beproef is nie. Möller (1987:175) sluit hierby aan en noem dat probleme en lyding aktiwiteite tot gevolg het en verhoed dat die mens apaties en verveeld raak. In hierdie opsig lei dit dus tot groei en volwassenheid. Lyding as sodanig is nie deurslaggewend nie, maar wel die ingesteldheid of houding daarteenoor. Lyding hou op om lyding te wees die oomblik wanneer dit sinvol raak. Wanneer lyding nie getransendeer kan word nie, gaan dit oor in wanhoop.

**Die lede van die ondersoekgroepe het hierdie wanhoop beleef as gevolg van hul omstandighede. Die feit dat hulle nie voldoende skoolopleiding gehad het nie en vasgevang voel in hul huise, in hul omstandighede wat baie keer finansiële en huweliksprobleme ingesluit het, het die gevoel van wanhoop by die vroue laat ontstaan. Deur die program wat gevolg**

**is, is daar aan die lede leiding gegee rondom die hantering en aanvaarding van omstandighede. Hierdeur kon die wanhoop omgeskakel word in hoop, wat die lede meer moed gegee het. Dit het bygedra tot die opbou van 'n positiewe selfbeeld.**

### 6.2.4 Die betekenis van die dood

Die eindigheid van die menslike bestaan kan nie weggeredeneer word nie. Smit (1996:147) noem dat 'n persoon van twee dinge absoluut seker kan wees: dat 'n mens eendag sal doodgaan en dat as hy in Jesus glo, vir altyd sal lewe. Sy stel ook dat geen mens oor eerstehandse kennis van die dood beskik nie. Geen mens op aarde kon nog vertel hoe dit is om die dood te ervaar nie. Ongelukkig dink die meeste mense met angs en beklemming aan die dood. Turner en Helms (1986:383) lug sy mening soos volg: "For everyone, to live means to eventually die. In Western culture, the subject of death seems to be taboo. Most authorities agree that the denial of death results in limited self-growth." As die mens nie sterflik was nie, sou hy alles uitgestel het, dus sou niks gedoen word nie. Die beperkinge wat die kortstondigheid van die lewe stel, verplig die mens om sy tyd tot die uiterste te gebruik, dus moet nie een enkele geleentheid toegelaat word om onbenut verby te gaan nie (Möller, 1987:175).

## 6.3 SELFONTDEKKING

Daar is verskeie fasette in die selfontdekkingsproses waarvan 'n vrou bewus moet wees om haarself te handhaaf. Soms word sekere dinge net as vanselfsprekend aanvaar of soms wil die vrou dit glad nie raaksien of besef wat besig is om met haar te gebeur nie. Die feit dat die vrou ouer word en die belangrikheid van selfversorging baie keer opsy geskuif word en as van minder belang beskou word, kan dikwels 'n stryd by die vrou tot gevolg hê en haar siening van haarself negatief beïnvloed. Die verskillende fasette van selfontdekking moet dus aan die vroue uitgewys word om haar toe te rus met inligting wat tot haar positiewe groei aanleiding kan gee. Daar sal vervolgens kortliks stilgestaan word by 'n paar van hierdie fasette.

### 6.3.1 Ouderdom

Groot industrieë is gebou op veral vroue se vrees om oud te word. Hier kan 'n mens dink aan 'n magdom skoonheidshuise, haarkleurtegnieke en gimnasiums (Smit, 1996:400). Soos in die geval van die dood, kan niemand

die ouderdom en die kwinte wat daarmee saamkom, ontvlug nie. Dat 'n mens gaan oud word, is gewis maar 'n mens hoef nooit geestelik oud te wees nie. Elke mens kan met grasie ouer word (Smit, 1996:154). Mosterd *et al.*, (1983:44) noem dat die vrou van 30 'n fase van haar lewe betree waarin haar skoonheid en sjarme met rypheid en selfvertroue tot volle uiting kan kom. Somtyds is dit ook 'n tydperk wat besondere eise aan haar stel. Sy moet sorg dat haar voorkoms en gesondheid nie daaronder ly nie. Hoewel die vrou tussen 30 en 40 nog baie jeugdig kan voorkom, is daar tog groot veranderinge wat plaasvind in die vel en die liggaam en moet sy sorg dat sy haar skoonheidsversorging daarby aanpas.

**Van die vroue in die ondersoekgroepe het baie ouer gelyk as wat hulle werklik is. Dit kan toegeskryf word aan swaarkry en verwaarlosing op emosionele, fisiese en finansiële gebied. Die vroue voel net nie altyd na uiterlike versorging nie. Uit die reaksie op die vraelys van die deelnemende waarneming het die vroue soos volg op die vraag of hulle dink dit is belangrik om hulself te versorg, en of hulle dit doen, geantwoord:**

- **"Vir wie en wat moet ek dit doen? Daar kom party dae dat ek lus is om myself op te 'tof' maar vir wie dan, en dit is mos mors van tyd as niemand eers notisie daarvan neem nie."**
- **"By die huis is niemand nie, vir wie moet ek myself oppas en vir wat? My man dink mos 'n mens loop dan rond."**

**Van die vroue maak hulle ook skuldig aan swak gewoontes soos verkeerde dieet en rook, wat 'n invloed op hul voorkoms het.**

### 6.3.2 Die vel

Die versorging van die hele liggaam se vel is noodsaaklik omdat die vel vir die mens en as versorgde vrou 'n definitiewe rol vervul. Stoppard (1982:86) stel die volgende: "The skin is the most extensive organ in the body: it protects, insulates and provides sensory information, and it is therefore important to care for it correctly." Die baie faktore wat tot 'n gesonde vel bydra, is kompleks en hang hoofsaaklik af van die balans van die persoon se fisiese en emosionele elemente (Gallant, 1989:10).

**Die vroue in die myngemeenskap is geneig om as gevolg van hul gevoel van nutteloosheid en lae waarde hul velversorging af te skeep. Dit is**

**eenvoudig net te veel moeite om die gesig met spesiale middels skoon te maak en met byvoorbeeld 'n vogroom die vel te beskerm. Omdat baie van die vroue in die myngemeenskap nie vervoer het nie, loop hulle baie keer waar hulle wil kom. Die vroue stel dan hul vel aan koue of warm en droë weersomstandighede bloot. Saam met 'n ongesonde lewenswyse en aspekte soos stres dra dit by tot vroeë veroudering van die vel. As die vrou se vel swak vertoon, voel sy nog meer selfbewus en sonder vertroue, wat dan verder aanleiding gee tot hierdie vroue se negatiewe selfbeeld.**

### 6.3.3 Haarversorging

Die grootste probleem vir baie vroue is dat hulle hare met die jare verdof. Sommige vroue tussen 30 en 40 is soms al grys (Mostert *et al.*, 1983:48). Pentz (1995:59) noem dat onversorgde hare 'n vrou maklik verwaarloos en onaantreklik laat lyk. Haarversorging of -verwaarlosing kan 'n belangrike invloed op 'n vrou se siening van haarself hê. 'n Negatiewe siening kan tot 'n swak selfbeeld aanleiding gee.

**Lede van die ondersoekgroepe het aanvanklik min aandag aan hul hare gegee. Party se hare was nie volgens 'n styl gesny nie en het net langs hul koppe gehang. By sommige was die hare baie olierig. Die ondersoeker het aan groeplede genoem dat met haarversorging nie bedoel word dat 'n haarkapper altyd besoek moet word nie. Skoongewaste hare en 'n haarstyl wat by haar persoonlikheid pas, kan 'n aansienlike verskil maak. Nadat die haarkapper wat as spreker opgetree het sekere inligting deurgegee het, was daar aansienlike verbetering in hul haarversorging.**

**Van die groeplede het opgewonde genoem dat hul mans hulle gekomplimenteer het en dit het 'n baie positiewe uitwerking op die groeplede gehad. Dit het 'n bydrae gelewer tot die uitbou van 'n positiewe selfbeeld by van die groeplede. By die vroue in die myngemeenskap wat die vraelyste moes voltooi, het die ondersoeker opgelet dat die vroue hul hare gewas het en net so gelos het om die dag maar te lyk soos dit wil. Dit was opmerklik by agt uit die tien vroue wat die ondersoeker besoek het.**

### 6.3.4 Grimering

As grimeerkunstenaar moet die vrou onthou dat soos elke werk, elke gesig uniek is. As 'n vrou 'n onbereikbare ideaal vir haarself daarstel, begaan sy 'n fout. Dit beteken dus dat die persoon grimering moet aanwend op 'n manier wat by haar pas. Die grimering moet so vleiend aangewend word dat wie ook al na haar kyk, 'n nuwe ontdekking van haar sal maak asook haar eie, unieke en besondere skoonheid sal waarneem (Pentz, 1995:59). Gallant (1989:144) sluit hierby aan: "Modern make-up is definitely an art form, capable of creating on any woman many different faces, to reflect her mood or personality." 'n Suksesvolle verandering in voorkoms kan soms 'n begin wees van 'n nuwe benadering teenoor die lewe en die positiewe uitwerking wat dit nie net fisies nie, maar ook emosioneel op die vrou het, kan tot 'n positiewer selfbeeld bydra.

**'n Skoonheidsterapeut het 'n grimeerdemonstrasie aan die groeplede gelewer. Die terapeut het een van die vroue gebruik om haar demonstrasie op uit te voer. Die resultate was regtig indrukwekkend. Die voor-en-na-prentjie het die groeplede laat besef dat grimering 'n verskil kan maak en dat dit jou emosioneel ook beter kan laat voel. Die vrou wat gebruik is vir die demonstrasie, was 'n stil en teruggetrokke groeplid. Sy het egter gesprankel en geborrel na sy haarself in die spieël gesien het. Die lede het daarna meestal gegrimeerd na die groepbyeenkomste gekom. Die positiewe reaksie wat hulle van ander mense ontlok het, het verder daartoe bygedra dat hulle goed gevoel het en aanleiding gegee tot die uitbou van 'n positiewe selfbeeld.**

### 6.3.5 Liggaam

#### 6.3.5.1 Persoonlike higiëne

Daar is min aspekte wat so belangrik is soos sindelikheid. Om netjies en skoon te leef, kan slegs gesondheid, geluk en voorspoed vir elke vrou bring. As 'n persoon en haar gesin skoon is, kan kieme nie tot newe-effekte in die gesin se gesondheid aanleiding gee nie. Om skoon en gesond te wees, moet elke persoon eers sy eie liggaam versorg. Dit help nie om 'n huis netjies en skoon te hou as die persoon nie aan die higiëniese versorging van sy of haar liggaam aandag gee nie. Aspekte betreffende persoonlike versorging soos wanneer om te was, hoe om te was, versorging van mond en tande, haarsorg en versorging van klere, gewoontes en leefwyse word by baie mense as vanselfsprekend aanvaar. Tog is hierdie feite by baie gesinne heeltemal

onbekend. In gesinne waar hierdie higiëniese aspekte nie bekend is nie, word dit van geslag tot geslag oorgedra. Geen meisie en later volwasse vrou kan selfrespek hê as die omsien na haar persoonlike higiëne ontbreek nie. Die vrou kan vereensaam raak omdat sy 'n onaangename reuk het en dit kan tot haar swak selfbeeld aanleiding gee (Pentz, 1995:60).

**Daar was van die lede wat baie na ou sweet geruik het. Van die lede se klere was ook nie baie skoon nie. 'n Suster en die ondersoeker het 'n boodskap rakende persoonlike higiëne gebring. Die feit dat net seep, wat nie duur is nie, en water nodig is om nie net jouself te reinig nie, maar ook klere, is aan groeplede deurgegee. Ook inligting rondom waarom dit belangrik is om 'n mens se voete en tande te versorg, is deurgegee. Van die groeplede het ook genoem dat as jy besef dat jy 'n persoon is wat maklik sweet, jy van rol-aan reukweerder en poeier gebruik moet maak. Dit was nogal opvallend dat die vroue wat baie keer na sweet geruik het, mettertyd die probleem oorkom het.**

#### 6.3.5.2 Oefening

Oefening laat jou fisies en geestelik beter voel. Oefening is miskien nie die beste manier om in 'n kort tydjie gewig te verloor nie, maar oor die lange duur kan dit die moontlikheid om gewig op te tel, verhoed. Stoppard (1982:35) stel die volgende: "Being fit, to me, means being healthy in all its aspects. It follows that the first prerequisite of being fit and healthy is to eat a healthy diet. The second is to marry your diet to as comprehensive an exercise programme as your lifestyle will accommodate."

Dit is nie nodig om by duur gimnasiums aan te sluit om oefening te kry nie. Vroue kan aktiwiteite soos stap, draf, swem en fietsry beoefen en dit is ook sportsoorte waaraan haar hele gesin saam kan deelneem. Pentz (1995:61) noem dat alle vroue weet dat hulle oefening moet doen, maar soms vir verkeerde redes, soos byvoorbeeld dat dit 'n persoon beter sal laat voel. Oefening kan help om 'n persoon se liggaam ferm te hou, maar daar is ook uitstekende redes waarom 'n mens moet oefen. Loren (1984:122-125); Pentz (1995:61) en Stoppard (1982:35) noem die volgende:

- Oefening kan 'n gesonder hart en longe tot gevolg hê.
- Oefening sal 'n persoon se eetlus laat afneem en help om meer kilojoules te verbrand, selfs ure nadat die oefening gedoen is.

- Oefening verminder stres, angs en soortgelyke senuweeprobleme en help ook met die verligting van depressie.

- Oefening help om spiere te versterk en kan tot jou voordeel wees wanneer daar 'n skielike uitputtende situasie na vore kom.

- Oefening maak jou bene sterk. As 'n persoon oefen, verander die kalsium in die bene wat hulle dan versterk. Sodoende breek 'n been nie maklik nie.

- Oefening maak jou meer grasieus. 'n Persoon loop met meer selfvertroue en vloeiend. "Your body is supple and your joints are flexible" (Stoppard, 1982:35).

Baie vroue maak hulself daaraan skuldig om - veral nadat hulle getroud is- nie meer te oefen of aan 'n sport deel te neem nie. Die eise aan 'n vrou word na 'n huwelik net groter, veral as daar kinders is. Die spanning in haar bou op omdat sy nie oefen en van haar stres ontslae raak nie. Sy tel baie keer gewig op en dit het 'n verdere negatiewe uitwerking op haar uiterlike voorkoms. As die gewigstoename nie beheer word nie, raak die vrou se selfbeeld negatief aangetas en dit begin 'n kringloop van baie probleme.

**In die ondersoekgroep het dit duidelik geblyk dat die lede geen oefening doen of sport beoefen nie. Die enigste oefening wat hulle kry, is wanneer hulle hul huise skoonmaak. 'n Groot probleem in hierdie geslote gemeenskappe is dat daar nie veel geriewe vir die vroue is nie. Die ondersoeker het 'n spreker gebruik om aan hulle te verduidelik watter verskil selfs 'n gesonde stapprogram aan hul lewens kan maak.**

**Die meeste lede in die groepe was redelik oorgewig. Van hulle het genoem dat hulle gedurig knibbel en dat dit veral gebeur wanneer hulle gefrustreerd en depressief voel. Die lede het versoek dat daar ook raad aan hulle gegee moet word rondom wat sal help om gewig te verloor en die doelgewig te behou. Na hierdie gesprekke het een van die vroue op 'n gesonde dieet gegaan, wat haar binne 'n paar maande 14 kg laat verloor het. Die resultate was ongelooflik, veral die positiewe uitwerking wat dit op haar selfbeeld gehad het.**

#### 6.3.5.3 Menstruasiesteurnisse

Vanaf haar twaalfde tot ongeveer haar sewe-en-veertigste jaar het die vrou ongeveer elke agt-en-twintig dae 'n afskeiding van bloed en slym uit die

vagina. Die afskeiding kan van twee tot agt dae duur, maar dit duur meestal sowat vier tot ses dae. Dit word voorafgegaan of vergesel van verskillende onaangename simptome soos hoofpyn en mislikheid. Menstruasie of maandstonde is die uiterlike tekens van die sikliese hormonale verandering en eierselproduksie in die vrou se liggaam (Kramer, 1978:A13).

Pentz (1995:62) noem dat verskeie probleme tydens menstruasie ervaar word, soos onder meer premenstruele ongemak, pynlike menstruasie (dismenoree), onreëlmatige menstruasie, swaar bloeding (oligomenoree), premenstruele spanning en menopouse.

Gerdes (1988:146) en Stoppard (1982:236-241) noem die volgende rakende premenstruele spanning: Bepaalde tye in die siklus word meer dikwels met óf positiewe óf negatiewe reaksies geassosieer as ander tye. Die tydperk net voor menstruasie word so dikwels verbind met negatiewe toestande dat dit as 'n spesifieke sindroom, "premenstruele spanning", bekend staan. Dit word duidelik beskryf in terme van spanning van verskillende grade, lusteloosheid, stadige reaksies, gevoelens van selfkleinering, prikkelbaarheid en angs. Dit hou verband met lae hormoonvlakke.

Die vatbaarheid van vroue wat reeds kwesbaar is, neem skynbaar gedurende die premenstruele tydperk toe. Sodanige kwesbaarheid kan tot uiting kom in vatbaarheid vir verskillende ongesteldhede. Stoppard (1982:236-241) stel in dié verband die volgende: "Symptoms of the pre-menstrual syndrome can be as follows: Mood changes, pre-menstrual tension (PMT), depression, irritability, tiredness, water retention, weight gain, breast changes, headaches, skin blemishes, conjunctivitis (red eye), disorders of appetite and alcoholic bouts." Premenstruele spanning veroorsaak dus baie emosionele spanning by die vrou en sy weet nie altyd hoe om dit te hanteer nie. 'n Vrees vir daardie menstruele siklus kan ontwikkel omdat sy weet dat dit deur premenstruele spanning voorafgegaan word.

Die menopouse of die "oorgangsleeftyd" soos dit ook dikwels genoem word, is die gevolg van 'n geleidelike afname in eierstokaktiwiteit. Hoewel dit van vrou tot vrou verskil, begin ongereelde maandstondes vir die meeste vroue in hul veertigerjare. Die algehele beëindiging van menstruasie mag egter eers diep in hul vyftigerjare voorkom. Namate 'n vrou ouer word, verminder die voorraad estrogeen wat vir eierproduksie verantwoordelik is (La Haye & La Haye, 1986:298). Volgens Stoppard (1982:248-251) kan die volgende simptome by menopouse voorkom: "Hot flushes, night sweats, vaginal

changes, bone changes (osteoporosis) and emotional changes." Baie vroue beleef die menopouse sonder probleme of spyt. Sommige vind dit óf psigies óf fisies veeleisend, of albei. Klein dosisse geslagshormone kan egter met groot sukses gebruik word om van die simptome te verminder.

**As die vrou weet wat met haar gebeur tydens die menstruasieperiode asook in die verouderingsproses waar menopouse 'n rol sal begin speel, kan dit vir haar vrede in die gemoed tot gevolg hê. Sy sal verstaan wat met haar gebeur en waarom sy optree soos sy wel optree. Sy kan die kennis met haar gesinslede deel sodat hulle ook weet wat gebeur. So kan die vrou en haar gesin die veranderings in buie en gemoedstoestand beter verstaan en leer om dit reg te hanteer. Sodoende sal die begrip wat die vrou vir haarself het, bydra tot 'n positiewe selfbeeld.**

#### 6.3.5.4 Seksualiteit

Stoppard (1982:160) stel die volgende oor seksualiteit: "Women can be spontaneously and honestly sexy, but this is more difficult for females than males. To be sexually arousable you must be sensitive to touch and be psychologically able to give of yourself." Sommige mense glo dat seksualiteit 'n ontwikkelingsvermoë is - miskien 'n manier om haar inhibisies meer prys te gee. Vroue bereik baie keer eers hul seksuele hoogtepunt in hul laat dertiger- en vroeë veertigerjare, nie omdat daar noodwendig fisies 'n verandering by hulle plaasvind nie, maar is dit soms hoe lank 'n vrou neem om haarself toe te laat om die seksuele omgang te geniet.

La Haye en La Haye (1986:103) is van mening dat een van die vernaamste waarhede wat hy uit jarelange ervaring in die spreekkamer opgedoen het, is dat 'n vrou 'n groter vermoë as 'n man het om liefde te gee en te ontvang. Daarom wil dit voorkom asof vroue ook harder as mans probeer om goed en getrou in hul huwelike te wees. Om hierdie rede is vroue ook gewilliger as mans om 'n tweedeklas liefdeslewe te verduur en ten spyte van probleme uit te hou en aan te hou.

Dit is baie belangrik dat die vrou kennis moet dra van haar seksualiteit. Sy moet daarop ingestel wees om haarself te versorg en minlik vir haar maat te wees. As sy nie daaraan aandag gaan gee nie, sal sy nie suksesvol in die seksuele verhouding kan wees nie. Daar sal baie frustrasies in so 'n huwelik wees. Die huwelik en alles wat daarmee gepaard gaan, is 'n goddelike instelling. Man en vrou is geskape vir seksuele intimiteit. As 'n vrou nie

hierdie feite in aanmerking neem en daaraan aandag gee, haarself versorg en beminlik is vir haar eie man nie, kan dit tot 'n swak selfbeeld aanleiding gee, wat die vrou se menswees baie erg skade kan aandoen.

**Dit is belangrik dat elke vrou haarself moet ontdek en was dit ook 'n sterk boodskap wat die ondersoeker deurlopend aan die groeplede wou deurgee. As die lede hulself wou uitleef en laat geld, moes hulle hulself eers waarlik ontdek. Die lede moet die behoeftes van hul innerlike en uiterlike menswees identifiseer. As sy met haar innerlike en uiterlike persoon tevrede is, sal sy 'n positiewe selfbeeld opbou en sodoende gebalanseerd en 'n steunpilaar vir haar gesin wees.**

**Baie van die lede in die ondersteuningsgroepe was baie teruggetrokke. Dit was ook duidelik dat hulle nie meer geweet het wie en wat hulle is nie. Hulle het bitter min geleentheid gekry om gehoor te gee aan hul behoeftes en moes veral aan hul eggenoot se behoeftes en verwagtinge voldoen. Namate die program gevorder het, het die lede daarvan bewus geword dat hulle op hul regte mag staan. Hoewel die meeste van die lede nie net hul regte kon laat geld (veral teenoor hul mans) nie, was dit vir hulle gerusstellend om te weet dat hulle wel aandag aan hul behoeftes kon gee. Dit het meer selfvertroue en dus 'n positiewer selfbeeld tot gevolg gehad.**

## 6.4 VERHOUDINGSWESE

Die mens staan in die wêreld in verskillende verhoudinge. In sy verhouding tot God, sy medemens, homself, die natuur en die kultuur leer 'n persoon die wese van die mens ken. Om sigbare verteenwoordiger van God te wees, impliseer nie net 'n statiese toestand nie, maar raak dinamiese gebeure. Die mens moet naamlik word wat hy veronderstel is om te wees. Die mens is daarom in sowel sy bestaans- as in sy handelswyse beeld van God. In wat hy is en in wat hy doen, openbaar hy nie net sy verhouding tot God nie, maar vertoon hy ook homself as beeld en as verteenwoordiger van God.

Die mens is egter nie as enkeling geskape nie maar as mens tussen mense en leef hy nie net tussen mense nie maar ook saam met mense. Dit is juis sy lewe saam met sy medemens wat ook sy lewe saam met God weerspieël. In hierdie verhouding met sy medemens is daar sprake van verskillende verhoudinge, naamlik die verhouding tussen ouers onderling, tussen ouer en kind, tussen kind en ouer, tussen kinders onderling en tussen seun en meisie

(Monteith, Postma & Scott, 1988:11-12). Rogers (1984:3-4) sluit hierby aan: "The life structure is the pattern or design of a person's life, a meshing of self-in-word. Its primary components are one's relationships: with self, other persons, groups and institutions, with all aspects of the external world that have significance in one's life."

Om waarlik vrou te kan wees, moet die vrou weet waar sy in haar verhouding tot God staan en dan moet sy ook weet wat 'n verhouding met die medemens, natuur en kultuur behels. As gevolg van die vinnige tempo van die moderne lewe is dit moeilik om verhoudinge te handhaaf. Die vrou is soms so besig met die versorging van haar gesin en huis dat sy vergeet om tyd aan haarself af te staan. In hierdie draaikolk kan sy haarself verloor en vereensaam raak. As die vrou weet tot watter verhoudinge sy staan en wat die verhoudinge van haar gaan eis, kan sy met haar voorbereidheid situasies moontlik beter hanteer, wat vir haar meer selfvertroue en aanleiding tot 'n positiewe selfbeeld sal gee.

**Uit die vraelysopname onder die vroue in die myngemeenskap was hul antwoorde op die vraag rondom hul rol as moeder soos volg:**

- **"Jy moet altyd ten volle agter jou kinders staan - van die oggend wat hulle wakker word tot vanaand wat hulle gaan slaap. Ek doen alles vir my kinders."**
- **" 'n Ma moet haar kinders al haar liefde en aandag gee. Ek moet die kinders se opvoeding alleen hanteer. Ek voel soms baie uitgeput en opgebruik."**
- **"Afgesien van die huis skoonmaak en kos maak, moet ek die opvoeding van die kinders ook doen, want as hulle pa dit moet doen, wonder ek watter tipe kreature daar sal uitkom."**

**Dit blyk duidelik uit die antwoorde op hierdie vraelyste dat die vroue in die gemeenskap baie op die kinders gefokus is en dat hul eie behoeftes soms op die agtergrond geskuif word. Betreffende die vraag oor die huwelik het die volgende antwoorde na vore gekom:**

- **"Al die verantwoordelikheid word op my gepak. Ek het nie iemand om op te steun nie. Ek is verantwoordelik vir die huis, die kinders, die hond. My man is soos 'n potplant in die huis. EK voel skoon depressief as ek aan my sogenaamde huwelik dink."**

- **"My man drink baie, veral saam met sy broer ruk hy hand-uit. Sy humeur is iets verskrikliks. Ek moet alles in die huis en vir die kinders doen. Ek is moeg vir dit."**

**Betreffende vriende het van die vroue soos volg opgemerk:**

- **In die myngemeenskap waag jy dit nie om vriende te maak nie, want jy word net beskinder."**
- **"Ek het een goeie vriendin en ons kuier elke dag, maar verder meng ek nie met die mense nie want hulle skinder net."**
- **"Ek en my man het nie vriende nie. Ons sit net by die huis en kom nêrens nie."**
- **"Ek mag nie 'n vriendin hê nie, my man is te jaloers."**

**Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat daar 'n wanbalans in die vroue se verhoudingslewe is. Met die hulp van die groepwerkprogram kan die vroue tot ander insigte gelei word.**

## 7. SAMEVATTING

Die volwasse vrou het baie fasette en vaardighede om te bemeester in haar groei tot 'n volwassene met 'n positiewe selfbeeld. Uit bogenoemde inligting, naamlik die belangrikheid van 'n positiewe selfbeeld in die ontwikkeling van die vrou tot 'n positief funksionerende persoon en aspekte van belang vir 'n positiewe selfbeeld, word duidelik op aspekte wat tot die vorming van 'n negatiewe of postiewe selfbeeld kan lei, gewys.

Dit blyk duidelik te wees dat indien die vrou 'n negatiewe selfbeeld het, dit nie net haar menswees beïnvloed nie, maar ook haar maatskaplike funksionering. Daarom was dit nodig om hierdie vroue by 'n maatskaplike groepwerkprogram te betrek en hulle te lei om hul volle potensiaal en volwaardige menswees te ontdek, en daardeur 'n positiewe selfbeeld te bou. Omdat die vrou wat die kern van die gesin is tot verandering gelei is, kan dit ook hul gesinne se algemene leefwyse verander en tot beter maatskaplike funksionering van die hele gesin aanleiding gee.

In die volgende hoofstuk sal daar gelet word op die gebruik van maatskaplike groepwerk in die hantering van volwasse vroue in die myngemeenskap.

# HOOFSTUK 3

# DIE GEBRUIK VAN MAATSKAPLIKE GROEPWERK IN DIE HANTERING VAN VOLWASSE VROUE IN DIE MYNGEMEENSKAP

## 1. INLEIDING

Groepwerk neem wisselende plekke binne maatskaplike werk in (Preston-Shoot, 1987:1). In teenstelling met die ander metodes van maatskaplike werk, naamlik gevallewerk en gemeenskapswerk waar die fokus by gevallewerk een-tot-een is en 'n baie tydrowende metode is en gemeenskapswerk wat weer 'n baie wye werkmetode is, kan groepwerk as baie tydbesparend en koste-effektief aangewend word. Met maatskaplike groepwerk kan daar aandag gegee word aan normale ontwikkelingsbehoeftes van groeplede; voorkoming van sosiale onttrekking kan aandag geniet; rehabilitasiedoelwitte kan gestel word en groeplede kan geleer word om tot maatskaplik positief-funksionerende mense te ontwikkel wat as gesonde en verantwoordelike burgers van die gemeenskap beskou sal word.

Dit is dus nou belangrik dat daar in hierdie hoofstuk na die verskillende aspekte van maatskaplike groepwerk gelet sal word. Dit is belangrik dat daar na die doelstellings van maatskaplike groepwerk, asook na die spesifieke doelstellings van maatskaplike groepwerk met volwasse vroue in die myngemeenskap, gelet word. 'n Uiteensetting van die verskillende soorte groepe word gegee ten einde aan te dui waaronder groepe met volwasse vroue val. 'n Verdere aspek waaraan aandag gegee word, is die administratiewe aspekte van maatskaplike groepwerk en spesifiek in die toepaslike groep. Die administratiewe aspekte waaraan aandag gegee word, is die samestelling van die groep, werwing en voorbereiding van groeplede, plek van byeenkoms, tyd en duur van byeenkoms, gereeldheid van byeenkomste, aantal byeenkomste, grootte van die groep en funksionele hulpmiddels.

By die hantering van 'n vrouegroep in die myngemeenskap is dit belangrik dat 'n vasgestelde proses gevolg sal word. Die maatskaplike groepwerkproses in die hantering van 'n groep volwasse vroue in die myngemeenskap is van kardinale belang ten einde doelstellings te bereik. Om die maatskaplike groepwerkproses met dié spesifieke groep tot sy reg te laat kom, is dit nodig

om op die benaderings te let waaruit hierdie proses bestaan. Die vertikale benadering word aan die hand van sewe onderdele omskryf, naamlik groepsmotivering, strukturering, stemming, waardes en norme, beheer, verhoudinge en programbeplanning. Die horisontale benadering bestaan uit verskillende fases van die groepwerkproses. Hierdie fases kan soos volg onderskei word, naamlik die voorbereidings-, aanvangs-, toetredings-, benuttings- en afsluitingsfase.

Hoewel die teorie rondom die doelstellings van maatskaplike groepwerk, administratiewe aspekte en die groepwerkproses telkens in bronne beskryf word, is dit belangrik om die jongste teorie hieroor spesifiek te fokus op die vrouegroep in die myngemeenskap. Dit kan as riglyn dien vir maatskaplike werkers wat groepwerk met dié spesifieke groepe wil doen.

## 2. BEGRIPOMSKRYWING: MAATSKAPLIKE GROEPWERK

Skidmore *et al.*, (1994:74) noem dat groepwerk omskryf kan word as 'n metode om met mense te werk (twee of meer mense) vir die verbetering van hul maatskaplike funksionering en vir die bereiking van sosiale menslike doelstellings. Anstey (1983:18) stel die volgende definisie: "The social group work method aims at the full utilisation of forces in group life to bring about social growth in the individual members. It is in the process known as group goal achieving that these forces are at their maximum, the members being most fully engaged with each other and with the group as a whole." Toseland en Rivas (1998:12) noem dat groepwerk soos volg gedefinieer kan word: "Goal-directed activity with small treatment and task groups aimed at meeting socio-emotional needs and accomplishing tasks. This activity is directed to individual members of a group and to the group as a whole within a system of service delivery."

Du Preez (1989:5) omskryf maatskaplike groepwerk soos volg: "Maatskaplike groepwerk is een van die primêre metodes van maatskaplike werk waardeur 'n opgeleide maatskaplike groepwerker op 'n professionele wyse aan groepe bestaande uit unieke individue hulp verleen deur in die groepproses die onderlinge verhoudings en die programmedia op 'n doelgerigte en bedrewe wyse te hanteer en aan te wend." Douglas (1995:14) stel die volgende: "Significant facts about groups are that they are composed of human beings, who remain in close physical proximity with each other for long or short periods of time." Die groep is 'n beskermde omgewing waar lede nuwe vaardighede en gedrag kan aanleer. Deur interaksie kan groeplede terugvoer

gee, omgee en nuwe idees om teenoor ander op te tree, aanleer (Reid, 1991:17).

Maatskaplike groepwerk is dus 'n bruikbare metode om aan unieke individue met homogene probleme hulp te verleen en tot hul positiewe maatskaplike funksionering by te dra. Die groepproses, die onderlinge verhoudinge en die programmedia moet egter doelgerig aangewend word om hulpverlening effektief aan te bied.

## 3. DOELSTELLINGS VAN MAATSKAPLIKE GROEPWERK

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) (1985:161) omskryf die begrip "doelstelling" soos volg: "Doel wat 'n mens voor oë het, wat jy jou stel". Die toepassing van 'n metode word dus gerig deur die doel wat nagestreef word en moet die moontlikheid van die bereiking van die doel inhou (Du Preez 1981:33). Vinter (1967:13) sluit hierby aan: "Treatment goals are those specific ends the practitioner pursues in the interests of particular clients within particular groups."

Strydom (1990:45) noem dat terapeutiese doelstellings in die eerste plek duidelik geformuleer en deur alle lede verstaan moet word. Tweedens moet dit realisties wees in terme van die moontlike bereiking daarvan. Derdens moet dit direk verband hou met die siening van die huidige probleme van individuele lede. In die vierde plek moet dit angs en spanning wat deur die lid ervaar word, verminder (Steyn & Uys, 1988:7). In die vyfde plek moet doelstellings verband hou met die verbeterde maatskaplike funksionering van lede buite die groep, sowel as ná beëindiging van die groep (Strydom, 1990:45). Doelstellings van maatskaplike groepwerk is dus daarop gerig om die doel wat vir die groep gestel is, te bereik.

Daar sal nou stilgestaan word by die algemene doelstellings van maatskaplike groepwerk, waarna spesifieke doelstellings van maatskaplike groepwerk met volwasse vroue in die myngemeenskap toegelig sal word.

### 3.1 ALGEMENE DOELSTELLINGS VAN MAATSKAPLIKE GROEPWERK

Du Preez (1986:34) noem dat die doel van maatskaplike groepwerk gesien kan word as hulpverlening in groepsverband aan mense wat bewus of onbewus is van hul maatskaplike probleme of behoeftes. "The social group

work method is used to maintain or improve the personal and social functioning of group members within a range of purposes" (Alissi, 1980:66). Vanweë gebrekkige middele en hul noodsituasie kan hulle nie uit eie krag of kennis, sonder die hulp van die professie maatskaplike werk, hul problematiek uit die weg ruim nie (Du Preez, 1986:34).

In maatskaplike groepwerk verskil groepe in die doel waarvoor hulle saamgestel word. Anstey (1983:19) stel die volgende: "Enhancement of social functioning occurs most effectively through specific types of groups, these being ones with a common goal which may relate to a common concern, common interest or common life situation." Daar is voorkomende, terapeutiese en kort- en langermyndoelstellings. Die doelstellings word vervolgens bespreek.

### 3.1.1 Die groei van die groep as geheel

Die maatskaplike werker moet die ontplooiing van die groep op so 'n wyse ten doel stel dat die individuele lid gehelp kan word om te groei (Strydom, 1990:46). Anstey (1983:3, 11) stel die volgende: "Man and the group are inextricably linked - he both needs and is needed by his various social groups to achieve goals and dissatisfactions. Theory on individual development provides significant information as to the importance of group life in shaping individual attitudes, behaviors and self-concept." Die groep speel dus 'n definitiewe rol ten opsigte van elke individu se potensiaal wat ontwikkel moet word en moet dus tot voordeel van elke groeplid strek.

### 3.1.2 Die bevrediging van die behoefte aan kommunikasie in groepsverband

Groepe is 'n medium vir menslike kontak en verwantskap (Toseland, 1990:14). Die mens wil met sy medemens verkeer sodat hy 'n eie bydrae kan lewer en sinvolle en waardevolle gevoelens ervaar (Strydom, 1990:46). Preston-Shoot (1987:19) stel die volgende: "The problem of isolation may be tackled by the formation of a group with the aim of reducing its effects. Members may feel less alone by meeting others with similar interests or circumstances." 'n Gevoel van behoort aan en gemeenskaplike identiteite kan aanleiding gee tot die verandering in sosiale verhoudinge. Botha (1990:6) noem dat lede beleef dat hulle nie alleen is om bepaalde probleme die hoof te bied nie. Strydom (1990:46) sluit hierby aan en noem dat in die groep leer hy om sensitief te wees vir ander se nood. Dit is ook belangrik dat hy met empatie moet luister.

### 3.1.3 Die stimulering van persoonlikheidshoedanighede

'n Verdere doelstelling van groepwerk is om sekere persoonlikheidshoedanighede by lede van die groep te ontwikkel. Strydom (1990:46-47) noem die volgende hoedanighede waaraan gewerk kan word:

- Die vermoë om te gee en te ontvang;
- die vermoë om frustrasies op 'n gesonde en konstruktiewe wyse te verwerk;
- die vermoë om eie beperkinge te aanvaar;
- die vermoë om eie belang op die agtergrond te skuif;
- die vermoë om jouself te ken;
- die aanvaarding van gesag en dissipline;
- die vermeerdering van kennis en insig;
- die aanleer van vaardighede; en
- die opbou van 'n gebalanseerde waardesisteem (Strydom, 1990:46-47).

Toseland en Rivas (1984:66) sluit hierby aan: "Cohesiveness leads to increased self-esteem, more willingness to listen to others, freer expression of feeling, better reality testing, greater self-confidence, and the effective use of other members' evaluations in enhancing a member's own development."

### 3.1.4 Hulp met die oplos van probleme

Groeplede moet gehelp word om probleme op te los deur die regte besluite te neem en verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Anstey (1983:84) stel die volgende: "In essence the role of the group worker is to assist group members to learn how to effectively solve problems or make decisions, and to facilitate this process once it has been initiated. ... as an ordered process this involves identification of problems, procurement of proposals for solutions, analysis of solutions, and the choice of an appropriate course of action" (Anstey, 1983:83). Die groepsituasie bied die geleentheid om hierdie besluite te toets. Die terugvoering van die groep kan die individu help om die probleme in 'n nuwe lig te sien.

### 3.1.5 Leiding neem en aanvaar

Hoewel die leierskaprol meestal aan die maatskaplike werker toegeken word, is dit van belang om daarop te let dat daar 'n verskil is tussen die rol van die maatskaplike werker en die leierskaprol van lede van die groep wat ontwikkel namate die groep ontwikkel. Toseland en Rivas (1984:77) noem die volgende: "Workers should do as much as possible to stimulate, support, and encourage indigenous leadership among members so as to encourage their autonomous functioning and to ensure that their existing skills do not atrophy."

Strydom (1990:47) is van mening dat dit belangrik is dat mense sal weet wat die implikasies is van leiding neem en aanvaar, sodat hulle dit in hul eie lewens kan toepas. As doelstelling kan gestel word die uitbou van leiereienskappe van groeplede sodat hulle die bevrediging sal smaak van die bereiking van mikpunte. Toseland (1990:30) sluit hierby aan: "As members bring up effective coping strategies and positive aspects of their situation, other members sometimes make comments that indicate that they would like to function as effectively. The skillful practitioner can use these opportunities to help these members to become motivated to work toward improving their own coping abilities."

### 3.1.6 Ontspanning

Strydom (1990:48) noem dat die groepservaring daartoe moet meehelp dat die besteding van vryetyd, ook wanneer groeplede nie bymekaar is nie, op 'n gesonde basis sal plaasvind. "In groups, children and adolescents may be taught both individual and group leisure-time activities that may enhance the quality of their day-to-day experiences" (Rose & Edleson, 1988:9).

Samevattend is die doel van maatskaplike groepwerk om die lede behulpsaam te wees in die ontwikkeling en uitbouing van al die aspekte van menswees. Die doelstelling van maatskaplike groepwerk is dus dieselfde as vir maatskaplike werk, naamlik die doeltreffende maatskaplike funksionering van die individu.

## 3.2 SPESIFIEKE DOELSTELLINGS VAN GROEPWERK MET VOLWASSE VROUE IN DIE MYNGEMEENSKAP

Dit is volgens Pentz (1995:115) belangrik dat daar gelet word op spesifieke doelstellings vir groepwerk met volwasse vroue. Hierdeur word daar 'n riglyn

vir die ondersoeker en groeplede gestel wat aanleiding gee tot die bereiking van al die doelwitte. Deur die bereiking van spesifieke doelstellings word die langtermyndoelstellings - in hierdie geval die uitbou van die volwasse vrou se selfbeeld met die oog op verbeterde maatskaplike funksionering - verwesenlik.

**Die doelstellings wat veral op die ondersoekgroep van toepassing was, is die volgende:**

- **Om die vroue te help besef wat dit is om waarlik vrou te wees;**
- **om kennis en insig by die vroue te bewerkstellig ten opsigte van die versorging van die liggaam en die noodsaaklikheid om aandag daaraan te gee;**
- **deur middel van die groep het die vroue die geleentheid gekry om te leer van hare-, vel- en naelsorg en persoonlike higiëne;**
- **om die vroue tot insig te bring dat hulle 'n eie identiteit het ten spyte daarvan dat hulle 'n eggenoot en kinders het;**
- **om die vroue tot insig in selfkennis te lei;**
- **om die vrou te leer om met ander vroue te assosieer wat min of meer dieselfde omstandighede as hulle ervaar;**
- **om in die groep van die geleentheid gebruik te maak om van hul swaarmoedige gemoedstoestand ontslae te raak en mekaar te ondersteun;**
- **om by die volwasse vroue insig te bewerkstellig oor die emosionele wisseling wat hulle as gevolg van hormoon-wanbalanse beleef;**
- **om by die vroue tuis te bring wat hul mans se beroepe behels en waarom die mans sekere gedrag teenoor hul gesinne toon en sodoende die vroue tot beter begrip vir hul nie-ondersteunende eggenotes gelei;**
- **om hulle ander perspektiewe te bied deur hul handvaardighede en verborge talente te ontwikkel en sodoende die huishouding met 'n ander gesindheid te benader.**

Deur van hierdie spesifieke doelstellings gebruik te maak, het die ondersoeker die vroue gelei om 'n beter begrip te hê van die betekenis van waarlik vrou-wees sonder om hul eie identiteit prys te gee.

## 4. VERSKILLENDE SOORTE GROEPE

In maatskaplike werk is daar verskillende soorte groepe, elk met sy eie stel doelstellings en algemene doelwitte wat bereik moet word. Toseland en Rivas (1984:13) stel die volgende: "In order to understand the breadth of group work practice, it is helpful to become familiar with the wide variety of groups that can be led in practice settings." Omdat daar so baie verskillende soorte groepe is waarvan maatskaplike werkers gebruik kan maak, is dit belangrik om hulle te onderskei, aangesien die soort groep die maatskaplike werker se werkwyse bepaal.

Na die bestudering van Northen (1988:120-121), Pentz (1995:116-119), Preston-Shoot (1987:11-18), Strydom (1990:51-54) en Toseland en Rivas (1998:13-37) word volstaan by Toseland en Rivas se indeling van groepe.

### 4.1 TAAKGEORIËNTEERDE GROEPE

Daar is nogal heelwat voorbeelde van taakgeoriënteerde groepe wat gevorm word met die hoofdoel om 'n sekere taak te verrig, byvoorbeeld 'n beplanningskomitee (Northen, 1988:121). Op die mees basiese grondslag is die taakgroep geskik om te gebruik waar werk te veel vir een persoon is om te doen. By die taakgroep is daar 'n gemeenskaplike band tussen lede deurdat saam aan 'n taak gewerk moet word (Pentz, 1995:18). Leiderman *et al.*, (1988:141) huldig die volgende mening: "Facilitators must assist a group in balancing its process and task orientations, that both are attended to and make certain that process issues are integrated into task accomplishment." Ridgeway (1983:17-18) noem die volgende: "The relative impermanence of task groups arises from their concentration on the accomplishment of a specific goal." Wanneer die groep se taak voltooi is, val die rede vir die groep se voortbestaan weg. Die groep kan dan formeel wegval of sal met tyd uitmekaar dryf. Ridgeway (1983:18) noem dat die lewensbestaan van die groep kan wissel van 'n paar uur tot 'n paar jaar, maar oor die algemeen is die lewensbestaan daarvan korter as dié van primêre groepe.

Daar is twee primêre doelstellings vir taakgroepe, naamlik om in die organisasie se behoeftes en in dié van die kliënt te voorsien. Die taakgroepe

waarvan die primêre doel is om in 'n organisasie se behoeftes te voorsien, behels die volgende: komitees (byvoorbeeld om na 'n verkiesing te vergader om bepaalde aspekte te ondersoek); administratiewe groepe (byvoorbeeld help met formulering van beleid en reëls en die uitvoer daarvan in byvoorbeeld 'n kinderhuis); en delegerende rade. Taakgroepe wat in die behoeftes van die kliënt voorsien, sluit die volgende in: spanne, behandelingskonferensies en sosiale aksiegroepe (soos byvoorbeeld die aktivering van die gemeenskap tot burgerlike beskermingsgroepe, of 'n aksiegroep vir 'n dienssentrum vir bejaardes (Pentz, 1995:118-119).

## 4.2 BEHANDELINGSGROEPE

Hierdie groepe bestaan uit persone wat bymekaargevoeg is omdat hulle dieselfde behoeftes of probleme het. Preston-Shoot (1987:13) noem die volgende: "Usually members share a common problem which provides the focus of the group. Pentz (1995:117) noem dat die maatskaplike werker in so 'n groep die geleenthede skep om 'n ken- en/of vertrouensverhouding op te bou. Sodoende sal openlike kommunikasie bewerkstellig word en groeplede mekaar help om hul probleme op te los of te hanteer.

Onder behandelinsgeoriënteerde groepe kan vier groepe onderskei word.

### 4.2.1 Opvoedkundige groepe

Toseland en Rivas (1998:23) is van mening dat opvoedkundige groepe se primêre doel is om lede te help om nuwe inligting en vaardighede aan te leer. Lede kom volgens Pentz (1995:117) bymekaar op grond van 'n gemeenskaplike belang in die inhoud van wat geleer moet word, en omdat hulle gemeenskaplike eienskappe het. Anstey (1983:13) sluit hierby aan: "Group education - where the purpose of the group is information dissemination, groups are subject rather than person oriented, but the element of interpersonal sharing is present." Opvoedkundige groepe kan ook gesien word as inligtingsgroepe waar sekere inligting aan 'n groep deurgegee word. 'n Voorbeeld van opvoedkundige groepe is 'n ouerleidingsgroep.

### 4.2.2 Groeigeoriënteerde groepe

Volgens Corey en Corey (1987:12) kan die groeigeoriënteerde groepe soos volg beskryf word: "Personal growth groups range from those with an open structure in which participants shape the direction of the group to those characterized by a specific focus - helping people develop more positive

attitudes and better interpersonal skills and helping members transfer behaviour and skills developed in the group to situations outside the group." By groeigroepe gaan dit dus om die persoonlike ontwikkeling van die groeplede. Reid (1991:10) sluit soos volg hierby aan: "... the person is interested in becoming more aware of himself or herself as a struggling human being". Hierdie benadering bied aan individue 'n geleentheid om in 'n ondersteunende klimaat insig te vermeerder, met nuwe gedrag te eksperimenteer, terugvoering te ontvang en as mens te groei (Strydom, 1990:52). 'n Voorbeeld van so 'n groep is 'n groep wat 'n huweliksverrykings-kursus volg.

### 4.2.3 Remediërende groepe

Roux (1981:145) stel dat hierdie groepe bestaan uit mense met gemeenskaplike probleme. Toseland en Rivas (1984:23) stel die volgende in verband met dié groepe: "Remedial groups are the most easily identifiable and the most frequently cited type of group in the literature. Remedial groups help members change their behaviour, cope with or ameliorate their personal problems, or rehabilitate themselves after a social or health trauma." Die groep bied dus aan individue die geleentheid om hul persoonlike probleme te hanteer en is dus 'n probleemgesentreerde groep. 'n Groep vir dwelmafhank-likes en 'n groep vir pasiënte by 'n geestesgesondheidskliniek is voorbeelde van terapeutiese groepe.

### 4.2.4 Sosialiseringsgroepe

Preston-Shoot (1987:11) noem dat hierdie groepe gedefinieer word deur hul inhoud: sosiale of reaktiewe aktiwiteite. Die doel van die groepe is om lede te help om lede se isolasie te oorkom, lede te help om positiewe verhoudings te ervaar of meer eenvoudig om hulle die geleentheid vir plesier te bied. Volgens Toseland en Rivas (1984:24) help sosiale groepe lede om sosiale vaardighede en aanvaarde gedragspatrone aan te leer sodat hulle effektief in die gemeenskap kan funksioneer. Daar word ook genoem dat sosiale groepe ook baie van programaktiwiteite soos speletjies, rollespel en uitstappies gebruik maak om hul doelstellings te bereik. Voorbeelde van hierdie groepe is enkelouergroepe, klubs vir gerehabiliteerde alkoholiste en 'n aktiwiteits-groep vir onbeheerbare kinders.

Daar is ook ander belangrike groepe waarna verwys kan word.

## 4.3 ONDERSTEUNINGSGROEPE

In ondersteuningsgroepe word lede gebind deur die kennis wat hulle deel vanweë dieselfde bekommernis wat hulle het en wat nie so goed deur ander mense verstaan word nie. Hierdie lede het inligting wat hulle aan ander kan bied. Hierdie inligting het hulle bekom deur lewenservaring en van die voortdurende pogings om met die stresvolle lewensgebeure tred te hou. Omdat die lede van 'n ondersteuningsgroep soveel in gemeen het en soveel het om aan mekaar te bied, ontwikkel groepskohesie en psigologiese nabyheid meestal vinniger in hierdie groepe as in ander groepe (Toseland, 1990:103-104). Northen (1988:120) sluit hierby aan: "The primary purposes of these groups are to control what is perceived to be undesirable behaviour such as smoking, eating disorders, and abuse of drugs; to provide peer support and mutual aid in relieving the stress related to difficult life situations such as separation or a serious illness".

## 4.4 VERWYSINGSGROEPE

Steyn en Uys (1988:234) noem dat 'n verwysingsgroep gesien kan word as daardie groep waarmee die persoon identifiseer of homself oriënteer, dus die groep wat deur die persoon as verwysingsraamwerk gebruik word. Hierdie identifikasie met die groep het tot gevolg dat die persoon die norme van die groep aanvaar en daarvolgens optree en/of dat die groep as 'n basis vir vergelyking gebruik word.

**Die vrouegroepe in die myngemeenskap wat vir die ondersoek gebruik is, kan eerstens beskou word as 'n behandelingsgroep omdat vroue met dieselfde behoeftes bymekaargevoeg is. Die behoefte vir dié spesifieke groep was om deur middel van die intervensieprogram 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel wat tot beter maatskaplike funksionering aanleiding moet gee. Die ondersoekgroepe kon ook verder onder die behandelingsgroepe as opvoedkundige, groeigeoriënteerde, remediërende en sosialiseringsgroepe ressorteer.**

- **Eerstens val dit onder opvoedkundige groepe omdat die lede van die groep geleentheid gekry het om meer van hulself te leer en ook omdat hulle gemeenskaplike belang het in die inhoud van wat geleer moet word en gemeenskaplike eienskappe het. Hier kan byvoorbeeld gedink word aan onderwerpe wat bespreek is**

rondom selfbeeld, selfversorging en die inligting wat rondom verskillende verhoudinge aan die lede gebied is.

- Tweedens val dit ook onder groeigeoriënteerde groepe omdat die groepbyeenkomste oor 'n jaar plaasgevind het en daar binne die groep 'n ondersteunende klimaat was. Hier kan die groeplede insig verkry, met nuwe gedrag eksperimenteer (grimering dra waar nie voorheen grimering gedra is nie, of om meer ekstroverties op te tree waar die vrou miskien meer as introvert gesien word), terugvoering van ander groeplede ontvang wat hulle oor hul optrede kan laat nadink en as mens te laat groei.

- Derdens val dit ook onder remediërende groepe omdat die vroue 'n gemeenskaplike probleem gehad het, naamlik 'n negatiewe selfbeeld wat aanleiding gegee het tot maatskaplike wanfunksionering. Die vroue was meestal lewensmoeg, maar kon binne die groep hul gedrag positief verander en leer om hul omstandighede beter te hanteer, byvoorbeeld deur groepsgesprekke oor die onderwerpe en deur te besef dat hulle nie die enigste persoon is wat byvoorbeeld 'n huweliksprobleem, finansiële probleem, ouer-kind-probleme het nie.

- Laastens kon hierdie ondersoekgroepe beslis ook as 'n sosialiseringsgroep geklassifiseer word. Die vrouegroepe het die lede gehelp om hul isolasie te oorkom, positiewe verhoudinge te ervaar (binne die groep vriendinne gemaak en by die huise ook gewerk aan verbeterde huweliks- en gesinsverhoudinge) en die vroue het ook geleentheid vir plesier geskep, byvoorbeeld deur die samesyn en gesprekke in die groep, gedurende die tee en verversingstyd en met die uitstappies.

Die vrouegroepe vir die ondersoek kan ook as ondersteuningsgroepe en verwysingsgroepe deurgaan. Dié ondersoekgroepe is gebind deur die kennis wat hulle deel, dieselfde bekommernisse en leemtes wat hulle ervaar en die inligting wat hulle ingewin het en wat hulle na buite toe met ander kan deel. Die groeplede kon groepskohesie ontwikkel vanweë hul verbondenheid en lojaliteit tot die groep. Die vrouegroep het as 'n verwysingsraamwerk vir die groeplede gedien, met ander woorde die lede het die norme van die groep aanvaar en daarvolgens opgetree. Hier byvoorbeeld kan verwys word na 'n situasie waar 'n

**groeplid iets negatiefs oor 'n ander groeplid sou sê of nie die byeenkomste bywoon soos verwag is nie en die groeplede daardie persoon sou aanspreek omdat sy buite die reëls van die groep opgetree het.**

Omdat hierdie vroue in die myngemeenskap baie spesiaal benader moet word en daar aan soveel aspekte aandag gegee moes word, is die vroue aan soveel tipes groepsinhoud blootgestel. Dit verg egter baie spesiale beplanning en weldeurdagte programmedia. Dit is duidelik dat, voordat daar bepaal kan word van watter soort groep gebruik gemaak gaan word, bepaal moet word wat die doel van die groep is. Die doel sal die aanwyser wees van watter soort groep gebruik gemaak sal word.

## 5. ADMINISTRATIEWE ASPEKTE VAN MAATSKAPLIKE GROEPWERK MET VOLWASSE VROUE IN DIE MYN-GEMEENSKAP

Wanneer die maatskaplike werker op 'n soort groep besluit het, is dit belangrik dat die werker sal let op die administratiewe aspekte wat met die totstandkoming van 'n groep gepaard gaan. Deur op die administratiewe aspekte te let, kan heelwat struikelblokke wat kan ontstaan, voorkom word. Administratiewe aspekte kan egter nie as 'n resep vir die hantering van groepe gebruik word nie, want net soos elke individu uniek is, so is ook elke groep uniek. Administratiewe aspekte kan wel as riglyne aangebied word. 'n Bespreking van die administratiewe aspekte word dan ook vervolgens gebied.

### 5.1 SAMESTELLING VAN DIE GROEP

Volgens Pentz (1995:120) bestaan daar verskeie moontlikhede vir die maatskaplike werker om lede vir die groep te selekteer. Selektering kan direk deur die groepwerker self plaasvind, dit kan ook deur die gevallewerker behartig word, gewoonlik in samewerking met die groepwerker. 'n Lid kan ook met behulp van 'n spesiale groep wat as die diagnostiese groep bekend staan, geselekteer word. Die volgende faktore kan groepsamestelling beïnvloed en word vervolgens kortliks bespreek:

Daar is verskillende faktore wat in ag geneem moet word by die selektering van groeplede, waarvan gemeenskaplike behoeftes die belangrikste kriterium is. Die kwaliteit van die hele behandelingsprogram kan beïnvloed word deur die groepsamestelling. Shulman (1984:186) stel die volgende: "The crucial

factor in selection of members is that there be some common ground between their individual needs and the purpose of the group. Whether this purpose has been defined broadly or narrowly, each member must be able to find some connection between a personal sense of urgency and the work involved."

### 5.1.1 Ouderdom

By sommige groepe is die ouderdom van lede belangriker as by ander. "Chronological age seems to be less important in the early age group than the maturity of the individual "(Skidmore *et al.*, 1994:81). In 'n tienergroep sal ouderdom dus 'n belangrike rol speel, terwyl ouderdom nie so 'n belangrike rol in 'n volwasse vrouegroep speel nie. Northen (1988:124) noem die volgende: "Age is a more important factor in a relatively short-term group than in long-term ones. It is also more important in childhood than in adulthood."

**Die vroue wat uitgenooi is om by die groep aan te sluit, was tussen die ouderdom van 20 en 35 jaar sodat die ouderdomsverskil nie te groot was nie. Die vroue moes almal redelik dieselfde lewenservaring gehad het sodat hulle saam kon groei. 'n Heelwat ouer persoon het reeds die lewenservaring en haar fokus sou nie noodwendig op kinderopvoeding ingestel wees nie.**

### 5.1.2 Waardesisteem

Verskille in waardesisteme kan geduld word en bespreking kan gestimuleer word tot interaksie. As die verskille egter te groot is, kan dit wel tot probleme aanleiding gee. Skidmore *et al.*, (1994:81) sê die volgende: "A group with more or less common values can be expected to run into difficulty and to lose cohesion because of the differences."

**Die lede in die vrouegroep het ongeveer almal dieselfde waardesisteem gehad. Hier word bedoel dat die vroue 'n Christelike geloof aanhang, maar nie noodwendig altyd die geleentheid het of dit benut om byvoorbeeld kerk toe te gaan nie. Hulle is getrou aan hul eggenote en dit is vir hulle belangrik om hul eggenote se opdragte uit te voer, byvoorbeeld nie te mag werk nie maar by die huis te wees en dié skoon te maak en die kinders te versorg.**

### 5.1.3 Gemeenskaplike probleme

Pentz (1995:121) noem dat gemeenskaplike probleme noodsaaklik is by die selektering van lede. Dit verseker dat lede met mekaar kan identifiseer en besef dat hulle nie alleen is in 'n bepaalde situasie nie.

**Die lede van die vrouegroep was almal deel van die myngemeenskap - spesifiek van die geslote *villages.* Geleenthede om met die buitewêreld kontak te maak, was min omdat hulle meestal nie motors of telefone gehad het nie. Hulle beleef ook finansiële probleme. Hulle het meestal 'n skoolkwalifikasie van net standerd 6 of 8. Hulle het vertroue en belangstelling in hulself, hul huwelike en die gemeenskap verloor. Deur die groepsopset kan hulle mekaar weer motiveer tot beter maatskaplike funksionering.**

### 5.1.4 Homogeniteit

Weil *et al.*, (1991:125) noem dat navorsing daarop wys dat 'n groep soms meer effektief is wanneer lede homogene beskrywende kenmerke en heterogenese gedragskenmerke het. Toseland en Rivas (1984:134) is van mening dat die beginsel van homogeniteit aanbeveel dat lede dieselfde doel moet hê waarom hulle in die groep is en die groeplede moet ook sekere eienskappe in gemeen hê. "Common purpose and common characteristics among members help to facilitate communication and help members to identify with each other's concerns, problems, and tasks" (Toseland & Rivas, 1984:125). Ooreenstemming onder lede ondersteun lede in die opbou van verhoudinge met mekaar.

**Met die samestelling van die groepe onder bespreking was homogeniteit van deurslaggewende belang. Die groeplede was almal getroud, het kinders gehad, het nie gewerk nie en was van dieselfde sosiale agtergrond. Hulle kon dus maklik met mekaar identifiseer, omdat hulle dieselfde behoeftes, belangstellings en probleme gehad het. Omdat die groeplede so baie met mekaar in gemeen gehad het, was daar min sprake van onenigheid. Die onderwerpe vir bespreking is maklik gekies omdat dit op al die groeplede van toepassing was.**

### 5.1.5 Heterogeniteit

Vir die meeste groepe moet daar 'n verskeidenheid van lede met hanteringsvermoëns, lewenservaring en vlakke van bekwaamheid wees.

Toseland en Rivas (1984:125) noem die volgende: "It has been noted that differences in members' coping patterns open the eyes of members to options, choiches and alternatives, and makes it possible for them to learn from one another."

**Sommige van die lede in die vrouegroep was ouer (byvoorbeeld 35 jaar teenoor 20 jaar) as ander lede in die groep en het al 'n pad van swaarkry en krisisse geloop. Hulle het al geleer hoe om situasies te hanteer en kon daardie raad aan ander in die groep oordra. Sekere bekwame groeplede het ander groeplede gemotiveer om hul beste potensiaal na vore te laat kom.**

### 5.1.6 Intelligensie en verdraagsaamheid jeens struktuur

Intellektuele verskille blyk nie van wesenlike belang te wees nie, maar as die verskil van intelligensievlak te groot is, kan daar probleme na vore kom. Intelligensievlakke wat dieselfde is, sal interaksie bevorder. Wat verdraagsaamheid jeens struktuur betref, noem Skidmore *et al.*, (1988:88) dat die groep soms eenvoudig nie bind nie omdat die lede in die groep nie in staat is om die struktuur van die leier te aanvaar nie.

**Lede van die vrouegroep se intelligensievlakke was min of meer dieselfde. Die vroue het meestal 'n swak skolastiese agtergrond gehad (byvoorbeeld standerd 6 of 8), maar het nie noodwendig as 'n lae intelligente persoon gekwalifiseer nie. Die vroue kan as redelik gemiddeld intelligent beskryf word. Hulle het die struktuur van die groep en die leier maklik aanvaar en baie goeie samewerking gebied.**

### 5.1.7 Geslag

Gemengde groepe kan in sekere gevalle tot voordeel van die groeplede wees. Northen (1988:124) stel die volgende: "Mixed groups whose members need help to understand and improve heterosexual relations". Die wenslikheid van gemengde groepe gaan dus afhang van die doel van die groep en die ouderdom van sy lede.

**Die ondersoekgroep was gerig op volwasse vroue in die myngemeenskap en daar was dus geen manlike lede teenwoordig nie.**

### 5.1.8 Familie

Volgens Gazda (1984:109) en Strydom (1990:63) behoort gesinsgenote en boesemvriende normaalweg nie in dieselfde groepe geplaas te word nie. Die moontlikheid bestaan dat hulle te veel op mekaar aangewese kan word, dat subgroepe kan vorm, hulle mekaar se swak eienskappe in die groep kan "uitbasuin" as hulle vir mekaar kwaad is of dat hulle mekaar by die ouers kan verklik.

**Die groeplede was almal vanuit die myngemeenskap afkomstig en omdat dit 'n geslote gemeenskap is, was die meeste van mekaar bewus. Daar het wel later hegter vriendskappe onder die groeplede ontwikkel. Daar was nie lede wat familielede was nie en bogenoemde faktor was dus nie 'n probleem nie.**

**By die samestelling van die vrouegroepe onder bespreking was homogeniteit van deurslaggewende belang. Die groeplede was almal getroude vroue met kinders. Hulle was Afrikaanssprekende blanke vroue van dieselfde sosiale agtergrond. Hulle kon dus dadelik met mekaar identifiseer omdat hulle dieselfde behoeftes, belangstellings en probleme ervaar het. Daar was min sprake van onenigheid, omdat groeplede baie met mekaar in gemeen gehad het. Onderwerpe vir bespreking is ook maklik gekies omdat dit op al die groeplede van toepassing was.**

Hoewel daar nog aspekte is wat onder die samestelling van die groep bespreek kan word, sal daar vir die doel van hierdie ondersoek by die genoemde aspekte volstaan word. Dit blyk egter dat die homogeniteit van die groep van belang is en dit met vrug gebruik kan word in die meeste groepe.

## 5.2 WERWING EN VOORBEREIDING VAN GROEPLEDE

Die werwingsmetode vir lede moet só wees dat dit genoeg potensiële lede vir die groep kan verseker. By die werwing van lede oorweeg die maatskaplike werker bronne waar potensiële lede geïdentifiseer en na die groep verwys kan word. Inligting oor bronne in die gemeenskap kan verkry word by gemeenskapsleiers, politici, die polisie, onderwysers en predikante (Strydom, 1990:55). Rose en Edleson (1988:37) sluit hierby aan: "A recruitment campaign is an essential part of any group program, in spite of the many advantages obvious to the group leader."

Nadat die bronne geïdentifiseer is, moet besluit word op watter manier dit benut gaan word. 'n Verskeidenheid werwingstegnieke kan gebruik word om die aard en die doel van die groep bekend te maak (Strydom, 1990:55). Toseland en Rivas (1998:154) noem die volgende: "A variety of recruitment techniques will help potential members understand the purpose of the group and help them decide whether to join. The techniques include (1) contacting potential members directly, (2) mailing and posting announcements, (3) preparing television and radio announcements, and (4) issuing press releases and making appointments with feature writers of local newspapers."

Wanneer groeplede deeglik voorberei is op hul inskakeling in 'n groep, is hulle gewoonlik gemotiveer om die aangebode hulp te benut en gevolglik kan daar van die begin af doelgerig met hulle gehandel word (Pieterse, 1976:123). Toseland (1990:66) noem dat dit goed is om groeplede in 'n siftings- of aanmeldingsonderhoud voor te berei ten opsigte van dit wat hulle van die groep kan verwag. Die oriënteringsproses behels (1) die verduideliking van die doel en voordele van die groep, (2) om groeplede bekend te maak met die groepsprosedures, verklaring van verwagtinge en reaksie teenoor vrae en bekommernisse wat daar mag wees, en (3) kontraktering vir groepsprosedures en individuele en groepsdoelwitte.

Strydom (1990:56) noem dat die beste manier om groeplede voor te berei, deur middel van onderhoude is. Die aantal onderhoude wat benodig word vir voorbereiding sal bepaal word deur die maatskaplike werker, groeplid en die groep. Meestal is een tot drie onderhoude voldoende. Nog wyses wat doeltreffend aangewend kan word om lede vir die groep voor te berei, is om potensiële lede toe te laat om na 'n band te luister of na 'n videoband oor groepwerk te kyk. Persone wat lede van 'n vorige groep was, kan ook hul ondervindings met potensiële lede deel (Pentz, 1995:123).

**Lede van die vrouegroep is gewerf deur uitnodigings aan al die vroue in die ondersoek te stuur. Die ondersoeker het ook vroue wat deel van die deelnemende navorsingsmetode was, betrek. Die ondersoeker het op die uitnodigings uiteengesit waaroor die groep sal handel. Met 'n spesiale byeenkoms en individuele onderhoude is daar aan elke lid verduidelik wat die groepwerk gaan behels en wat die verwagting van die lid en die bydrae van die ondersoeker sal wees. Kontrakte is gesluit ten opsigte van die gereeldheid van bywoning van sessies. Met die eerste byeenkoms is daar weer duidelike voorbereiding met die lede gedoen deurdat die riglyne weer gestel en lede gemotiveer is om**

**sessies ter wille van 'n positiewe einddoel vir elke lid en vir die groep as geheel by te woon. Groeplede het in die individuele onderhoude en in groepsverband geleentheid gekry om vrae te vra en onsekerhede uit die weg te ruim. Die lede was duidelik bewus van wat hul rol in die byeenkomste sou wees en omdat hulle deeglik voorberei was, het dit hulle gerus gestel en hulle tot positiewe deelname aangespoor en positiewe insette in die groep tot gevolg gehad.**

## 5.3 PLEK VAN BYEENKOMS

Die plek van byeenkoms het 'n noemenswaardige impak op 'n groep se aktiwiteite en interaksie. Gitterman en Shulman (1994:72) noem die volgende: "Light, ventilation, room size and furniture arrangement facilitate or inhibit the development of a mutual aid system."

Dit is belangrik om 'n vaste lokaal te hê waar die groep gehou kan word, sodat groeplede kan begin om gewoond te raak dat dit die plek is waarheen hulle moet gaan om hulp te ontvang en hulp aan te bied. Hoe die lokaal gerangskik is, is ook van groot belang. Die spasiëring van tafels, stoele en ander toerusting het die effek van herstrukturering van die inhoud van die groepsessie (Henry, 1992:8). Stoele in 'n sirkel of rondom 'n tafel sal kommunikasiepatrone beïnvloed. Waar groeplede probleme ervaar om met ander mense te meng, kan 'n sirkel met stoele deelname stimuleer, omdat die groeplede meer gemaklik met mekaar sal voel. Daar moet ook gesoek word vir 'n lokaal wat so min as moontlik gesteur word deur agtergrondgeraas en wat privaat is. Die plek moet ook maklik bereikbaar en toeganklik vir groeplede wees (Henry, 1992:8; Gitterman & Shulman, 1994:72-73 en Toseland, 1990:68-69).

In verband met die sitplekopset in die lokaal, moet beklemtoon word dat lede naby mekaar moet sit ten einde mekaar goed te kan hoor en mekaar se gebare en gesigsuitdrukkings goed te kan sien. Die maatskaplike werker behoort altyd op dieselfde plek te sit, sodat lede hul plekke dienooreenkomstig kan inneem en 'n vaste patroon só gevorm word. Van belang vir die groepwerker is die wyse waarop lede hul plek in die groep kies. Hierdeur kan aangeneem word watter lede altyd bymekaar sit, watter lede langs die werker plaasneem of watter veranderinge daar in die posisies van lede is (Strydom, 1990:69-70).

**Die byeenkomste van die vrouegroepe is deurgaans by die *village*-klinieke in die verskillende myngemeenskappe gehou, naamlik Glenharvie en Oos-Driefontein. Omdat die klinieke sentraal is en die meeste van die vroue sonder vervoer was, was dit vir hulle 'n maklik bereikbare byeenkomsplek. Die lokale wat gebruik is, was gebruikersvriendelik, privaat en van so 'n aard dat 'n warm en gesellige atmosfeer geskep kon word. Die ondersoeker het die posisies van die groeplede waargeneem. Die vroue wat vriendskappe gesluit het binne die groep of mekaar reeds geken het toe die groep begin het, het langs mekaar gesit. Lede het die meeste van die tyd dieselfde plekke ingeneem.**

## 5.4 TYD EN DUUR VAN BYEENKOMS

Om te bepaal hoe lank die groep moet duur, moet die leiers hul eie behoeftes balanseer met die versekering van die mees suksesvolle uitkoms vir die groep. Daar word dikwels meer gewig gegee aan maatskaplikewerk-studente se plasings, ander werksverpligtinge en vir die tyd wat hulle voel hulle verbonde aan die groep wil wees. Ander invloede mag insluit die organisasie se invloede en tradisies, vorige ervarings of die vrees dat lang groepe afhanklikheid mag aanspoor (Preston-Shoot, 1987:41).

Skidmore *et al.*, (1994:84) noem die volgende betreffende tyd: "The day and time of meeting will be adapted to the needs and wishes of the members as part of initial planning." Hofmeyr (1983:79) is van mening dat die tyd van die dag met oorleg beplan moet word en dat 'n groepbyeenkoms nie direk voor of na ete gehou moet word nie. Voor ete is mense geneig om onrustig te wees en direk na ete lomerig. Strydom (1990:77) noem dat byeenkomste op 'n vasgestelde tyd moet plaasvind sodat dit nie verwarring of ongereeldheid tot gevolg het nie. 'n Tydsduur van sestig minute blyk aangewese te wees omdat dit genoeg tyd gee vir opwarming, aktiwiteite, samevattings en afsluiting, terwyl dit nie die groeplede vermoei nie.

**Die vrouegroepe het by die verskillende klinieke op die volgende tye plaasgevind: Glenharvie – 10:30 en Oos-Driefontein – 10:00. Dit het die vroue genoeg tyd gegee om hul huise te versorg. Omdat die groep gewoonlik net 'n uur en 'n half geduur het, was daar ook genoeg tyd vir sosialisering. Hulle was ook betyds terug by die huis om hul mans weg te sien as hulle middagskof gewerk het en/of om hul kinders te ontvang wanneer hulle van die skool af gekom het.**

## 5.5 GEREELDHEID VAN BYEENKOMSTE

Wat die gereeldheid van byeenkomste betref, hang af van die lede se behoeftes en die groep se take. Sommige ondersteuningsgroepe sal dit miskien nie nodig vind om op 'n weeklikse basis bymekaar te kom nie. Minder gereelde byeenkomste sal miskien aantoon of lede aangemoedig moet word om sekere take tussen sessies te voltooi. In ander groepe waar die probleme of situasies wat die teiken van intervensie vorm meer langdurig, kompleks en ernstig is, kan meer gereelde byeenkomste miskien ingestel word (Preston-Shoot, 1987:43). Gitterman en Shulman (1994:71) stel die volgende in dié verband: "Many agencies offer group services on the traditional weekly hour rather than structuring and arranging time in ways that are responsive to the special needs of the population being served."

Pieterse noem dat die besondere omstandighede en die intensiteit van groeplede se behoefte aan hulp deur maatskaplike werk as uitgangspunt behoort te dien wanneer by die aanvang van die groepbyeenkomste besluit word oor die gereeldheid van byeenkomste (1976:125). Byeenkomste kan weekliks plaasvind. Waar bloot voorkomingsdienste gelewer word, kan byeenkomste verder uit mekaar plaasvind, terwyl ander groepe, byvoorbeeld alkoholiste en gevangenes, weer twee keer per week kan vergader (Pieterse, 1976;125). "Generally, children and mentally impaired adults are responsive to more frequent and shorter sessions, while well functioning adolescents and adults are responsive to weekly and longer sessions. More frequent sessions, however, are required for adolescents and adults in states of crisis, such as pre-surgery groups or discharge groups, especially those facing difficult consequences" (Gitterman & Shulman, 1994:73).

**Die vrouegroepe het een keer elke tweede week bymekaargekom, behalwe waar spesiale veranderinge aangebring is vir uitstappies of ander onvoorsiene gebeure. Hierdie ritme is as voldoende beskou omdat die probleme in die groep nie van ernstige aard was nie en daar veral op ontwikkeling van die groeplede gefokus is en nie soseer op terapie nie. Dit het verder nie te veel inbreuk gemaak op groeplede se tyd nie, terwyl dit andersyds vir die ondersoeker die geleentheid gebied het om voor te berei en die ontwikkeling van die groep in perspektief te sien.**

## 5.6 AANTAL BYEENKOMSTE

Die aantal byeenkomste word bepaal na gelang van die behoeftes en probleme van die lede, die beskikbare tyd en geriewe, asook die bedrewenheid van die groepwerker (Strydom, 1990:75). Skidmore *et al.*, (1988:92) noem dat groepe gewoonlik een keer per week vergader, maar in inrigtingverband kan groepe meer gereeld gehou word. Pentz (1995:125) noem dat die groepe ten eerste moet besluit op kort- of langtermynbehandeling. Korttermynbehandeling behels ses tot vyftien byeenkomste, terwyl langtermynbehandeling meer as twintig byeenkomste behels.

Die groep moet ook besluit op die spasiëring van die byeenkomste, wat beplan kan word om by 'n tydrooster aan te pas, byvoorbeeld agt gedurende die eerste skooltermyn en nege, sewe en ses gedurende die ander drie termyne. In die derde plek moet in gedagte gehou word dat die besluit oor die aantal byeenkomste later na gelang van die vordering wat groeplede toon, aangepas kan word. Ruimte moet dus gelaat word vir 'n paar meer of minder byeenkomste om te verseker dat die groepwerkproses tot sy reg kom (Eckley, 1979:96; Gazda, 1984:130; Hofmeyr, 1983:86; Pentz, 1995:125 en Strydom 1990:75-76).

**Die vrouegroepe het een keer elke tweede week vanaf die begin van Maart 1997 tot die begin van Desember 1997 bymekaargekom. Dit het soms gebeur dat die byeenkomste twee weke agtermekaar plaasgevind het as gevolg van uitstappies wat net op spesifieke tye kon plaasvind of as gevolg van omstandighede buite die ondersoeker se beheer. Langtermynbehandeling is dus op die groepe toegepas. Die vordering van groeplede is voortdurend geëvalueer. Daar is saam met die vroue 'n program vir negentien byeenkomste beplan. Vordering ten opsigte van die bereiking van die doelstellings wat in die groepe bereik wou word, is gemonitor en indien nodig, aangepas. Hoewel daar nog onderwerpe vir bespreking voorgestel is, is volstaan by die aanvanklike programbeplanning om sodoende afhanklikheid by groeplede te voorkom en op 'n hoogtepunt te kan afsluit.**

## 5.7 GROOTTE VAN DIE GROEP

Weil *et al.*, (1991:125) noem dat daar soms by navorsers nie konsensus is oor hoe groot die groep moet wees nie. Met die beplanning van 'n nuwe

groep moet die grootte van die groep bepaal word deur die interaksie wat in die groep verlang word (Northen, 1988:129). Balgopal en Vassil (1983:149) sluit hierby aan: "Group size also affects interaction among the members. In a small group, each member has more demands on him/her to become fully involved in the group's communication network. As group size enlarges, the communication network is also affected."

Heap (1985:37) noem dat groepe van vier of vyf lede veiliger en gemakliker ervaar word, terwyl groepe van sewe lede en meer gekenmerk word deur elitisme en gebrek aan interaksie. Balgopal en Vassil (1983:149) noem dat met die vergroting van die groep lede minder tyd tot hul beskikking het om hul gedagtes en gevoelens te verbaliseer of te deel. Navorsing het getoon dat groepe met ongelyke ledetalle (byvoorbeeld drie, vyf, of sewe) gekenmerk word deur 'n atmosfeer van harmonie en samewerking, terwyl groepe bestaande uit gelyke getal lede gekenmerk word deur vyandigheid en misverstande (Henry, 1992:9). Dit is moeiliker vir werkers om te groot groepe te hanteer (Toseland & Rivas, 1984:127).

**Die vrouegroepe het alternatiewelik bestaan uit sewe en agt lede per groep. Hierdie groepe was maklik hanteerbaar en kon maklik by groepsaktiwiteite betrek word. Interaksie het baie goed plaasgevind en die lede het mekaar goed begin ondersteun en motiveer. Lede van die groepe het byvoorbeeld onder mekaar begin reël om eetgoed vir die byeenkomste te bring. Daar was ook lede wat nie oor vervoer beskik het nie en reëlings is getref om dié lede sonder vervoer te gaan oplaai. Die groepe was dus groot genoeg om in die voorgestelde doelstellings van die groep te voorsien.**

## 5.8 FUNKSIONELE HULPMIDDELS

Du Preez en Alpaslan (1992:19) noem dat die hulpmiddel gesien kan word as 'n faktor, 'n iets of 'n ding wat gebruik word vir die bereiking van 'n doel. Wanneer hierdie hulpmiddel, wat indirek by die hulpverlening betrokke is, betrek word om direk funksioneel by die proses van hulpverlening betrokke te raak, word dit dan 'n funksionele hulpmiddel. Pentz (1995:128) is van mening dat dit tydens die beplanningsproses belangrik is dat die maatskaplike werker sal let op hulpmiddels wat die groepsaanbieding lewendig en interessant sal hou. Die hulpmiddels moet as instrumente in die bereiking van gestelde doelwitte dien. Du Preez (1981:124-126) noem die volgende hulpmiddels wat effektief gebruik kan word, naamlik 'n sakelys en kort aantekeninge kan

gemaak word vir die maatskaplike werker se funksionele voorbereiding vir 'n onderwerp van bespreking deur die groep, films, skyfies, skryfbord, bandopnemer, moontlike sprekers en verslagskrywing. Speletjies en sosiodramas kan met oorleg en goeie beplanning die doel van die groep help bereik.

**In die ondersoekgroep is die volgende hulpmiddels gebruik om die doel van die groepe te bereik, naamlik die uitbou van die volwasse vroue in die myngemeenskap se selfbeeld, wat tot beter maatskaplike funksionering aanleiding sal gee. Die hulpmiddels was soos volg: groepsgesprek, Hudson se selfbeeldindeks, gonsgroepies, skryfbord, pen en papier, koevert, sprekers, skryfbord, demonstrasies, persoonlikheidstipe vraelyste en uitstappies. Hierdie hulpmiddels (wat direk by die hulpverlening betrokke is) is direk by die hulpverleningsproses betrek en kan dus as funksionele hulpmiddels gesien word. Hierdie hulpmiddels het gehelp om die groepsaanbiedinge lewendig en interessant te hou en het gehelp om groeplede te motiveer om die volgende byeenkoms by te woon.**

## 6. DIE VERLOOP VAN DIE GROEPWERKPROSES IN DIE HANTERING VAN 'N GROEP VOLWASSE VROUE IN MYNGEMEENSKAPPE

Brown (1979:65) gee die volgende beskrywing betreffende die groepwerkproses: "Group processes are those changes occurring in the activities and interactions of group members that are related to changes in goal attainment and group maintenance." Pentz (1995:66) stel dat dit belangrik is by die hantering van 'n groep dat 'n vasgestelde proses gevolg sal word. Daarsonder sal daar nie groei by lede kan plaasvind en geen evaluering van hul vordering gedoen kan word nie.

Proses bied struktuur. Die groepwerkproses is 'n eenheid wat baie dinamies is en tot die maksimum benut moet word om doelmatige hulpverlening te verseker. Die groepwerkproses kan as rigtingwyser in die hulpverleningsproses dien. Pentz (1995:66) is van mening dat om die maatskaplike groepwerkproses tot sy reg te laat kom, dit nodig is om op die benaderings te let waaruit hierdie proses bestaan. Die vertikale en horisontale benadering sal vervolgens bespreek word.

## 6.1 DIE VERTIKALE BENADERING

Eckley (1979:109) noem dat die vertikale benadering van die groepwerkproses in verskillende onderdele verdeel word, maar dat dit in werklikheid 'n totaliteit vorm. Die onderdele van die groepwerkproses ontwikkel nie in 'n bepaalde volgorde nie en die groepwerkproses in elke groep is uniek en onherhaalbaar omdat groeplede uniek is. Van die vorming van die groep af tot by die afsluiting bly die verskillende onderdele aanwesig en die wyse waarop die maatskaplike werker hulle benut en aanwend, sal die sukses van die groep bepaal. Die onderdele moet op só 'n wyse aangewend word dat dit doeltreffende hulpverlening verseker en 'n blywende invloed op elke lid bewerkstellig.

Na die bestudering van Brown (1979:65-73), Du Preez (1986:132-153), Eckley (1979:110-134), Heap (1985:38-125), Pentz (1995:67-80), Roux (1981:189-198) en Strydom (1990:81-99) se indeling van die vertikale benadering word daar volstaan met die volgende indeling, naamlik groepsmotivering, strukturering, stemming, waardes en norme, beheer, groepsverbondenheid, verhoudinge en programbeplanning.

### 6.1.1 Groepsmotivering

Wanneer groeplede by 'n groep aansluit, koester hulle sekere verwagtinge van die groepwerker, die ander groeplede en die groepsituasie as geheel. Groepsmotivering dui op die motiewe vir inskakeling by 'n groep en kan bewus of onbewus wees (Pieterse, 1976:110). Du Preez (1981:132) stel dat die verwagtinge van 'n groeplid direk verband hou met die wyse waarop 'n nuwe groeplid voorberei is op sy inskakeling in die groep. In die voorbereiding van 'n groeplid moet besondere aandag geskenk word aan die algemene doelstellings van groepwerk en die spesifieke doelstellings met die behandelingsprogram sodat hy ingelig kan wees oor wat die groep kan bied en daar nie onrealistiese verwagtinge gekoester word nie.

**Die vroue in die myngemeenksap wat belang gestel het om by die groep in te skakel, is deeglik voorberei oor die aard en doelstellings van maatskaplike groepwerk. Tydens die eerste byeenkoms is doelstellings vir die groep geformuleer wat by die vroue se behoeftes en probleme aansluiting gevind het. Sekere doelstellings is vooraf bepaal na aanleiding van behoeftes wat in gesprekke tydens die voorbereidingsfase na vore gekom het. Die groeplede se**

**gemotiveerdheid kon gesien word in die gereelde bywoning van die byeenkomste, die positiewe groei wat in die metingskale na vore gekom het en die entoesiastiese deelname aan groepsbesprekings.**

### 6.1.2 Strukturering

Heap (1985:94) is van mening dat groepstruktuur aandui wie doen wat, wie word verwerp of wie verkies passiwiteit, wie verwerf invloed en neem inisiatief en watter patrone en kriteria vir verbintenis ontstaan. Strydom (1990:82) omskryf strukturering as die daarstel van 'n duidelike raamwerk om die geheelbeeld van essensies wat nodig is vir die gladde verloop van die hulpverleningsproses te vertoon. Du Preez (1981:133) noem dat struktuur ook verdeel kan word in die uiterlike raamwerk en die wesenstruktuur.

Die funksionele struktuur gaan oor al die administratiewe sake wat direk op die groep betrekking het en wat verseker dat die groepbyeenkomste vlot verloop en die gesamentlike doelstellings sodoende bereik word. Hieronder ressorteer die plek van byeenkoms, die tyd waarop byeenkomste plaasvind, en die duur en gereeldheid van byeenkomste. Ander praktiese reëlings soos die hou van 'n notule of die verkiesing van 'n leier geld ook hier (Strydom, 1990:83).

Onder die wesenstruktuur word verstaan die duidelike formulering van 'n werkmetode. Die werkmetode wat gekies word, moet vir al die groeplede aanvaarbaar wees, hulle moet hulle daarmee vereenselwig en dit moet de potensiaal van die bereiking van die groep se doelstellings inhou. Die erkende werkmetode in maatskaplike groepwerk is groepsgesprekke, maar ander programmedia, veral by kindergroepe, kan ook sinvol benut word (Pieterse,1976:110).

**Strukturering in 'n groep is dus baie belangrik, want struktuur bied sekuriteit en die groeplede in die vrouegroepe het dit nodig om veilig binne die groep te voel. In die voorbereidings- en aanvangsfase het die praktiese reëlings van die groep aandag geniet. Almal het daarvan kennis gedra en kon hulle daarmee vereenselwig. Inligting is aan die einde van elke byeenkoms ten opsigte van die tyd en datum van die volgende byeenkoms aan lede deurgegee. 'n Getikte program is ook aan die groeplede verskaf sodat hulle ook kon weet wat die onderwerp vir elke byeenkoms was. Bogenoemde kan as die funksionele struktuur van die groepsaktiwiteite gesien word.**

**Die wesenstruktuur van die groep het die volgende ingesluit: Baie inligting is aan die groep oorgedra en daar is ook van sprekers gebruik gemaak. Die groepsgesprek is egter die meeste gebruik. Ander programmedia soos demonstrasies, uitstappies, inligtingstukke en toepaslike literatuur is ook gebruik. Sodoende is byeenkomste interessant gehou en verveling teengewerk.**

### 6.1.3 Stemming, atmosfeer of klimaat

Pieterse (1976:112) noem dat die klimaat waarin 'n groepbyeenkoms plaasvind, 'n baie belangrike rol in maatskaplike groepwerk speel. Die klimaat in 'n groep het te make met die fisiese opset of milieu waar die byeenkoms plaasvind, asook die gesindheid en die verhouding van groeplede jeens mekaar en die groepwerker. Toseland en Rivas (1998:167) sluit hierby aan: "Room size can influence how active or involved members become with the business of the group. Comfortable seating should be available for the group."

Dit is dus belangrik dat die maatskaplike groepwerker moet bepaal wat die atmosfeer van die groep negatief beïnvloed en daarop ingestel wees sodat dit aangespreek kan word. Atmosfeer is belangrik vir die ontwikkeling van die groepwerker.

**Die vrouegroepe is by die verskillende *village*-klinieke van elke betrokke myn aangebied. Die groeplede het gesorg dat iemand met elke byeenkoms 'n bord eetgoed bring. Tee is deur die klinieke verskaf. Dit het reeds 'n mate van geselligheid geskep. Die vertrekke wat gebruik is om die groepe in te hou, was van so 'n aard dat die groepe in 'n vierkantvorm gesit het. Die deure van die vertrekke wat gebruik is, is toegehou om sodoende steurings en geraas buite te hou. Privaatheid is sodoende verseker en dit het daartoe bygedra dat groeplede meer vry gevoel het om vertroulike inligting te verskaf. Omdat die ondersoeker positief en entoesiasties was oor die stig van hierdie groepe, het sy spontaan en baie ontspanne opgetree. Dit het ook tot 'n gesellige atmosfeer bygedra.**

### 6.1.4 Waardes en norme

Strydom (1990:86) noem dat waardes en norme algemene normatiewe beginsels is wat riglyne gee vir aanvaarbare gedrag en wat die grondslag lê vir orde en die integrering in die samelewing. Anstey (1983:102) sluit hierby

aan: "Norms, standards and values are thus those generally recongised and accepted patterns of behaviour which have been learned by the members of a group and which form one of the main distinctions between members and non-members."

Mills (1984:88) is van mening dat groepsnorme idees in die gedagtes van lede is, rondom wat mag en wat mag nie deur 'n spesifieke lid onder spesifieke omstandighede gedoen word nie. "It is difficult to conceive of stability in groups in the absence of standards or rules that govern behaviour" (Balgopal & Vassil, 1983:184).

Groepsnorme lei in 'n mate tot reëlmatigheid en beheer in die groep se funksionering, omdat groeplede verplig voel om aan die verwagtinge en eise van die groep te voldoen. "Norms represent what the group highly values; members will attempt to control each others' behaviour in order for those values to be manifested in the group" (Henry, 1992:15). Norme word geïmplementeer deur 'n reeks vergoedings of sanksies. Lede kan mekaar prys of 'n skuldige ignoreer (Henry, 1992:15).

Deur middel van die groepwerkproses en die voorbeeld wat die maatskaplike werker stel, het groepwerk dan die besondere taak om die erkende waardes en norme van die kultuur waarvan lede deel is, in hul persoonlikhede uit te bou. Deur middel van waardes en norme as onderdeel van die groepwerkproses kan hulp aan lede verleen word om aanvaarbare waardes en norme hul eie te maak sodat hul maatskaplike funksionering sal verbeter, en 'n ordelike gemeenskap en samelewing hierdeur bevorder kan word (Du Preez, 1981:135-136).

**Groepsnorme is geformuleer in ooreenstemming met dié van die gemeenskap waaraan die groeplede behoort. Hulle het druk op mekaar uitgeoefen om die norme te handhaaf. Omdat daar in die myngemeenskap baie geskinder word, was dit by die werf van lede 'n probleem dat inligting wat in die groep uitkom, buite die groep bespreek gaan word. Daar is nie toegelaat dat groeplede van ander mense of mense in die groep skinder nie. Omdat dit die groeplede veilig laat voel het, het hulle makliker inligting met die groep gedeel. Die waardes en norme van die groep het 'n veilige struktuur vir die groeplede gestel en orde in gewoonlik wanordelike lewens gebring.**

### 6.1.5 Beheer

Pentz (1995:72) meld dat geen groep op 'n ordelike wyse kan voortbestaan en sy doel bereik as daar nie 'n mate van beheer is nie. Elke groep besluit oor sy eie vorm van beheer. Beheer kan op twee maniere uitgeoefen word, naamlik formeel en informeel. Formele beheer is waar konformering aan groepsnorme afgedwing word deurdat sanksies formeel op die afwykende individu toegepas word. Hierdie sanksies kan verskeie vorms van straf aanneem. Informele beheer hou verband met die meer direkte, persoonlike beïnvloeding wat die groeplede op mekaar en veral op die afwykendes probeer uitoefen, om in ooreenstemming met die norme op te tree. Dit kan onder meer die vorm van suggestie, beroep, oorreding, bespotting, of sentiment aanneem.

Afgesien van beheer deur gekonsentreerde aandag aan afwykendes, word konformiteit in die groep positief bevorder deur die ondersteuning wat aan die menings van die gewilde lede gegee word. Hoewel die toepassing van sanksies op en die formele beïnvloeding van afwykendes baie belangrik is in die beheer wat in klein groepe uitgeoefen word, speel die internalisering van die groepsnorme in die verband ook 'n belangrike rol. Waar hierdie internalisering plaasvind, word die maatskaplike beheer in die groep grootliks 'n kwessie van selfbeheer (Steyn & Uys, 1988:148-149).

**In die ondersoekgroepe was daar sprake van formele en informele beheer. Wat die informele beheer betref, het hulle vanuit innerlike oortuiging 'n sterk verantwoordelikheid teenoor die groep gevoel. Die lede het opdragte gereeld uitgevoer. Lede het sekere aspekte wat in die groep bespreek is, op hulself en in hul gesinne toegepas. Hulle het byvoorbeeld aandag gegee aan uiterlike versorging en opgelet na hoe konflik tussen ouers en kinders beter gehanteer kan word. Die positiewe reaksie, nie net van die gemeenskap nie, maar ook die res van hul gesinne, was baie motiverend vir die vroue. Die formele beheer in die groep het na vore gekom waar lede byvoorbeeld hul name neergeskryf het om op die uitstappies te gaan en dan nie opdaag nie. Die lede het self daardie lede aangespreek omdat hulle besef het die uitstappies gaan met moeite en onkoste gepaard.**

### 6.1.6 Verhoudinge

Konopka (1983:93) stel die volgende in verband met 'n verhouding: "A good relationship makes honest communication possible and its quality determines

whether treatment is effective or not." Die inisiëring van verhoudinge is 'n voorvereiste vir doelmatige maatskaplike groepwerk en vorm die basis waarop alle hulpverlening in die groep berus. In verhoudinge as onderdeel van die groepwerkproses kom verskeie verhoudinge ter sprake, naamlik die kenverhouding, vertrouensverhouding, gesagsverhouding en die groeplede se verhouding tot die transendente, hul medemens, hulself en die kosmos (Pieterse, 1976:114).

Verhoudinge kan as die belangrikste komponent van die groepwerkproses gesien word. Sonder betekenisvolle verhoudinge is maatskaplike werk en groepwerk nie moontlik nie (Roux, 1981:154). In die groepwerksituasie is daar sprake van verhoudinge tussen die maatskaplike werker en die groep as geheel, die maatskaplike werker en individuele lede, die groeplede onderling en tussen die individuele lede en die groep as geheel (Strydom, 1990:93).

Northen (1988:260) noem dat binne die positiewe klimaat van vertroue en aanvaarding, lede beide realistiese en onrealistiese en beide positiewe en negatiewe optrede en gedrag sal toon. Daar sal van die begin van die kennismaking met lede gewerk moet word aan die opbou van die verhouding tussen die werker en die groeplede. Binne hierdie veilige verhoudingsopset sal die verhouding tussen lede onderling ook ontwikkel en tot die groei van die groep aanleiding gee. Lavoie *et al.*, (1994:214) stel die volgende: "Helpful relationships enabled the achievement of the goals of the group ..."

**Dit was baie belangrik dat verhoudinge in die ondersoekgroepe moes ontstaan. Vanuit die staanspoor het die ondersoeker gewerk aan die opbou van verhoudinge met die gekose groeplede. Tydens die eerste byeenkoms het lede persoonlike gegewens verstrek, terwyl die ondersoeker haar plek en rol verduidelik het. Sodoende het die ken-verhouding ontwikkel en het lede geweet wat van hulle verwag word.**

**Wat die vertrouensverhouding betref, het die ondersoeker groeplede verseker dat geen inligting wat binne die groep bespreek word, uit die groep sal gaan nie. Die groeplede het hulle ook tot hierdie ooreenkoms verbind en onderneem om nie vertroulike inligting buite die groep te gaan oorvertel nie. Hierdeur is daar nie net 'n vertrouensverhouding tussen groeplede en die ondersoeker bewerkstellig nie, maar ook tussen lede onderling.**

**Die ondersoeker is positief ervaar deur die groeplede omdat sy omtrent dieselfde ouderdom as die meeste van die lede was. Hulle het die**

**ondersoeker as 'n gesaghebbende persoon beleef en haar ook as 'n professionele persoon met die nodige kennis om hulle te lei en in te lig, gesien. Hierdie gesagsverhouding het die lede nie bedreig laat voel nie, maar eerder geïnspireer. Dit kon gesien word in die groeplede se samewerking en entoesiasme om 'n sukses van die groep te maak.**

**Buiten dat 'n goeie verhouding tussen die ondersoeker en die groeplede ontstaan het, het daar ook 'n hegte band tussen groeplede onderling ontstaan. Hulle het probleme met mekaar begin bespreek en mekaar ondersteun. Binne die groep het die lede vertroue in hulself gekry om sinvolle verhoudinge op te bou en kon hulle dit buite die groep, nie net in die gemeenskap nie, maar ook in hul gesinsopset, gaan toepas.**

### 6.1.7 Programbeplanning

Programbeplanning in groepwerk kan omskryf word as 'n onderdeel van die groepwerkproses, as 'n hulpmiddel ter bereiking van die doelstellings van groepwerk en as 'n bedrewenheid waaroor 'n groepwerker moet beskik ten einde op 'n doelmatige wyse hulp te kan verleen (Du Preez, 1981:145). Hofmeyr (1996:369) sluit hierby aan: "The initiative for programme planning is usually at the start mainly the responsibility of the worker. Where the need for discussing problems comes to the fore less easily, the group worker will be tuned in on recognising and handling the needs of the members as they crop up in the group discussion."

Anstey (1983:109) stel die volgende betreffende programbeplanning: "Programme refers to those activities which are planned and carried out by the group members and the group worker to meet individual and group needs and interests." 'n Programmedium is dit wat 'n groep saam doen, verbaal of nie-verbaal. Die gebruik van die programmedia is 'n intervensie-instrument vir die maatskaplike werker en hierdie media kan gebruik word vir verskillende redes (Henry, 1992:35-36). Brandler en Roman (1991:128-131) noem dan die volgende redes vir die gebruik van programaktiwiteite:

- Om uit te reik na kliënte wat ongemaklik is of nie die vermoë het om hulself verbaal uit te druk nie;
- om kliënte spesifieke "coping skills" aan te leer;
- om kliënte te help om bevoeg, die moeite werd en deur bedrewenheid geestelik, emosioneel en intellektueel te verjonk;

- om voldoende afstand te behou van bedreigende onderwerpe en dit sodoende aan te spreek en probleme daar rondom op te los;
- om hulle te leer om te deel en saam te werk ter bereiking van 'n gemeenskaplike doel;
- om kliënte selektief aan areas bloot te stel wat spesifiek problematies of pynvolle materiaal is en weerstand veroorsaak;
- om hulle te help om sosiaal onaanvaarbare of konflikgevoelens op 'n sosiaal aanvaarbare manier uit te druk;
- om te help om hoër vlakke van frustrasietoleransie te ontwikkel;
- om aan individue geleentheid te voorsien om nuwe rolle en nie-ondersoekende dele van hulself te ervaar;
- om op te tree as 'n aanvang tot die toestaan van suksesvolle beweging tot verbale kommunikasie; en
- om as hulpmiddel te dien in diagnose, interpretasie en behandeling (Brandler & Roman, 1991:128-131).

Anstey (1983:109) noem ook dat die toepaslike stappe in programbeplanning soos volg is:

- Identifiseer die lede se behoeftes en belangstellings;
- spesifiseer individuele en groepsdoelstellings (Skidmore *et al.*, 1998:91);
- eksploreer die hulpbronne van lede, materiaal, tegnieke en die werker se vermoë;
- op hierdie basis word relevante programaktiwiteite beplan;
- implementeer hierdie planne; en
- evalueer die effektiwiteit van die program (Anstey, 1983:109).

**Die korrekte programbeplanning vir die ondersoekgroepe was van kardinale belang, want die aktiwiteite het 'n groot rol gespeel ten opsigte van die bereiking van die einddoel. Omdat hierdie program as 'n riglyn vir ander maatskaplike werkers voorgehou wil word, was dit belangrik**

**om die programbeplanning keurig en effektief te doen en daardeur seker te maak dat daar verandering by die groeplede plaasvind.**

**Die ondersoeker het aanvanklik baie van voorstelle gebruik gemaak om lede se beplanning te rig. Namate lede se selfvertroue ontwikkel het, het hulle 'n deelnemende rol in die programbeplanning gespeel. Lede het namate hulle beter oor hulself gevoel het, die behoefte uitgespreek dat hulle graag aan onderwerpe soos ouer-kind-verhouding en huweliksverhouding aandag wou gee. Dit was 'n positiewe aanduiding dat die programmedia geslaagd was.**

**By hierdie tipe groepe staan stemming, waardes en norme, verhoudinge en programbeplanning as meer belangrik uit. Die rede hiervoor is dat met die regte stemming vasgestelde verhoudinge en die gebruik van die regte program 'n groeistruktuur vir die vroue in die myngemeenskap daargestel kan word. Dit lei tot 'n gevoel van veiligheid, wat groei tot gevolg het.**

## 6.2 DIE HORISONTALE BENADERING

Benewens die verskillende onderdele waaruit die groepwerkproses bestaan wat hierbo omskryf is (die vertikale benadering), kan die verloop van die fases in die groepwerkproses (horisontale benadering) ook nog onderskei word (Du Preez, 1981:153).

### 6.2.1 Die voorbereidingsfase

Indien in gedagte gehou word dat meer welslae in minder tyd (as gevolg van die groot en toenemende probleme in nie net die myngemeenskap nie, maar ook in Suid-Afrika) en met minder geld bereik moet word, is deeglike voorbereiding vanselfsprekend noodsaaklik (Botha, 1990:7).

#### 6.2.1.1 Bepaling van probleem

Wanneer 'n werker die aanwending van die groepwerkmetode oorweeg, moet daar eers vasgestel word of daar persone met spesifieke probleme is wat by groepwerk kan baat (Du Preez, 1981:156). Heap (1985:21) stel die volgende in die verband: "This preparatory work is careful, reflective and systematic. It requires professional knowledge of the members' common problems and as much information as is obtainable concerning the potential group members."

#### 6.2.1.2 Bepaling van behoefte vir die groep

Inligting moet ingesamel word ter bepaling van potensiële lede se behoefte aan die totstandkoming van so 'n groep (Toseland & Rivas, 1984:121). Dit is belangrik om te bepaal of die ontstaan van die beplande groep wel aanklank sal vind in die gemeenskap waar dit tot uitvoer gebring wil word. As die maatskaplike werker bepaal dat dit 'n behoefte is om 'n groep tot stand te bring, maar die gemeenskap beleef dit nie as 'n behoefte nie, is die waarskynlikheid groot dat die groep nie suksesvol sal wees nie. Dit is dus belangrik dat 'n deeglike behoeftebepaling gedoen moet word (Strydom, 1990:105).

#### 6.2.1.3 Werwing van groeplede

Die werwingsmetode vir lede moet so wees dat dit genoeg potensiële lede vir die groep kan verseker. By die werwing van lede oorweeg die maatskaplike werker bronne waar potensiële lede geïdentifiseer en na die groep verwys kan word. Inligting oor bronne in die gemeenskap kan verkry word by gemeenskapsleiers, politici, die polisie, onderwysers en predikante (Strydom, 1990:55). Werwingstegnieke sal potensiële groeplede help om te verstaan wat die doel van die groep is en hulle ondersteun in hul besluitneming ten opsigte van of hulle by die groep moet aansluit of nie. Hierdie tegnieke is die volgende:

- Skakel potensiële lede direk;
- pos aankondigings;
- televisie- en radio-aankondigings; en
- reik persverklarings uit (Toseland & Rivas, 1984:122).

#### 6.2.1.4 Samestelling van die groep

Daar is verskillende faktore wat in ag geneem moet word by die selektering van groeplede, waarvan gemeenskaplike behoeftes die belangrikste kriterium is. Dié faktore is soos volg:

- Ouderdom;
- waardesisteem;
- gemeenskaplike probleme;

- homogeniteit;
- heterogeniteit;
- intelligensie;
- geslag; en
- familie.

#### 6.2.1.5 Administratiewe aspekte

Dit is ook belangrik dat daar na administratiewe aspekte gelet sal word in die voorbereidingsfase. Botha (1990:7) noem dat soos vir alle byeenkomste, gereël moet word vir 'n geskikte lokaal, 'n tyd van die week en dag, die tydsduur van elke byeenkoms, watter hulpmiddels beskikbaar en noodsaaklik sal wees asook 'n tentatiewe program.

#### 6.2.1.6 Voorbereiding van groeplede

Nadat besluit is op inskakeling van 'n persoon by die groep, is dit wenslik dat elke voornemende groeplid deur middel van 'n persoonlike onderhoud vir die groep voorberei word. Henry (1992:68) noem dat met hierdie onderhoud die groepwerker 'n sentrale posisie inneem ten opsigte van die aanvanklike doel van die groep, onderhandeling tussen die potensiële lede se individuele doelwitte en die aanvanklike doel van die groep, om sodoende die gepastheid van die groep vir daardie persoon en van daardie persoon vir die groep vas te stel en die weergee van die prosedures en metodes wat gebruik gaan word in die groep.

'n Ander aspek wat tydens hierdie fase aandag moet geniet, is die vertroulikheidsbeginsel. Dit mag persone se eerste kennismaking met 'n groep wees en hulle mag onseker wees oor die hantering van persoonlike inligting deur die maatskaplike werker en die ander lede. Lede moet ingelig word oor die verslae wat geskryf word, maar terselfdertyd verseker word dat inligting as vertroulik beskou sal word (Strydom, 1990:103).

**By die ondersoekgroepe is een individuele onderhoud en een gesamentlike onderhoud met elke vrou voor die aanvang van die groepsessie gevoer. Die doel van hierdie onderhoude was soos volg:**

- **Die vroue is ingelig oor die voorgenome doelstellings van die groep ten einde hul belangstelling in die groep te bepaal. Die**

**ondersoeker het die vroue meegedeel dat die groep gaan besin oor sake wat hul vrouwees raak.**

- **Die werkwyse is aan hulle verduidelik. Die vroue is ingelig dat die byeenkomste meestal in die vorm van groepbesprekings, demonstrasies en uitstappies aangebied sal word.**

- **Die vroue se behoeftes en verwagtinge in die groep is uitgelig. Die vroue het genoem dat daar veral aan selfversorging, verhoudinge waarin hulle staan en uitstappies aandag geskenk moet word.**

- **Die vroue is betrek by die tref van administratiewe reëlings soos die tyd, plek en dag van byeenkomste. Die ondersoeker het verneem of die groepe elke tweede week by die *village*-klinieke binne die gemeenskappe kan plaasvind.**

- **Die ondersoeker het aandag begin gee aan die opbou van die vertrouensverhouding. Die vroue het besef dat die ondersoeker tot hul voordeel wou optree en dat sy hulle wou help om tot positief-funksionerende vroue te ontwikkel.**

### 6.2.2 Die aanvangsfase

Hierdie fase word dikwels deur ervare maatskaplike werkers as een van die moeilikste fases van groepwerk beskryf omdat lede vir rigtingaanwysing wag. Tog is lede skepties oor die pogings wat aangewend word om 'n sekere doel op hulle af te dwing. Lede ontwikkel in hierdie fase ook hul indrukke en assesseer die vermoëns van die maatskaplike werker (Toseland & Rivas, 1984:143).

In hierdie stadium is die groeplede losstaande individue wat elk sy eie unieke situasie en omstandigheid na die groep bring. Botha (1990:7) noem dat lede aan mekaar bekend gestel word, die doelstellings en doelwitte van die byeenkoms(te) word herhaal en daar word, deur die aanwending van die beginsels in die professie, gewerk aan die inisiëring en die uitbouing van die groepproses.

Die groeplede se houding word in hierdie stadium gekenmerk deur onsekerheid, selfbewustheid, kritiese ingesteldheid, afwagting, ambivalensie, wantroue en selfs weerstand. Hulle erken die situasies vir hoe welkom hulle

is, wat van hulle verwag sal word, wat elkeen se plek in die groep sal wees en wat hier gaan plaasvind (Pentz, 1995:85).

Gedurende hierdie fase het die groeplede baie vrae gevra, soos: "Wie is hierdie ander mense?" "Het hulle dieselfde probleem as ek?" Die groeplid kan ook met die volgende vraag worstel: "Hoe kan ander mense met moontlik dieselfde probleem as ek my help?" Met sommige van hierdie probleme in gedagte kan die maatskaplike werker 'n struktuur vir die aanvangsfase stel, waardeur sekere doelwitte bereik kan word (Pentz, 1995:85).

Toseland en Rivas (1984:143) stel die volgende: "All group workers should focus on certain objectives as they begin a group." Dit sluit in:

- Bekendstelling van die lede van die groep sodat hulle gemaklik met mekaar kan voel;
- beklemtoon die doel en funksie van die groep met 'n kort mededeling van die organisasie se aandeel om groepwerkdienste aan te bied en verneem na onsekerhede wat groeplede hieroor kan beleef (Shulman, 1984:196);
- balanseer die taak en sosio-emosionele aspekte van die groepproses;
- bied geleentheid en skep die klimaat vir lede om terugvoer te gee oor idees betreffende hul behoeftes, die werker se siening van hul behoeftes en die dienste gelewer deur die organisasie;
- stel doelstellings;
- sluit kontrakte;
- fasiliteer groepsmotivering en vermoë om in die groep te werk (Toseland & Rivas, 1984:143).

Tydens hierdie fase moet aan die volgende sake aandag geskenk word.

#### 6.2.2.1 Bekendstelling

Wanneer die groeplede aangekom het en die groep gereed is om te begin, is die eerste taak van die werker om groeplede aan mekaar bekend te stel. Bekendstelling help lede om wedersydse bekommernisse en belangstellings te deel. Dit help ook om vertroue by lede te skep. As aanknopingspunt vir

lede kan bekendstelling help om interaksie tussen lede te bewerkstellig (Toseland & Rivas, 1984:143). Strydom (1990:108) noem dat die maatskaplike werker bepaal watter identifiserende besonderhede aan mekaar verskaf moet word, soos naam, woonadres, posisie in gesin, vryetydaktiwiteite en hoeveel kinders hulle het. Die maatskaplike werker kan eerste aan die beurt kom en die verlangde inligting verskaf, sodat groeplede die voorbeeld kan volg.

**Tydens die ondersoekgroepe se eerste byeenkoms het die ondersoeker haarself aan die groepe bekend gestel. Inligting soos haar naam, huwelikstatus, gesinsamestelling, beroep en gunsteling stokperdjies en vermaaklikheidspersone is aan groeplede bekend gemaak. Sommige van die groeplede het mekaar geken omdat hulle in dieselfde gemeenskap woon. Die ondersoeker het egter dié groeplede gevra om ook hul besonderhede te verskaf, want daar was lede wat mekaar nie geken het nie en hierdeur kon beter interaksie bewerkstellig word.**

**6.2.2.2 Verduideliking van die doel en werkwyse van die groep**

Shulman (1984:195-196) stel die volgende: "Once the expectations of the group worker and the setting within which the group takes place are clear, then the group members' feelings of safety can increase." Dus, as elke groeplid weet wat die werkwyse van die groep is en wat elkeen se taak en verantwoordelikheid ten opsigte daarvan is, bied dit sekuriteit aan lede wat hulle veilig binne die groep sal laat voel. Dit kan groepsgebondenheid bevorder (Pentz, 1995:87).

Leiderman *et al.*, (1988:36) noem die volgende: "Group goals are set early as well, expectations are set up for what will happen in the group." As groeplede nie duidelikheid het oor die doel van die groep en die motiewe van die maatskaplike werker nie, kan hul angstigheidsvlakke verhoog en sal hulle dan minder ingestel wees om aan hul bekommernisse en probleme te werk. Toseland (1995:107) sluit hierby aan: "Members' anxieties are heightened in the beginning phase when they are not clear about the purpose of the group, the role of the practitioner, or their own roles." Toseland en Rivas (1984:147) found that when objectives are clearly specified, the group is more likely to be successful in achieving its goals."

**Die ondersoeker het aan groeplede verduidelik dat daar 'n behoefte in die myngemeenskap geïdentifiseer is om met vrouegroepe te begin. Die doel van die groepe was om hulle as vroue beter oor hulself te laat voel,**

**dus hul selfbeeld te verbeter en sodoende aan hulle weer die energie verskaf om aan hul gesinne die nodige aandag te gee. Daardeur kan die ontwerpte program vir volwasse vroue toegepas word. Daar is aan groeplede verduidelik dat hulle 'n verantwoordelikheid het betreffende die groep, naamlik die gereelde bywoning van die groepbyeenkomste. Sonder hul teenwoordigheid kan die groep nie suksesvol wees nie. In die groep sou daar geleentheid wees vir motivering en ondersteuning van mekaar. Die administratiewe aspekte rakende die groep is in hierdie fase bespreek. Dit moes plaasvind sodat lede hul mening daaroor kon gee sodat, waar nodig, die veranderinge aangebring kon word.**

#### 6.2.2.3 Terugvoering van lede

Dit is belangrik dat in hierdie fase aan groeplede geleentheid gebied moet word om hul gevoelens wat hulle oor die groep ervaar, te verbaliseer (Pentz, 1995:88). Strydom (1990:110) is van mening dat die maatskaplike werker dan gevoelens van ambivalensie, onsekerheid en vrees uitken en dit met die groeplede bespreek.

**Die ondersoeker het aan groeplede die geleentheid gegee om hul gevoelens oor die groep uit te spreek. Baie van die vroue het genoem dat hulle 'n groot behoefte aan so 'n groep het. Hulle kon sodoende hul eie behoeftes en probleme identifiseer en met die program wat saamgestel is, besef dat die situasie aangespreek sou word.**

#### 6.2.2.4 Formulering van doelstellings

Die proses van doelformulering is een waarin die doelstellings deur die maatskaplike werker en lede ondersoek en gedefinieer word (Strydom, 1990:111). Toseland (1990:74) stel die volgende: "Goals are formulated through a process of exploration and negotiation as members and the worker share their perspectives." Die maatskaplike werker kan met die proses van doelstellingformulering help om te lei en te verduidelik deur op drie gesentreerde doelstellings te fokus, naamlik:

- Groepsgesentreerde doelstellings wat fokus op die positiewe funksionering en onderhoud van die groep;
- gemeenskaplike doelstellings wat fokus op die behoeftes van al die lede; en

- individuele doelstellings wat fokus op die spesifieke bekommernisse van 'n groeplid (Toseland, 1990:74).

**Tydens die aanvangsfase was dit belangrik om aan die formulering van doelstellings aandag te gee. Omdat die vroue uit sulke geslote myngemeenskappe kom, is daar besluit om die vroue in hul algehele vrouwees te verryk. Daar is dus aandag geskenk aan doelstellings wat aanleiding sou gee tot die uitbou van die vrou se selfbeeld. As hulle beter voel oor hulself, sal die behoefte ontstaan om ook weer hul gesinne tot beter maatskaplike funksionering te lei. Die primêre doelstelling van die groep was dus die uitbou van die selfbeeld om beter maatskaplike funksionering te bewerkstellig. Onderwerpe soos selfversorging, uitstappies en die aanleer van sekere handvaardighede kan help om die primêre doelstelling te bereik.**

#### 6.2.2.5 Opstel van 'n kontrak

Corey en Corey (1987:118) noem die volgende: "Basically a contract is a statement by the group member of what he or she is willing to do, both during group sessions and outside of them." Die doel van die kontrak is om te spesifiseer watter probleme die lede wil eksploreer en watter gedrag hy of sy gewillig is om te verander. Dit is 'n manier om die lede te motiveer om aan die groep en sy of haar rol in die groep te dink (Corey & Corey, 1987:118-119).

Volgens Rose en Edleson (1988:55) en Strydom (1990:89) kan daar drie soorte kontrakte aangegaan word, naamlik:

- 'n Ooreenkoms kan opgestel word tussen die maatskaplike werker en 'n groeplid;
- dit kan gebruik word tussen twee of meer groeplede ten einde mekaar te help in die bereiking van doelstelling; en
- dit kan opgestel word tussen die groep en 'n lid (Rose & Edleson, 1988:55 en Strydom, 1990:112).

**Die ondersoekgroep het nie 'n geskrewe kontrak onderteken om hulle by die groep se reëls en regulasies te hou nie. Hulle het hulle wel self mondelings verbind om die byeenkomste gereeld by te woon. Hulle het ook beloof dat die vertroulike inligting wat in die groep gedeel word, nie**

**na buite uitgedra sal word nie. Hulle het hulle ook verbind deur meting-skale noukeurig in te vul en positief oor die groepbyeenkomste te wees.**

#### 6.2.2.6 Motivering

Nadat die aanvanklike klassifisering plaasgevind het betreffende die breër rede en doelstellings van die groep, is dit die werker se taak om lede te help om gemotiveerd te wees om die rede en doel van die groep te bereik. Toseland en Rivas (1984:159) stel die volgende: "The key to the successful achievement of the group's goals and members' own personal goals, is motivation." In 'n groot mate hang die motivering van lede ter bereiking van die gestelde doelstellings af van die verwagtinge wat groeplede van die maatskaplike werker koester, verwagtinge van die prosesse wat in die groep gaan plaasvind en dit wat verwag word om deur die groep bereik te word (Toseland & Rivas, 1984:159).

Feldman en Wodarski (1975:29) het die volgende mening: "If the members do not experience sufficient gratification from participation during this phase it is unlikely that the group will survive the demands of subsequent phases, especially if group membership is voluntary." As lede oordeel dat dit 'n aangename ervaring gaan wees en dat hulle gehelp gaan word, sal hulle gemotiveerd wees om die byeenkomste by te woon (Strydom, 1990:112).

**Die ondersoeker het aan groeplede die geleentheid gegee om enige onsekerhede wat hulle mag hê, te bespreek en sodoende alle ongerymdhede uit die weg geruim. Die ondersoeker het baie klem gelê op die belangrike rol wat die groeplede speel ten einde die groep suksesvol te maak. Haar entoesiasme het groeplede gemotiveer om hul kant te bring. Omdat lede besef het dat hulle baie by die groep gaan leer, het dit hulle nog meer tot betrokkenheid gemotiveer.**

#### 6.2.2.7 Instandhouding van onderlinge verhoudinge

Anstey (1983:57) stel die volgende: "Interaction may be seen as the 'process of mutual stimulation, response and influence between persons in contact with each other. It is regarded as the basic group process from which all other processes emanate, and in which the power of any group to assist or impair its individual member's functioning is rooted."

Die maatskaplike werker het 'n belangrike taak om die lede met mekaar te verbind, om die kommunikasiekanale tussen lede oop te stel en om lede te

help om op hul gemak te wees. Dit kan bewerkstellig word deur lede aan te moedig om aandag aan mekaar se woorde te gee en kommentaar op mekaar se standpunte te lewer (Strydom, 1990:114).

Anstey (1983:57) lig ook die hooffunksies van interaksie uit, naamlik:

- Dit bewerkstellig begrip;
- dit versprei inligting;
- dit verskaf aan lede die realiteit van ander se verwagtinge en evaluasies;
- dit verbeter onderwerping van gedrag en opinies in die groep;
- dit is 'n proses waardeur die kwaliteit van die sosiale sisteem in stand gehou word deur die betrekking van gewaardeerde lede tot middelpunt en hou swak medewerkers aan die buitekant van die groep; en
- dit fasiliteer doelbereiking.

**Van die lede was nie onbekend aan mekaar nie, tog is daar aanvanklik direk met die ondersoeker gekommunikeer omdat sy as die professionele persoon ervaar is wat uitkoms aan die vreemde situasie kan bied. Daar is egter genoeg geleentheid aan lede gegee om kommentaar te lewer op dit wat 'n spreker aangebied het of wat ander lede in die groep gesê het. Deur hierdie interaksie het groeplede besef dat hulle almal basies dieselfde probleme en behoeftes het. Dit het die onderlinge verhouding onder die groeplede laat ontstaan. Lede was dus nou meer op mekaar ingestel.**

#### 6.2.2.8 Programbeplanning

Strydom (1990:115) is van mening dat tydens die aanvangsfase onderwerpe vermy moet word wat grootliks subjektiewe en persoonlike gevoelens teweeg kan bring. Sy noem ook dat programbeplanning so moet wees dat daar nie in hierdie stadium van groeplede verwag word om onnodige persoonlike inligting te verskaf nie. Die maatskaplike werker moet ook raad en hulp weerhou totdat groeplede gereed is om dit te ontvang.

**Dit was belangrik om die onderwerpe in die aanvangsfase baie versigtig te kies sodat die vroue nie bedreig gevoel het deur dit wat aanvanklik aangebied is nie. Daar is eers op die uiterlike versorging van die vroue**

**gefokus en sodoende is daar min geleentheid vir moontlike konflik geskep. Dit was belangrik dat lede eerder eers daarop moes fokus om mekaar beter te leer ken en aanvaar sodat hulle later 'n groepsverbondenheid kon ervaar en mekaar kon ondersteun.**

### 6.2.3 Toetredingsfase

Reeds by die oorgang van die aanvangsfase af na die toetredingsfase is lede in mindere mate losstaande individue, maar vorm hulle gewoonlik nog nie 'n verbonde groep nie. Daar is bevind dat groeplede in die toetredingsfase sekerder van hul plek in die groep is en hulle meer op die groep en die ander lede rig (Du Preez, 1981:158). Brandler en Roman (1991:38) sluit hierby aan: "... group members move from a cautious, evaluative position to one which allows for more confrontational, competitive, and intimate behaviour".

Die groeplede het dus nou 'n duideliker beeld van hul plek en rol in die groep en begryp die taak van die maatskaplike werker.

#### 6.2.3.1 Individualisering

Individualisering speel in hierdie fase 'n groot rol en die werker moet hom daarop toelê om deur middel van waarneming, diagnosering en evaluering die lede individueel te leer ken (Du Preez, 1981:159). Strydom (1990:115) noem dat waarneming inligting verskaf aan hom wat gebruik kan word tydens hierdie en daaropvolgende fases in die uitken van probleme, die bewuswording van mense se gedrag en die ontwikkeling van 'n hulpverleningstrategie. Die maatskaplike werker moet aanvaarding, eerbied en agting aan elke groeplid oordra, sodat die lid belangrik kan voel en die groep sodoende benut.

**In die ondersoekgroepe het die ondersoeker opgelet na die individue en hul spesiale kenmerke. Sodoende kon 'n stiller groeplid by gesprekke tot betrokkenheid gelei word en 'n meer ekstroverte groeplid se entoesiasme in die regte rigting gelei word. Sodoende het elke groeplid gevoel dat sy aanvaar word vir wat sy is en sodoende die groep tot haar ontwikkeling benut.**

#### 6.2.3.2 Verhoudinge tussen lede

Northen (1988:222) noem die volgende: "The first core concern of members of the group was inclusion, directly related to feelings of accepting and being accepted by others." Die maatskaplike werker het 'n belangrike taak om

verhoudinge tussen lede op te bou en te versterk. Gemeenskaplike belange, gevoelens en behoeftes word geïdentifiseer sodat die groeplede met mekaar daaroor kan kommunikeer en 'n eenheidsgevoel kan ontwikkel. As verskille in die groep ontstaan, moet die maatskaplike werker dit op so 'n wyse hanteer dat die hulpverleningsproses ongesteurd kan voortgaan (Strydom, 1990:116). Northen (1988:226) sluit hierby aan: "Underlying the conflicts over power and control, is a quest for acceptance as full-fledged members of the group, with some degree of influence or power in it. It is natural to be uncertain and ambivalent until trust is established." Die groeplede wil nie net 'n goeie verhouding onderling hê nie, maar ook 'n goeie verhouding met die maatskaplike werker.

#### 6.2.3.3 Groepsnorme

Die maatskaplike werker se invloed op die ontwikkeling van aanvaarde groepsnorme is veral in hierdie fase belangrik omdat norme wat eers gevestig is, later moeilik verander kan word (Strydom, 1990:116). Henry (1992:102) sluit hierby aan: "The worker monitors and evaluates norms. If a norm tends to establish a pattern for the group's life that, in the best judgement of the worker, is productive for the individual affected and for the group as a whole, the norm should be encouraged." Groepsnorme wat tred hou met die doelstellings van die groep, moet geïnisieer en gestimuleer word.

#### 6.2.3.4 Die werkwyse

Pentz (1995:95) stel dat die groeplede tydens hierdie fase die doel en werkwyse van die groep identifiseer. Hulle begin verstaan watter veranderings hulle moet aanbring en die belangrikste, dat hulle die veranderings self teweeg moet bring. Dit is veral moeilik om hierdie insig by groeplede te bewerkstellig. In hierdie fase kan die maatskaplike werker van hulpverleningsvorms soos insigvermeerdering, houdings- en gedragsveranderings gebruik maak om insig by lede te bewerkstellig.

**Die ondersoekgroep het tydens hierdie fase nog onseker oor die groep gevoel. Die opset was vir die lede nog vreemd maar hulle het tog meer aan die groepbesprekings begin deelneem. Die ondersoeker het nog 'n redelik prominente rol in die groep gespeel, maar die lede het al meer na mekaar begin uitreik. Die groeplede het besef dat net hulleself die verandering in hulself kan laat plaasvind en dat die ondersoeker net daar was om leiding en rigting te gee wanneer nodig.**

### 6.2.4 Die benuttingsfase

Tydens hierdie fase vorm die groep 'n groter eenheid en is die lede nou aktief betrokke by die doelstelling wat vir die groep gestel is. Die interaksie tussen die lede is gemaklik en spontaan en die maatskaplike werker kan nou grootliks op die agtergrond tree (Roux, 1981:158). Brandler en Roman (1991:40) stel: "This movement can happen only after the complete resolution of the early trust issues and the resulting increase in the cohesive bond."

#### 6.2.4.1 Groepsverbondenheid

Na die weifeling van die eerste fase en die uitdrukking van gevoelens en struikelblokke in die toetredingsfase, word die benuttingsfase deur groter spontaneïteit en intimiteit tussen groeplede gekenmerk. Hulle praat makliker oor hul gemeenskaplike probleme en aanvaar verantwoordelikheid vir mekaar. Die groeplede bewerkstellig self die interaksie en die groepleier word nie meer so indringend benodig soos in die vorige fases nie. 'n Groepsverbondenheid tussen die lede is gevorm (Corey & Corey, 1992:192-193).

#### 6.2.4.2 Groepsnorme

'n Kode vir die groep het ook ontwikkel en bestaan uit norme wat deur die lede herken, verstaan en aanvaar word. Norme wat positief is vir die bereiking van doelstellings word onderskryf, terwyl norme wat 'n negatiewe invloed het, ontmoedig word. As 'n lid van die norme van die groep afwyk, reageer die ander lede deur beheer uit te oefen. 'n Balans moet egter tussen streng beheer en die vryheid van gevoelens en gedrag gevind word (Strydom, 1990:118).

#### 6.2.4.3 Die werklike hulpverlening

Botha (1990:8) noem dat die kontrak wat opgestel en aanvaar is, nou in volle aksie moet wees en die doelwitte een vir een behaal moet word ten einde die doelstellings te bereik. Ook sal dit nodig wees dat die groeplede ten volle saamwerk, opdragte uitvoer, terugvoer lewer, mekaar onderskraag en meetinstrumente gebruik om vordering te bepaal. Groeplede moet kan demonstreer dat hulle bepaalde insigte bemeester, in die groep en in die samelewing, en dat hulle die vaardighede verwerf wat nodig is om op 'n ander wyse die lewensprobleme te hanteer. Omdat hierdie aksies binne 'n sterk

groepsverband en aanvaarde klimaat plaasvind, behoort dit nie steurend te wees nie.

Du Preez (1981:159-160) is van mening dat dit die taak van die groepwerker tydens hierdie fase is om toe te sien dat elke lid dié hulp kry wat hy persoonlik nodig het. Botha (1990:9) sluit hierby aan en noem dat die maatskaplike werker en elke groeplid ingestel behoort te wees op die hantering van die bestaande of potensiële probleme en in verantwoordelikheid moet daar diepgaande betrokkenheid wees waar selfonthulling aan die orde is. Sodra die lede wesenlik ervaar dat hulle gehelp word, sal intensivisering van die gesprekke ook plaasvind en sal terapeutiese dienslewering ter sprake wees.

Strydom (1990:119) noem dat sorg gedra moet word dat groeplede, benewens hul werk aan die groep se doelstellings, ook aan individuele doelstellings sal werk. Hulpverlening tydens hierdie fase bereik 'n hoogtepunt omdat groeplede werklik veranderinge moet aanbring. Klem word gelê op die maatskaplike funksionering van groeplede buite die groep, sodat hulle die kennis, vermoëns en insigte wat hulle in die groep verkry het, ook in hul daaglikse lewens sal kan toepas.

**Die ondersoekgroep het vanaf die agtste byeenkoms al meer spontaan en meer op mekaar gerig geraak. Omdat groepsgebondenheid begin plaasvind het, het groeplede spontaan hul probleme aan die groep blootgelê. Hulle het ook makliker hul gevoelens met mekaar begin deel. Die groeplede het mekaar bygestaan maar het ook wanneer nodig van mekaar verskil.**

**Die groeplede het gemakliker gevoel om hul probleme te identifiseer en dit in die groep aan te spreek en na moontlike oplossings uit te reik. Die lede het besef dat daar ander mense met soortgelyke probleme as hulle is en kan mekaar nie net beter verstaan nie, maar mekaar ook beter ondersteun. Die verantwoordelikheid van die probleemoplossing het uit die hande van die ondersoeker gegaan na dié van die groeplede. Dit het tot meer selfvertroue by die groeplede aanleiding gegee en was 'n stap nader aan die bereiking van die primêre doelstelling van die ondersoekgroep.**

**Met die implementering van die gestelde program, het groeplede gewerk om te verander en korrekte gedrag begin implementeer. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die lede se selfvertroue so verbeter het dat die**

**ondersoeker by groeplede toenemende positiewe veranderinge kon waarneem.**

### 6.2.5 Afsluitingsfase

Preston-Shoot (1987:115) noem dat as die groep sy eie lewe en identiteit ontwikkel het, dit baie moeilik kan wees om dit tot 'n einde te bring. Skidmore *et al.*, (1988:94) stel die volgende: "Preparation for termination should begin with the first session." Henry (1992:192) is van mening dat afsluiting 'n essensiële deel van die hulpproses is en professionele verantwoordelikheid nie vervul is voordat 'n groep deur sy terminasiefase gegaan het nie.

#### 6.2.5.1 Roufase

Preston-Shoot (1987:115) verwys na hierdie fase as die roufase. Daar is ook tipiese reaksies ten opsigte van die afsluitingsfase:

- Ontkenning - Gitterman en Shulman (1994:55) noem in dié verband: "Members seam to forget the impending ending of the group."
- Regressie - lede val terug na 'n meer afhanklike vlak van funksionering.
- Uitspraak van behoefte - lede hoop dat die groepwerker met die groep sal voortgaan as hulle wys dat hulle nog hulp benodig.
- Herhaling - gedetailleerde herroep van vorige ondervindinge binne die groepslewe.
- Evaluasie - gedetailleerde gesprekke ten opsigte van die waarde van die groepservaring en -betekenis.
- Vlug - dit kan destruktief of konstruktief plaasvind.
- Ander moontlikhede sluit in die uitdrukking van hartseer, woede, nabyheid, tevredenheid en voorstelle dat die groep moet aanhou (Preston-Shoot, 1987:115).

#### 6.2.5.2 Groeplede gereed vir afsluiting

In Pentz (1995:100) word die volgende faktore weergegee wat aandui dat groeplede gereed is vir afsluiting:

- Die meeste doelstellings is bereik;
- groeplede praat onderling van veranderinge wat by hulle ingetree het;
- die struktuur van die groep raak buigsamer;
- bywoning deur groeplede verswak;
- lede kommunikeer spontaan; en
- hulle neig om onderlinge kontak in die groep te verbreek en verhoudinge na buite aan te knoop (Pentz, 1995:100).

Die afsluitingsfase bepaal die mate van sukses wat met die hulpverleningsproses behaal is. Hierdie fase is ook 'n aanduiding van die wyse waarop groeplede sal voortgaan om die vermoëns, kennis en insigte wat uit die groepservaring verkry is, as uitgangspunt te gebruik in die hantering van hul daaglikse lewe (Pentz, 1995:100-101).

**Die ondersoeker het met die aanvang van die reeks byeenkomste genoem dat die byeenkomste oor 'n tydperk van amper 'n jaar sou strek. Aandag is in hierdie tyd aan verskillende onderwerpe gegee en dit het tot die opbou van lede se selfbeeld gelei, wat weer aanleiding gegee het tot beter maatskaplike funksionering. Daar is aan afsluiting gedink toe al die doelstellings bereik is.**

**Daar is op 'n gereelde basis geëvalueer of die gestelde doelstellings bereik is. Dit het as meetinstrument gedien om te bepaal of lede gegroei en verander het en of die groeplede agteruitgegaan het. Tydens die laaste twee byeenkomste is daar veral gefokus op terminasie van die groep.**

**Die vroue het positief aan die evaluering deelgeneem en elkeen het gevoel dat sy baie geleer het. Die program wat saamgestel is, het vir hulle baie beteken. Die programinhoud is ernstig deur groeplede opgeneem en duidelike verandering kon by die groeplede bemerk word. Die lede het onderneem om die nuwe kennis wat hulle opgedoen het, in die toekoms te benut.**

**Die vrouegroepe is op 'n hoogtepunt afgesluit en groeplede het met 'n positiewer selfbeeld na hul huishoudings teruggegaan en aan hul gesinslewe gaan werk. Hulle het dus maatskaplike beter gefunksioneer.**

‘n Vasgestelde proses in die hantering van ‘n vrouegroep in die myngemeenskap is dus van kardinale belang. Deur die benutting van die vertikale sowel as die horisontale benadering word dié groep georganiseer, georiënteer en gestruktureer om uiteindelik die gestelde doelwit te bereik en groei by die groeplede tot gevolg te hê. Die groepwerkproses kan dus as die rigtingwyser in die hulpverleningsproses dien.

## 7. SAMEVATTING

Die primêre doelstelling van maatskaplike groepwerk met volwasse vroue is om hulp aan groeplede te bied deur met groepsondervinding die groeplede se maatskaplike funksionering te bevorder en om die groeplede in staat te stel om persoonlike, groeps- en gemeenskapsprobleme meer doeltreffend te hanteer.

Daar is op die verskillende soorte groepe gelet. Die volwasse vrouegroep in die myngemeenskap kan beskou word as ‘n groep met komponente van opvoedkundige, groeigeoriënteerde en behandelingsgroepe omdat vroue met dieselfde behoeftes bymekaargevoeg is. Hulle kan as remediërende groepe beskou word omdat die vroue ‘n gemeenskaplike probleem gehad het en as ‘n sosialiseringsgroep waar die lede hul isolasie kon oorkom, positiewe verhoudinge kon ervaar en geleentheid vir plesier gekry het. Die ondersoekgroepe was ook ondersteunend en verwysend van aard.

Administratiewe aspekte speel ‘n belangrike rol in groepwerk en benodig vooraf goeie beplanning, sodat die werk sonder stremming aangebied kan word. Administratiewe aspekte gee ‘n duidelike aanduiding vir groeplede van wat waar, wanneer en op watter manier gaan plaasvind. Dit laat hulle veilig voel en ‘n veilige opset lei tot vertroue en groepsgebondenheid.

Die groepwerkproses is ‘n eenheid wat baie dinamies is en wat tot die maksimum benut moet word om doelmatige hulpverlening deur middel van groepwerk te verseker. Hierdie proses bestaan uit ‘n vertikale en horisontale benadering. Die vertikale benadering word in verskillende onderdele verdeel, wat op so ‘n wyse aangewend moet word dat dit doeltreffende hulpverlening verseker. Benewens die verskillende onderdele word daar ook fases in die groepwerkproses aangetref. Hier word daar dan na die horisontale benadering verwys.

Noudat daar duidelikheid is oor maatskaplike groepwerk as metode met hierdie spesifieke tipe vrouegroepe, is dit nodig om in die volgende hoofstuk aandag te gee aan die program wat met die volwasse vroue gevolg is.

# HOOFSTUK 4

## 'N MAATSKAPLIKE GROEPWERKPROGRAM MET VOLWASSE VROUE IN DIE MYNGEMEENSKAP

### 1. INLEIDING

Die vrou in die myngemeenskap blyk baie probleme te ervaar weens die tipiese subkultuur wat in 'n myngemeenskap bestaan. Met hierdie subkultuur word bedoel dat die meeste van die vroue wat in die myngemeenskap woon, se moeder en dié se moeder deel uitgemaak het van die myngemeenskap. Die meeste van die vroue het 'n swak skolastiese agtergrond en moet tevrede wees met die soms moeilike omstandighede waarin hulle hulself bevind. Hierdie is die lewensverloop van geslag tot geslag. Baie vroue wil hul omstandighede verander of leiding hê om hul spesifieke situasies te hanteer en te verbeter.

Hierdie behoefte is bepaal na aanleiding van die getal aanmeldings by die maatskaplike werkers, sielkundiges, dokters, predikante en skole vanuit die gemeenskap. Die ondersoeker het besluit om 'n vrouegroep te begin. Min tot geen literatuur is beskikbaar vir maatskaplike werkers in die myngemeenskap om as handleiding te gebruik om sodanige groep suksesvol aan te pak, spesifiek betreffende die verbetering van die vrou se selfbeeld wat aanleiding sal gee tot beter maatskaplike funksionering nie. Maatskaplike werkers oor die algemeen, maar veral in die myngemeenskap, het groot gevalleladings en dit is baie tydrowend as hulle nog 'n program ter verbetering van hierdie vroue se selfbeeld moet gaan uitwerk. Deur die beskikbaarstelling van sodanige program kan aandag aan en definitiewe verbetering by die vroue in die myngemeenskap bewerkstellig word.

In hierdie hoofstuk word eerstens kortliks aandag gegee aan die beskrywing van programmedia. 'n Beskrywing van die prosedure by die keuse van programaktiwiteite sal ook aandag geniet. Die hoofstuk word hoofsaaklik gewy aan die onderwerpe wat geskik is vir maatskaplike groepwerk met volwasse vroue. Die onderwerpe word sodanig bespreek dat maatskaplike werkers dit as riglyn kan gebruik, sonder dat onnodige tyd aan voorbereiding of literatuurstudie gewy hoef te word. Die ondersoeker het op 'n program met veertien onderwerpe volstaan. Dit was belangrik om seker te maak dat die

onderwerpe wat gekies word, aansluiting vind by die groeplede. Na aanleiding van die vraelys wat met vroue in die myngemeenskap voltooi is, gesprekke wat met moontlike groeplede gevoer is en uit die aard van die tipe aanmeldings by die EAP-sentrum by Medgold, was dit duidelik dat aandag aan die volgende aspekte gebied moes word: selfbeeld, uiterlike versorging, primêre verhoudinge waarin die vroue staan, die uitbreiding van algemene kennis en aanleer van sekere handvaardighede. Dit was prominente probleemareas wat geïdentifiseer is. Die program is so beplan dat daar sover moontlik op uitgebreide basis by die behoeftes aansluiting gevind kon word. Die só noodsaaklike ken-mekaar- en afsluitingsgeleenthede is by die getal veertien ingereken.

## 2. PROGRAMMEDIA

Programmedia dui op die komponente, momente of die elemente waaruit die program bestaan. Hierdie programmedia kan gesien word as die program-inhoud en laasgenoemde maak in totaal die program uit (Du Preez & Alpaslan, 1992:21). Skidmore *et al.*, (1994:85) sluit soos volg hierby aan: "Programming is the means of goal attainment. It includes games, crafts, discussions, tours and field trips, and all the activities the group engages in during their group sessions. Appropriately developed, the program will stimulate and free individuals to behave and release their feelings in acceptable ways." Programmedia is dus die verskillende elemente waaruit die totale program bestaan en wat rigting gee aan die aktiwiteite van die groep.

Die volgende skematiese voorstelling stel 'n prosedure voor waarvolgens die toepaslikheid van programmedia geëvalueer kan word.

**SKEMATIESE VOORSTELLING 1: 'N PROSEDURE VIR DIE SELEKTERING VAN PROGRAMMEDIA**

1. Spesifiseer programmedia wat ooreenkom met die groep se doelstellings.

⇓

2. Spesifiseer die doelwitte van die programmedia.

⇓

3. Spesifiseer programmedia waarvoor geriewe, hulpbronne en tyd beskikbaar is.

⇓

4. Maak 'n lys van relevante programmedia wat gebaseer is op die groeplede se:

    4.1 Belangstelling en motivering;

    4.2 ouderdom;

    4.3 vaardigheid;

    4.4 fisiese en geestelike toestand; en

    4.5 aandagspan.

⇓

5. Klassifiseer programmedia na aanleiding van:

    5.1 Aard van media, byvoorbeeld lengte en struktuur;

    5.2 fisiese vereistes van die media, byvoorbeeld sterkte;

    5.3 sosiale vereiste van die media, byvoorbeeld interaksionele, verbale en sosiale vaardighede;

    5.4 psigologiese vereistes van die media, byvoorbeeld uitdrukking van gevoelens, gedagtes en motiewe; en

    5.5 kognitiewe vereistes van die media, byvoorbeeld oriëntering ten opsigte van tyd, plek en persoon.

⇓

6. Selekteer die programmedia wat sal voldoen aan die bereiking van die gespesifiseerde doelwitte.

(Toseland & Rivas, 1984:194)

Theron (1994:48) noem dat selektering van programmedia op die volgende gebaseer moet word:

- Die doelwitte van die programmedia;
- doelstellings van die groep;
- geriewe, hulpbronne en beskikbare tyd;
- eienskappe van die groeplede; en
- eienskappe van die spesifieke programmedia.

Die doelwitte van die programmedia moet die doelstellings van die groep ondersteun. Die programmedia moet uitvoerbaar wees vir die groeplede sowel as die groepleier. Die programmedia moet aanleiding gee tot persoonlike, intellektuele en fisiese groei. Wanneer alle moontlike keuses deeglik oorweeg is, moet die toepaslike programmedia geselekteer word.

Sonder programmedia sal dit moeilik wees om die doelstellings van 'n groep te bereik. Die programmedia gee dus rigting aan die aktiwiteite van die groep. As die programmedia goed beplan en geëvalueer word, sal gestelde doelwitte bereik word, wat aanleiding sal gee tot die bereiking van die primêre doelstelling van daardie groep. Programmedia moet dus nie te moeilik en onuitvoerbaar wees nie, want dit kan die groei van die groep belemmer.

## 3. VOORGESTELDE MAATSKAPLIKE GROEPWERKPROGRAM MET VROUE IN DIE MYNGEMEENSKAP

Die ondersoeker het tydens haar werk by Medgold ervaar dat daar baie vroue as kliënte by die EAP-sentrum aangemeld word. Die meeste verwysings van dokters, hospitale en klinieke was ook vroue. Die ondersoeker het gemerk dat die vroue baie min van hulself dink, die meeste van hulle blootgestel is aan emosionele en fisiese mishandeling, ernstige verhoudingsprobleme, swak onderrig en agtergrond het en vasgevang is in 'n kultuur wat hulle min geleentheid tot selfontwikkeling bied. Om bogenoemde waarnemings te bevestig, het die ondersoeker tien vroue as verteenwoordigend van die vroue in die myngemeenskap geïdentifiseer en deur deelnemende waarneming besef dat bogenoemde probleme 'n werklikheid is. Die feit dat die vroue 'n negatiewe selfbeeld het, veroorsaak dat hulle ook belang in alles rondom

hulle verloor en dit sodoende negatiewe gevolge vir die hele gesin inhou. Dit was dus belangrik om te fokus op die daarstel van vrouegroepe en eerstens op die uitbou van hul selfbeeld. Die oomblik dat die vroue beter oor hulself gevoel het, het die behoefte ontstaan om te fokus op aspekte soos die huweliksverhouding en ouerleiding.

Die myne maak 'n groot deel van Suid-Afrika se finansiële voortbestaan uit en solank as wat dit 'n werklikheid is, sal die myngemeenskappe altyd daar wees. Die myngemeenskapkultuur sal altyd voortbestaan en die vele maatskaplike probleme in dié gemeenskappe sal altyd 'n werklikheid wees. Tog is daar geen tot min handleidings vir maatskaplike werkers om te gebruik as riglyn om van die probleme effektief aan te spreek nie. Die ondersoeker het self ervaar hoe verwarrend dit kan wees as die besef daar is dat hier 'n oorweldigende probleem is en waar daar begin moet word om die situasie aan te spreek.

Die ondersoeker het gevoel dat 'n uitgewerkte program ter hantering van vroue in die myngemeenskap vir ander maatskaplike werkers werksaam in die myngemeenskappe of selfs ander gemeenskappe as aanknopingspunt of riglyn kan dien. Maatskaplike werkers het altyd te veel werk en 'n program soos voorgestel sal tydbesparend en effektief aangewend kan word. Hierdie vroue het soveel behoeftes, dat maatskaplike werkers met groot sukses deur middel van maatskaplike groepwerk dit kan bevredig.

In Tabel 1 word die onderwerpe en programmedia wat tydens die ondersoek gebruik is, weergegee.

## TABEL 1: ONDERWERPE EN PROGRAMMEDIA

| ONDERWERP | AARD VAN ONDERWERP | DUUR VAN ONDERWERP | NOMMER VAN BYEENKOMS | PROGRAMMEDIA |
|---|---|---|---|---|
| 1. Ken-mekaar<br>- Eerste meting | Groep leer mekaar beter ken deur persoonlike inligting oor mekaar in te win.<br>Die groeplede se selfbeeld-meting word by hierdie by-eenkoms geëvalueer. | 1 byeenkoms | Eerste byeen-koms | – Groepsgesprek<br>– Hudson se self-beeldindeks |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2. Selfbeeld<br><br>3. Ontdek jouself | Handel oor die langtermyn-doelstelling van die groep | 2 byeenkomste<br><br>2 byeenkomste | Tweede en derde byeenkoms<br><br>Vierde en vyfde byeenkoms | – Groepsgesprek<br>– Gonsgroepies<br>– Skryfbord<br>– Groepsgesprek<br>– Skryfbord<br>– Pen en papier<br>– Koevert |
| 4. Velsorg<br><br>5. Haarsorg<br><br>6. Persoonlike higiëne<br><br>7. Oefening en gesonde eetgewoontes | Handel oor uiterlike versorging en 'n gesonde gees | 1 byeenkoms<br><br>1 byeenkoms<br><br>1 byeenkoms<br><br>1 byeenkoms | Sesde byeenkoms<br>Sewende byeenkoms<br>Agtste byeenkoms<br>Negende byeenkoms | – Groepsgesprek<br>– Sprekers<br>– Demonstrasies |
| - Tweede meting<br><br>8. Verhouding tot God<br><br>9. Innerlike verhouding<br><br>10. Huweliksverhouding<br><br>11. Ouer-kind-verhouding | – Evalueer groeplede se vordering<br>– Handel oor primêre verhoudinge en kan op ernstige vlak aangebied word | <br><br>1 byeenkoms<br><br>1 byeenkoms<br><br>2 byeenkomste<br><br>1 byeenkoms | Tiende byeenkoms<br>Tiende byeenkoms<br>Elfde byeenkoms<br><br>Twaalfde en dertiende byeenkoms<br>Veertiende byeenkoms | – Hudson se selfbeeldindeks<br>– Groepsgesprek<br><br>– Groepsgesprek<br>– Persoonlikheidstipevraelyste<br>– Inligtingstukke<br>– Groepsgesprek<br><br>– Groepsgesprek<br>– Skryfbord |
| 12. Uitstappies | Nodig dat die groeplede hulle algemene kennis uitbrei | 2 byeenkomste | Bespreking by 3.3 (3.3.1) van hierdie hoofstuk (Die aktiwiteite moet as afwisseling tussen die ander byeenkomste ingewerk word, bv. Soos vir die ondersoek na vyfde en na die elfde byeenkoms) | – Uitstappies na plekke wat as behoefte by groep geïdentifiseer is (ondersoekgroep het die Bull Brandfabriek en SABS besoek) |
| 13. Handvaardighede | Tydens hierdie byeenkomste kan die vroue die geleentheid gebied word om hulle verborge talente te ontwikkel deur die aanleer van sekere handvaardighede | 2 byeenkomste | Sien bespreking by 3.3 (3.3.2) van hierdie hoofstuk (Die aktiwiteite kan ook as afwisseling tussen ander byeenkomste ingewerk word, bv. soos vir die ondersoekgroep na die derde en dertiende byeenkoms) | – Demonstrasie<br>– Spreker |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14. Afsluiting<br><br>- Derde meting | Groep was gereed om af te sluit<br>Laaste meting ter bepaling van groeplede se groei | 1 byeenkoms | Negentiende byeenkoms | – Teetuin<br>– Sertifikate |

Die voorgestelde program vir maatskaplike groepwerk met vroue in die myngemeenskap word vervolgens deur die ondersoeker weergegee.

## 3.1 SELFBEELD

Onderwerpe wat gebruik kan word in die uitbou van die vrou se selfbeeld, word vervolgens bespreek.

### 3.1.1 Byeenkoms 1: Aksie ken-mekaar

#### 3.1.1.1 Doel van die byeenkoms

- Om aan die kenverhouding en vertrouensverhouding aandag te skenk; en
- om die doelstellings en program met die lede te bespreek.

#### 3.1.1.2 Skrifgedeelte

Ps. 94:18-19: "Toe ek gedink het my voete gly, het u troue liefde my regop gehou Here. Toe ek met baie onrus in my binneste sit, het u vertroosting my tot rus gebring."

2 Kor. 1:4: "In elke moeilikheid help Hy ons. Daarom kon ons ook weer ander help wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kon hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig."

#### 3.1.1.3 Programmedia

Die groepsgesprek is die beste metode om vir hierdie byeenkoms te gebruik.

#### 3.1.1.4 Inhoud van die bespreking

Met hierdie byeenkoms word die groeplede kans gegee om hulself aan mekaar bekend te stel. Met hierdie byeenkoms word daar nie 'n formele onderwerp bespreek nie. Dit is belangrik dat by hierdie byeenkoms alle onsekerhede en vrae wat die groeplede mag hê, uitgeklaar word. Die groepleier moet aan die groeplede verduidelik waarom die groep tot stand

gebring is. Die groepleier kan aan die vroue noem hoe die behoefte vir die totstandkoming van so 'n groep ontstaan het. 'n Voorlopige program kan aan die groeplede voorgelê word. Die groeplede kan die geleentheid gebied word om voorstelle wat hulle het, by te voeg. Die oorkoepelende doelstelling en doelwitte om die doelstelling te bereik, kan bespreek word en in volgorde van belangrikheid gerangskik word. 'n Naamlys moet voltooi word waar belangrike inligting soos naam, van, adres, telefoonnommer/kontaknommer en verjaardagdatuum weergegee moet word.

Die vroue kan die geleentheid gebied word om te besluit wie van hulle sal sorg dat daar met elkeen se verjaardag aan daardie vrou 'n kaartjie gegee sal word. Die vroue hou ook daarvan om met elke byeenkoms iets te ete saam met die tee te geniet. Bied aan die vroue die geleentheid om in die groep te besluit wie wanneer verantwoordelik gaan wees vir eetgoed. Met hierdie byeenkoms kan die groepleier sorg dat die plek van byeenkoms keurig, vroulik en baie spesiaal voorberei is. Hier dink mens byvoorbeeld aan 'n mooi gedekte tafel met blomme, fyn breekgoed, mooi servette, keurige eetgoed, rustige agtergrondmusiek en 'n klein geskenkie vir elke vrou (borge kan genader word hiervoor). Dit is belangrik om aan die vroue te noem hoe aangenaam dit is om hulle daar te hê en watter groot rol elk van die lede speel om uiteindelik van die groep 'n sukses te maak. 'n Verantwoordelikheidsin word dus aan elke groeplid gegee sonder dat hulle daartoe gedwonge voel. Hierdie byeenkoms moet suksesvol wees, anders kan dit gebeur dat die vroue belangstelling verloor en nie met 'n volgende byeenkoms sal opdaag nie.

### 3.1.2 Byeenkoms 2 en 3: Positiewe uitbouing van die selfbeeld

#### 3.1.2.1 Doel van die byeenkoms

Die positiewe uitbouing van die selfbeeld is as die langtermyndoelstelling van die groepe bepaal. Dit was dus belangrik om breedvoerig te kyk na die omskrywing van die selfbeeld. Dit sluit in faktore wat 'n selfbeeld positief beïnvloed sowel as faktore wat 'n nadelige invloed op die uitbouing van die selfbeeld het.

#### 3.1.2.2 Skrifgedeelte

Spreuke 19:8: "Wie homself liefhet, sorg dat hy wysheid verwerf, hy stel prys op insig sodat hy voorspoed kan geniet."

Spreuke 27:19: "Soos jy jou eie gesig sien as jy in die water kyk, so sien jy jouself in wat jy dink."

#### 3.1.2.3 Programmedia

Die groepsgesprek asook gonsgroepies en 'n skryfbord is die beste metode om hierdie onderwerp te behandel.

#### 3.1.2.4 Inhoud van die bespreking

Dit is belangrik dat seker gemaak word dat die groeplede die term selfbeeld verstaan. Op die skryfbord kan 'n verduideliking van die term selfbeeld soos volg uiteengesit word:

Selfbeeld = eiedunk, jou beoordeling van jouself ten opsigte van:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Fisiese voorkoms | (Hoe mooi of lelik is ek?) |
| 2. | Intelligensie | (Hoe slim is ek?) |
| 3. | Talent | (Hoe talentvol is ek?) |
| 4. | Status | (Hoe belangrik is ek?) |

'n Selfbeeld bestaan dus uit:

1. Wat ek van myself dink.
2. Wat ek dink ander van my dink.
3. My sukses- of mislukkingsbelewenisse uit die verlede.
4. Hoe ek graag wil wees.

Jacobs en Vrey (1982:7) noem dat elke persoon 'n idee of voorstelling van homself saam met hom dra - of hy dit besef of nie. Hierdie idee of begrip van homself word die persoon se selfkonsep genoem. Die selfkonsep word gekonstrueer uit die persoon se oortuiging omtrent homself. Die meeste van hierdie oortuigings is onbewus gevorm uit vorige ervarings soos suksesse en mislukkings, asook vernederings deur en aanprysings van mense wat vir die persoon belangrik is of was. Uit al hierdie ervaringe, veral dié wat die persoon as kind beleef het en waaraan hy op sy eie manier betekenis gegee het, is die konstruk gevorm wat deur die term selfkonsep aangedui word.

Dit is belangrik om aan die groeplede uit te wys dat die vereiste vir die totstandkoming van 'n gesonde selfbeeld die vermoë is om haarself te sien soos sy waarlik is. Nou kan sy begin werk aan hoe sy graag wil wees. Die groep kan nou in kleiner groepies verdeel en elke lid in die kleiner groepie moet aan die ander lede drie negatiewe dinge en drie positiewe dinge van haarself noem. Dit wat hulle as negatief noem, moet sy noem of daar 'n moontlikheid is om dit na die positiewe om te skakel, en wanneer sy gaan begin om daaraan te werk.

- **Kenmerke van persone met 'n swak selfbeeld**
  - Sy besit min of geen vertroue in haar eie vermoëns;
  - sy glo dat sy sal misluk, nog voor sy met 'n taak begin het;
  - haar verwagtinge van haar eie prestasie is baie laag;
  - sy voel verneder deur haar gedrag en mislukkings;
  - sy is voortdurend gepreokkupeer met haar swakhede;
  - sy selekteer persepsies en soek dan ervaringe wat haar oortuigings omtrent haarself bevestig;
  - sy verwag om deur ander verwerp te word;
  - sy vertoon 'n swak selfaanvaarding;
  - sy vertoon 'n lae selfagting;
  - haar angspeil is baie hoog;
  - haar liggaamsbeeld is swak - sy voel haar liggaam laat haar in die steek;
  - as gevolg van hierdie eienskappe is die persoon geneig om eensaam en alleen te wees (Jacobs & Vrey, 1982:43).

- **Faktore wat die selfbeeld beïnvloed**

- **Liggaamlike versorging**

Persoonlike voorkoms, kleredrag en goeie gesondheid kan beskou word as die eerste hoekstene wat gelê word om 'n persoon se selfbeeld te laat

ontwikkel. Gerdes (1988:88) noem dat die individu se liggaamsbeeld 'n weerspieëling van die waarde en betekenis wat hy aan verskeie aspekte van sy fisieke self heg. Die belangrikheid van fisieke voorkoms word daagliks deur talle advertensies in die verskillende media onder ons aandag gebring. Die opgewondenheid wat tydens skoonheidskompetisies heers, lewer verdere getuienis van die waarde wat die samelewing aan liggaamlike skoonheid heg. Dit is duidelik dat 'n skraal, aantreklike meisie in die moderne Westerse samelewing meer geneig sal wees om 'n positiewe selfbeeld te hê as 'n minder aantreklike, gesette meisie. Ander fisieke faktore wat 'n invloed op die selfkonsep kan hê, is gesondheid en vitaliteit (Gerdes, 1988:88). 'n Vrou met onversorgde hare, hande, naels, tande, onnette kleredrag, 'n lustelose houding en geheel ongesonde voorkoms, sal dus moeilik 'n gebalanseerde selfbeeld kan opbou.

– **Sosiale selfkonsep**

Die teorie van "individuele psigologie" sentreer rondom die gedagte dat die individu 'n geïntegreerde persoonlikheid is wat altyd binne 'n sosiale konteks gesien moet word. Sy is in die familie en die gemeenskap gewortel en is voortdurend by wederkerige sosiale verhoudinge betrokke (Gerdes, 1988:89). Butler en Wintram (1991:121) sluit hierby aan: "Women's identities are built upon the repertoire of social roles they enact ... The constraints and forces inherent in the role of family intermediary and negotiator precipitate stress because of limited support."

Sosiale faktore oefen deur 'n persoon se hele lewe 'n invloed op die selfkonsep uit. Groeplidmaatskap beïnvloed die selfkonsep op twee manier. Eerstens word die individu deur lede van sy eie groep geëvalueer, wat op hul beurt weer deur persone buite die groep geëvalueer word. Lidmaatskap van 'n hoëstatusgroep kan dus tot 'n positiewe selfkonsep bydra. 'n Persoon wat aan 'n minderheidsgroep behoort, mag dalk hoog aangeskryf word binne daardie groep, maar kan steeds minderwaardig voel as gevolg van die evaluering deur persone wat tot 'n meerderheidsgroep behoort (Gerdes,1988:89). Laasgenoemde vind 'n mens heelwat by die vroue in die myngemeenskap.

By die vorming van die sosiale selfkonsep is ouers se gevoel van eiewaarde die belangrikste faktor by die vorming van die kind se selfkonsep. Kinders uit 'n lae inkomstegroep kan byvoorbeeld oor 'n hoë selfagting beskik indien

hulle ouers hulself hoog ag. Vermeulen (1985:27) stel dat die mens as 'n sosiale wese geskape is en daarom het die een behoefte aan die ander. Die volwasse vrou het dus behoefte om goeie verhoudinge te handhaaf en vriende te hê.

- **Omgewing en materiële faktore**

Die samelewing, met sy eiesoortige maatstawwe, stel vandag hoë eise aan die vrou:

* Hoe suksesvol is jy?
* Hoeveel produseer jy?
* Hoeveel besit jy?

Hierdie dinge moet gesien en gemeet kan word. Vroue word vandag al meer gekonfronteer met vooruitgangsimbole ten opsigte van hul posisie in die samelewing: beroepswêreld, huwelik, verhoudings en seks. Hulle lees in glanstydskrifte van "beautiful people" - suksesvolle mooi, ryk mense wat die hoogste sport bereik. Hulle kyk na volmaakte vrouefigure en supervroue wat (oënskynlik) volmaakte ma's en suksesvolle beroepsvroue is. Hulle meet hulself aan hierdie maatstawwe en voel dan dat hulle misluk het (Rust, 1994:5). Gerdes (1988:91) noem dat 'n persoon se besittings, haar gesin en familie, haar land en volk, dieselfde gevoelens by haar opwek as wat sy oor haarself voel. In hoogs materialisties-georiënteerde samelewing dien 'n persoon se besittings dikwels as die maatstaf waaraan sy bekwaamheid en sukses gemeet word. Materiële besittings kan derhalwe bepaal hoe ander 'n mens evalueer, maar ook hoe sy haarself evalueer. Selfagting kan dienooreenkomstig styg of daal.

- **Maniere om die selfbeeld te verbeter**

Die ondersoeker is van mening dat die volgende aspekte kan help om die selfbeeld uit te bou of te verbeter.

- Elke mens moet homself aanvaar. Weet wat jou tekortkominge is en wat jou sterk punte is. Werk aan dit wat jy weet kan verbeter, aanvaar die res en berus daarby.

- Sien jouself as suksesvol. Sien in jou verbeelding hoe jy 'n toekenning kry vir die beste huweliksmaat, moeder en tuisteskepper. Ontwikkel jou talente en vermoëns wat nog altyd onder 'n maatemmer gebêre is.
- 'n Persoon moet na ander uitreik. Sodoende voel jy nuttig. Dit gee jou minder tyd om jouself te sit en bejammer.
- 'n Persoon moet positiewe reaksie van ander uitlok. Raak betrokke by jou kind se skool en buitemuurse aktiwiteite, by die kerk of miskien enige gemeenskapsprojekte wat plaasvind. Indien daar geen sulke projekte plaasvind nie, kan jy die inisieerder wees. Deur jou take bereik jy sukses en ontlok dit erkenning en komplimente van ander mense.
- Moenie jouself met ander vergelyk nie. Jy is uniek. Daar is geen mens op aarde wat soos jy is nie. Daar is geen mens wat perfek is nie. Jou positiewe punte is dalk 'n volgende persoon se negatiewe punte. Dink watter gemis so 'n persoon het.
- 'n Persoon moet haar liggaam aanvaar met al die tekortkominge wat daar mag wees. Geen mens is perfek nie. As ons na mense in glanstydskrifte kyk en baie keer die storie agter hulle sukses lees, besef ons dat 'n perfekte liggaamsbou nie noodwendig geluk beteken nie. Dit wat jy aan jouself kan verander - doen dit - die res moet aanvaar word en in vrede mee saamgeleef word.
- Alleen 'n persoon self kan haar uiterlike tot sy reg laat kom. 'n Netjiese haarstyl, goed versorgde en gegrimeerde gesig, netjiese klere, die regte eetgewoontes, oefening, 'n glimlag op die gesig en 'n positiewe uitkyk op die lewe kan 'n goeie selfbeeld tot gevolg hê.
- God is ons grootste sleutel tot 'n positiewe selfbeeld. Glo dat Hy jou uniek met spesiale talente en na Sy beeld geskape het. As Hy in jou glo, waarom moet jy dan in jouself twyfel.

- **Eienskappe van 'n goeie selfbeeld**
  - Die gevoel van versekering dat ek iewers en aan iemand behoort;
  - die gevoel dat ek iets beteken;

- die gevoel van selfvertroue (Vermeulen, 1985:2-9).

Ten einde die selfbeeld te verbeter, kan begin word met 'n beskrywing van die self. 'n Duidelike selfanalise sal 'n persoon die geleentheid bied om te besluit oor die veranderings wat die persoon self moet maak. Dit is nie 'n vinnige en maklike proses nie (Strydom, 1990:212).

Met hierdie agtegrondsinligting rondom die selfbeeld kan daar met die volgende byeenkoms nou gefokus word op die onderwerp "Selfontdekking".

### 3.1.3 Byeenkoms 4 en 5: Die pad na selfontdekking

#### 3.1.3.1 Doel van die byeenkoms

Die doel van hierdie byeenkoms is dat elke lid in die groep haarself moet ontdek en eerlike selfondersoek moet doen. Dit vra dat die vrou 'n eerlike beoordeling van 'n reeks aspekte in haar lewe moet maak. Dit was dus belangrik om na die volgende aspekte te kyk: my motivering in die lewe, my natuurlike gawes, my uniekheid, konsentreer op wat jy goed doen, sien mislukkings in perspektief, werk aan dinge waarmee jy nie goed is nie, vermy onrealistiese doelwitte en ek ontdek myself deur ander. Na die bespreking van hierdie aspekte, moet die groeplede beter insig toon om 'n beter begrip van hulself te hê.

#### 3.1.3.2 Skrifgedeelte

Romeine 12:2: "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."

Psalm 139:1-2: "Here u sien dwarsdeur my, U ken my, of ek sit en of ek opstaan, u weet dit."

#### 3.1.3.3 Programmedia

Die groepsgesprek, skryfbord, pen en papier vir elke groeplid en 'n koevert wat elke groeplid met haar naam daarop moet saambring, sal voldoende wees om hierdie onderwerp te behandel.

#### 3.1.3.4 Inhoud van die bespreking

Hoewel baie mense in ons tyd met 'n grootheidswaan en supermens-mentaliteit leef, is die ander kant ook waar: daar het ook 'n anti-individualiseringsproses merkbaar geword. Vanaf die sewentiende eeu is die menslikheid van die mens besing, sodat dit in die twintigste eeu kulmineer het in die idee van 'n magtige moderne mens wat onafhanklik van God sy eie bestaan en sy omwêreld kan manipuleer. Tans het hierdie loflied op die mens egter al byna tot die teendeel begin omslaan; 'n dehumaniserings-proses waarin tegniek oor die mens heers en die mens eintlik reduseer tot onbelangrikheid, byna naamloosheid, selfs net tot 'n nommer in 'n rekenaarbeheerde samelewing ...!

Dit is daarom geen wonder nie dat die laat twintigste-eeuse mens op 'n dringender manier as miskien nog ooit tevore in die geskiedenis die volgende bestaansvrae vra: Wie is ek nou eintlik? Is ek bloot een van 'n massa of het ek 'n eie unieke identiteit en plek? (Combrink, 1989:19). Vroue in die algemeen en ook in die groep het hierdie vrae. Daarom is dit belangrik om jouself tot selfontdekking te lei. Sodoende kan jy presies weet wie en wat jy is en waarheen jy op pad is.

Butler en Wintram (1991:138) is van mening dat vroue bang is om 'n kans te waag; hulle is bang om dit wat hulle het te verloor, omdat hulle bang is dat hulle niks gaan hê om in die plek van dit wat hulle verloor het, te plaas nie. Hulle bly dus onbewus van hul krag en vermoëns wat hulle in hulself sal ontdek as hulle hulself sou toelaat om 'n selfeksplorasie te doen. Is dit nie so dat ons liewer maar net met elke dag aangaan sonder om veranderinge aan te bring omdat ons bang is vir die reaksie nie? Miskien is jy bang dat dit negatiewe reaksie gaan uitlok. Hier het ons dan weer te doen met die swak selfbeeld en min vertroue in myself. Nou hoe begin ons met selfontdekking?

- **Selfontdekking**

Om jouself te ontdek, vra eerlike selfondersoek. Dit vra 'n eerlike beoordeling van 'n reeks aspekte in jou lewe. Werk deur hierdie aspekte en dan kan jy jouself beoordeel.

– **My motivering in die lewe?**

Op die skryfbord kan die volgende punte neergeskryf word:




Rust (1994:7) is van mening dat as jy 'n gedrewe persoon is, dit beteken dat jy 'n mens is wat krampagtig aangedryf word deur:

* Persoonlike ambisie; en
* 'n innerlike sug na prestasie en erkenning.

Die geroepenes is diegene wat deur motiewe buite hulself op 'n hoër doel afstuur. Hier word die voorbeeld genoem van Jesus wat die eenvoudige vissermanne roep en van hulle geroepenes maak. Hy het dié gekies wat na Hom getrek is en húlle vermy wat deur ambisie na Hom gelok is en Hom wou gebruik.

Op jou pas na selfontdekking moet jy jouself eerstens die volgende eerlike vraag afvra: Is ek gedryf of geroep vir my taak as vrou?

– **My natuurlike gawes**

Elke mens het 'n innerlike *reservoir* van natuurlike aanlegte en vaardighede wat by sy persoonlikheid en menswees pas. Dit spreek vanself dat jy - vir selfontdekking - jou *reservoir* moet vind, leer ken en inspan (Rust, 1994:7). Gee aan die groeplede die geleentheid om op 'n stuk papier antwoorde op die volgende vrae neer te skryf:

* Wat is my sterk punte waarop ek moet konsentreer?
* Wat is my swak punte?
* Kan ek daaraan verander?

Barnard (1985:35) noem dat 'n swak selfbeeld tot gevolg het dat jy die talente wat die Here aan jou gegee het, begrawe en dit nooit ontwikkel of gebruik nie, omdat jy te bang is jy misluk. Verder kan die vroue ook onthou dat vrees,

minderwaardigheid en 'n gevoel van waardeloosheid haar kan verlam sodat sy nie haar talente gebruik en haar volle potensiaal ontwikkel nie. Dit moet duidelik aan die groeplede gestel word dat die mense wat die verste in die lewe kom, dikwels nie diegene is wat die meeste talente het nie, maar diegene met 'n gesonde selfbeeld en gesonde selfvertroue - om hul talente voluit te gebruik.

– **My uniekheid**

Die pad na selfontdekking lê verder in 'n besef van jou uniekheid. Vermeulen (1985:44) noem dat elke persoon afsonderlik met haar onderskeid en uniekheid aangesien moet word en ook so hanteer moet word.

Combrink (1989:26) sluit hierby aan deur te noem wat 'n groot voorreg dit dan is om te midde van soveel vrae en ankerloosheid rondom jou, tog wel as vrou en mens van God te kan ontdek dat jou lewe betekenisvol is omdat dit die unieke stempel dra van God se bemoeienis met jou persoonlik as unieke mens. God verseker elke mens in sy Woord daarvan: hoe klein of middelmatig jy ook al in jou eie of in ander mense se oë is, jy is uniek. Niemand op die ganse aarde voor jou of na jou is soos jy of sal presies soos jy wees nie. Die geheim van die uniekheid van elke mens lê opgesluit in die bemoeienis van God, die Kunstenaar wat met fyn sorg en beplanning elke menslike lewe skep.

Gee nou aan die groeplede die geleentheid om op 'n skoon papier die volgende neer te skryf:

* Geen ander mens lyk soos ek nie.
* Geen ander mens is in my omstandighede nie.
* Geen ander vrou het my spesifieke talente of geleenthede nie.
* Ek is uniek.

– **Konsentreer op wat jy goed doen**

In Rust (1994:10) vind ons die volgende aanhaling van Gordon MacDonald: "Omdat ek nie toe ek begin werk het, my opdrag duidelik bepaal het nie en omdat ek nie eerlik genoeg oor my swakhede was nie, het ek gevind dat ek normaalweg buitensporige groot hoeveelhede tyd bestee het om dinge te

doen waarvoor ek nie aangelê is nie, terwyl die take wat ek besonder effektief kan deurvoer en waarin ek uitgeblink het, verwaarloos is." Wat leer ons uit MacDonald se ervaring?

'n Geleentheid vir 'n bespreking kan aan die vroue gebied word. Die groepleier kan dan verder as toevoeging noem dat die pad na selfontdekking deur 'n realistiese beoordeling van dié dinge wat jy goed kan doen, loop. Dit geld vir jou bydrae tot jou gemeenskap of in die kerk of by jou kind se skool. Dit is ook belangrik om te onthou dat dit wat jy goed kan doen, nie noodwendig altyd die dinge is wat volgens tradisie vir 'n vrou afgebaken is nie. Jy kan miskien 'n meganiese aanleg hê of 'n beter slag met finansies as jou eggenoot.

– **Sien mislukkings in perspektief**

Sommige mense maak 'n sukses van elke taak wat hulle aanpak en dit kan in só 'n mate gebeur dat dit lyk asof sukses hulle inwag. Ken julle so iemand? Wel, hierteenoor is daar diegene wat telkens misluk. Dit geskied so dikwels dat dit lyk of hulle hul daarby neergelê het dat hulle in niks sal slaag, sukses sal behaal of hul probleme sal oplos nie (Jacobs & Vrey, 1982:7). Mense wat in depressie verval, getuig gewoonlik dat hulle baie negatief omtrent hulself dink. Rust (1994:11) noem dat sulke persone kompulsief op hul tekortkominge en mislukkings konsentreer, tot hulle naderhand soos mislukkings voel. Om perspektief te behou, moet jy besef dat alle mense die een of ander tyd misluk. Mislukking is deel van menswees. Dit is eerder hoe jy dit hanteer wat belangrik is.

Positiewe hantering van jou mislukkings: omskep dit in 'n leerervaring. Groeplede kan dit op die papier byvoeg waar hulle punte oor uniekheid aangeteken het.

– **Werk aan dinge waarin jy nie goed is nie en vermy onrealistiese doelwitte**

Barnard (1985:54) stel dat God nie van jou verwag om volmaak te wees nie want Christus was in jou plek volmaak. Soms gebeur dit dat 'n vrou tyd moet afstaan aan dinge waarin sy nie goed is nie of selfs waarvan sy nie hou nie. Wel, moenie dat dit jou moed laat verloor nie. Miskien het jy 'n ma, skoonma, vriendin of gesinslid wat 'n groter aanleg het vir daardie bepaalde taak.

Betrek daardie persone. 'n Volgende keer benodig hulle jou weer met jou spesifieke aanleg. Jy moes dus jouself leer ken en weet waartoe jy in staat is. As jy doelwitte vir jouself stel wat buite jou vermoë is, gaan jy in 'n gefrustreerde persoon met baie stres ontwikkel. Sodoende sal jy 'n blok in jou pad na selfontdekking ondervind. Rust (1994:12) noem dat 'n persoon aan die ander kant ook baie versigtig moet wees vir selfonderskatting. Die pad na realistiese selfontdekking vra baie tyd en in die proses maak almal ook baie foute.

– **Ek ontdek myself deur ander**

Jy self bestaan ook in verhouding tot ander mense. Deur ander mense word jy vollediger mens. Deur interaksie met ander ontwikkel jy sekere noodsaaklike fasette van jou persoonlikheid (Rust, 1994:13). Hoe leer jy jouself deur ander ken?

Op die skryfbord kan die volgende aangeteken word:

* **Hoe luister ek?**

⇒ **Om goed te luister, beteken:**

◊ Jy as luisteraar lewer nie kritiek nie;

◊ jy gee nie onmiddellik raad nie; en

◊ in daardie stadium stel jy jou eie gevoelens ter syde.

⇒ **Om swak te luister, beteken:**

◊ Jy kritiseer aanhoudend;

◊ jy gee knaend raad;

◊ jy val gedurig die een wat praat in die rede; en

◊ jy begin sommer oor jouself te praat.

As iemand met die groepwerker kom praat, kan jy jouself die volgende vraag afvra om te bepaal of jy regtig geluister het:

⇒ **Kan ek na die gesprek**

◊ die hoofgedagte óf

◊ basiese behoefte

van die ander weergee?

◊ Weet ek wat die persoon eintlik wou hê of sê?

Die groeplede kan bogenoemde vrae afskryf om altyd byderhand te kan hê.

– **Hoe beskikbaar is ek?**

Vra jouself elke dag dié vraag: Hoe beskikbaar was ek vandag vir my gesin en my vriende? Byvoorbeeld, jou vriendin ervaar 'n krisis in haar huwelik. Gaan jy so vinnig moontlik 'n rede uitdink waarom sy liewer volgende week moet kom teedrink om die probleem te bespreek omdat jy net nie daarvoor krag het nie, of gaan jy innerlike reserwes met jou selfontdekking vasstel en beskikbaar hou vir sulke gebeure?

– **Hoe sien ander my?**

Rust (1994:14) noem die volgende voorbeelde:

* "Ma is dan nooit by die huis nie." (van jou skoolkind)
* "Ek het al hoeveel keer vir jou gevra om die pak klere droogskoonmakers toe te stuur." (van jou onthutste man)
* "My kind, waarom sien ek jou so min?" (van 'n bejaarde ouer)
* "Ek wou by jou inhardloop, maar jy's altyd so besig." (van 'n getroue vriendin).

Het jy al met hierdie soort oomblikke kennis gemaak? Miskien is dit tyd om jouself af te vra hoe jy jou lewe en aandag beter kan verdeel?

– **Mag ander van my verskil?**

Hierdie vraag kan in die groep bespreek word. Maak seker dat die volgende punte gestipuleer word:

* Dit is moeilik om met mense wat anders dink en voel as ek te om te gaan.

* God se Wet sê ons moet ons naaste liefhê soos onsself - geen uitsonderings nie.

* Jy alleen kan daaraan werk om respek vir ander te ontwikkel asook om na ander se kant van 'n saak te luister.

Nou kan daar in die groep ooreengekom word betreffende praktiese maniere om die "nuwe self" in jou daaglikse lewe te gaan uitleef. Groeplede kan geleentheid kry om ondernemings wat hulle maak, neer te skryf. Al die aantekeninge wat die groeplede in hierdie twee byeenkomste moes maak, moet hulle op 'n plek gaan neersit of teen 'n plek vassit waar hulle gereeld beweeg en hierdie gedagtes gereeld weer kan sien en inneem.

Voor die groep afsluit, kan lede die koeverte met hul name op aan die groepleier oorhandig. Die groepleier noem elke lid se naam. Die groeplede skryf elkeen op 'n stukkie papier neer wat hulle van daardie groeplid waardeer, of wat hulle reken haar spesifieke gawe/talent is. Elke groeplid se strokies van die ander groeplede word in daardie groeplid se koevert geplaas. Sodra die groep verdaag, kan elke lid se koevert aan haar teruggegee word en kan sy haar positiewe evaluering by haar huis gaan herleef.

**3.1.4 Byeenkoms 6, 7, 8 en 9: Selfversorging**

**3.1.4.1 Doel van byeenkomste**

Om deur middel van 'n bespreking oor vel- en haarsorg, persoonlike higiëne, oefening en gesonde eetgewoontes by die vrou insig te bewerkstellig ten opsigte van die belangrikheid hiervan vir die uitbou van 'n positiewe selfbeeld, wat weer aanleiding gee tot doeltreffende maatskaplike funksionering.

**3.1.4.2 Skrifgedeelte**

Hooglied 4:1-4: "Jy is mooi, my liefling, jy is mooi, jou oë is soos duiwe agter jou sluier. Jou hare is soos 'n trop bokke wat teen die Gileadberge afkom. Jou tande is so wit soos 'n ry pas geskeerde skape wat nou net skoon gewas is, elkeen met 'n tweeling nie een sonder 'n lam nie. Jou lippe is soos skarlakenrooilint, jou mond bekoor my. Die versiersels op jou voorkop is soos granaatpitte agter jou sluier. Dié aan jou nek is soos die Dawidstoring wat uit rye klip gebou is; aan hom hang duisende skilde, al die skilde van die helde."

1 Kor 3:16-17: "Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle."

1 Tim 2:9a: "Van die vroue wil ek hê dat hulle ook in hulle kleredrag waardig, beskeie en ingetoë moet wees ..."

Prediker 3:12: "Ek het tot die insig gekom dat daar vir 'n mens niks beter is nie as om vrolik te wees en die goeie van die lewe te geniet."

#### 3.1.4.3 Programmedia

Die groepsgesprek en sprekers (demonstrasies) kan met groot sukses gebruik word. Deur middel van bespreking oor hierdie onderwerpe kan die vroue sien watter verskil versorging aan 'n persoon se selfbeeld kan maak.

#### 3.1.4.4 Inhoud van bespreking

'n Vrou se uiterlike is 'n weerspieëling van haar innerlike skoonheid. Daarom is die positiewe benutting van die mooi fisiese potensiaal wat God aan elke vrou toebedeel het, noodsaaklik. Fynheid, keurigheid, vroulikheid, goeie velversorging, blink en gesonde hare, 'n mooi liggaamshouding, klere wat van goeie smaak getuig: dit alles klop met God se mooi bedoeling vir vrouwees ... Daar mag en moet vreugde gevind word in goedversorgde vroulike skoonheid, en soos Salomo oor sy liefling gejubel het, so moet ons ook belê in ons uiterlike skoonheid as vrug van innerlike balans, harmonie en geloof (Combrink, 1989:120). Ons moenie te veel aandag en geld aan ons uiterlike bestee nie, maar ons moet wel keurig wees omdat ons liggame tempels van God is.

Vroulikheid is iets wat net 'n vrou kan besit en dit is om sag en beminlik te wees. Die sleutel wat die deur na hierdie towerwêreld oopsluit, lê binne in elke vrou. Elke vrou kan mooi wees. Dit hang van jouself af wat jy met hierdie sleutel maak. Om 'n pragtige gesig of liggaam te hê, maak jou nog nie mooi nie. Jy as vrou moet onthou dat die ware mooiheid van binne kom. Hierdie sleutel sluit ook dinge soos vriendelikheid, eerlikheid, opregtheid, 'n jammer hart vir ander mense, goeie maniere en opgewektheid oop. En wanneer al hierdie mooi eienskappe in iemand gesien kan word, straal mooiheid van binne af uit en kan 'n doodgewone gesiggie pragtig word.

Bosch (1995:5) stel dat as jy regtig mooi wil wees, jy gesond moet wees. As jy regtig gesond wil wees, moet jy van jongs af 'n paar goeie gewoontes

aanleer en daarmee volhou vir die res van jou lewe. Dan sal jy nie onnodig vet word nie en mooi slank kan bly.

Stoppard (1982:19) sluit hierby aan en noem dat om 'n gesonde vrou te wees, net soveel in jou hande as miskien in dié van jou dokter is. Net jy kan seker maak dat jy 'n gebalanseerde dieet volg, genoeg oefening doen om fiks te bly, jou alkohol- en dwelmmiddelgebruik te reguleer, om te leer ontspan wanneer jy gespanne voel, genoeg slaap kry, die regte klere dra en gereeld medies ondersoek word.

- **Velsorg**

Hoewel die vrou tussen 30 en 40 nog baie jeugdig kan voorkom, is daar tog groot veranderinge wat plaasvind in die vel en die liggaam en moet sy sorg dat sy haar skoonheidsversorging daarby aanpas. Stoppard (1982:86) noem dat die vel die mees omvattende orgaan in die liggaam is: dit beskerm, sonder af en versprei sensoriese inligting. Daarom is dit belangrik om die vel goed te versorg.

Namate die jare begin aanstap, word die vel effens droër en die afskeiding van die natuurlike velolies al minder. Mostert *et al.*, (1983:44) noem dat indien nie van tevore gereeld van 'n sonskermmiddel gebruik gemaak is nie, die vel tekens kan begin toon van minder elastisiteit en die vel ook dunner is. Fyn plooitjies kan hul verskyning maak en indien 'n mens aan baie spanning blootgestel is, sal dit ook op die vel spore laat.

As die vel voorheen verwaarloos is, is dit egter nog nie te laat om iets daaraan te doen nie. 'n Goeie skoonheidsroetine moet net in werking gestel word. Dit hoef ook nie noodwendig met baie koste gepaard gaan nie. Deur een keer 'n week 'n gesigsmasker, gereelde reiniging en voeding vir die vel te gebruik, kan dit 'n groot verskil maak. Stoppard (1982:82) noem dat die vel vog nodig het omdat dit gereeld vog verloor. Die vogtigheid van die vel hang nou saam met die lug. As die lug baie vogtig is, sal die vel vogtig wees, maar 'n droë, warm klimaat en 'n droë, koue of winderige klimaat droog die vel uit en gee aanleiding tot veroudering van die vel.

Daarom is dit belangrik dat 'n vrou vogroom moet gebruik. Wanneer 'n vrou jonk is, is die vel in staat om sy eie vog te behou. Die vel is nog elasties en hernu ook vinnig selle. Vanaf die dertigerjare sal 'n goeie vogroom op verskeie maniere help:

- Dit moedig selvernuwing aan en daarom lyk en voel die vel jonger;
- dit beskerm die vel teen sonlig en besoedeling wat 'n veranderende effek op die vel het; en
- dit help die vel om sy eie vog te behou (Mostert *et al.*, 1983:45).

Na die ouderdom van 25 jaar vorm daar op elke vel 'n paar plooitjies. 'n Gesig sonder kenmerkende plooitjies sou wees soos 'n boek sonder woorde. Die tipe plooie wat egter voorkom moet word, is dié wat veroorsaak word deur blootstelling aan te veel sonlig, besoedeling, uiters koue winde, te veel water en 'n te droë atmosfeer. 'n Ongesonde lewenspatroon soos te veel rook, drink en verkeerde eetgewoontes veroorsaak dat die vel sy elastisiteit verloor (Mostert *et al.*, 1983:45).

Die vroue moet onthou dat wanneer plooie hul verskyning gemaak het, 'n mens feitlik niks daaraan kan doen nie, behalwe deur plastiese chirurgie. Die heel beste is om plooie te voorkom. Die heel beste is om die vel te versorg en skoon te hou en slegte gewoontes uit te skakel. Die bevogtiging van die vel geld nie net vir die gesigsvel nie, maar vir die hele liggaam.

- **Grimering**

Stoppard (1982:82) noem dat grimering goed is vir die vel. Ten spyte van die tipe vel is dit goed vir jou vel, selfs al het jy aknee. Sy noem dat grimering vir twee redes goed is by mense wat aknee het. Ten eerste doen grimering geen skade aan die vel nie. Dit blok nie die vel nie. Die tweede rede is dat as 'n persoon met 'n slegte vel vol aknee in die spieël kyk en hierdie probleem die hele tyd moet aanskou, gaan dit nie goed wees vir haar moraal nie. Sy sê: "When you look good, you feel great."

Vir die tweede helfte van hierdie groepsessie kan daar van 'n skoonheidsterapeut gebruik gemaak word om verdere vrae oor die vel te beantwoord indien daar 'n behoefte by die groeplede is. Die skoonheidsterapeut moet dan verkieslik 'n grimeerdemonstrasie op 'n vrywillige groeplid doen. Sodoende kan tegniek gedemonstreer word en die groeplede kan sien watter verskil grimering wel aan 'n persoon kan maak.

- **Haarversorging**

Glansend gesonde hare kan een van die vrou se grootste bates wees. Stoppard (1982:93) noem dat die enigste manier om die kwaliteit van jou hare

te verbeter, is nie om chemikalieë aan te wend nie, maar deur seker te maak dat jy innerlik gesond is. 'n Gesonde dieet het tot gevolg dat voedingskrag by die haarwortels uitkom en sodoende sal nuutgevormde hare van goeie kwaliteit wees. Verder noem Stoppard (1982:93) ook dat hoewel skoon hare goed voel, skoon hare nie noodwendig gesonder as die hare wat nie so gereeld gewas word nie. Te veel gebruik van allerhande sjampoo's en haaropknappers veroorsaak dat die hare se natuurlike en selfskoonmaak-aksie beskadig word, wat baie nadelig vir die gesondheid van die hare is. 'n Verdere belangrike punt om van kennis te neem, is dat grys hare net so sterk en gesond is as hare wat nog nie grys is nie. Al wat gebeur as jy ouer word, is dat die klein orgaantjie in die haarwortel wat verantwoordelik is vir die vrystelling van die kleurpigment in die vormende haarskag opgehou het om te werk.

Wat die was van hare betref, is die beste ding wat jy vir jou hare kan doen om dit uit te los. Hiermee word bedoel dat die hare na hulself sal kyk. Al wat jy moet doen, is om dit elke paar dae te was. Die gereeldheid van was hang af van hoe olierig jou hare is en natuurlik ook jou persoonlike voorkeur. Te veel stimulering van die kopvel, hetsy deur die was of te veel kam van die hare, kan meer olierigheid tot gevolg hê. Gesplete haarpunte is deel van ons hare, maak nie saak hoe hard ons probeer om ons hare te beskerm nie. Die son, borsel, haardroërs, elektriese rollers, kleur van hare, asook permanente golwing, is baie ongesond vir die hare en veroorsaak gesplete punte. Wel die beste manier om gesplete haarpunte te hanteer, is om jou haarpunte elke twaalf weke te laat knip. As jy baie chemikalieë op jou hare gebruik, moet jou haarpunte miskien elke ses tot agt weke geknip word (Stoppard:1982:94, 97-98).

As jy skilfers het, is daar baie middels om te gebruik. Jy kan by jou apteker raad daaroor vra. Die middel moet dan so dikwels as wat nodig is aangewend word. Verder moet ook onthou word dat jou kam en borsel net jou eie is en jy dit gereeld moet skoonmaak. Ander mense moet nie toegelaat word om dit te gebruik nie (Ackermann, 1993:9).

'n Verdere belangrike aspek wat met hierdie byeenkoms gedoen moet word, is om 'n haarkapper te vra om gedagtes met die groeplede te kom deel rondom watter haarstyl by watter gesigvorm pas asook watter haarstyl beter sal werk vir daardie persoon se tipe haartekstuur. 'n Demonstrasie kan op een van die groeplede gedoen word sodat die groep die verskil kan sien.

Daar kan afgesluit word om aan die vroue te noem dat onversorgde hare 'n vrou maklik verwaarloos en onaantreklik kan laat lyk. Haarversorging of verwaarlosing kan 'n belangrike invloed op 'n vrou se siening van haarself hê. 'n Negatiewe siening gee weer aanleiding tot 'n swak selfbeeld.

- **Persoonlike higiëne**

Daar is min aspekte wat so belangrik is soos sindelikheid. Om netjies en skoon te leef, kan slegs gesondheid, geluk en voorspoed vir elke vrou bring. As 'n persoon en haar gesin skoon is, kan kieme nie tot newe-effekte in die gesin se gesondheid aanleiding gee nie. Om skoon en gesond te wees, moet elke persoon eers sy eie liggaam versorg. Dit help nie om 'n huis netjies en skoon te hou as die persoon nie aan die higiëniese versorging van sy of haar liggaam aandag gee nie (Pentz, 1995:60).

Om skoon te wees, hoef 'n mens nie baie geld te hê nie. Seep en water is voldoende. Dit moet egter net gereeld gebruik word. Gereeld beteken ten minste een keer per dag as jy bad. Bosch (1995:12-13) noem dat om te bad soms nie genoeg is nie. Sy noem dat sodra jy afgedroog is, jou sweetkliere weer begin werk. Ander kliertjies skei ook stowwe af wanneer hulle met bakterieë in die lug en op die vel in aanraking kom. Dan begin slegte reuke ontstaan. Warm weer, beweging en oefening, stywe klere en maandstonde, laat jou kliere harder werk en daarom moet jy gedurende sulke tye dubbeld seker maak van jou frisheid.

Onder die arms is daar baie sweetkliere, daarom moet baie aandag daaraan gegee word. Die hare onder die arms hou die sweet vas, daarom moet jy dit gereeld skeer en 'n reukweerder gebruik. Dit is belangrik dat onooglike onderarm- en beenhare verwyder word. 'n Gereelde manikuur en pedikuur is nodig ten einde van kop tot tone goed versorg te wees (Strydom, 1990:214).

Vir verdere bespreking van persoonlike higiëne, kan 'n klinieksuster gebruik word om aan groeplede uit te wys waarom persoonlike higiëne so belangrik is. Aspekte wat die klinieksuster kan bespreek, sluit in:

- Wanneer om te was, byvoorbeeld ten minste een keer per dag;
- hoe om te was, byvoorbeeld gebruik van 'n waslap en seep;
- versorging van die mond en tande;

- haarsorg - hier kan die kliniekSuster veral fokus op probleme soos kopluise;

- versorging van klere; en

- gewoontes en leefwyse (Ackermann, 1993:7-11).

Ter afsluiting kan aan groeplede genoem word dat in gesinne waar hierdie higiëniese aspekte nie bekend is nie, dit van geslag tot geslag oorgedra word. Geen meisie en later volwasse vrou kan selfrespek hê as die omsien na haar persoonlike higiëne ontbreek nie. Jy kan vereensaam raak as jy onaangenaam ruik en dit kan jou selfbeeld negatief beïnvloed. Bosch (1995:12-13) stel dat jy as vrou nie jou volle skoonheidspotensiaal kan bereik as jy nie jouself ten volle goedkeur nie. Dus is persoonlike higiëne belangrik in die ontwikkeling tot 'n persoon met 'n positiewe selfbeeld.

- **Gesonde eetgewoontes**

As jy gesond en mooi wil wees, moet jy genoeg vitamines inkry. Vitamines is stowwe in voedsel wat help dat jy goeie oë, sterk tande, blink hare, 'n mooi vel, sterk bene en goeie senuwees verkry. Vitamines word in die volgende kossoorte gekry: maer vleis, hoender, vis en eiers, vars vrugte en groente - veral geel en groen groentes, melk en kaas. Drink baie water of vars vrugtesap in plaas van gaskoeldrank. Eet altyd growwe brood. Hou op om lekkers, witbrood, koek en ander soetgoed te eet - dit is sleg vir jou tande en maak jou vet. Dit veroorsaak ook puisies op die vel (Bosch, 1995:5-6).

- **Oorgewig**

Hoe weet 'n mens of jy oorgewig is? Die meeste dokters stem saam dat as jy 10% meer as jou ideale gewig vir jou lengte weeg, jy oorgewig is (Stoppard, 1982:29).

As daar reguit oor oorgewig gepraat moet word, besef ons die volgende:

* Dit is nie mooi om vet te wees nie;

* dit is ongemaklik;

* klere sit nooit mooi aan 'n oorgewig lyf nie;

* dit is ook baie ongesond om oorgewig te wees want jou hart, niere en lewer moet onnodig hard werk en namate jy ouer word, kry jy siektes soos hoë bloeddruk en hartprobleme.

– **Wat kan jy doen om gewig te verloor**

Bosch (1995:6-7) gee die volgende raad:

* Leer nuwe eetgewoontes aan en laat jou liggaam leer om daarby aan te pas;

* begin vandag nog deur minder te eet, byvoorbeeld een aartappel in plaas van twee en een sny brood in plaas van twee;

* hou op om ryk en soet kosse soos sjokolade, koek, witbrood en poedings te eet;

* ten minste die helfte van die daaglikse dieet moet uit proteïene soos maer vleis, hoender, vis, lewer en kaas bestaan;

* dwing die liggaam om 'n gedeelte van sy eie vet te gebruik deur oefening te doen;

* ontbyt is 'n belangrike maaltyd. Eet 'n hoëproteïen-ontbyt, want dit sal help om die versoeking te weerstaan om deur die loop van die dag kort-kort te peusel;

* vermy groot maaltye in die aand of soetgoed voor jy gaan slaap, want dit word omgesit in energie en omdat jy gaan slaap en die energie nie gebruik nie, word hierdie energie in vet omgesit. Die eerste ding wat 'n persoon doen wanneer hy/sy opstaan, is om te eet sonder dat die vorige aand se energie opgebruik is. So tel 'n persoon stadig maar seker meer en meer gewig op;

* die versoeking om te eet, is op sy sterkste net voor etenstye. Eet dan 'n wortel, tamatie of hardgekookte eier en drink 'n paar glase water; en

* weeg jou net een keer 'n week en sien hoe jy skraler word.

Die groeplede kan ook aanbeveel word om vir 'n uitgewerkte dieet wat by haar omstandighede aanklank sal vind, haar dokter, 'n dieetkundige of organisasies soos Weighless en Weight Watchers te gaan spreek vir hulp.

- **Oefening**

Wanneer jy gereeld oefening doen, dwing jy jou liggaam om van sy eie vet te gebruik en maak jy jou spiere ferm en sterk. Orban (1985:9) noem dat navorsing getoon het dat die fisiese fiks persoon beter in staat is om vermoeidheid oor ' n lang periode te hanteer as 'n persoon wat nie fisies fiks is nie. Die fikse persoon is beter toegerus om stres te hanteer, het 'n sterker en beter funksionerende hart en beter geestelike toestand. Gereelde oefening kan jou gesondheid en voorkoms verbeter. Fiksheid is nodig om die lewe voluit te kan geniet.

Die groepleier kan van 'n sportkenner gebruik maak om sekere idees rondom fiksheid met die groeplede te deel. Stap is 'n goeie manier van oefen en die hele gesin kan daaraan deelneem. Die spreker vir hierdie byeenkoms het die volgende wenke vir oefening by die huis gegee. As 'n groepleier nie van 'n spreker gebruik maak nie, kan hierdie wenke vir enige groep aanbeveel word.

– **Oefening vir 'n dun middeltjie**

* Staan met jou bene van mekaar en strek die arms bokant jou kop.
* Swaai nou af en raak met jou regterhand aan jou linkervoet.
* Strek boontoe en raak met jou linkerhand aan jou regtervoet.
* Doen dit twintig keer.

* Nou in 'n sirkelbeweging:
* Staan regop met die voete van mekaar en die bene reguit.
* Draai die liggaam eers links om en dan regs om en probeer om die sirkel so groot as moontlik te maak.

* Staan regop en strek weer die arms hoog bokant die kop.
* Maak nou 'n groot sirkel-swaai af na regs, raak die tone, swaai links op en terug na die oorspronklike posisie.
* Doen dit drie keer na die een kant en dan weer drie keer na die anderkant. Hou die bene reguit en voel dat jou middellyf die werk doen.

– **Oefening vir die maagspiere**

* Lê op die rug met die arms bo die kop uitgestrek.

* Lig die bolyf op terwyl u die arms vorentoe strek en lig terselfdertyd die bene op totdat die knieë die bors amper raak.
* Laat die bolyf nou terugsak terwyl jy die bene baie stadig weer uitstrek en op die vloer laat sak.
* Doen dit 20 keer.

* Lê plat op die rug met die hande onder die kop.
* Lig jou nou op na 'n sithouding en sak dan stadig terug na die oorspronklike posisie.
* Doen dit 10 keer.

* Lê op die rug met die bene bymekaar en gestrek.
* Lig albei bene tot omtrent 10 sentimeter van die vloer af.
* Hou nou die linkerbeen 10 sentimeter van die vloer terwyl jy die regterbeen na bo bring om 'n hoek met die heup te vorm.
* Laat sak nou weer die regterbeen tot 10 sentimeter van die vloer en herhaal met die linkerbeen.
* Doen dit 10 keer.

– **Oefening vir die heupe, dye en sitvlak**

* Lê op die vloer, kruis die arms en rol oor na links totdat jou linkerelmboog op die vloer rus.
* Rol nou oor na regs (steeds met jou arms gekruis).
* Rol terug na links, heen en weer, na links en regs.
* Doen dit 50 keer.

* Lê op jou rug en strek die arms met die handpalms na onder.
* Buig jou knieë en hou jou voete op die vloer.
* Hou nou jou arms in posisie en swaai jou bene af na regs en dan oor na links.
* Doen dit ook 50 keer.

* Maak jou sitvlak kleiner deur op die vloer te sit met die bene voor jou uitgestrek en van die een kant na die ander op die sitvlak vorentoe te wieg.

* Doen nou dieselfde, maar beweeg agteruit op die sitvlak.
* Doen hierdie oefening vir 10 minute.

Van die groeplede kan by een van hulle se huise bymekaar kom en saam oefen. So sal hulle mekaar ondersteun en aanmoedig.

## 3.2 VERHOUDINGE

In hierdie stadium van die reeks byeenkomste voel die vroue gewoonlik al baie beter oor hulself en ontstaan die behoefte by hulle om aandag te gee aan die verhoudinge waarbinne hulle beweeg.

### 3.2.1 Byeenkoms 10: Verhouding tot God

#### 3.2.1.1 Doel van byeenkoms

Om insig by die vrou te bewerkstellig oor die belangrikheid van hul verhouding tot God. Hierdie verhouding bied geestelike sekuriteit wat nodig is in die opbou van 'n positiewe selfbeeld.

#### 3.2.1.2 Skrifgedeelte

Kolossense 2:9, 10a: "In Hom is die volle wese van God beliggaam en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid."

Handelinge 17:28a: "... want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons."

Romeine 11:36: "Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid."

#### 3.2.1.3 Programmedia

Die groepsgesprek kan as 'n goeie media vir hierdie byeenkoms gebruik word.

#### 3.2.1.4 Inhoud van bespreking

Ons leef in 'n tyd waarin mense se waardes nie net deurmekaar en dikwels vervalle is nie, maar waar uiterlike verslonsing ook simptome is van innerlike verslonsdheid. Combrink (1989:122) noem dat ons tans in Suid-Afrika spesifiek 'n tyd van vooruitgang beleef, maar ook 'n tyd met die felste ideologiese, morele, politieke en ekonomiese aanslae wat nog ooit beleef is.

Tog moet daar besef word dat geen stelsel ernstig bedreig kan word deur 'n vyand "van buite" voordat dit deur een of ander vyand "van binne" verswak is nie. Die belangrikste bedreiging in Suid-Afrika is dus nie die vyandige volke wat hul duime op ons keel hou of die werklikheid van die rooi en bedreigende kommunisme nie, maar die talle afgode in ons midde! Die eie slordigheid waarmee ons elke dag die lewenseise en samelewing aandurf is die kernprobleem.

'n Mens sien in ons dag omvangryke slordigheid rondom ons raak: innerlike en uiterlike traak-my-nie-agtigheid. En tog is dit opvallend dat wanneer 'n vrou trou, haar bruidsuitrusting pragtig, baie duur en meestal spierwit is. Wit is simbolies van reinheid en suiwerheid. Dit is ironies dat hoewel die moderne samelewing se norme en lewenspraktyk die teenoorgestelde van reinheid is, dit nogtans die wit bruidsgewaad die hoogtepunt van hul lewens maak (Combrink, 1989:122).

Hier gaan dit dan ook vir die gelowige vrou om 'n ware bruid te wees. Nie net om op jou troudag 'n pragtige uitrusting aan te hê nie, maar om elke dag fyn, helder blink klere aan te trek, want Openbaring 19:8-9 sê: "Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges. Dit is die kern waarom dit vir elke mens, juis ook vir elke vrou, op aarde behoort te gaan: is ek bruid vir Christus? Is my klere van elke dag spierwit bruidsklere? Alleen as ek na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is, is ek geseënd."

Hoe gaan elkeen hier se kleed vertoon in die plek wat jy moet volstaan? Gaan mense bly wees omdat jy daar is? Gaan jy 'n aanwins wees? Gaan jy stilweg koers hou en koers gee?

Maar hoe begin 'n mens? Rust (1994:110) noem dat die beginpunt is om iewers in jou dag 'n vaste afspraak met God in te ruim. Vir elke vrou sal dit natuurlik uniek aan haar program en leefwyse wees:

- Vir party mag dit in die motor wees;
- vir 'n ander oor die middaguur in die stadstuin; en
- vir party vroeg in die môre as die kinders nog slaap.

Jy moet in jou besige program 'n geleentheid gaan skep om stiltetyd te hou. Louis Malherbe het in een van sy boodskappe genoem dat ons nie sal droom om 'n afspraak met die Staatspresident nie na te kom nie - waarom vergeet ons dan so maklik van 'n afspraak met God? God wil aan sy kinders sekere

dinge meedeel - 'n woord ryk aan beloftes deurgee. Maar Hy doen dit nie as ons nie ons afspraak met Hom nakom nie (Rust, 1994:110).

God werk nie met ons soos 'n tiran wat Sy wil onverbiddelik op ons afdwing nie. Hy gee ons die ruimte om self te luister en te reageer. Hy wil ons versorg, lei en seën. Hy kan dit egter nie doen as ons:

- Te veel sosiale verpligtinge het nie;
- selftevrede is en maak of ons Hom nie nodig het nie; en
- ons liggaam verniel met oorgewig en ander lui lewensgewoontes wat ons pap en dooierig maak nie.

Dink aan gebed: Bid jy ooit nog?

Wel, wanneer jy bid, moet jy nie soseer let op jou woorde en uitspraak nie. Dit gaan oor jou totale ingesteldheid waar jy jouself heeltemal oorgee aan 'n werklikheid buite jouself. Gebed gee jou diepste gevoelens deur. Gebed kan jy nie voorskryf nie. Gebed kan jy nie programmeer nie. Om dit te probeer, is om die musiek van die skepping by jou ore te laat verbygaan en die sin van gebed kwyt te raak (Rust, 1994:115).

Dink oor jou gebed na en beoordeel jouself voor God. In watter mate is jou gebed:

- Net 'n gewoonte?
- Net 'n formule wat jy uitspreek of opsê?
- Net 'n geprogrammeerde handeling vir 'n sekere tyd?

Aan die groeplede kan nou die geleentheid gebied word om op 'n stuk papier die volgende neer te skryf:

1. Hoe belangrik is jou afspraak met God vir jou? Watter tyd van die dag gaan jy inruim om dié afspraak met Hom na te kom?
2. Watter faktore ry gewoonlik jou afspraak in die wiele?
3. Wat gaan jy doen om die steurings in jou stiltetyd uit te skakel?

Ter afsluiting moet dit vir ons as vroue duidelik word dat dit wonderlik is om God te mag dien juis met ons volledige vrouwees. Dit is wonderlik om 'n bruid met 'n pragtige, spierwit trourok te wees en deur almal bewonder te word. Nog wonderliker en dieper is die voorreg om Bruid van God te mag

wees - om nie net vir een dag in jou lewe 'n bruidsrok te dra nie, maar elke dag te werk aan die afronding van jou fyn wit, heilige bruidsklere, jou regverdige dade en mooi innerlike vir en voor God (Combrink,1989:123).

### 3.2.2 Byeenkoms 11: Innerlike verhouding

#### 3.2.2.1 Doel van byeenkoms

Om insig by die vroue te bewerkstellig ten opsigte van die noodsaaklikheid om jouself te ken ten einde 'n positiewe selfbeeld te vorm.

#### 3.2.2.2 Skrifgedeelte

2 Korintiërs 3:5: "Uit onsself is ons nie in staat om iets te bedink asof dit uit onsself kom nie. Ons bekwaamheid kom van God, ..."

2 Korintiërs 12:9b: "... Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees."

#### 3.2.2.3 Programmedia

Die groepsgesprek, persoonlikheidstipe vraelyste en inligtingstukke kan met groot sukses gebruik word.

#### 3.2.2.4 Inhoud van bespreking

'n Mens kan jou identiteit nie peil as 'n mens nie die sin van jou lewe begryp nie. Dus het die vrae: *Wie is ek en wat is die betekenis van my lewe?* direkte verband met mekaar.

Gerdes (1988:95) noem drie aspekte ten opsigte van identiteit:

- Die openbare identiteit (sosiale identiteit) wat verwys na 'n mens se posisie (plek) in die samelewing of na sosiale rolle;
- die persoonlike identiteit wat verwys na 'n mens se gevoel van kontinuïteit, dit wil sê dat jy die hele lewe deur en onder verskillende omstandighede dieselfde persoon is; en
- die individuele identiteit wat verwys na 'n mens se gevoel van individualiteit of uniekheid.

Spesifiek vir die vrou van vandag lê daar juis ook allerlei intensiewe worsteling rondom die vraag na haar identiteit en betekenis as mens. Combrink (1989:25) noem dat daar tans in sommige kringe selfs gepraat

word van 'n sogenaamde nuwe identiteitskrisis wat die moderne vrou beleef. Die vraag na die wese en betekenis van haar volledige menswees kom spesifiek na vore in hierdie tyd waar sy reeds grootliks bevry is van talle onbybelse, onlogiese en onnodige beperkinge - maar waar sy haar tog vasloop teen manlike chauvinisme en diskriminasie teen haar vrouwees.

Die vraag ontstaan miskien baie by die vrou rondom waarom sy nie 'n sê in haar huis mag hê nie; waarom daar nie ook aan haar behoeftes voldoen mag word nie. Waarom moet sy net altyd stilbly en miskien emosioneel of fisies mishandel word. Verder moet sy haarself nou afvra of sy dit verder mag toelaat. Wat van haar identiteit as volledige mens? As sy dan in die skepping saam met die man as verteenwoordiger aangestel, is dit dan reg om haar vrouwees as 'n beperking te aanvaar sodat sy net op "sekere" terreine effektief mag funksioneer? Is sy maar net 'n tweedehandse mens? Wie is sy dan regtig?

Die ondersoeker het van die Keirsey-model, soos verwerk deur Struwig (1996:1-7) se vraelys en verwerkings gebruik gemaak (kyk Bylae C). Hierdeur kan die groeplede bepaal watter persoonlikheidstipe hulle is en meer insig betreffende hulself verwerf.

Omdat die Keirsey-model egter nog nie aan alle maatskaplike werkers bekend is en hulle dus nie sal weet hoe om die vraelyste te interpreteer nie, kan die temperamentsvraelyste soos in Mol (1981:21-35) gevind, gebruik word. Groeplede kan die geleentheid kry om die vraelys te voltooi (kyk Bylae D) en na hulle die uitslag van hul temperament het, kan dit bespreek word.

Daar moet aan groeplede uitgelig word dat een temperament nie beter is as 'n ander nie. Elke temperament het sy sterk punte en sy swakhede. Die kenmerke sal nie noodwendig almal van toepassing wees op alle persone met dié besondere temperament nie, maar hulle is nietemin verteenwoordigend van die tipiese sterk punte en swakhede van dié besondere temperament (Mol, 1981:29).

Sit jy nou opgeskeep met jou swakhede?

Die antwoord is nee. Enige persoon kan verander:

- Indien jy wil verander;
- indien jy weet hoe om te verander; en
- indien jy ondersteuning kry om die verandering aan te pak.

Op die vraag hoe 'n vrou haarself moet verbeter, stel Greyvenstein, Venter en Reitsma (1983:185) dat 'n mens nooit te oud is om nuwe dinge te leer nie:

- 'n Vrou moet net aanhou om nuwe dinge te leer wat haar lewe en die lewens van haar gesin sal verbeter;
- sy moet hierdie nuwe kennis in haar huis gebruik om haar gesinslewe te verbeter;
- as daar leergroepe soos hierdie vrouegroepe vorm, moet sy deelneem en ook haar nuwe kennis met ander mense deel; en
- sy moet leer om probleme op te los en besluite te neem.

Ter afsluiting is dit belangrik om te onthou dat as jy jou identiteit reg sien, jy gebalanseerd en met innerlike vryheid kan leef. Dan het jy nie 'n skewe negatiewe selfbeeld wat jou lamlê en passief maak nie, en ook nie te veel selfvertroue wat jou verwaand maak nie. Dan kan jy jou mos nou as verloste en herstelde mens wat deur God toegerus word om Hom te dien, sien. Onthou, jy is uniek. Stel jouself met jou bepaalde menswees volledig tot God se beskikking.

### 3.2.3 Byeenkomste 12 en 13: Die rol van die vrou in die huweliksverhouding

#### 3.2.3.1 Doel van byeenkoms

Om insig by die vroue te bewerkstellig oor die belangrike rol wat die vrou in die huweliksverhouding speel.

#### 3.2.3.2 Skrifgedeelte

Genesis 2:18: "Verder het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke."

#### 3.2.3.3 Programmedia

Die groepsgesprek sal vir hierdie byeenkoms voldoende wees.

#### 3.2.3.4 Inhoud van bespreking

Jou huwelik kan óf een van die heerlikste dinge in die wêreld wees - en dit is soos wat God dit bedoel het, want Hy is self die insteller daarvan - óf een lang

uitgerekte marteling (Smit, 1996:207). Hoewel geluk in die huwelik van baie faktore afhang, kan jy self baie doen om van jou huwelik 'n fees te maak.

Van Velden (1983:74) noem dat liefde nie altyd maanskyn en rose is nie, maar dit is wel die essensie van die menslike bestaan. Om lief te hê, is om te lewe.

- **Hoe kan jy as vrou 'n poging aanwend om 'n gelukkige huwelik daar te stel?**

– **Begin deur jou maat te leer ken.**

Al is die egpaar al jare getroud, is dit nie noodwendig te sê dat hulle mekaar ken nie. Jy kan jou man ook die Kersey-modelvraelys (Struwig, 1996:1-7) of temperamentsvraelys (Mol, 1981:21-35) laat voltooi. Die uitslag kan vir jou baie beteken en sal jou moontlik laat besef waarom julle soveel konflik in die huwelik beleef. Miskien is dit omdat julle persoonlikhede totaal verskil of miskien omdat julle dieselfde persoonlikheidstipe het. Deur net dit te verstaan, kan al die begin van die oplossing van jul probleme wees.


– **Moenie 'n vloermat word nie**

Wat beteken dit om aan jou man onderdanig te wees? Beteken dit dat jy elke keer moet ingee? Beteken dit dat jy jou eie individualiteit moet verloor? Mol (1981:127) sê nee, dit is nie wat God bedoel het nie. Om onderdanig te wees, beteken nie dat jy 'n vloermat moet word nie. Dit beteken ook nie dat die vrou enigsins minderwaardig is in vergelyking met haar man nie. In werklikheid oortref die meeste vroue hul mans op die een of ander manier. Rust (1994:49) wys daarop dat die rol van beide man en vrou 'n ondersteunende en aanvullende funksie het. Daar is nie sprake van oorheersing of baasspelerigheid nie. Die vrou het 'n verantwoordelikheid vir ware onderdanigheid - sy gee gehoor aan die man en probeer sy belange bevorder. Maar dit doen sy as hy soos 'n ware hoof optree - nie 'n baasspelerige, onbybelse tiran nie.

- **Die rolle van die vrou**

God het die vrou geskape vir die spesiale doel om vir haar man 'n hulp te wees wat by hom pas (Genesis 2:18). As sulks kan ons vyf belangrike rolle in verhoudinge tot jou man identifiseer.

## DIAGRAM 2: ROLLE VAN DIE VROU




(Mol, 1981:131)

In die res van hierdie deel gaan ons gesels oor wat ondergeskiktheid in elk van hierdie areas behels, en wat 'n vrou kan doen in elk van hierdie rolle om haar man se emosionele behoeftes te bevredig.

– **Metgesel**

* **Is jy pret om mee saam te leef?**

Lag julle baie saam of vereenselwig hy jou met klagtes en 'n gesanik? Wanneer hy voorstel dat julle iets saam doen of saam êrens heen gaan, stem jy geesdriftig in, of het jy gewoonlik die een of ander beswaar? Watter soort verwelkoming kry jou man wanneer hy tuiskom? Is dit 'n geesdriftige "Haai ek is bly jy is tuis", of word hy oorval met 'n vloed van probleme en klagtes? Sien jou man daarna uit om huis toe te kom? (Mol, 1981:131-132).

* **Voel jou man tuis by jou?**

Kan hy homself wees in jou geselskap of moet hy sy woorde tel? Kan hy homself vryelik uitdruk of moet hy op sy hoede wees in geval hy jou ontstel of deur jou berispe word? 'n Vrou wat gedurig op haar man pik, is nie juis pret om mee saam te leef nie.

* **Raak jy betrokke by sy belangstellings?**

As jy nie weet wat jou man se belangstellings is nie, moet jy dalk begin om 'n poging aan te wend en uit te vind.

Dit beteken nie dat jy alles hoef te weet van motors of elektronika of wat ook al sy belangstelling is nie. Jy hoef ook nie noodwendig self aan byvoorbeeld sy sport deel te neem nie. Wat jy wel kan doen, is om belangstellend vrae te vra en geesdrif te toon. Maak gebruik van die biblioteek en doen 'n bietjie naslaanwerk en verras jou man met jou kennis. Die koerant is ook 'n manier om inligting in te win, veral ten opsigte van die nuutste sportgebeure en veranderde ekonomie (Mol, 1981:133 en Morgan, 1976:123).

* **Wees 'n goeie luisteraar**

Kyk na hom, luister aandagtig en hang aan sy lippe as hy met jou praat. Jy moet jou man se nommer een aanhanger wees. Lees tussen die reëls as jou man praat. Jy sal van behoeftes hoor wat hy nooit hardop sal uitspreek nie. As hy stilbly, moenie uitvis nie. Probeer hom komplimenteer en kyk hoe hy outomaties oopmaak. As hy in stilte ontspan, bly ook stil. As hy praat, gee jou volle aandag en luister (Morgan, 1976:117-119).

* **Moet hom nie kritiseer of verkleineer nie**

Watter man sal aan 'n sarkastiese vrou vertel wat regtig in hom omgaan? As hy weet dat hy elke keer aangeval gaan word, sal hy óf toemaak óf haar in eie munt terugbetaal. Ons vroue is so geneig om ons mans voor ander mense te kritiseer. Dis glad nie snaaks nie, dit is wreed. Dié soort optrede bring net bitterheid, wat kommunikasie feitlik onmoontlik maak.

– **Huisbestuurder**

* **Is jou huishouding 'n doel op sigself?**

Bestuur jy jou huishouding met die behoeftes van jou gesin voor oë, of om dit 'n vertoonstuk van jou eie bekwaamheid te maak? Rust (1994:36) noem dat in baie huise netheid 'n strydpunt is, veral met opgroeiende kinders. Sekere basiese reëls oor netheid moet uiteraard geld - veral met vertrekke soos 'n badkamer, wat meer as een gesinslid gebruik. Maar waar 'n huisvrou te hoë eise aan netheid stel, kan dit 'n gedurige strydpunt wees. Dit kan selfs 'n chroniese gekyf afgee, ten koste van belangriker dinge soos om gesinsverhoudinge op te bou.

* **Maak jy net vir gaste spesiale maaltye?**

Kry jou man soms 'n spesiale kersligete met sy gunstelingdis? Maak jy soms net uit die bloute vir hom sy gunstelingdis al hou jy nie daarvan nie? Maak

van spesiale dae soos jou man se verjaardag en jul huweliksherdenking spesiale geleenthede. Dit hoef nie duur te kos nie. Dit kan iets wees soos 'n vars geplukte bos blomme uit die tuin, 'n geliefkoosde maaltyd of ontbytskinkbord met verrassings, briefies of kaartjies met rympies of goeie wense.

* **Laat jy hom toe om finansiële besluite te neem?**

Mol (1981:134) noem dat daar 'n besliste verskil tussen finansiële administrasie en finansiële besluitneming is. Dit is heeltemal in orde vir 'n vrou om 'n huishoudingsbegroting uit te werk en die rekeninge te betaal, maar wanneer sy alleen beheer uitoefen oor hoe die geld bestee moet word, of hulle 'n artikel kan bekostig of nie, hoeveel gespaar en belê sal word, ontneem sy haar man van 'n baie belangrike aspek van leierskap in die huis. Hy moet die finale sê in die finansiële sake hê.

* **Spreek jy waardering uit vir sy materiële versorging?**

Mans in die myngemeenskap werk meestal in baie warm en gevaarlike plekke. Toon jy aan hom dat jy dit besef en toon jy aan hom dat dit jou nog soveel dankbaarder maak vir die geld wat hy huis toe bring? Toon jy jou waardering deur sy geld versigtig te bestee?

– **Moeder**

* **Kleef jy meer aan jou kinders as aan jou man?**

God stel dit baie duidelik dat 'n man en vrou mekaar moet aankleef. Tog is dit baie maklik vir 'n moeder om die behoeftes van haar kinders bo die behoeftes van haar man te stel. Menige vroue het al geweier om goed saam met haar man te doen, vanweë die kinders. Die probleem ontstaan dan dat wanneer die kinders die huis verlaat, die man en vrou niks meer in gemeen het nie (Mol, 1981:135).

* **Ondersteun jy jou man in sy dissipline?**

Ondersteun jy jou man, selfs wanneer jy nie heeltemal saamstem nie? Aangesien jy meer by die huis is met jou kinders as jou man, kan jy óf sy reëls ignoreer óf hulle handhaaf. As dit nie gebeur nie en ouers mekaar voor die kinders oor sekere verskille ten opsigte van kinderopvoeding teëgaan, sal gesinsprobleme daaruit voortvloei. Wanneer julle alleen is, kan jy op 'n mooi en rustige manier met jou man 'n probleem bespreek, maar voor die kinders

moet jy altyd sy posisie as hoof van die huis handhaaf (Mol, 1981:136). Wees versigtig om nie jou man belaglik te maak of hom in die kinders se oë af te takel nie.

– **Minnares**

Weet jy dat seks 'n gebeurtenis om tienuur saans is, maar dat superseks die somtotaal van 'n atmosfeer is wat reeds vroegoggend in werking gestel is? Jou houding teenoor jou man in daardie eerste oomblikke van 'n nuwe dag bepaal sy optrede vir die res van die dag. Die regte klimaat vir 'n genotvolle aandjie word reeds voor ontbyt deur jou geskep. Soms voel jy as vrou dat jy net goed is vir hom as hy seksueel wil verkeer. Miskien is dit belangrik dat jy tog moet weet dat seks drie betekenisse vir die man het.

* **Fisiese betekenis**

Alpaslan (1994:46) noem dat die man nie noodwendig 'n sterker seksdrang as die vrou het nie, maar eerder 'n groter fisiese dringendheid na ontlading het vanweë die seksuele spanning wat in sy liggaam opbou. Geslagsgemeenskap behels dus 'n ontlading van seksuele energie en spanning. Geslagsgemeenskap laat die man ontspan.

* **Emosionele betekenis**

Geslagsgemeenskap versterk die diepgewortelde behoefte om aanvaar te word en van betekenis te wees. Andersyds help seksuele intimiteit, deur implementering, om emosionele beskadiging wat die man ervaar, te herstel, te genees of te beloon.

* **Sosiale betekenis**

Hiermee word bedoel dat wanneer 'n man 'n bevredigende seksuele verhouding met sy vrou het, hy die wrywing wat hy in sy sosiale omgang en die werksituasie ervaar, beter kan hanteer. Sal jou man jou as 'n minnares uitsoek? Onthou 'n minnares verlei; 'n huisvrou gee toe. Ons weet almal watter een ontvang die lekkernye. 'n Minnares word glad nie goedgekeur nie, maar dit kan ook nie kwaad doen nie om af en toe na te gaan waarom sy vir 'n vrou kompetisie kan word nie. 'n Minnares is altyd skoon, geurig en goedversorgd. Daar is nooit helder ligte om haar nie, net sagte beligting of kerslig. Sy weier 'n man nooit haar liggaam of gesels met hom oor haar hoofpyne nie. Sy verkleineer of kritiseer nooit nie. Sy bou gedurig aan sy

ego. Sy maak seks opwindend! Hoe staan jou sake? Is jou huwelik in 'n groef? Sal jou man jou as minnares kies? (Morgan, 1976:103-104).

* **Maak jy jouself aantreklik vir jou man?**

Vroulike aantreklikheid is nie afhanklik van gelaatskleur of die beenstruktuur van die gesig nie. Skoonheid word hoofsaaklik deur drie faktore bepaal, naamlik gesigsuitdrukking, haarstyl en klere (Mol, 1981:136-137). Maak seker dat jou probleme saam met jou vyfuurbadwater uitloop. Sorg dat jy glad verhaar, geurig en in 'n uiters verleidelike tabberd jou man inwag. Skok sy voete onder hom uit! Bied hom baie subtiel leiding ten opsigte van dit waarvan jy van hou en wat jy geniet. Hy sal dit nie weet as jy hom nie help nie.

* **Laat hom ook weet dat hy vir jou seksueel begeerlik is**

Moenie dat hy altyd die inisiatief neem nie. Inisieer soms die liefdespel. Dit sal hom bo alle twyfel laat besef dat jy hom ook seksueel begeer en dit sal sy gevoel van manlikheid verhef.

– **Geestelike vennoot**

Dit wil bolangs lyk of vroue vandag om 'n verskeidenheid redes die mense is wat werklik erns maak met Christelike leesstof, Bybelstudie, gebedsgroepe, Christelike diensorganisasies en die geestelike opvoeding van hul kinders (Rust, 1994:53). Die vraag is egter of jy hom raadpleeg ten opsigte van geestelike probleme? Laat jy hom toe om die Bybel aan die kinders te leer? Bid julle ooit saam? Kan hy sien dat jy vir geestelike leiding na hom opsien, of voel hy geestelik minderwaardig teenoor jou? Vra jy hom ooit in tye van nood om vir jou te bid? Vertel jy hom van jou geestelike probleme of ervarings?

Jy sê miskien: "Ek sou dit dolgraag wil doen maar my man is nie 'n wedergebore Christen nie. Hy gaan nie eers saam met my kerk toe nie." In daardie geval moet jy jouself afvra: Trek jou lewe hom na Christus? In 1 Petrus 3:1 en 2 gee God baie spesifieke instruksies aan vroue wie se mans nie gelowiges is nie. "Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat as sommige aan die Woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wonder van die vroue sonder woorde gewin kan word as hulle julle reine godvresende wandel aanskou het." Die belangrikste opdrag is om nie vir jou man te preek nie. Baie mans is uit die koninkryk van God gehou deur vroue

wat alles in hul vermoë gedoen het om hul mans te bekeer. Dit geld egter nie net vir vroue met ongelowige mans nie, maar ook vir vroue met mans wat Christene is. Een van die ergste maniere om jou man te probeer verander, is om Bybeltekste na sy kop te gooi. Dit sal nie alleen faal om hom te verander nie, dit sal ook enige geestelike groei wat daar mag wees, stuit (Mol, 1981:138).

Groeplede kan die volgende punte bespreek of aantekeninge daaroor maak:

* Is ek vir my man die fontein waarin hy sy vreugde vind?
* Hoe kan ek al meer vir my man die vrou wees soos God dit wil hê?

As elke vrou 'n voorneme het om net maar haar kant te bring om 'n nuwe dieptedimensie en 'n vars sprankel in haar huwelik te bring, sal huwelike reeds aan kwaliteit wen. 'n Vrou wat net maar iets besef van die misterie en gawe, opdrag, eis en moontlikhede wat deur God vir die huwelik voorgeskryf word, sal met nuwe moed en idees die wonderlike pad begin loop wat in die Skrif voorgeskryf word.

### 3.2.4 Byeenkoms 14: Rol van die vrou ten opsigte van die ouer-kind-verhouding

#### 3.2.4.1 Doel van die byeenkoms

Om deur middel van 'n bespreking oor die ouer-kind-verhouding by die vroue insig te bewerkstellig oor die belangrike rol wat ouers in die doeltreffende maatskaplike funksionering van die kind speel.

#### 3.2.4.2 Skrifgedeelte

Deuteronomium 6:6-7: "Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan."

Joël 1:3: "Vertel dit aan julle kinders en laat hulle dit weer aan hulle kinders vertel en dié weer aan hulle nageslag!"

Efesiërs 6:4: "En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil."

#### 3.2.4.3 Programmedia

Die groepsgesprek en 'n skryfbord kan met sukses in hierdie byeenkoms gebruik word.

#### 3.2.4.4 Inhoud van bespreking

'n Moeder vorm 'n uiters belangrike deel van die insette wat in 'n kind se lewe gelewer word. Dit is juis 'n ma wat die kindjie dra, voed en koester, wat met die invoeling en aanvoeling, biddend behoort te worstel met die lang proses van opvoeding en lewenswerklikhede wat nog vir die kind mag voorlê. Smit (1996:199) noem dat die reis na die hart van 'n kind meermale 'n moeisame reis is, dis nimmereindigend, maar die vriendskap met 'n kind is een van die mooiste stasies wat 'n mens ooit kan bereik. Elke ouer moet daarna streef om 'n opregte vriendskapsverhouding met sy kind te vestig. Die verhouding met jou kinders sal uiteindelik bepaal hoe suksesvol jou invloed as ouer sal wees.

Om kinders groot te maak, is altyd 'n dure verantwoordelikheid. Die belangrikste manier om jou kinders reg groot te maak, is om daagliks vir hulle te bid en herhaaldelik God se wysheid in die grootmaakproses te vra.

- **Riglyne vir die daarstel van 'n gesonde ouer-kind-verhouding**

– **Bou van selfagting**

Ouers moet nooit vergeet dat 'n skewe selfagting die beeld van die kind vir die res van sy/haar lewe benadeel nie. Dit is soos 'n las of gewig wat hy ronddra oral waar hy gaan. Die gewig hiervan word later so swaar dat die persoon enigiets doen om daarvan ontslae te raak. Desperaatheid veroorsaak afwykings.

Hoe help ons ons kinders om hulself lief te kry?

Vermeulen (1985:131-139) noem dat dit eerstens begin by die begrip deur die ouer dat elke kind sy eie temperament het.

* Ouers moet geen onderskeid tussen hul kinders maak nie.
* Die probleem is dat baie ouers hieraan skuldig is en dit word dan die oorsaak van selfveragting in stede van selfagting.

Tweedens kan ons ons kinders leer om hulself lief te kry deur die ontwikkeling van sterk huweliksbande.

* 'n Onstabiele huwelik is die oorsaak vir spanning, vrees en onsekerheid in die familiekonsep. Om hierdie rede moet daar aan die huwelik gewerk word, want geen huwelik werk vanself nie.

Derdens kan ons fisiese kontak gebruik.

* Die wese van aanraking of kontak maak is 'n wyse van liefdes-uitdrukking.
* Kinders het 'n behoefte om gereeld aangeraak te word.
* Ouers kan dit te min doen maar nooit te veel nie.
* Kinders put baie versekering uit hul ouers se fisiese aanraking en positiewe hantering. Hierdie optrede vestig gesonde en voordelige patrone van menslike verhoudinge wat die kind reg deur sy lewe goed sal dien, veral in sy huwelik waar dit hom onnodige negatiewe emosionele lyding sal spaar.

Vierdens kan oogkontak beoefen word.

* Weet jy dat jy met jou oë gesels, soms meer hoorbaar as met die stem of mond?
* Wanneer jy jou kind(ers) in die oë kyk (nie daardie kwaai, ongeduldige of verwytende kyk nie), is jy besig om hul selfagting te help ontwikkel.
* Dit vertel hom/haar ook dat hy iets vir jou beteken wanneer jy jou onverdeelde aandag aan hom/haar gee.

Vyfdens is komplementering uiters belangrik.

* Oor die algemeen is ouers meer ingestel om die kind se minusse te vergroot en te herhaal as om aan die plusse erkenning te gee.
* Ouers is meestal ingestem op kritiek eerder as komplimentering.

Sesdens help dit jou as ouer ook om verskoning te vra (Vermeulen, 1985:131-139).

- **Luister**

Om jou kind te kan begryp, moet jy die kommunikasiegaping tussen jou en jou kind eers oorbrug. Dit behels meestal dat jy meer moet luister en minder moet praat. Die volgende wenke kan jou help om na jou kind te luister:

* Wees beskikbaar;
* wees aangename geselskap vir jou kinders;
* wees inskiklik en luister na jou kind se saak; en
* wees begrypend (Morgan, 1975:138-140).

- **Dissipline**

Dissipline is kinderopvoeding. Baie mense verwar dissipline met lyfstraf, maar dissipline is positiewe opvoeding, dit wat jy vir 'n kind doen en nie wat jy met hom doen nie. Dissipline berus op twee basiese beginsels: om net liefde te beperk en om met liefde reg te stel wanneer hierdie beperkinge oorskry is.

'n Ouer wat bang is om beperkinge te stel, bang om te verbied en onwillig om op te voed, stuur sy kind die lewe in sonder die nodige kennis om daardie lewe te hanteer.

* Stel perke met liefde - moenie bang wees om eise te stel nie. Laat die kind weet wat van hom/haar verwag word. Dit sal hom/haar net veilig laat voel as hy/sy weet wat hy/sy mag en wat hy/sy nie mag doen nie.

* Tug met liefde - Wanneer jou kind oortree, is dit jou plig om hom met liefde te tugtig. Kinders is van nature ongehoorsaam - vanaf hul vyftiende maand tot by adolessensie. 'n Gehoorsame kind word dus gemaak, nie gebore nie (Morgan, 1976:141-144).

- **Godsdiens**

* Moenie jou lig onder die maatemmer wegsteek nie.
* Plaas dit waar ander dit kan sien.
* Om jou kind te help in sy soeke na God, kan jy die volgende wenke volg:

⇒ Lees vir jou kinders elke dag uit die Bybel voor.

⇒ Voorsien geestelike bronne - gee jou kind goeie boeke, met 'n geestelike strekking om te lees oor seks, dwelmmiddels en sake van

die dag. Jou kind kan uit boeke leer wat jy nie in staat is om aan hom te sê nie. Help jou kind deur altyd goeie boeke tot haar/sy beskikking te stel.

⇒ Bid saam (Morgan, 1976:145-147).

Smit (1996:199) bied die volgende reëls wat sy as "Die tien gebooie vir ouers" voorhou:

◊ My handjies is klein - moet asseblief nie perfeksie verwag as ek 'n bed opmaak, 'n prent teken of 'n bal gooi nie. My beentjies is kort - loop stadiger sodat ek kan bybly.

◊ My oë het nog nie die wêreld gesien soos joune nie - laat my toe om dit veilig te ontdek sonder om my onnodig aan bande te lê.

◊ Die huiswerk sal altyd daar wees. Ek is net vir 'n kort rukkie jonk. Maak tyd om dinge oor die wonderlike wêreld aan my te verduidelik.

◊ Behandel my soos jy graag behandel wil wees - moenie heeldag onnodig met my raas nie - jy sal ook nie daarvan hou om gedurig nuuskierig genoem te word nie.

◊ Ek is 'n geskenk van God - koester my soos wat God wil hê. Laat ek verantwoordelikheid vir my dade aanvaar, gee vir my die regte leiding en dissiplineer my met liefde.

◊ Ek het jou aanmoediging (maar nie jou onopregte lof nie) nodig om te kan groei. Moet my nie onnodig kritiseer nie - onthou jy kan die dinge wat ek doen, veroordeel sonder om my te veroordeel.

◊ Gee my die vryheid om my eie beslissings te maak. Laat my toe om foute te maak, sodat ek van my foute kan leer.

◊ Moenie dinge óór doen nie - dit laat my voel dat my pogings nie goed genoeg was nie. Ek weet dis swaar, maar moet my nie met my broer of suster vergelyk nie.

◊ Moenie huiwer om vir 'n naweek saam weg te gaan nie. Kinders het vakansie nodig van hulle ouers, en ouers het vakansie nodig van hulle kinders. En dit is 'n goeie manier om ons kinders te wys dat julle huwelik spesiaal is.

◊ Neem my saam kerk en kategeseskool toe - ek wil graag meer leer van God (Smit, 1996:199-200).

Hierdie "Tien gebooie vir ouers" kan vooraf getik en afdrukke kan gemaak word. Die groepleier kan dit dan aan die groeplede uitdeel om dit iewers waar hulle dit gereeld kan sien, vas te sit.

Vrae wat groeplede kan beantwoord rondom ouer-kind-verhouding:

1. Hoeveel aangename tye het ek en my kind saam beleef?
2. In watter trant het ek met hom/haar gepraat?
3. Hoe dikwels het ek tasbaar gewys dat ek my kind liefhet en vir sy/haar behoeftes omgee?
4. Sien my kind dat ek bid?

## 3.3 ANDER PROGRAMAKTIWITEITE

Hierdie aktiwiteite moet na goeddunke tussen die ander byeenkomste ingewerk word vir afwisseling en uitbreiding van die groeplede se kennis. Hierdie byeenkomste sal egter van groep, omgewing en groepleier afhang en daar kan slegs aanbevelings en nie volledige programbeskrywing gebied word nie.

### 3.3.1 Uitstappies ter uitbreiding van groeplede se algemene kennis

#### 3.3.1.1 Doel van byeenkomste

Deur uitstappies kan groeplede blootgestel word aan gebeure in die buitewêreld wat daartoe sal bydra dat hulle algemene kennis sal verbreed.

#### 3.3.1.2 Skrifgedeelte

Psalm 8:2: "Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat u in die hemelruim geplaas het!"

#### 3.3.1.3 Programmedia

Uitstappies (vir die ondersoek het uitstappies na die vyfde en elfde byeenkoms plaasgevind).

#### 3.3.1.4 Inhoud van bespreking

Die beplanning vir uitstappies sal afhang van die geld en hulpbronne tot die groep se beskikking asook die omgewing waarvandaan die groeplede kom, bedoelende dat die dorp waar groeplede woon, dalk ver van enige besiens-waardigheid is. Die uitstappies moet dus na gelang van omstandighede beplan word.

Voorstelle vir uitstappies:

- Fabrieke
  - waar byvoorbeeld blikkieskos verwerk en verpak word;
  - waar grimering gemaak word.
- Instansies
  - byvoorbeeld instansies vir beskermde arbeid om te besef wat hulle doen en late is;
  - alkohol- en dwelmafhanklikheidsrehabilitasiesentrums;
  - oorde vir gestremdes.
- 'n Besoek aan die SAUK is gewoonlik baie leersaam.
- Die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde is 'n goeie en interessante leerskool.
- 'n Ondergrondse besoek by een van die mynskagte (noodsaaklikheid) - bied insig aan die vroue rondom hul mans se werksomstandighede.
- Natuurreservate kweek by die vroue die diepe besef van die wonder van God se skepping.
- Besoeke aan omliggende plase - meer inligting rondom boerdery, hetsy met gesaaides, vrugteboorde, beeste, skape en hoenders kan aan die vroue oorgedra word en sodoende hul visie verbreed rondom wat boere eintlik doen en wat dit byvoorbeeld behels om melk tot jou beskikking in die winkel te hê.
- Verskillende voedselrade kan besoek word, byvoorbeeld die Suiwel-raad en die Vleisraad.

### 3.3.2 Die aanleer van sekere handvaardighede

#### 3.3.2.1 Doel van die byeenkoms

Tydens hierdie byeenkomste kan die vroue geleentheid gebied word om verborge talente te ontwikkel deur die aanleer van sekere handvaardighede.

#### 3.3.2.2 Skrifgedeelte

Spreuke 31:10, 17. 31: " 'n Knap vrou is baie werd ... Sy pak die werk aan met krag, haar hande staan vir niks verkeerd nie. Gee haar wat haar toekom vir alles wat sy doen; laat haar werk haar roem wees in die stadspoorte."

#### 3.3.2.3 Programmedia

Demonstrasies deur 'n spreker sal as goeie programmedia vir hierdie byeenkomste dien. (Vir hierdie ondersoek is spesiale byeenkomste vir handvaardighede na die derde en dertiende byeenkomste van die uitgewerkte program gereël).

#### 3.3.2.4 Inhoud van bespreking

Hierdie handvaardigheidsbyeenkomste kan as afwisseling tussen die ander byeenkomste gebruik word. Dit sal die groepsbyeenkomste lewendig hou en as iets om na uit te sien, ervaar word. Die aanleer van handvaardighede behels 'n wye spektrum idees wat gebruik kan word. Dit is belangrik om die groeplede se behoeftes te bepaal en dan vas te stel of daar wel iemand is wat die demonstrasie kan lewer. Groeplede wat oor 'n spesifieke vaardigheid beskik, kan miskien positief aangewend word as spreker.

Belangstellings kan die volgende insluit:

- Pottebakkery;
- blommerangskikking;
- detailversiering van koeke;
- maak van tuiskaartjies (vir byvoorbeeld verjaardae)
- op materiaal verf;
- servette vou;
- maak van versierings vir die huis of persoon, byvoorbeeld borsspelde;
- wasrosies/blomme;
- basiese naaldwerkvaardighede;
- onthaaltegnieke; en
- gipsbeeldjies of ornamente.

Met die bemeestering van hierdie handvaardighede verkry die vrou self-vertroue, wat tot 'n positiewe selfbeeld aanleiding kan gee. Die groeplede kan aangemoedig word om tuis of vanuit die vrouegroep met projekte te begin wat vir haar finansiële voordeel sal inhou. Hierdie projekte kan ontstaan vanuit die handvaardigheid wat bemeester is en wat vir haar finansiële voordeel kan inhou. 'n Tuisnywerheid kan begin word as daar nie een in die *village* is nie.

## 3.4 AFSLUITING (BYEENKOMS 19)

### 3.4.1 Doel van byeenkoms

Formele afsluiting van groepbyeenkomste.

### 3.4.2 Skrifgedeelte

Jesaja 35:10: "Dié wat deur die Here verlos is, sal terugkeer, hulle sal juigend in Sion aankom, hulle sal altyd straal van blydskap, hulle sal vol vreugde en blydskap wees; ellende en smart sal verdwyn."

### 3.4.3 Programmedia

Groepsgesprek en 'n verdienstelikheidsertifikaat.

### 3.4.4 Inhoud van bespreking

'n Spesiale geleentheid kan van die afsluiting gemaak word, byvoorbeeld die vroue kan na 'n teetuin, restaurant of piekniekplek gaan en gesellig saam verkeer. Tydens die verrigtinge kan die vroue die geleentheid kry om terugvoer te lewer ten opsigte van hul ervaring van die groep en ook aanbevelings maak vir veranderings wat aan die program aangebring kan word. Daar kan aan elke vrou 'n sertifikaat oorhandig word wat as bewys kan dien dat sy 'n "volkome vrouwees"-program deurloop het. Hierdie sertifikaat kan sy op 'n spesiale plek ophang wat haar voortdurend sal herinner aan dit was sy geleer het tydens die groepbyeenkomste en aan te hou om dit toe te pas.

# 4. ALGEMENE OPMERKINGS

Die onderwerpe wat aangebied word, kan na gelang van die groeplede se behoeftes oor meer byeenkomste strek. Hierdie vroue het vele behoeftes op

'n wye terrein. Die program is plooibaar en daar mag by sommige groepe die behoefte bestaan om byvoorbeeld minder oor die huwelik en meer oor kinders te praat. Hierdie buigsaamheid moet deur elke afsonderlike groepwerker aangevoel en begelei word. Die groepleier moet egter versigtig wees dat die inhoud van die program nie te ingewikkeld raak en die vroue die kennis in elk geval nie sal kan gebruik nie.

'n Verdere behoefte wat die ondersoeker uit die program beleef het, was dat sy nie daar kon wees om groeplede te lei om selffunksionerende projekte soos byvoorbeeld 'n tuisnywerheid te begin nie. Die inisiëring van so 'n projek kan vir die vroue se selfbeeld en onafhanklikheid definitief tot voordeel wees.

Die program is nie ingewikkeld nie en maatskaplike werkers kan byvoorbeeld klinieksusters of onderwyseresse wat nie 'n buiteberoep beoefen nie, oplei om as vrywilligers met sulke groepe te begin en sodoende seker maak dat meer vroue in die gemeenskap aan die program blootgestel word. Dit was 'n frustrasie wat die ondersoeker beleef het om te weet dat die behoefte in die navorsingsgemeenskappe so hoog is, maar dat die program eers as geskik bevind moet word voor ander mense opgelei kan word om sulke groepe te begin aanbied.

## 5. SAMEVATTING

Programmedia is die verskillende elemente waaruit die totale program bestaan en wat rigting gee aan die aktiwiteite van die groep.

Die doelwitte van die programaktiwiteite moet die doelstellings van die groep ondersteun. Die programaktiwiteit moet uitvoerbaar wees vir die groeplede sowel as die groepleier. Die programaktiwiteit moet aanleiding gee tot persoonlike, intellektuele en fisiese groei. Wanneer alle moontlike opsies deeglik oorweeg is, moet die toepaslike programmedia geselekteer word.

Dit is belangrik om onderwerpe te kies wat vir die volwasse vrou van waarde kan wees sodat dit haar kan help om 'n positiewe selfbeeld te vorm wat tot beter maatskaplike funksionering aanleiding sal gee. Al die onderwerpe wat behandel is, is op so 'n wyse aangebied dat dit aansluiting gevind het by die langtermyndoelstelling van die groep, naamlik die uitbou van die volwasse vrou se selfbeeld.

In die volgende hoofstuk word daar vervolgens aandag geskenk aan die navorsingsmetodologie, naamlik intervensienavorsing.

# HOOFSTUK 5

# NAVORSINGSMETODOLOGIE: INTERVENSIENAVORSING AS METODE VAN NAVORSING

## 1. INLEIDING

Navorsing het met die invordering van kennis te doen. Navorsing het deur die jare 'n al hoe groter rol in maatskaplike werk begin speel. Dit is van die uiterste belang om voortdurend nuwe kennis vir die praktyk te ontwikkel om die massa probleme wat ervaar word, meer effektief te kan aanpak. Dit is ook belangrik om dit wat nagevors is, te evalueer om sodoende die effektiwiteit van die intervensie te bepaal.

In hierdie hoofstuk gaan daar klem gelê word op die navorsingsontwerp wat vir hierdie ondersoek gebruik is, naamlik die verkennende navorsing wat daarop gerig is om 'n terrein waaroor daar min inligting bestaan, te verken en duideliker af te baken. Die metode van navorsing wat vir die doel gebruik word, is intervensienavorsing. Die wyses van data-insameling, naamlik deelnemende waarneming en die enkelstelselontwerp, sal egter in die volgende hoofstuk uiteengesit word.

In die bespreking van intervensienavorsing word daar gelet op begripomskrywing en die fases van intervensienavorsing.

## 2. INTERVENSIENAVORSING

Intervensienavorsing word gesien as 'n opwindende nuwe siening van toegepaste navorsing in maatskaplike werk. Die ontstaan van intervensienavorsing gaan gepaard met 'n hele ontwikkelingsgeskiedenis. Twee pioniers, naamlik Rothman, bekend vir sy DR & U-model, en Thomas, bekend vir sy sosiale R & D-model, (1994) het saamgewerk om 'n nuwe integrasie van hul modelle te lewer - Ontwerp en ontwikkeling of D & D-model - wat nou intervensienavorsing genoem word (De Vos *et al.*, 1998:384-385). Omdat intervensienavorsing so 'n nuwe siening van toegepaste navorsing is, is dit belangrik om die metode sover moontlik aan te spreek en bekend te stel. In hierdie ondersoek word daar van die geleentheid gebruik gemaak om die

metode te gebruik en die gebruiker van hierdie ondersoek aan die inligting bloot te stel.

## 2.1 BEGRIPOMSKRYWING

Intervensienavorsing word deur die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:31) beskryf as "Navorsing wat gerig is op die daarstelling van sistematiese prosedures vir die ontwerp, toetsing, evaluering en verfyning van tegnieke en instrumente met die oog op intervensie in maatskaplike probleme in gemeenskappe en groepe."

## 2.2 FASES VAN INTERVENSIENAVORSING

Intervensienavorsing kan gesien word as 'n fasemodel bestaande uit ses fases. Elk van hierdie fases sluit 'n reeks stappe in. 'n Skematiese voorstelling met die fases en reeks stappe word vervolgens weergegee.

**SKEMATIESE VOORSTELLING 2: FASES VAN INTERVENSIENAVORSING**

**Intervensienavorsing**

↓

| Probleemanalise en beplanningsfase | Insameling van data en sintesefase | Ontwerpfase | Voorlopige ontwikkeling en voorondersoekfase | Evaluasie en aangepaste ontwikkelingsfase | Disseminasiefase |
|---|---|---|---|---|---|
| ↓ | ↓ | ↓ | ↓ | ↓ | ↓ |
| Identifisering en betrekking van kliënte | Gebruik bestaande inligtingsbronne | Ontwerp van 'n waarnemingsisteem | Ontwikkeling van 'n prototipe of voorlopige intervensie | Kies van 'n eksperimentele ontwerp | Berei die produk voor vir disseminasie |
| ↓ | ↓ | ↓ | ↓ | ↓ | ↓ |
| Verkry toegang en samewerking van die omgewing | Bestudeer natuurlike voorbeelde | Spesifisering van prosedure-elemente van die intervensie | Uitvoering van 'n steekproef | Insameling en ontleding van data | Identifiseer potensiële markte vir die intervensie |
| ↓ | ↓ | | ↓ | ↓ | ↓ |
| Identifiseer bekommernisse van die inwoners | Identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle | | Toepassing van ontwerpkriteria tot die voorlopige intervensiekonsep | Herhaling van die intervensie onder veldomstandighede | Skep 'n aanvraag vir die intervensie |
| ↓ | | | | ↓ | ↓ |
| Ontleed geïdentifiseerde bekommernisse | | | | Verfyning van die intervensie | Moedig geskikte aanpassings aan |
| ↓ | | | | | ↓ |
| Stel doelstellings en doelwitte | | | | | Voorsien tegniese ondersteuning vir aanvaardes |

(De Vos *et al.*, 1998:385)

Die fases sal nou kortliks bespreek word.

### 2.2.1 Probleemontleding- en beplanningsfase

Die fase wat die eerste fase van die D & D voorafgaan, word analise genoem (De Vos *et al.*, 1998:386). Analise beteken om te ontleed, of die kritiese ondersoek van 'n menslike situasie (Botes, 1997:30). Hierdie problematiese menslike situasie word dikwels nie deur professionele persone of die publiek erken nie. Die doelstelling van die aktiwiteite wat gedurende die analiseringsfase uitgevoer word, is om so 'n erkenning wel te laat geskied. Probleemidentifisering word voorafgegaan deur probleemanalise (Thomas, 1984:142-143). Twee faktore is betrokke by die identifisering van 'n toestand (kondisie) as 'n probleem:

- Erkenning dat 'n professionele en/of gemeenskapstandaard (norm) bestaan, gebaseer op sosiale waardes, wat gegewe vlakke van gedrag of welstand as geskik definieer; en

- teenstrydigheid tussen die standaarde of norme en die bestaande gedrag of toestand van die welstand van die gegewe individue of groepe (De Vos *et al.*, 1998:386).

As toevoeging tot die identifikasie en ontleding van die problematiese menslike toestand, sluit die analisefase 'n oorsig van die "state-of-the-art"- die staat van bestaande intervensie in (Botes, 1997:31 en Grinnell, 1981:597). De Vos *et al.*, (1998:387) stel betreffende die "state-of-the-art" die volgende: "The purpose of the state-of-the-art review is to determine whether relevant interventions already exist and, if so, whether further development is merited."

In die konseptualisering van die eerste fase van die nuwe D & D-model word die volgende as van belang gesien en sal dit kortliks bespreek word: Identifiseer en betrek kliënte, verkry toegang en samewerking van die omgewing, identifiseer bekommernisse van die inwoners, ontleed geïdentifiseerde probleme en stel doelstellings en doelwitte (Rothman & Thomas, 1994:27).

#### 2.2.1.1 Identifisering en betrekking van kliënte

Intervensienavorsing kies 'n kiesafdeling of 'n populasie om mee saam te werk. De Vos *et al.*, (1998:387) stel die volgende: "A population is selected whose issues are of current or emerging interest to clients themselves, researchers and society." In samewerking met die kliënte van die projek, identifiseer die navorser die spesifieke teikens en doelstellings van die

intervensie. Rothman en Thomas (1994:29-30) noem die volgende: "Research that addresses the critical strengths and problems of important constituencies has a greater chance of receiving support from the target population, professional community and general public." Dit is dus belangrik om in ag te neem dat navorsing meer ondersteuning sal ontvang indien ware behoeftes en ernstige probleme aangespreek word.

**Die populasie wat die ondersoeker geselekteer het, was die volwasse vroue in die myngemeenskap wat sekere probleme ervaar het. Die ondersoeker het die hoofprobleme geïdentifiseer as swak skolastiese agtergrond, wat daartoe lei dat hulle maar die aftakeling van hul menswees aanvaar, of die feit dat hulle moeilike kinderjare gehad het en nie dissipline op hul kinders toepas nie, want hulle wil die kinders die vryheid gee wat hulle nie gehad het nie. Dit veroorsaak weer onge-dissiplineerde probleemkinders en later volwassenes en 'n kringloop is die gevolg.**

**Emosionele en fisiese mishandeling was aan die orde van die dag. Min tot geen verrykingsgeleenthede was vir die vroue beskikbaar nie. Inligting rondom die probleme wat volwasse vroue in die myngemeen-skap ervaar, is verkry vanuit die getal aanmeldings by die EAP-sentrum (Employee Assistance Programme-sentrum) van die maatskappy waar die ondersoeker werksaam was, asook uit onderhoude wat met vroue, mediese dokters, predikante, skoolhoofde en klinieksusters in die gemeenskap gevoer is.**

#### 2.2.1.2 Verkry toegang en samewerking van die populasie

De Vos *et al.*, (1998:388) noem dat sleutelinformante plaaslike gewoontes aan navorsers kan verduidelik en ook die navorser kan voorstel aan hekwagters wat toegang tot die opset verleen. Gesprekvoering met sleutelinformante kan navorsers help om te verstaan wat die navorser moet bied en hoe om die voordele vir die potensiële deelnemers en lede van die groep of organisasie duidelik te stel. Grinnell (1993:60) stel die volgende: "Access is not always easy to obtain, because group members seldom feel the need to share the details of their lives with outsiders, and to become an insider usually requires introductions and legitimation."

Om toegang te verkry, kan baie tydrowend wees. Suksesvolle intervensiena-vorsers vorm 'n samewerkende verhouding met verteenwoordigers van die opset deur hulle by die identifisering van probleme, beplanning van die projek

en die implementering van geselekteerde intervensie te betrek. Deur met diegene saam te werk wat toegang moontlik kan maak, verkry die ondersoeker die samewerking en ondersteuning wat nodig is om intervensienavorsing aan te voer (De Vos *et al.*, 1998:388). Grinnell (1993:60) noem dat dit makliker is om toegang te verkry in onbewaakte gemeenskappe waar daar min is om weg te steek.

**Omdat die ondersoeker deel was van die gemeenskap uit die aard van die ondersoeker se werksaamhede in die gemeenskap as maatskaplike werker, was dit maklik om toegang en samewerking van die gemeenskap te verkry. Hoewel die mense versigtig is vir 'n maatskaplike werker, is dit in hierdie geval meestal uitgeskakel omdat die ondersoeker al hoe meer in die omgewing bekend geword het vir haar manier van dienslewering. Die klinieksusters in die *villages* het ook daartoe bygedra om toegang vir die ondersoeker te bewerkstellig. Klinieksusters in die *villages* moet baie keer vir die vroue in die myngemeenskap as uitlaatklep dien.**

### 2.2.1.3 Identifiseer bekommernisse van die inwoners

Intervensienavorsers moet indrukwekkende eksterne sienings van die probleem en oplossings vermy. Wanneer hulle toegang tot die opset verkry, kan toegepaste navorsers 'n poging aanwend om die kwessies van belang vir die bevolking te verstaan. Navorsers gebruik informele persoonlike kontakmetodes, opnames en gemeenskapsforums (De Vos *et al.*, 1998:389; Grinnell, 1993:61 en Rothman & Thomas, 1994:29).

**Omdat die navorser 'n maatskaplike werker in die gemeenskap was, het die behoeftes en probleme in gesprekvoering, dus persoonlike kontakmetodes met die vroue, na vore gekom. Uit gesprekvoering met verskillende rolspelers in die gemeenskap was dit duidelik dat daar 'n algemene gevoel van kommer oor die situasie van die vrou in die myngemeenskap was. Die ondersoeker was ook bekommerd dat vanweë die gebruik van 'n betreklik onbekende navorsingsmetode die ondersoek dalk nie suksesvol sou wees nie.**

### 2.2.1.4 Ontleed geïdentifiseerde bekommernisse

'n Baie belangrike aspek van hierdie fase is om dinge wat mense as gemeenskapsprobleme etiketteer, te ontleed. 'n Paar sleutelvrae kan as

riglyn dien in die proses van probleemanalise. Die vrae word vervolgens uiteengesit:

- Wat is die soort diskrepans tussen "ideaal" en die "werklike" toestand wat die probleem definieer?
- Vir wie is die situasie 'n probleem?
- Wat is die negatiewe gevolge van die probleem vir geaffekteerde individue?
- Wat is die negatiewe gevolge van die probleem vir die gemeenskap?
- Wie (indien enige) word bevoordeel uit die toestand soos wat dit tans is?
- Hoe word hulle bevoordeel? (De Vos *et al.*, 1998:389).

Hierdie vrae kan gesien word as vrae wat die gevolge navors en wat help om te verduidelik waarom die probleem bestaan en waarom intervensie nie geslaag het of onderneem is níe.

Verdere vrae wat as riglyn kan dien, word deur De Vos *et al.*, (1998:389) soos volg weergegee:

- Wie moet die verantwoordelikheid van die oplossing van die probleem deel?
- Watter gedrag (van wie) is nodig om te verander om die probleem as opgelos te kan sien?
- Watter toestande/omstandighede moet verander om die benodigde verandering te vestig of te ondersteun?
- Op watter vlak moet die probleem aangespreek word?
- Word die probleem aangetref in die gedrag van sleutelindividu, in die onmiddellike fisiese of sosiale omgewing, met wyer strukturele omstandighede soos chroniese werkloosheid, of met staats- of besigheidsbeleide?

Hierdie vrae dien as goeie riglyne vir intervensienavorsers om geïdentifiseerde bekommernisse te ontleed. Deur van riglyne gebruik te maak, maak

dit dit reeds vir die navorser makliker om 'n vertrekpunt te verkry en is dit dus baie meer tydbesparend as die navorser weet waar om te begin.

**Die ondersoeker het gevind dat deur die vrae te gebruik, daar duidelike uitsluitsel verkry kon word wat die bekommernisse van die myngemeenskap is en watter bekommernisse prioriteit moes geniet. Hierdie vrae het die ondersoeker vinnig uitsluitsel gegee oor hoe die probleem tans blyk te wees en ook gehelp om aan te dui waarheen met die probleem gegaan moet word en wie daarby betrek moet word in die oplossing daarvan.**

#### 2.2.1.5 Stel doelstellings en doelwitte

Die finale deel van hierdie fase is om doelstellings en doelwitte daar te stel. Botes (1997:38) noem dat doelstellings rigting aandui en geregverdig en in aansluiting met die analiseringsfase moet wees. De Vos *et al.*, (1998:389) stel die volgende oor doelstellings: "... goals refer to the broad conditions or outcomes that are desired by the community of interest". Doelwitte verwys na daardie meer spesifieke veranderings in programme, beleid of praktyke wat veronderstel is om tot die bereiking van die wyer doelstelling aanleiding te gee. Botes (1997:38) is van mening dat duidelik meetbare doelwitte wat met inagneming van die leerbehoeftes gestel word, belangrik is.

**Deur doelstellings en doelwitte daar te stel, was dit vir die ondersoeker duideliker wat gedoen en verander moet word ten einde die intervensie te kan laat plaasvind. Dit was vir die ondersoeker makliker om oor te gaan in die volgende fase omdat deur te weet watter doelstelling en doelwitte bereik wou word, daar gefokus kan word op data-insameling wat tot die bereiking van daardie doelstelling en doelwitte aanleiding sou gee.**

Deur in hierdie fase 'n weldeurdagte probleemontleding te doen, kan daar moontlike teikens vir verandering en moontlike elemente van die intervensie geïdentifiseer word. Bogenoemde kan struktuur bied aan die volgende fase, naamlik die insameling van data en sintese.

### 2.2.2 Die insameling van data en sintesefase

Wanneer 'n intervensienavorsingsprojek beplan word, is dit van wesenlike belang om ondersoek in te stel betreffende wat ander reeds gedoen het om die probleem te verstaan en aan te spreek. De Vos *et al.*, (1998:390) stel in

dié verband die volgende: "Knowledge acquisition involves identifying and selecting relevant types of knowledge and using and integrating appropriate sources of information. Particular useful sources are existing forms of archival information and natural examples of successful practices of individuals or organisations."

Die sleutelaspekte van hierdie fase is die:

- Gebruik van bestaande informasiebronne;
- bestudering van natuurlike voorbeelde; en
- identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle.

Bogenoemde sal vervolgens so bespreek word.

#### 2.2.2.1 Gebruik van bestaande inligtingsbronne

'n Literatuurstudie bestaan gewoonlik uit 'n ondersoek van uitgesoekte empiriese navorsing, gerapporteerde praktyk en geïdentifiseerde innovasies wat relevant is met betrekking tot dit wat bestudeer word. Rekenaardatabasisse kan van groot hulp wees in die opsporing van moontlike inligtingsbronne (De Vos *et al.*, 1998:390). Intervensienavorsers moet egter verby die literatuur van hul bepaalde veld kyk. Dit is noodsaaklik omdat gemeenskapsprobleme hulself nie net tot die verskillende mens- en sosio-wetenskaplike dissiplines bepaal nie. Rothman en Thomas (1994:32) stel die volgende: "Thus intervention research must contribute to both the 'scholarship of discovery' - the generation of new knowledge about behaviour-environment relations - and the 'scholarship of integration', establishing new linkages between concepts and methods of various disciplines." Intervensienavorsing is dus nie net belangrik vir nuwe ontdekkings nie, maar ook om skakeling tussen die verskillende dissiplines te bewerkstellig wat so noodsaaklik is vir die massa probleme wat wêreldwyd hanteer moet word.

**Die ondersoeker het in samewerking met personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO die volgende databasisse benut om op die hoogte te kom met vorige navorsing betreffende vroue in die myngemeenskap. Die databasisse wat benut is (soos in Hoofstuk 1 uiteengesit) is soos volg: Nexus, die Repertorium van Suid-Afrikaanse Tydskrifartikels, Social Work Abstracts, Social Sciences Index, Psyclit en Dissertation Abstracts International. Deskundiges is ook geraadpleeg rondom die probleem.**

#### 2.2.2.2 Bestudering van natuurlike voorbeelde

De Vos *et al.*, (1998:391) is van mening dat 'n besonder bruikbare bron van inligting is om waar te neem hoe lede in die gemeenskap wat die probleem wat ondersoek word, of 'n soortgelyke probleem ervaar, pogings aangewend het om dit te hanteer. Deur onderhoude te voer met mense wat die probleem ervaar het, soos byvoorbeeld kliënte, of die wat kennis daarvan het, soos diensverskaffers, kan insig bekom word ten opsigte van die moontlikheid of die intervensie suksesvol sal wees of nie en watter veranderlikes die moontlike sukses kan beïnvloed. Deur onsuksesvolle programme en praktyke te bestudeer, kan van groot waarde wees, want dit kan die ondersoeker help om metodes en kontekstuele kenmerke wat moontlik belangrik vir sukses kan wees, te identifiseer.

**In hierdie deel van die ondersoek is daar van deelnemende waarneming as wyse van data-insameling gebruik gemaak en sal in die volgende hoofstuk uiteengesit en bespreek word. Die prosedure wat gevolg moes word om deelnemende waarneming as wyse van data-insameling te kon gebruik, was soos volg: Toestemming is van die groep EAP-bestuurder verkry om vroue wat deur Medgold bedien word in die groep te betrek, waarna funksionele reëlings vir die plek en tyd van byeenkoms getref is.**

**Tien vroue is op 'n ewekansige wyse geselekteer om as proefpersone te dien. Drie besoeke per vrou wat geselekteer is, is afgelê. 'n Kwalitatiewe vraelys is as data-insamelingsmetode gebruik. In die proses is veldaantekeninge afgeneem ten opsigte van die antwoorde wat op die vrae in die vraelys gevra is. Deur van deelnemende waarneming gebruik te maak, kon daar direk deur die vroue bepaal word of die geïdentifiseerde probleme en die aanspreek daarvan deur 'n program die intervensie sou laat slaag of nie.**

#### 2.2.2.3 Identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle

Deur die bestudering van suksesvolle en onsuksesvolle modelle of programme wat probeer het om die probleem aan te spreek, identifiseer navorsers potensiël bruikbare elemente van intervensie. Hierdie sintese van bestaande kennis help om die ontwerp en ontwikkelingsaktiwiteite te rig.

**Daar is nog nie voorheen 'n ondersoek van dié aard (betrokke ondersoek) in die myngemeenskap onderneem nie en daarom was daar nie gestelde riglyne wat vir die ondersoeker as vertrekpunt kon dien nie. Deur die probleem in hierdie ondersoek aan te spreek, sal daar vir ander belanghebbendes of maatskaplike werkers wat sulke probleme moet aanspreek, riglyne ontwerp word.**

### 2.2.3 Ontwerpfase

De Vos *et al.*, (1998:392) sien ontwerp as die beplande en sistematiese aanwending van relevante wetenskaplike, tegniese en praktiese inligting om te skep en veranderinge byeen te bring.

Aanduidings sal gebied word van wat in hierdie fase moet gebeur, naamlik die:

- Ontwerp van 'n waarnemingsisteem; en
- spesifisering van prosedure-elemente van die intervensie.

#### 2.2.3.1 Ontwerp van 'n waarnemingsisteem

Die waarnemingsisteem sluit baie nou aan by die proses van die ontwerp van 'n intervensie. Dit dien as 'n terugvoersisteem vir die verfyning van vroeëre prototipes. Kliënte, veral dié wat die meeste deur die strydpunt geaffekteer word, moet betrokke wees by die spesifisering van die gedrag en omgewingstoestande wat verandering benodig. Wanneer die fokus van verandering geïdentifiseer is, is dit nodig om hierdie gedragsgebeurtenis te definieer op maniere wat dit waargeneem kan word. Die waarnemingsisteem bestaan uit die volgende drie werksdele:

'n Definisie van die gedrag of produkte wat met die probleem vereenselwig word, word in operasionele terme gedefinieer.

Voorbeelde en nie-voorbeelde van die gedrag of produkte word voorsien om te help onderskei tussen gebeurtenisse van die gedrag of produkte.

Tellinginstruksies is voorberei om die opname van die begeerde gedrag of produkte te lei (De Vos *et al.*, 1998:393).

Die tipe metingsisteem wat gekies moet word, hang van baie faktore af, insluitend:

- Hoeveel individue en optredes waargeneem moet word;
- die lengte van die observasiesessie;
- die afmetings van intervalle tussen die sessies; en
- die beskikbaarheid van opgeleide waarnemers (De Vos *et al.*, 1998:393 en Grinnell, 1993:62).

Voorlopige resultate van die waarnemingsisteem help dus om die seleksieprosedure en die verfyning te lei.

**By die ontwerp van 'n waarnemingsisteem het die ondersoeker gevind dat dit hier van belang is om te let op wie en hoeveel mense by die intervensie betrek gaan word, oor hoe 'n lang tydperk en die afmetings van intervalle wat tussen sessies moet wees. Die program kon al hoe meer vorm aanneem, wat die ondersoeker gehelp het om die hele intervensieproses meer te verfyn.**

#### 2.2.3.2 Spesifisering van prosedure-elemente van die intervensie

De Vos *et al.*, (1998:394) is van mening dat deur die waarneming van die probleem en die bestudering van natuurlike voorkoms van verandering en ander prototipes, navorsers prosedure-elemente kan identifiseer wat gebruik kan word in die intervensienavorsing. Hierdie prosedure-elemente moet in genoeg detail gespesifiseer word sodat dit herhaal kan word deur ander kenmerkend opgeleide veranderingsagente. Die prosedure-elemente kan soos volg wees:

- Gebruik van inligting;
- vaardigheid en opleiding vir hul aanwins;
- omgewingsveranderingstrategie;
- beleidsverandering; of
- handhawingstrategie; of
- versterking; of
- strafprosedures (De Vos *et al.*, 1998:394).

**Die prosedure-elemente van die intervensie van die ondersoek het deel geword van die praktiese program wat die finale produk van die navorsing was. 'n Program ter verbetering van die selfbeeld van die vrou in die myngemeenskap wat aanleiding moes gee tot hul positiewe maatskaplike funksionering, is tydens die ontwerpfase ontwerp. In die ondersoek was die prosedure-elemente wat geïdentifiseer is, soos volg: behoeftebepaling, beplanning, bemarking, samestelling van groepe vroue, implementering van die program, evaluasie van die program en onttrekking van groepwerker.**

### 2.2.4 Voorlopige ontwikkeling en voorondersoekfase

Ontwikkeling word deur Thomas (1989:584-587) gedefinieer as 'n proses waar innoverende intervensie geïmplementeer en gebruik word gedurende 'n proeftydperk en voortdurend getoets word vir sy geskiktheid, en verfyn en herontwerp word indien nodig.

#### 2.2.4.1 Ontwikkeling van 'n prototipe of voorlopige intervensie

By hierdie stadium van die ontwerpproses is voorlopige intervensieprosedures geselekteer en gespesifiseer. De Vos *et al.*, (1998:395) is van mening dat indien 'n prototipe vir die gebruik van 'n steekproef ontwikkel moet word, navorsers ook nodig sal hê om 'n manier van oordrag tot stand te bring, soos:

- Werkwinkels;
- telefoonkonsultasies;
- gelykstaande bemiddelaarsinstruksies; of
- ander maniere om die intervensie aan voornemende gebruikers te kommunikeer.

Terugvoer van verbruikers en implementeerders moet gebruik word om die prototipe van die intervensie te verfyn en te vereenvoudig.

**Die teikengroep vir hierdie ondersoek is geïdentifiseer as die volwasse vrou in die myngemeenskap. Daar is gesprekke met vroue en diensverskaffers gevoer om die ware behoeftes van dié vroue te bepaal. Aanbevelings ten opsigte van programinhoud is aangehoor en die program kon begin vorm aanneem. Die boodskap is ook versprei dat daar vrouegroepe in die myngemeenskap van stapel gestuur gaan word.**

**Terugvoering van toekomstige verbruikers en implementeerders het gehelp om die programinhoud eenvoudig te hou en te verfyn tot 'n prakties bruikbare program.**

### 2.2.4.2 Uitvoering van 'n steekproef

Volgens Strydom (1992:31-32) word 'n steekproef volgens 'n bepaalde steekproefraamwerk getrek en bied die vooronderso ek die ondersoeker die geleentheid om die doeltreffendheid van hierdie raamwerk te toets. Wanneer van 'n onbekende raamwerk gebruik gemaak word, moet sy volledigheid, akkuraatheid, gerieflikheid en relevantheid vooraf getoets te word. De Vos *et al.*, (1998:395) sluit hierby aan: "Pilot tests are designed to determine whether the intervention will work, in other words, ' to see if the beast will fly'. These pilot tests help to determine the effectiveness of the intervention and identify which elements of the prototype may need to be revised." Aanvoering van 'n steekproef speel dus 'n belangrike rol in die voorlopige ontwikkeling van die intervensienavorsing, veral ten opsigte van voorkoming van die onderneming van 'n moontlike ondersoek wat nie vatbaar is en dus tydvermorsing tot gevolg sal hê.

**Die program wat vir hierdie ondersoek saamgestel is, is op die ondersoekgroepe getoets. In die navorsingsresultate en regdeur die proefskrif is daar 'n duidelike aanduiding van die volledigheid, akkuraatheid, gerieflikheid en relevantheid van die saamgestelde program.**

### 2.2.4.3 Toepassing van ontwerpkriteria op die voorlopige intervensie-konsep

Die ontwerpproses is volgens alledaagse riglyne en waardes van intervensienavorsing. Daar is beduidende ooreenkomste rondom standaarde vir geskikte gemeenskapsintervensie in aanverwante velde, waar maatskaplike werk een is. De Vos *et al.*, (1998:396) noem dat die volgende relevante vrae is om te vra:

- Is die intervensie effektief?
- Is dit herhalend van aard deur tipiese eindgebruikers?
- Is dit eenvoudig genoeg om te gebruik?
- Is dit prakties?

- Is die intervensie aanpasbaar by verskillende kontekste?
- Is dit verenigbaar met plaaslike gebruike en waardes?

Rothman en Thomas (1994:37) noem dat hoewel hierdie kriteria nie regtig voorstel hoe om hierdie standaarde te optimaliseer nie, dit tog help om die ontwerp van intervensies wat afhanklik is van steekproewe en formele evaluasie, te rig.

**Die ondersoeker het 'n prototipe selfbeeldprogram ontwikkel om die uiteindelike teikengroep te bereik, wat dus die volwasse vroue in die myngemeenskap is en wat ook as handleiding moet dien vir die professionele persone wat sulke vrouegroepe gaan aanvoer. Daar is twee groepe vroue wat in die myngemeenskap (*villages*) woon, tot stand gebring. Die vrouegroepe het afsonderlik uit sewe (7) en agt (8) lede bestaan. Die groepe het elke tweede week byeengekom vir ongeveer een en 'n halwe uur oor 'n periode van amper 'n jaar. Gedurende die sessie het die verteenwoordigers (groeplede) sekere bydraes gelewer ten opsigte van die programmedia en programinhoud en het dit gehelp om die uiteindelike program te ontwikkel. Die ondersoeker het egter die grootste deel van die programontwerp op behoeftes wat uit die deelnemende waarneming - wat deel is van 'die insameling van data en sintese-fase' en ander bronne – gegrond.**

### 2.2.5 Evaluasie en aangepaste ontwikkelingsfase

Dit is in hierdie stadium waar evaluatiewe navorsingsmetodologie en in werklikheid die volle reeks gedragswetenskapsnavorsingsmetodologieë (byvoorbeeld eksperimentele en kwasi-eksperimentele ontwerpe, data-insamelingsprosedures en koste-voordeelanalises) aangewend kan word om data sistematies in te samel vir die doel om die innovasie te evalueer (Grinnell, 1981:603).

#### 2.2.5.1 Kies van 'n eksperimentele ontwerp

Eksperimentele ontwerpe, hetsy dit enkelstelselontwerpe of tussengroep-ontwerpe is, help om die oorsaaklike verhouding tussen die intervensie en die gedrag en aanverwante toestande/omstandighede wat verander moet word, te verklaar. Faktore wat die gekose ontwerp beïnvloed, sluit die doelstellings en omvang van verandering wat by kliënte gesoek word, die tipes gedrag en die onmiddellike begeerte vir verandering, die stabiliteit van die opset of

konteks en die doelstellings van die navorsing, in (Rothman & Thomas, 1994:37-38).

**Die ondersoeker het vir die doel van hierdie ondersoek die enkelstelsel-ontwerp as eksperimentele ontwerp gekies. Die enkelstelselontwerp is 'n bruikbare wyse om die oorsaaklike verhouding tussen die intervensie, die gedrag en die aanverwante omstandighede wat verander moet word, te evalueer.**

#### 2.2.5.2 Insameling en ontleding van data

Botes (1997:34) stel dat data versamel word ten einde die produk wat voorlopig geïmplementeer is, te evalueer. Die proefgebruikneming en veldtoetsing gee aanleiding tot die versameling van evalueringsdata. De Vos *et al.*, (1998:397) stel in dié verband die volgende: "During a pilot test and more formal evaluations of an intervention, data are collected and analysed continuously." Deurlopende aantekening van die gedrag en aanverwante uitkoms help om te bepaal wanneer die aanvanklike intervensie geïmplementeer moet word en of aanvullende prosedures nodig is.

**Deur drie metings van die groeplede se selfbeeld met behulp van Hudson se selfbeeldskaal te neem, kon daar geëvalueer word of die intervensie enige verandering by die groeplede tot gevolg gehad het.**

#### 2.2.5.3 Herhaling van die intervensie onder veldomstandighede

'n Primêre doel van intervensienavorsing is om intervensies te ontwikkel wat effektief is in 'n verskeidenheid van ware lewenskontekse vir die wat eintlik die probleem ervaar. Replisering onder verskillende veldtoestande help om die groot meerderheid van die effekte van intervensie te beraam.

#### 2.2.5.4 Verfyning van die intervensie

Rothman en Thomas (1994:38-39) noem dat foute leersaam is. Die resultate van die volle veldtoetsing word gebruik om probleme met die metingsisteem en intervensie op te los Aanpassings in die taal, inhoud en intervensie-metode kan begeerde gedragveranderinge en uitkoms vir die volle reekse van voornemende voordeeltrekkers tot gevolg hê. Herhaalde regmaak van die intervensie help dat dit betroubare voornemende effekte verseker.

**In hierdie ondersoek is daar van die enkelstelselontwerp gebruik gemaak. 'n Volledige bespreking van die enkelstelselontwerp word in**

**die volgende hoofstuk bespreek. Die enkelstelselontwerp word as deel van dié fase bespreek omdat data sistematies deur die gebruik van die ontwerp ingesamel kon word en die innovasie ook geëvalueer en aangedui kon word.**

### 2.2.6 Disseminasiefase

Nadat die innovasie geëvalueer en bevind is dat dit gereed is vir gebruik, tree die fase van verspreiding (disseminasie) in. Grinnell (1981:604) noem dat die verspreiding van verspreidingsmedia bestaan uit aktiwiteite soos die skryf van artikels en boeke en om opleidingsmateriaal voor te berei. Dit word dus ook aan moontlike verbruikers beskikbaar gestel. Disseminasie bestaan uit aktiwiteite soos publikasies, indiensopleiding, professionele opleiding en velddemonstrasies. Wanneer die gemeenskapsintervensie dus getoets en geëvalueer is, is dit gereed om aan gemeenskapsorganisasies en ander teikengroepe versprei te word. Die stappe van hierdie laaste fase word vervolgens uiteengesit.

#### 2.2.6.1 Berei die produk voor vir disseminasie

In die voorbereiding van die produk vir verspreiding is dit nodig om aandag te gee aan die volgende sake:

- Kies 'n kenmerkende naam;
- besluit op 'n prys; en
- stel standaarde vir die gebruik (De Vos *et al.*, 1998:399-400).

#### 2.2.6.2 Identifiseer potensiële markte vir die intervensie

In die afbakening van 'n mark vir potensiële oornemers van gemeenskaps-intervensie moet die navorser sekere vrae vra:

- Watter mense kan persoonlik voordeel uit die intervensie trek?
- Wie (met die gebruik van die intervensie) kan die grootste bydrae lewer ten opsigte van die oplossing van die probleem?
- Is die doel van verspreiding wydverspreide oorname; of
- meer beperkte gebruik deur geselekteerde oornemers?

- Watter marksegmenttipes - gesondheid of mensgerigte diensorganisasies - sal tien teen een voordeel uit die intervensie trek en dit dus aanneem as hulle bewus word daarvan?

- Watter mediabenadering - openbare diensaankondiging, direkte pos of ander strategieë - sal die mees gepaste en praktiese manier wees om die teikenmark in te lig (De Vos *et* al., 1998:400 en Grinnell, 1981:604).

**Potensiële markte wat vir die ondersoek (intervensie) geïdentifiseer is, is soos volg: Enige maatskaplikewerk-organisasie in die myngemeenskap of ander gemeenskappe waar groepwerk met vroue gedoen kan word, aanverwante hulpdienste soos sielkundiges en verpleegsusters en maatskaplikewerk-studente. Die mediabenadering wat gebruik kan word, is deur publikasie van 'n wetenskaplike tydskrifartikel, beskikbaarstelling van die proefskrif (universiteitsbiblioteek) en verspreiding van inligtingstukke.**

**2.2.6.3 Skep 'n aanvraag vir die intervensie**

Verspreiders moet potensiële aanskaffers oortuig dat hulle regtig voordeel sal trek uit die intervensie. Sekere strategieë kan gebruik word in die bemarking van die innovasie, naamlik:

- Modellering van die innovasie;

- reël vir proefnemings van die innovasie;

- die voordele kan uitgewys word; en

- advertering.

**As die ondersoeker die program op gereelde basis toepas en die resultate gereeld bekend maak, sal die verdere geloofwaardigheid van die program groter impak hê en die program kan daardeur bekend word en miskien tot 'n groter aanvraag by die potensiële gebruikers aanleiding gee.**

**2.2.6.4 Moedig geskikte aanpassings aan**

De Vos *et al.*, (1998:402) stel die volgende oor die aanmoediging van geskikte aanpassings: "Adaptation - sometimes known as 'reinvention' - of an innovation occurs when adopters modify the intervention to fit local conditions after its original development by others." Elemente van intervensie kan

verander of weggelaat en nuwe elemente kan bygevoeg word. Om geskikte aanpassings aan te moedig, kan die mate van aanneming verhoog, maar sekere verandering kan 'n verlies aan effektiwiteit, afhanklikheid of ander waardevolle bydraes van die innovasie tot gevolg hê.

**Die ondersoeker het in die proefskrif sekere aanpassings aangedui wat moontlik deur ander verbruikers gemaak wil word. Sodoende kon die program vir elke unieke situasie bruikbaar wees.**

#### 2.2.6.5 Voorsien tegniese ondersteuning vir aanvaardes

Die aannemers benodig soms tegniese ondersteuning om die innovasie tot uitvoer te kan bring. De Vos *et al.*, (1998:402) noem dat tegniese ondersteuning meestal bestaan uit:

- 'n Opleidingskursus vir voornemende groepleiers;
- die programmateriaal, soos byvoorbeeld:
  - groepleier se handleiding;
  - werkboek vir verbruikers;
  - videobande en
  - audiobande; sowel as
  - verskeie evaluasievorms; en
  - ander ondersteuningsbronne vir die gebruik van opgeleide groepleiers.

**Die verspreiding van die ondersoek sal plaasvind met behulp van die vrystelling van die proefskrif vir gebruik in die universiteitsbiblioteek, die skryf van 'n artikel en deur die voortdurende verwysing na die ondersoek en dus bemarking van die ontwerpte program.**

Intervensienavorsing is 'n baie maklik en verbruikersvriendelike metode van navorsing. Die stappe bied aan die ondersoeker 'n maklike riglyn om te volg wanneer 'n voornemende navorser op toegepaste navorsing wil fokus. Deur 'n vertrekpunt te hê, maak dit vir die navorser die pad na die onderneming van die navorsing soveel makliker dat dit die navorser motiveer om die ondersoek wel te laat plaasvind. Dit is nodig dat daar voortdurend nuwe

navorsing, veral in die mensgerigte of geesteswetenskaplike rigtings, moet plaasvind. Dit verseker dat daar soveel moontlik probleemaspekte van die mens en sy omgewing aangespreek sal word. Intervensienavorsing is 'n nuwe metode van navorsing wat egter maklik en met vrug aangewend kan word, soos in hierdie ondersoek bewys is.

## 3. SAMEVATTING

Intervensienavorsing word gesien as 'n opwindende nuwe siening van toegepaste navorsing in maatskaplike werk. Die intervensienavorsing het sy ontstaan te danke aan twee pioniers, naamlik Rothman en Thomas, wat hul onderskeie DR & U-model en sosiale R en D-model geïntegreer het om die Ontwerp- en ontwikkelingsmodel, of D en D-model, saam te stel (intervensienavorsing).

'n Begripomskrywing en die fases van die intervensienavorsing is bespreek. Die fases van intervensienavorsing bestaan uit probleemanalise en beplanning, die insameling van data en sintese, ontwerp, voorlopige ontwikkeling en vooronderSoek, evaluasie en aangepaste ontwikkeling en disseminasie. Elk van hierdie fases sluit 'n reeks stappe in.

In die volgende hoofstuk volg 'n breedvoerige uiteensetting van die wyses van data-insameling, naamlik deelnemende waarneming en die enkelstelsel-ontwerp asook die empiriese data.

# HOOFSTUK 6

# DIE WYSES VAN DATA-INSAMELING EN EMPIRIESE DATA

## 1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die wyses van data-insameling, naamlik deelnemende waarneming (kwalitatiewe navorsing), en die enkelstelselontwerp (kwantitatiewe navorsing), geëvalueer. Hoewel beide kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe navorsing deel van hierdie ondersoek uitmaak, word daar meer op die kwalitatiewe navorsing gefokus.

Ten opsigte van deelnemende waarneming sal daar gelet word op die vorme van deelnemende waarneming asook die proses van deelnemende waarneming.

Wat die enkelstelselontwerp betref, sal daar 'n uiteensetting gegee word van die begripomskrywing, die verskillende enkelstelselontwerpe en die stappe van die enkelstelselontwerp.

Verder sal daar ook wat die empiriese data betref, 'n aanduiding van die resultate van die groeplede se selfbeeldmetings geskied.

Die doel van hierdie hoofstuk is dus om op 'n wetenskaplike basis inligting oor die empiriese navorsing weer te gee en sodoende 'n raamwerk te bied om uiteindelik die sentrale teoretiese stelling van hierdie ondersoek te staaf.

## 2. DEELNEMENDE WAARNEMING

Ghosh (1982:53) noem die volgende: "Observation means seeing things with a purpose." Een van die probleme in waarneming is daarin geleë dat waarnemings, as reaksie op prikkels, voortdurend ingekleur word deur die ervaringe van die verlede. Die reaksie van die waarnemer sluit dus altyd 'n element van betekenis in. Wanneer menslike handelinge, wat ook reaksies op prikkels is, waargeneem word, is daar nou 'n dubbele stel betekenisse by die aangeleentheid betrokke, naamlik daardie betekenisse wat elemente is van die waarneming van die ondersoeker en daardie betekenisse wat elemente is van die reaksie van die mense wat waargeneem word. In sover dit vir die oplossing van sekere probleme deur navorsing nodig is om met

hierdie faktor van betekenis rekening te hou, word soms van die tegniek van deelnemende waarneming gebruik gemaak (Cilliers, 1973:84).

## 2.1 BEGRIPOMSKRYWING

Deelnemende waarneming of naturalistiese waarneming impliseer in die algemeen dat die navorser op die een of ander manier betrokke raak by die alledaagse gebeurlikhede van die wêreld van die mense wat hy bestudeer (Schurink, 1988:76). Jorgensen (1989:12) stel die volgende: "Through participant observation, it is possible to describe what goes on, who or what is involved, when and where things happen, how they occur, and why - at least from the standpoint of participants - things happen as they do in particular situations." Met deelnemende waarneming word die waarnemer dus deel van sy ondersoek-objek en kan die waarnemer dus die opset van sy gemeenskap bestudeer. Hierdie waarneming moet dan so plaasvind dat dit nie die natuurlikheid van die gemeenskap versteur nie.

## 2.2 WYSES VAN DEELNEMENDE WAARNEMING

Navorsers het verskillende style wat hulle as deelnemende waarnemers gebruik. Een belangrike kontras is die graad van hul betrokkenheid, met beide die mense en die aktiwiteite wat hulle waarneem (Spradley, 1980:58). Deelnemende waarneming impliseer 'n verskeidenheid vlakke van deelname aan die aktiwiteite van subjekte.

Daar word vervolgens dus 'n beskrywing van vier wyses van deelnemende waarneming weergegee.

### 2.2.1 Volkome deelnemer

Ackroyd en Hughes (1981:107) beskryf 'n volkome deelnemer soos volg: "... the 'complete participant', is that role in which the researcher becomes a full-fledged member of the group under study, any research purpose being concealed. A major feature of this role is the large degree of pretence. The complete participant interacts with 'the observed' as naturally as possible in whatever areas of their living interest him and are accessible to him". Die volkome deelnemer raak dus direk by die groep wat ondersoek word, betrokke. Schurink (1988:81) stel die volgende: "Hierdie navorsersrol impliseer dat die navorser nie net aan subjektiwiteite deelneem nie, maar ook die rigting daarvan manipuleer." Grinnell (1993:70) sluit hierby aan: "Full

participation is applicable in studies of groups or settings in which the researcher already has a natural role." Die navorser is dus bekend in en met die omgewing.

### 2.2.2 Deelnemer-as-waarnemer

Deelenemer-as-waarnemer is waar die navorser sodanige verhoudinge met sy subjekte opbou dat hy nie net hul aktiwiteite waarneem nie, maar ook in 'n meerdere of mindere mate daaraan deelneem (Schurink, 1988:82). "Spradley (1980:60) stel die volgende: "The active participant seeks to do what other people are doing, not merely to gain acceptance, but to more fully learn the cultural rules for behaviour."

Die navorser wat hierdie rol vertolk, maak dus geen geheim daarvan dat hy die betrokke groep se aktiwiteite bestudeer nie. Daarom kan hy enige relevante optredes van die groep ondersoek en is dit vir hom betreklik maklik om benewens byvoorbeeld indiepte-onderhoudvoering, ook van die ander data-insamelingsmetodes gebruik te maak. "A participant-as-observer confronts three major problems: establishing relationships with members of the group, finding resourceful and reliable informants, and maintaining the observer-observed relationship" (Nachmias & Nachmias, 1981:174).

### 2.2.3 Waarnemer-as-deelnemer

Burgess (1982:46) noem dat hierdie navorsersrol een is waar kontak met subjekte tot 'n minimum beperk is. In 'n dergelike rol word die status van die navorser asook die doel van die studie reeds tydens die aanvang van die studie openbaar gemaak. Hoewel die risiko van "going native" baie gering is in navorsing waar hierdie rol aangeneem word, is dié rol waarskynlik die mees ongewenste een, aangesien die verhouding tussen die navorser en sy subjekte betrokke is en die data wat bekom word, baie beperk is (Schurink, 1988:82).

### 2.2.4 Volkome waarnemer

Spradley (1980:59) noem dat hierdie navorser nie betrokke is by die mense of die aktiwiteite wat bestudeer word nie. Dit is moontlik om inligting of data deur waarneming alleen in te vorder. Hierdie vorm is ideaal vir 'n introverte persoon wat etnografiese veldwerk wil doen maar betrokkenheid wil vermy.

Strydom (1996:126) noem dat in deelnemende waarneming die proses minder liniêr en meer holisties is as in kwantitatiewe navorsing. Muller

(1995:71) en Strydom (1996:126) meld dat die verskillende stappe soms gelyktydig verloop. Die proses van deelnemende waarneming sal dus soos volg uiteengesit word:

## 2.3 DIE PROSES VAN DEELNEMENDE WAARNEMING

In breë trekke bestaan die proses uit die bewuswording van die bestaan van 'n leemte in die kennis en/of insig van die navorser, die formulering daarvan as probleem, die soeke na en versameling van inligting, die ordening van die inligting en ten slotte die inverbandbring van die verkrygde inligting met die probleem (Cilliers, 1973:29). Ghosh stel die volgende: "For accurate observation certain steps may be taken:

- Formulation of the problem precisely and clearly;
- study of each item separately at a time;
- relation of observed fact with the problem at hand;
- study of the relevant facts - selectivity and objectivity; and
- how, when, who, what, why and where should be in the mind of the observer to answer while making observation" (1982:54).

Strydom (1996:126) wys daarop dat in deelnemende waarneming die proses minder liniêr en meer holisties is as in kwantitatiewe navorsing. Muller (1995:71) meld dat die verskillende stappe meer interverwant is en minder definitief onderskei kan word en dat sekere stappe soms gelyktydig verloop.

Die proses van deelnemende waarneming sal vir die doel van hierdie ondersoek soos volg uiteengesit word:

### 2.3.1 Die omskrywing van die probleem en die doelstellings van die ondersoek

Jorgensen (1989:29) stel die volgende: "Participant observation may proceed on the basis of a problem, identified prior to research in a field setting. You may have a more or less general idea about what is to be studied, the issues involved and the ways that it is problematic before going into the field." Hierdie probleem kan ontstaan vanuit 'n persoonlike belangstelling, wetenskaplike kommer, 'n onderwerp wat blootlê vanuit ander navorsing wat gedoen is, of 'n situasie wat deur ander mense as 'n probleem geïdentifiseer

is (Jorgensen, 1989:30). Cilliers (1973:33) onderskei drie hoofkomponente in die progressiewe formulering van 'n probleem, naamlik die aanleidende vraag; 'n stelling van wat dit is wat mens wil weet; die rasionaal, wat betrekking het op die rede waarom die vraag beantwoord moet word; en die spesifikasie wat dui op moontlike antwoorde op die aanleidende vraag in terme wat die rasionaal sal bevredig.

Uit die voorafgaande volg dat dit noodsaaklik is dat die ondersoeker 'n duidelike beeld moet hê van die vraagstuk wat ondersoek staan te word - hy moet dit kan formuleer in die vorm van 'n definitiewe vraag. Sy eerste taak is dus die formulering van die probleem in woorde of ander simbole en om die veld van die voorgenome ondersoek af te baken (Cilliers, 1973:33-36).

Die tweede element is die progressiewe formulering van 'n navorsingsprobleem, naamlik die sogenaamde rasionaal, wat behels die aanduiding van die rede(s) waarom dit die moeite werd is om die vraag te stel. Platweg gestel, verskaf die rasionaal 'n antwoord op die vraag "en wat daarvan" of "wat gaan jy daarmee maak as jy dit weet?" Die funksie van die rasionaal is dus om die beantwoording van die vraag te regverdig. Hierdie regverdiging kan op óf teoretiese óf praktiese óf albei gronde geskied. Die teoretiese gronde dui op die implikasies wat beantwoording van die vraag sal hê vir bestaande kennis en insigte, terwyl praktiese gronde dui op die praktiese nut of betekenis daarvan.

Die derde komponent in die progressiewe formulering van 'n probleem, dié van spesifikasie, dit wil sê die formulering van die probleem in terme wat dui op moontlike antwoorde op die aanleidende vraag. Presies watter vorm hierdie spesifikasie sal aanneem, hang daarvan af of die probleem wat ondersoek staan te word, een is wat bestaan uit 'n leemte aan kennis of uit 'n leemte aan insig. In eersgenoemde geval sou spesifikasie behels die presiese aanduiding van welke waarnemings gemaak moet word ten einde die aanleidende vraag te kan beantwoord, dit wil sê spesifikasie sal bestaan uit die aanduiding van welke items van inligting benodig word vir die beskrywing van die verskynsel. In die geval van 'n leemte aan insig neem spesifikasie die vorm aan van 'n kousale hipotese, dit wil sê 'n onuitgetoetste stelling, die toetsing waarvan 'n beslissende antwoord op die hele probleem sal oplewer. Die formulering van hipoteses is in dié verband die finale stadium in die proses van probleembepaling (Cilliers, 1973:33-36).

Die navorser moet, nadat hy bewus geword het van die probleem wat hy wil ondersoek, die probleem in presiese terme omskryf sodat dit binne praktiese opset herhaalbaar kan wees. Die toepaslike navorsingsvrae moet noukeurig omlyn word en in doelstellings en selfs doelwitte verfyn word (Strydom, 1996:126).

**Uit die aard van die getal aanmeldings van emosionele en fisies mishandelde vroue by die EAP-sentrum van die maatskappy waar die ondersoeker werksaam is, is 'n ondersoek na die behoeftes van die vroue in die myngemeenskap, veral in die Glenharvie-gemeenskap, geregverdig. Die ondersoeker het deelnemende waarneming as een van die navorsingsmetodes gekies. Hierdeur kon die gedrag, leefwyse en optrede van die vroue waargeneem word. Deur gestruktureerde vrae kon die ondersoeker bepaal wat die vroue se behoeftes is en waar die spesifieke probleemareas lê, byvoorbeeld die ongeskooldheid van die vroue wat daartoe lei dat hulle maar die aftakeling van hul menswees aanvaar, of die feit dat hulle moeilike kinderjare gehad het en nie dissipline toepas op hul kinders nie, want hulle wil hulle kinders die vryheid gee wat hulle nie gehad het nie. Dit veroorsaak weer 'n kringloop van ongedissiplineerde probleemkinders en later volwassenes.**

### 2.3.2 Die seleksie van die navorsingsveld

Die keuse van die besondere navorsingsonderwerp of die seleksie van die situasie of lokaliteit waarbinne die deelnemende waarneming gaan plaasvind, word deur verskeie oorwegings bepaal. Van die voor-die-handliggendste oorwegings is die belangstelling van die navorser, die geredelike beskikbaarheid van en toegang tot lokaliteite en situasies en die tyd en geld wat vir die studie beskikbaar is (Schurink, 1988:93). Jorgensen sluit hierby aan en noem die volgende: "The selection of a setting for participation observation, furthermore, is contingent on (1) whether or not you can obtain access to the setting, (2) the range of possible participant roles you might assume, and (3) whether or not this role (or roles will) provide sufficient access to phenomena of interest. It is also important to consider your own interests and abilities" (1989:41).

Die navorser sal natuurlik ook teorie raadpleeg om die probleem te omlyn, maar sy groot prioriteit sal wees om met behulp van 'n vooronderse die gemeenskap en spesifiek sy mense en hul alledaagse aktiwiteite, van

naderby te leer ken sodat presies bepaal kan word wat ondersoek moet word. 'n Baie deeglike vooronderso ek sal in deelnemende waarneming nodig wees, juis omdat sekere sake aanvanklik verborge blyk te wees en dan later eers na vore tree. Die probleemstelling moet egter steeds skerp gefokus wees ten einde hanteerbaar te wees in terme van tyd, geld en proefpersone (Strydom, 1996:127).

Taylor en Bogdan (1984:19) wys daarop dat die ideale navorsingsituasie een is waar die deelnemende waarnemer maklik toestemming vir 'n studie kan verkry, waar hy betreklik gou *rapport* met die subjekte kan opbou en waar hy data kan versamel wat regstreeks verband hou met die doelstellings van die ondersoek. Strydom (1996:127) stel dat dit daarom belangrik is om vanaf die aanvang van die projek goed geformuleerde doelstellings te hê wat tog ook die nodige buigsaamheid sal hê. Dit is nie moontlik om in een ondersoek alle sake van belang in 'n bepaalde opset te ondersoek nie.

**Die navorser het die vroue in die Glenharvie-gemeenskap as navorsingsveld geselekteer. Hierdie is 'n geslote gemeenskap as deel van die myngemeenskap. Die navorser se belangstellingsveld behels vroue en hul behoeftes. Aangesien die navorser in die gemeenskap woon en 'n maatskaplike werker in die gemeenskap is, was dit maklik om toegang tot die navorsingsveld te verkry. Die tien vroue wat deel is van die ondersoek, is op 'n steekproefbasis geselekteer. Die vroue se name is van die gemeenskapsgesondheidskliniek verkry. Hulle is geïdentifiseer as vroue wat op gereelde basis van die kliniek gebruik maak.**

### 2.3.3 Die verkryging van toegang tot die navorsingsveld

Nadat die deelnemende waarnemer op 'n navorsingsituasie besluit het, moet hy toestemming verkry om die navorsing daar te doen. Dergelike toestemming word nie benodig waar die studie in openbare plekke plaasvind nie (byvoorbeeld parke, straatblokke, bus- en treinhaltes, strande en openbare toilette) of in kwasie-openbare plekke (byvoorbeeld kroeë, restaurante en teaters). Dit spreek vanself dat die verkryging van toestemming om individue, groepe of organisasies aan navorsing te onderwerp, irrelevant is wanneer navorsing in die geheim plaasvind (Schurink, 1988:93-94).

Volgens Jorgensen (1989:45) is daar twee basiese strategieë om toegang tot 'n gemeenskap te verkry. Wanneer die navorser openlik toestemming vra om

waar te neem, word die strategie *overt* genoem. Die ander strategie om toegang te verkry, spesiaal waar dit 'n geslote gemeenskap vir buitestaanders is, word *kovert* genoem.

Jorgensen (1989:45) noem dat die direkte manier van benadering om toegang te verkry, verkies word omdat dit die minimum etiese probleme veroorsaak, dit nie so moeilik is soos ander benaderings nie en wanneer dit toegestaan word, dit geneig is om voldoende toegang tot interessante verskynsels te bied.

Van der Burgh (1988:67) voer die volgende beginsels aan om toegang tot 'n navorsingsveld te verkry:

- Toegang moet nie net met persone op die boonste hiërargie binne die organisasie beding word nie, maar ook met die mense op grondvlak, in die sin dat hulle ook van die basiese rondom die navorsing bewus sal wees.
- Almal wat direk betrokke is by die navorsing, moet ingelig word ten einde 'n akkurate weergawe van die navorsingsontwerp te verkry.
- Die navorser moet sy rol en werksroetine deeglik uitklaar sodat dit tot voordeel van die ondersoek kan strek.
- Die navorser moet ook sy eie aksies en handelinge monitor ten einde duidelikheid oor die navorsingsproses te hê en sy eie begrip te verdiep oor die verhouding tussen navorsingsvrae en ontleding (Strydom, 1996:127-128).

Die verkryging van toegang tot 'n opset is een van die moeilikste en veeleisendste aspekte van deelnemende waarneming, maar voorsien ruimte vir kreatiwiteit by die navorser en hang baie af van die navorser se interpersoonlike en besluitnemingsvaardighede. Jorgensen sluit hierby aan: "Successful entry to a setting depends on his or her interpersonal skills, creativity, and common-sense decision making" (1989:49).

Strydom (1996:128) noem ook dat deur te omvattend te werk te gaan, 'n navorser baie kwaliteit ten opsigte van die werklike sake wat ondersoek moet word, verloor. Gerieflikheid, beskikbaarheid en die navorser se belangstelling, sal 'n groot rol speel in dit wat waargeneem moet word. Dit is ook nie moontlik om oor 'n lang tydperk alles waar te neem nie en die navorser sal op 'n steekproefbasis moet werk, byvoorbeeld een uur per dag.

Glazer en Strauss (1967:45) omskryf 'n steekproef soos volg: "... the process of data collection for generating theory whereby the analyst jointly collects, codes, and analyzes his data and decides what data to collect next and where to find them, in order to develop his theory as it emerges".

**Die ondersoeker het ook by die gemeenskapskliniek, inkopiesentrum, skool en 'n haarkapper in die gemeenskap tyd deurgebring en die optrede, kleredrag en gedrag van die vroue waargeneem. Die ondersoeker het drie besoeke op individuele basis by elke vrou afgelê en daar is agt gestruktureerde vrae aan elk gestel. Die meeste van die vroue was baie skepties oor die rede waarom die ondersoeker daar was.**

**Die ondersoeker het verduidelik dat sy nie daar is in 'n maatskaplikewerk-hoedanigheid nie, maar as 'n navorser. Die ondersoeker het aan die vroue verduidelik dat die inligting benodig word om te bepaal wat die behoeftes van die vroue in die myngemeenskap is, sodat 'n toepaslike hulpverleningsprogram ontwerp kan word om die vroue te help om doeltreffend te funksioneer. Die ondersoeker het ook gewaarborg dat die inligting vertroulik gehou sal word en dat dit nie vir ander redes as die ondersoek gebruik sou word nie.**

### 2.3.4 Die instandhouding van verhoudinge

Die gemak waarmee verhoudinge met 'n ondersoekgroep gesluit word, hang in 'n groot mate af van die aard van die groep en die vaardigheid van die navorser.

Schurink (1988:95) noem dat hoewel dit die ideaal is dat die deelnemende waarnemer *rapport* moet opbou met al die subjekte, gebeur dit in die reël nie. Navorsers is tipies geneig om vertrouensverhoudinge met een of twee gerespekteerde informante te ontwikkel.

Jorgensen wys op 'n paar aspekte wat van belang is ten opsigte van instandhouding van verhoudinge.

#### 2.3.4.1 Vertroue en samewerking

- Die kwaliteit van data verbeter wanneer die deelnemende waarnemer 'n vertrouens- en samewerkingsverhouding met mense in die veld bewerkstellig en in stand hou.

- Kennis van mense se sosiale identiteit (biografiese status, rolle en iets soortgelyk) voorsien gronde vir die ontwikkeling van vertroue en samewerking, sowel as vir die evaluasie van die inligting wat hulle verskaf: "In judging the truthfulness of what people tell you, it is important to ask: How do they know this? Do they have an interest in this information? Is the account consistent with their experience? Is the information otherwise believable? Can the data be confirmed or disconfirmed by other people? Commonsense knowledge provides guidelines for making these judgements" (Jorgensen, 1989:69).

- Menseverhoudinge wat op vertroue en samewerking gebou word, is dinamies en is voortdurend probleemsituasies vir die sosiale lewe. Dit behels voortdurende aandag om onderhou te word.

#### 2.3.4.2 Wedersydse uitruiling

- Strydom (1996:128) stel die volgende: "Om hul samewerking tot die ondersoek te verleen mag dikwels geen voordele vir respondente inhou nie en hulle deel ook nie noodwendig die oortuiging dat die navorser van die gemeenskap 'n beter plek sal maak nie." "Field relations involve negotiation and exchange between the participant observer and insiders" (Jorgensen, 1989:71).

- Dit is dus belangrik om te weet wat die navorser aan die ondersoekgroep kan bied in ruil vir vertroue, samewerking, inligting en vriendskap.

- Daar is 'n wye verskeidenheid maniere om samewerking en vertroue deur middel van uitruiling te bewerkstellig sonder dat dit noodwendig met onkoste gepaard hoef te gaan. Jorgensen (1989:72) noem die volgende: "Exchange involving praise, compliments, and the performing of favours generally are even more powerful than money in cementing cooperative and trusting relationships."

Maatskaplike werkers is by uitstek opgelei om verhoudinge te stig en in stand te hou. Dit kan egter ook soms 'n nadeel wees, aangesien maatskaplike werkers geneig kan wees om meer by respondente betrokke te raak as wat aangewese is en dus nie meer 'n objektiewe navorser kan wees nie. Respondente se aanvaarding moet verwerf word. Dit is egter nie nodig dat die navorser te betrokke moet raak by proefpersone nie. Die navorser se

teenwoordigheid moet egter ook nie vir hulle weersinwekkend of onuithoudbaar wees nie (Strydom, 1996:129).

Jorgensen (1989:78-80) dui op die volgende wyses om verhoudingsprobleme te identifiseer:

- Probleme wat met persone in hul opset ondervind word;
- proefpersone kan openlik of verskuild aggressief of wantrouig teenoor die navorser optree en weier om hul samewerking te gee;
- sommige persone kan die navorser as 'n indringer beskou en hom onwelkom en oorbodig laat voel;
- probleme wat in die persoon van die navorser self geleë is;
- die selfbeeld van die navorser en sy optrede teenoor vreemde mense mag ook 'n rol speel in positiewe of negatiewe verhoudinge wat tussen die navorser en proefpersone mag ontstaan;
- die mate waartoe die navorser hom staal teen persoonlike betrokkenheid by die situasie en sy eie voorkeure en afkeure in mense, mag ook 'n rol speel; en
- die navorser sal homself deeglik moet ondersoek en rekenskap gee van sy eie optrede (Strydom, 1996:129).

**Die ondersoeker is as hulpverlener bekend in die gemeenskap en word nie negatief ervaar soos baie ander hulpverleners nie. Die ondersoeker moes dikwels met besoeke probleme en situasies aanhoor wat die vroue ervaar het. Die ondersoeker het dan kontakpersone se nommers verskaf wat die vroue met die probleme kon ondersteun. Die vroue was met elke besoek meer ontspanne. Die vertrouensverhouding het met tyd verdiep en dit kan toegeskryf word aan die feit dat die vroue of gesinne nie lastig geval is met ondersoeke waar hulle gedink het daar moontlik deur professionele persone ingegryp sou word nie.**

**Van die vroue het ook genoem dat hulle bly is dat daar aandag gegee word aan vroue in die myngemeenskap, want baie van dié vroue kry baie swaar. Die vroue het ook trots gevoel dat hulle 'n bydrae vir navorsing kon lewer en wou daarom eerder hul samewerking bied as om negatief en dwarstrekkerig te wees. Dit het die verhouding tussen die**

**ondersoeker en die vroue versterk aangesien daar 'n gee- en neem-situasie vir albei partye was.**

### 2.3.5 Die insameling van data

Nadat daar besluit is wie en wat bestudeer moet word, word die navorser met die insameling van data gekonfronteer (Forcese & Richer, 1973:141). Strydom (1996:130) wys daarop dat in deelnemende waarneming die insameling van data neerkom op die werklike waarneming van ten minste drie ondersteunende data-insamelingstegnieke, naamlik waarneming, ondervraging en deelname wat benut kan word. Spradley (1980:58) sluit hierby aan "... unlike most ordinary participants, the participant observer will keep a detailed record of both objective observations and subjective feelings. This record can sometimes be made on the spot; at other times you will record it later, when you have left the social situation".

Daar sal vervolgens 'n uiteensetting van insamelingstegnieke wat moontlik gebruik kan word by die invordering van data, gebied word. Die insamelingstegnieke is die volgende: veldaantekeninge (observasie-aantekeninge, teoretiese en metodologiese aantekeninge) vorme van waarneming (gereeldheid, duur, intervalle en intensiteit), soorte waarneming (nie-gefokusde en gefokusde waarneming), tipes onderhoudvoering (ongestruktureerde, gestruktureerde en semi-gestruktureerde onderhoud) en deelname.

#### 2.3.5.1 Veldaantekeninge

Veldaantekeninge behoort te bestaan uit alles wat die navorser sien en hoor. Schurink (1988:87) noem dat deelnemende waarnemers alles wat hulle waarneem, later moet kan weergee om enigsins in staat te wees om hul navorsingsresultate te kan boekstaaf en dit sodoende aan die wetenskaplike wêreld te kan kommunikeer. 'n Mens kan uiteraard nie alles wat jy waarneem onthou nie en derhalwe moet jy dit op die een of ander wyse vaslê. Spradley (1980:69) stem hiermee saam en stel die volgende: "It is humanly impossible to write down everything that goes on or everything informants say." Hier kan veldaantekeninge met groot waarde benut word.

Schurink (1988:87-88) stel 'n model bekend waarin sekere voorvereistes in die skryf van veldaantekeninge aandag geniet. Die model bestaan uit drie elemente, naamlik observasie-aantekeninge, teoretiese aantekeninge en metodologiese aantekeninge.

- **Obeservasie-aantekeninge**

Dit is aantekeninge oor wat plaasgevind het met weinig of geen interpretasie nie (De Vos *et al.*, 1998:285). Dit impliseer die *wie*, *wat*, *wanneer*, *waar* en *hoe* van menslike aktiwiteit. Jorgensen (1989:83) sluit hierby aan: "These questions clearly do not exhaust the issues you should address. They provide a general model, however, of a strategy for asking questions about a wide variety of matters that may be of possible interest in human settings."

- **Teoretiese aantekeninge**

De Vos *et al.*, (1998:286) beskryf teoretiese aantekeninge soos volg: "Theoretical notes are self-conscious, systematic attempts by the researcher to derive meaning from some or all observational notes." Dit is dus doelbewuste gekontroleerde pogings deur die navorser om betekenis van een of meer observasie-aantekeninge af te lei. Die navorser interpreteer, maak afleidings, hipotetiseer, veronderstel, ontwikkel nuwe konsepte, bring die konsepte in verband met variasies of bring enige waarneming in verband met enige ander een (Schurink, 1988:88).

- **Metodologiese aantekeninge**

Dit is aantekeninge wat hoofsaaklik as aanwysings vir die navorser dien, byvoorbeeld oor die geldigheid van waarnemingsaantekeninge, kritiese beskouinge oor wat reeds gedoen is en riglyne oor wat volgende gedoen moet word (Schurink, 1989:87-88).

Veldaantekeninge behoort ideaal gesproke 'n breedvoerige bespreking van die respondente, gebeure, gesprekke en kommunikasie in te sluit, sowel as die waarnemer se houdings, belewenisse en gevoelens. Deur volledige aantekeninge te maak, kan die navorser die maksimum kontrole oor die ondersoek uitoefen. Hy hoef nie alle aantekeninge in sy verslag te benut nie, maar dit is altyd beter om eerder sake op die ou end uit te laat as om onvolledige aantekeninge te hê wat nie bruikbaar is nie (Strydom, 1996:131).

#### 2.3.5.2 Vorme van waarneming

Miller (1991:38) stel die volgende in verband met waarneming: "... in some people's language, the word 'observational' is associated with the thought 'solely descriptive' ....". Cilliers (1973:39) noem dat enige navorsingsonderneming die een of ander vorm van waarneming vereis. "The desire to know and unfold the truth is the main pre-requisite for observation" (Gosh,

1982:55). Berger en Patchner (1988:126-127), Strydom (1992:138) en Strydom (1996:130-131) noem dat die waarneming van gedrag in een van die volgende vorms gedoen kan word.

- **Gereeldheid**

Dit behels bloot die tel van die aantal kere wat 'n bepaalde gedragsvorm binne 'n gegewe tydperk voorkom. Hierdie is die eenvoudigste manier om gedrag te meet. "This method is especially appropriate when the observed behaviours are discrete, and can thus be counted with ease. In addition, the behaviour should take place for a relatively constant amount of time each time it occurs" (Berger & Patchner, 1988:126).

- **Duur**

Hier word die lengte van die tyd wat die gedragsvorm voorkom, gemeet en aangeteken. Dus hoe lank die gedragsvorm duur.

- **Intervalle**

Hier word besluit op sekere intervalle, byvoorbeeld 30 minute intervalle en dan word bloot vermeld hoeveel keer die gedragsvorm binne elke interval voorgekom het.

- **Intensiteit**

Die intensiteit van die probleem kan ook bepaal word, byvoorbeeld hoe gereeld die vrou depressief is en of die toestand vererger of verbeter.

Voordat die waarneming van gedrag begin, behoort die navorser te besluit oor hoeveel gedragsvorme waargeneem gaan word, op wie die waarneming gedoen gaan word, of daar meer as een waarnemer teenwoordig moet wees, waar en wanneer die waarneming gedoen sal word, en hoedanig die opleiding van die waarnemers sal wees (Strydom, 1996:131).

- **Nie-gefokusde waarneming**

Waarneming begin die oomblik wat die deelnemende waarnemer kontak maak met die potensiële navorsingsomgewing. Jorgensen bied 'n uiteensetting van nie-gefokusde waarneming en gefokusde waarneming (1989:82-85), terwyl Nachmias en Nachmias (1981:162) na gekontroleerde en ongekontroleerde waarneming verwys. Vir die doel van hierdie ondersoek

sal daar van die terme nie-gefokusde en gefokusde waarneming gebruik gemaak word.

Nachmias en Nachmias (1981:163) noem dat ongekontroleerde waarneming 'n mindere mate van gebondenheid van die navorser verwag en meer buigsaamheid toelaat.

Nie-gefokusde waarneming kan gesien word as die bewuswording van dit wat daar in elk geval in die alledaagse lewe plaasvind. Jorgensen (1989:82-83) noem dat uitgekyk moet word na die hoofkenmerke van die fisiese landspasie, byvoorbeeld "Watter soort gebou is hierdie?" "Is dit tipies van geboue van hierdie aard?" of is dit soort van anders? "Hoe is die spasie georganiseer?" ensovoorts. Deur vrae van dié aard te beantwoord, sal die navorser in staat wees om sekere kontoere van 'n sekere plek of gebou te beskryf en 'n sekere indruk van die plek vorm. Dieselfde manier kan gebruik word om meer van mense en hul optrede te wete te kom.

Jorgensen (1989:83) stel die volgende: "These questions clearly do not exhaust the issues you should address. They provide a general model, however, of a strategy for asking questions about a wide variety of matters that may be of possible interest in human settings."

- **Gefokusde waarneming**

Nachmias en Nachmias (1981:162-163) noem dat gekontroleerde waarneming gekenmerk word deur duidelike en eksplisiete besluite oor wat, hoe en wanneer om waar te neem. Jorgensen is van mening dat wanneer die navorser meer bekend is met die opset, dit toepaslik is om die waarneming op aangeleenthede van spesifieke belang te fokus. "What you select to concentrate observation on should be derived from the emerging problem and issues of study. The strategy of focusing your observational field is to begin with the widest possible range of phenomena, gradually limiting your attention to particular phenomena" (Jorgensen, 1989:83-84). Meer gefokusde waarneming behoort te lei tot groter betrokkenheid van die respondente in die opset, veral wat informele gesprekke en terloopse ondervraging betref (Strydom, 1996:132).

**Die ondersoeker het sekere vrae wat van belang is om die ondersoek suksesvol te kan afhandel, in die vorm van 'n vraelys gebruik. Sy het dus met die drie tuisbesoeke per vrou die vraelys gebruik om sekere inligting van die vroue te verkry, maar ook om die vrou in haar daaglikse**


**milieu waar te neem. Hier kan daar spesifiek gelet word op selfversorging (byvoorbeeld hare, kleredrag, grimering en versorging van hande) van die vroue asook die versorging van die huis. Die interaksie met ander kan ook bepaal word omdat die vroue reeds baie vroeg bymekaar begin kuier. Daar is ook gevalle waar die vroue geen vriendinne het nie omdat hulle noem dat daar te veel skinderstories in so 'n geslote gemeenskap plaasvind. Die maatskaplike werker kon hierdie aannames ondersoek en dit kon ook deur die gebruik van nie-gefokusde waarneming gedoen word.**

#### 2.3.5.3 Onderhoudvoering

Onderhoudvoering as metode kan gesien word as 'n verbale tegniek vir die insameling van data. Dit is die mees algemene metode om data ten opsigte van die menslike gedrag in te samel. Forcese en Richer (1973:169) het die volgende mening: "This implies a dialogue situation - a give-and-take between researcher and respondent - a feature not possible in a self-administered questionnaire."

Die tipe onderhoude kan geklassifiseer word op grond van die beweegrede. 'n Skematiese voorstelling van die verskillende tipes onderhoude, soos deur Ghosh geïllustreer, sal vervolgens gebruik word.

**SKEMATIESE VOORSTELLING 3: VERSKILLENDE TIPES ONDERHOUDE**




(Ghosh, 1982:224)

Om data met onderhoudvoering in te samel, word daar meestal van ondervraging gebruik gemaak. Om vrae te vra, is 'n kuns. Jorgensen noem dat die aanvanklike vrae wat die ondersoeker vra, heel moontlik eenvoudig sal wees om algemene inligting in te win. Om mense direk te kan ondervra, word daar van die navorser verwag om 'n goeie rede te verskaf waarom hy dit wil doen. Dit sal van die studieprobleem afhang van watter tipe vrae die ondersoeker sal vra (1989:85-86). Spradley (1980:129) stel die volgende in dié verband: "When you first go into the field to make observations you have only a few general questions. Now you will need to write out many specific contrast questions before you approach the social situation you are studying." Jorgensen (1989:86-88) en Spradley (1980:125-129) verwys na drie tipes vrae, naamlik beskrywende, vergelykende en kontrasterende vrae.

Beskrywende vrae word gewoonlik gebruik om inligting oor mense, plekke en gebeure in te win. Beskrywende vrae eksploreer gewoonlik die algemene kontoere van 'n bepaalde situasie in redelik omvattende besonderheid. "The broad rim of the funnel consist of descriptive observations in which you want to catch everything that goes on" (Spradley, 1980:128).

Spesifieke soort beskrywende vrae sluit volgens Jorgensen (1989:86) en Spradley (1980:77-80) die volgende in:

- Grand-tour questions - a request for an overview of some matter of interest;
- mini-tour questions - deal with a smaller unit of experience, thus more detailed exploration of a particular matter;
- example questions - requests for illustrations and examples of matters of interest;
- experience questions - queries about peolpe's direct experiences or what has actually happened; and
- narrative-language questions - requests for extrapolation or clarrification of particular terms, concepts, phrases, and the like used by insiders.

Wat vergelykende en kontrasterende vrae betref, stel Jorgensen (1989:88) dat vergelykende vrae mense vra om te vertel hoe dinge vergelyk of op grond waarvan hulle dieselfde is. Kontrasterende vrae vra mense om te beskryf hoe dinge van mekaar verskil.

Die stel van vrae is 'n fyn kuns en respondente mag nooit die indruk kry dat hulle ondervra word of dat die navorser bloot nuuskierig is nie. Daar moet op 'n entoesiastiese wyse na respondente geluister word sonder om hulle op allerhande afdwaalpaaie te laat begaan (Strydom, 1996:132).

**Die ondersoeker het 'n vraelys opgestel wat gebruik is in die onderhoudvoering (dus meer 'n vorm van formele onderhoudvoering). Dieselfde vrae in dieselfde volgorde is met elke gekose vrou bespreek. Die ondersoeker het aan elke vrou verduidelik dat daar navorsing gedoen word betreffende die behoeftes van vroue in die myngemeen-skap. Ook dat hierdie inligting die ondersoeker kan help om 'n gepaste program te ontwerp wat tot hulp vir die vroue kan dien.**

**Daar is ook informele onderhoude met die gekose vroue asook ander vroue in die gemeenskap gevoer. Sodoende was die atmosfeer meer ontspanne en is daar baie waardevolle inligting aan die ondersoeker verskaf ten opsigte van sienings rondom die vroue se kinderjare, huwelik, ouerskap, indrukke van die myngemeenskap en hul denke oor hulself.**

- **Ongestruktureerde onderhoud**

Hierdie tipe onderhoud kan gesien word as 'n baie gemaklike onderhoud. Hier word nie van voorskrywende vrae gebruik gemaak nie en die vrae word ook nie in 'n spesifieke volgorde gevra nie (Nachmias & Nachmias, 1981:191-192). Strydom (1996:132) sluit hierby aan en noem dat die klem in die geval van informele onderhoude op ontspanne gesprekvoering val, wat nietemin gerig word deur die program wat deurgewerk moet word. Jorgensen (1989:88) wys daarop dat die navorser by informele onderhoude opsigtelik die onderhoud op papier of met 'n bandopname kan afneem.

- **Gestruktureerde onderhoud**

Hierdie manier van onderhoudvoering lê volgens Ghosh (1982:226) direk in die hande van die navorser en bestaan uit gestruktureerde skedulevrae. Deur van hierdie skedulevrae gebruik te maak, is die navorser in staat om spesifieke vrae keer op keer op dieselfde manier aan verskillende mense te vra (Jorgensen, 1989:88-89). "The most structured form is the schedule-structured interview, in which the questions, their wording, and their sequence are fixed and are identical for every respondent. This is done to make sure that when variations appear between responses, they can be attributed to the actual differences between the respondents and not to variations in the interview" (Nachmias & Nachmias, 1981:190). Op dié manier is daar meer onbetrokkenheid en objektiwiteit van die navorser se kant ter sprake.

- **Semi-gestruktureerde onderhoud**

Soos die naam aandui, is dit 'n kombinasie van informele en formele onderhoude. Ackroyd en Hughes (1981:72) stel die volgende oor semi-gestruktureerde onderhoude: "The interviewer normally has to ask specified questions but is free to probe beyond them as necessary. The relative weighting of standardised and non-standardised items can vary from research to research." Die meer formele strukturering kan dus gebruik word om inligting soos die ouderdom, geslag, huwelikstatus, opvoedkundige geskiede-

nis en ander relevante data in te samel. Die meer informele afdeling word dan gebruik om verskillende en kwalitatiewe inligting ten opsigte van die karakter aan die lig te bring.

### 2.3.5.4 Deelname

Persoonlike ervaring wat verkry is van direkte deelname aan die lid van 'n binnekring se leefwêreld, is 'n besondere waardevolle bron van inligting, veral as die navorser lidmaatskaprolle kan verkry en as 'n lid van die binnekring opgeneem is. "By becoming a member, the researcher generates the experiences of a member" (Jorgensen, 1989:93).

Spradley (1980:58) identifiseer vyf tipes deelname en kan die volgende tabel as uiteensetting daarvan dien:

**TABEL 2: VERSKILLENDE TIPES DEELNAME**

| GRAAD VAN BETROKKENHEID | TIPE DEELNAME |
|---|---|
| Hoog | Volkome |
| | Aktiewe |
| | Matige |
| Laag | Passiewe |
| Geen betrokkenheid | Nie-deelnemend |

(Spradley, 1980:58)

'n Navorser sal baie krities moet staan teenoor sy eie persoonlike ervaring. Nietemin is die navorser se ervaring - omdat dit sy eie ervaring - is onderworpe aan meer kritiese ondersoeke as die ervaringe van die ander lede. Jorgensen (1989:94) stel die volgende: "By doing something myself, I was able actually to feel it from the standpoint of an insider. Emotions and feelings otherwise are extremely difficult to investigate. Personal experience, thereby is a principal way of gaining access to absolutely crucial aspects of human existence."

Deelname is dus baie voordelig ten opsigte van die blootstelling wat die navorser verkry deur waarlik te voel wat die mense wat ondersoek word, ervaar. Sekere van die ervarings kan van onskatbare belang wees op verskeie maniere.

**Omdat die ondersoeker in die omgewing woon, maak sy 'n groot deel uit van die leefwêreld van die gemeenskap en dan veral die vroue in die gemeenskap. Die ondersoeker het ook vrouegroepe wat deel uitmaak van die navorsing. Hier het die ondersoeker redelik aktiewe deelname aan die vroue se lief en leed omdat intieme situasies in die groep blootgelê word. Deelnemende waarneming speel hier dus definitief 'n rol.**

### 2.3.6 Die ontleding van data

Hoewel die ontleding en interpretasie van die data wat deur deelnemende waarnemers en ander kwalitatiewe navorsers ingesamel word veral aan die einde van die ondersoek geskied, vind voorlopige ontleding en interpretasie deurgaans in die navorsingsproses plaas (Schurink, 1988:89).

Jorgensen (1989:107) stel die volgende: "Analysis is a breaking up, separating or disassembling of research materials into pieces, parts, elements, or units. With facts broken down into manageable pieces, the researcher sorts and sifts them, searching for types, classes, sequences, processes, patterns, or wholes. The aim of this process is to assemble or reconstruct the data in meaningful or comprehensible fashion."

Die eerste stap in die ontleding van data is 'n kritiese ondersoek van die ingesamelde data. Die navorser moet homself sekere vrae vra. Dit sal sy gedagtes in beweging bring en oorreed om op 'n ander manier na die probleem en sy materiaal te kyk. Die ontleding word gedoen met die idee om betekenis te vind vir 'n sistemiese teorie en 'n basis vir 'n wyer veralgemening (Ghosh, 1982:231).

Ontleding behels die bevestiging van die hipotese of die probleem. Sonder goeie ontleding bly die data net onbetekenisvolle materiaal. Die tweede stap van ontleding vereis logiese organisasie van data, anders kan logiese resultate nie bereik word nie. Ontleding behels ook 'n paar stappe, byvoorbeeld kategorisering, toepassing van kategorieë op die ingesamelde data, tabellering, statistiese analise en kousale gevolgtrekking (Ghosh, 1982:231).

Strydom (1996:132-133) noem dat by ontleding die bevindinge in 'n algemene beskrywende model aangebied behoort te word. Hierdie model dien dan as die basiese riglyn vir die voorstelling en interpretasie van die bevindinge. Dit kom dus daarop neer dat die ontleding van waargenome data afhang van die mate van struktuur wat aan die navorsingsopset gegee word. Kwalitatiewe data is dikwels vir die leser interessant, maar om hierdie data te verwerk en na ander opsette te veralgemeen, is vir die navorser baie moeilik.

**Nadat die ondersoeker die benodigde inligting vir die ondersoek ingevorder het, kon die intervensieprogram toegepas word. Die resultate wat uit die deelnemende waarneming sowel as met die intervensieprogram verkry is, is deurgaans afsonderlik in die proefskrif uiteengesit en verder is die resultate van die ondersoek grafies voorgestel. Sodoende kan die sentrale teoretiese stelling van hierdie ondersoek bevestig word en ook aangedui word. Die logiese organisasie en uiteensetting van data maak dit vir die leser daarvan verstaanbaar en interessant.**

### 2.3.7 Verslagskrywing

Nadat die ondersoeker sy navorsing voltooi het, is dit gewoonlik nodig dat hy skriftelike verslag sal doen oor die ondersoek. Ghosh (1982:242) stel die volgende: "Presentation of research findings in the form of a report (thesis or monograph) is a necessary part of the research process."

Die verslag kan gesien word as 'n gedetailleerde beskrywing van wat gedoen is en hoe dit gedoen is ten opsigte van 'n spesifieke area of onderwerp wat bestudeer is. "A proposal, therefore, is a map of intended research wherein are specified the assumptions, concepts, and methods to be used through the conduct of the total research project" (Forcese & Richer, 1973:262).

Strydom (1996:133) noem dat afgesien daarvan om die formele vrae te boekstaaf, dit belangrik is om ook aantekeninge van eie gevoelens, bespiegelings en aanvoelings te maak. Daar behoort met ander woorde verslag gedoen te word oor wat jy beslis weet en wat jou eie denke en interpretasie daarvan is. Daar sal nooit verslag gedoen kan word van alles wat waargeneem is nie. Die navorser se waarnemings bevat net 'n deel van die totaal en net so verteenwoordig die aantekeninge weer 'n deel van die waarnemings. Die navorser sal ook op sy geheue moet staatmaak vir die weergawe van gevoelens en houdings wat nie altyd direk waargeneem kan

word nie. Die hulp van video- en oudiobande kan baie help om objektiwiteit te verhoog. Nachmias en Nachmias (1981:169) sluit hierby aan: "Often, mechanical devices such as motion pictures, tape recordings, and television are used to obtain an overall view of the occurrences."

'n Verslag sal van situasie tot situasie verskil, maar dit is tog belangrik om 'n sekere basis te hê. Dit behels dus dat daar wel na sekere aspekte in so 'n verslag verwys moet word. Die volgende skrywers, naamlik Cilliers (1973:51-54); Forcese en Richer (1973:262-263); Ghosh (1982:243-244); Jorgensen (1989:122); Spradley (1980:169) en Strydom (1996:133), blyk saam te stem oor die inligting en op watter manier dit uiteengesit moet word.

Die verslag moet dus 'n uiteensetting bevat van die volgende:

- Die stelling van die probleem wat ondersoek is, moet geskied aan die hand van die probleembepaling en -afbakening;
- daar moet uitgewys word waarom die onderwerp wat bestudeer was, die moeite werd was om te bestudeer;
- die navorsingsmetodes en strategieë moet uiteengesit word;
- in die samevattende hoofstuk kan die bevindinge van die ondersoek uiteengesit word en hier kan daar ook 'n bespreking plaasvind van die tekortkominge van die studie;
- afgesien van die bevindinge, moet die navorser ook kortliks die vernaamste implikasies van of gevolgtrekkings wat uit die bevindinge gemaak kan word, formuleer;
- dit is gebruiklik dat die navorsingsverslag afgesluit word met 'n kort samevatting. Die samevatting behels 'n oorsig van die hele verslag;
- dit kan ook nodig wees om bylaes by die verslag aan te heg. Dit kan byvoorbeeld vraelyste of voorbeeldonderhoude wees; en
- geselekteerde bibliografieverwysings kan ingesluit word.

Strydom (1996:133) wys daarop dat daar na twee tipes verslaggewing verwys kan word. Dit is deurlopende verslaggewing wat verwys na die insameling van inligting oor elke keer as die teikenprobleem voorkom. Tweedens is dit verslaggewing op 'n steekproefbasis, wat noukeuriger en meer prakties as deurlopende verslaggewing is.

**Vir die doel van hierdie ondersoek word die inligting in die vorm van 'n proefskrif weergegee. Hierin kom die probleembepaling, die ondersoek, die navorsingmetodes, die ontwerpte program, gevolgtrekkings, samevatting en aanbevelings voor.**

## 2.4 EMPIRIESE DATA

Die kwalitatiewe vraelys wat met die onderhoudvoering en as meetinstrument gebruik is om die maatskaplike funksionering van die vrou in die myngemeenskap te bepaal, se vrae en antwoorde is deurgaans in die proefskrif aangedui. Dit is belangrik om ter wille van duidelikheid navorsing en praktyk te integreer om sodoende 'n verband te kan trek. Dit het in die onderhoude wat gevoer is met die vroue in die myngemeenskap duidelik geblyk dat daar probleemaspekte is wat hul selfbeeld negatief beïnvloed en dus negatiewe maatskaplike funksionering tot gevolg het. Hierdie probleemaspekte word bevestig deur die feit dat die meeste vroue genoem het dat hulle:

- Negatiewe kinderjare gehad het;
- die skool op 'n vroeë ouderdom verlaat het en wat dus 'n swak skolastiese agtergrond tot gevolg het;
- hulle is meestal op 'n baie jong ouderdom getroud;
- hulle word nie as veel geag in die huwelik nie en in van die huwelike speel alkohol, vriende en geweld 'n groot rol;
- hul rol as moeder beoefen hulle soos wat daar van hulle verwag word, onder meer dat hulle heeldag by die huis is en hulle die opvoedingstaak van hul kinders sonder die ondersteuning van hul huweliksmaat moet aanpak;
- omdat hulle gelukkiger kinderjare vir hul kinders wil bied, gebeur dit dat dissipline ontbreek, wat weer probleemkinders tot gevolg het;
- hul rol as moeder mergel die vroue uit en laat hulle met 'n gevoel van mislukking agter;

- die vroue kan meestal nie buitenshuis werk nie as gevolg van óf hul swak skolastiese agtergrond óf omdat hulle lewensmaat dit nie wil toelaat nie;
- dit beperk die vroue tot hul huise en bestaan hul daaglikse leefpatroon meestal uit opstaan, ontbyt maak, kinders en man na die skool en werk afsien, huis skoonmaak, voorbereiding van middagete, die ontvang van kinders as hulle van die skool af kom, die ontvang van hul mans wat terugkom van die werk af, ete voorsit, opruim, televisiekyk en dan redelik vroeg gaan slaap;
- nie een van die vroue kan 'n positiewe antwoord bied ten opsigte van die vraag wat hulle van hulself dink nie;
- die algemene gevoel was "ek is goed vir niks";
- die vroue het nie meer die energie om hulself te versorg nie en 'n algemene gevoel van "vir wie moet ek myself mooimaak" is uitgespreek;
- nie een van die vroue het positief gevoel om in die myngemeenskap.te woon nie;
- hulle beleef dit as 'n plek waar mense drink, jou man van jou weggerokkel word en jy beskinder word;
- die vroue het dus min tot geen vriende nie, wat eensaamheid tot gevolg het; en
- 'n algemene gevoel van terneergedruktheid kan by die vroue opgemerk word en daar is voortdurend genoem dat hulle 'n behoefte het om hul situasie te verander.

Uit hierdie antwoorde het dit duidelik geblyk dat daar 'n behoefte by die vroue is om beter oor hulself te voel en hul maatskaplike funksionering te verbeter. Hierdie inligting het dit vir die ondersoeker verder duidelik gemaak dat daar wel 'n behoefte is aan 'n program wat aan vroue in 'n groep (omdat hulle 'n homogene probleem het) die geleentheid sal bied om dit wat hulle van hulself dink, positief te beïnvloed. So 'n program moet ook aan hulle die geleentheid gee om sekere hand- en lewensvaardighede aan te leer en ook positiewe verhoudinge op te bou.

## 3. DIE ENKELSTELSELONTWERP

Die ondersoeker het van die enkelstelselontwerp gebruik gemaak om die program wat aangebied is, te evalueer. Hudson se selfbeeldindeks (Bloom & Fischer, 1982:153) is gebruik om die groeplede se selfbeeld te meet. Die metings het tydens die eerste, tiende en negentiende byeenkoms plaasgevind.

### 3.1 BEGRIPOMSKRYWING

Strydom (1994:92-93) verduidelik die begrip soos volg: "Die enkelstelsel-ontwerp is 'n navorsingsontwerp wat ten doel het om teorie en praktyk te integreer. Dit verwys na die bestudering van 'n enkele subjek op 'n herhalende grondslag." Reid en Smith (1981:94-95) gee die volgende definisie van die enkelstelselontwerp: "The most elementary form of the single case design consists of data on case characteristics and change and on interventions that presumably were influential in producing change." Hierdie stelsel of sisteem kan 'n individu, gesin, groep, organisasie, gemeenskap of 'n ander kollektiwiteit wees. Elke stelsel of sisteem word vir die doel van ontleding as 'n enkele eenheid gehanteer. In dié verband verwys die begrip ontwerp na 'n sistematiese plan vir dataversameling (Fourie, 1992:71).

### 3.2 DIE VERSKILLENDE ENKELSTELSELONTWERPE

Uit die aard van die kultuur van die myngemeenskap wat onder meer deprivering van die vrou insluit, was die ondersoeker se doel om met behulp van 'n hulpverleningsprogram die vrou se selfbeeld te verbeter. Pentz (1995:14) noem dat vir dié doel daar 'n meting voor intervensie sowel as na intervensie moet plaasvind.

Daar word vervolgens na die verskillende enkelstelselontwerpe verwys sodat daar nie net duidelikheid sal wees oor die verskillende enkelstelselontwerpe wat gebruik kan word nie, maar ook om te kan aandui waarom die ondersoeker bepaalde voorkeur aan een van die ontwerpe gegee het.

Pentz (1995:14) noem dat die enkelstelselontwerp uit twee basiese elemente bestaan, naamlik die basislyn *A* en die hulpverleningsprogram *B*. Die basislyn en die hulpverleningsprogram kan op verskillende maniere vir

verskillende doeleindes saamgestel word. Dit behels dat een of meer basislyne gekombineer kan word met een of meer hulpverleningsprogramme. Reid en Smith (1981:104) stel die volgende: "This basic time series design is often designated by the letters *AB*, with the *A* symbolizing measurements obtained during a baseline period before intervention and the *B* standing for measurements taken during intervention. The design has considerable utility in its own right and serves as a foundation for understanding the more complex single case designs to be considered subsequently."

Strydom (1986:217) wys daarop dat die koppeling tussen navorsing en praktyk bewerkstellig kan word deur van die verskillende enkelstelselontwerpe gebruik te maak. Du Plessis (1994:122-143), Fourie (1992:73), McKendrick (1990:264-266), Pentz (1995:14-18), Rosenblatt en Waldfogel (1983:591-599) en Strydom (1992:122-124) identifiseer verskillende enkelstelselontwerpe.

Die enkelstelselontwerpe word soos volg uiteengesit:

### 3.2.1 Gevallestudie gekoppel aan die basiese enkelstelselontwerp

Rosenblatt en Waldfogel (1983:592) noem dat die A-B-ontwerp die eenvoudigste enkelstelselontwerp is. *A* staan gewoonlik vir die basislyn of nie-behandelingsvlak van die kliënt se gedrag wat gemeet word. Du Plessis (1994:124) wys daarop dat *B* 'n bepaalde intervensiestrategie (behandelingsfase) verteenwoordig. Pentz (1995:15) noem dat behandelingseffektiwiteit resoluut is deur die vergelyking van die kliënt se toestand gedurende die behandeling met dié van die basislyn. Dit blyk uit die genoemde inligting dat die AB-ontwerp die vertrekpunt is van al die ander tipes ontwerpe.

### 3.2.2 Basiese eksperimentele ontwerp

Fourie (1992:73) noem dat daar drie moontlike basiese eksperimentele ontwerpe bekend is, naamlik die A-B-A-, A-B-A-B- en B-A-B-ontwerpe.

#### 3.2.2.1 A-B-A-ontwerp

Tripodi (1994:6-7) noem dat die A-B-A-ontwerp die eenvoudigste ontledingstrategie is waar intervensie plaasvind en weer onttrek word. Reid en Smith (1981:110) noem dat die eerste van die gekontroleerde enkelstelselontwerpe wat oorweeg word, gebaseer kan word op die eenvoudige veronderstelling dat 'n mens die effek van enige agent kan

vasstel as 'n mens kan bewys dat die effek plaasvind nadat die agent aangewend is, maar dat die verandering nie plaasvind as die agent nie toegepas is nie. Monette *et al.*, (1990:319) sluit hierby aan: "The value of the reversal design stems from their ability to demonstrate more conclusively that it is the treatment and not some extraneous factor that is producing change in the client's condition."

Hierdie ontwerp se eerste twee fases kom ooreen met die A-B-ontwerp. Du Plessis (1994:127) noem dat by hierdie ontwerp die navorser-praktisyn egter besluit om na die basislynfase terug te keer. Vergelykings kan nou gemaak word tussen die eerste basislyn en intervensie, sowel as tussen intervensie en die tweede basislyn. "The design described above is the A-B-A, with *A* representing baseline or absence of intervention, and *B* representing intervention" (McKendrick, 1990:266).

Omdat hierdie ontwerp gebruik is vir die doel van hierdie ondersoek, is dit ook belangrik om op die voor- en nadele van hierdie ontwerp te let.

- **Voordele van die A-B-A-enkelstelselontwerp**

Die ontwerp slaag beter daarin om oorsaaklikheid aan te dui as die A-B-ontwerp. Rosenblatt en Waldfogel (1983:594) stel die volgende: "The A-B-A design provides greater confidence in determining the effect of the intervention based on the principle of unlikely successive coincidences." Eksperimentele manipulasie van die onafhanklike veranderlike vir die vasstelling van oorsaaklikheid is hier moontlik (Du Plessis, 1994:128).

- **Nadele van die A-B-A-ontwerp is die volgende**

– Rosenblatt en Waldfogel (1983:595) verwys na die etiese probleme wanneer die kliënt moet terugkeer na die basislynfase van funksionering. Du Plessis (1994:128) sluit hierby aan en noem dat etiese probleme ontstaan wanneer die intervensiefase wel tot probleemoplossing lei, maar dat daar dan na die probleemtoestand teruggekeer word. Monette *et al.*, (1990:320) stel die volgende: "... treatments that produce permanent changes in clients - which is often the goal of intervention - are not reversible. Another problem is whether or not the client's data pattern actually will return to baseline levels by a withdrawal of intervention" (Rosenblatt & Waldfogel, 1983:595).

- Oordrag kan plaasvind sodat waarneming tydens die eerste en die tweede basislynfase verskil. Sodoende sal dit moontlik wees om akkuraat te kan beskryf wat die impak van die intervensie was (Du Plessis, 1994:128).

- Du Plessis (1994:129) noem dat 'n probleem wat ontstaan is hoe om aan die kliënt te verduidelik waarom intervensie onttrek word wanneer dit eintlik help om 'n probleem die hoof te bied.

#### 3.2.2.2 A-B-A-B-ontwerp

Reid en Smith (1981:110) noem dat dié ontwerp een van die ontwerpe is wat die meeste deur maatskaplike werkers gebruik word. "A pre-treatment baseline (A); the original intervention is stopped for a period (A) and then reinstated (B)" (Reid & Smith, 1981:110). Daar is herhaling van die eerste A-B-ontwerp en dit het gevolglik 'n hoë mate van kousaliteit tot gevolg (Du Plessis, 1994:122). Die A-B-A-B-ontwerp het gewoonlik goeie kontrole oor maturasiegeskiedenis en agteruitgang verskaf omdat dit gewoonlik nie moontlik is dat hierdie bronne per toeval 'n afname of verandering in die toepassing van intervensie ondervind nie (Reid & Smith, 1981:112).

#### 3.2.2.3 B-A-B-ontwerp

Met hierdie ontwerp vind hulpverlening of terapie dadelik plaas. McKendrick (1990:266) stel die volgende: "For clients in crisis where immediate intervention is required, such as in family violence, a BAB design is appropriate." Hierdie ontwerp kan moontlik as die swakste van die drie beskou word, omdat 'n eerste basislynfase en 'n afsluitingsbasislynfase ontbreek (Strydom, 1992:122).

**Daar is van die A-B-A-metode gebruik gemaak vir die doel van hierdie ondersoek. Die ondersoeker het 'n selfbeeldmeting op die eerste dag van die groepbyeenkoms gedoen. Intervensie (hulpverleningsprogram) het plaasgevind en daar is weer metings geneem. Hierdie metings voor en na intervensie is geneem om te kan bepaal of die hulpverlenings-program wat vir die verbetering van die groeplede se selfbeeld gebruik is, effektief was.**

### 3.2.3 Meervoudige ontwerpe

"In the multiple baseline design, one attempts to attain control through replication, that is, through repeating the same intervention across different targets to determine if change consistently follows the introduction of the intervention" (Reid & Smith, 1981:113). Monette *et al.*, (1990:320) noem dat die meervoudige basislyn tot stand gebring kan word vir verskillende optredes, vir een optrede in veelvoudige omgewings of vir verskillende kliënte wat met dieselfde probleem sukkel. Twee vorms van meervoudige ontwerpe kan dus onderskei word, naamlik meervoudige basislynontwerpe en meervoudeige teikenontwerp.

#### 3.2.3.1 Meervoudige basislynontwerpe

Kondisie 1 = $A_1$ B B B waar A = Basislyn

Kondisie 2 = $A_1$ $A_2$ B B = Intervensie

Kondisie 3 = $A_1$ $A_2$ $A_3$ B (Hulpverleningsprogram) (Pentz, 1995:16).

'n Basislyn word vir elke probleem bepaal en na basislynstabiliteit bereik is, word daar tot intervensie oorgegaan sodra stabiliteit vir elke basislyn bereik word. Dieselfde intervensie word vir elke basislyn gebruik (Du Plessis, 1994:123).

#### 3.2.3.2 Meervoudige teikenontwerp

Kondisie 1 = $A_1$ B

Kondisie 2 = $A_2$ (waar A = Basislyn)

Kondisie 3 = $A_3$ D B C + D = Intervensie

By hierdie ontwerp word weer eens 'n basislyn vir al drie probleme bepaal. Kenmerkend van hierdie ontwerp is dat drie verskillende vorms van intervensie aangebied word. Die basislyne bly dus (A1), (A2) en (A3), terwyl die intervensieprogramme (B), (C) en (D) word (eintlik gewone A-B-ontwerp) (Pentz, 1995:16-17).

### 3.2.4 Ontwerpe betrokke by veranderings in intervensie

Twee vorms van ontwerp betrokke by verandering in intervensie word onderskei, naamlik:

#### 3.2.4.1 Verandering in intensiteitsontwerp

Du Plessis (1994:123) bied die volgende weergawe: "Wanneer 'n spesifieke intervensiestrategie goed werk, word dit verskerp totdat die finale doelstelling van die terapie bereik word. Veranderinge in intensiteitsontwerpe: A $B_1$ $B_2$ $B_3$. Dus: Basislyn (A), Intervensie ($B_1$) Intervensie ($B_2$), Intervensie ($B_3$)."

#### 3.2.4.2 Opeenvolgende intervensie-ontwerp

Hier kan daar direk van een intervensiefase na 'n volgende oorgegaan word, byvoorbeeld A-B-C sonder dat 'n basislynfase tussenin plaasvind. Die opeenvolgende ontwerpe kan ook die vorm van A-B-A-C of A-B-A-C-A aanneem. Die ontwerpe waar eers teruggekeer word tot 'n basislynfase voordat 'n verdere intervensiefase plaasvind, moet as sterker ontwerpe uitgeken word (Pentz, 1995:17).

### 3.2.5 Meervoudige komponentontwerp

Hierdie onderwerp word benut wanneer die maatskaplike werker twee verskillende behandelingsprogramme of intervensies met mekaar wil vergelyk en kan soos volg uitgebeeld word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| B-C-B-C waar | B | = | intervensie |
| | C | = | intervensie |

### 3.2.6 Komplekse ontwerpe

Hier word daar ook twee vorms van komplekse ontwerpe onderskei, naamlik afwisselende intervensieprogramme en interaksionele ontwerp.

#### 3.2.6.1 Afwisselende intervensieprogramme

Basislyn (A) Intervensie (B) en Intervensie (C) Intervensie (B) of Intervensie (C) Dus: A-B/C-A-B óf C.

Daar word begin met 'n basislynfase waarna twee intervensieprogramme afwisselend benut word. In 'n volgende intervensiefase word een van die vorige twee benut, afhangende van watter een die effektiefste was (Du Plessis, 1994:123).

#### 3.2.6.2 Interaksionele ontwerp

Hier kan weer eens van eksperimentele herhaling gebruik gemaak word, waarna twee intervensieprogramme afwisselend benut kan word. Daar kan teruggekeer word na die oorspronklike intervensieprogram en 'n afwisselende program kan dan weer benut word, byvoorbeeld A-B-A-B-BC-B-BC.

## 3.3 DIE STAPPE VAN DIE ENKELSTELSELONTWERP

Du Plessis (1994:55) noem dat die waarde van die enkelstelselontwerp daarin geleë is dat die stappe van die enkelstelselontwerp in 'n groot mate ooreenstem met dié van die maatskaplikewerk-hulpverleningsproses. Die enkelstelselontwerp brei hierop uit deur 'n nougesette intervensie deur middel van kwantitatiewe data te evalueer. Bloom en Fischer (1982:16) meld die volgende: "The essence of successful practice is the ability to demonstrate that what we have done (our intervention) has worked (is effective)." Strydom (1990:271) meen dat hierdie stappe 'n logiese volgorde het en die koppeling tussen teorie en praktyk moontlik maak.

Die volgende stappe van die enkelstelselontwerp word onderskei:

### 3.3.1 Die formulering van die probleem

Cilliers (1973:32) noem dat dit met die eerste oogopslag voorkom of dit betreklik maklik is om probleme te vind en te formuleer, terwyl die teenoorgestelde egter die geval is. Nachmias en Nachmias verwys soos volg na die begrip *probleem*: "Problems are questions about relations among variables ..." (1981:67).

Du Plessis (1994:56) noem dat die maatskaplike werker in samewerking met die kliënt bepaalde probleme identifiseer en selekteer. Die probleme moet dan in prioriteitsvolgorde geplaas word. Die maatskaplike werker selekteer dan een probleem om op te fokus, baken dit af en definieer die probleem in duidelik en spesifieke terme. "Whatever the source of the need for new knowledge, the search should begin with a specification of the problem, its pervasiveness, its frequency of occurence as well as the conditions under which it is likely to occur or not to occur. In addition, there should be complete description of the characteristics of the clientele involved" (Tripodi & Epstein, 1980:77).

**Die vroue in die myngemeenskap het meestal 'n lae selfbeeld en dit veroorsaak dat hulle nie net belang in hulself verloor nie, maar ook in hul rol as vrou, moeder en tuisteskepper. Deur die vrou se selfbeeld te verbeter en haar met behulp van 'n ontwikkelingsprogram met sekere vaardighede toe te rus, haar maatskaplike funksionering verbeter kan word.**

### 3.3.2 Die raadpleeg van literatuur

Voor die terapeut met enige hulpverlening kan begin, is dit noodsaaklik om homself te vergewis van enige nodige inligting wat daar rondom hierdie probleem in die literatuur beskikbaar is.

Berger en Patchner (1988a:156) stel dit dat die ondersoeker die volgende vrae kan stel ten opsigte van die raadpleeg van literatuur:

- "Have primary as well as secondary sources been reviewed?"
- "Does the reference cited relate directly to the research problem?"
- "Has the conceptual or the theoretical base for the study been clearly described?"
- "Have you explained how the conceptual base for the study is related to the research problem?"
- "Is there complete listing of all the sources cited?" (Pentz, 1995:19).

Stydom (1990:271) stel die volgende: "Afgesien daarvan dat literatuurstudie die maatskaplike werker voorberei, word hy ook hierdeur in staat gestel om deeglike wetenskapsbou in die vakgebied toe te pas."

**Die ondersoeker het literatuur ten opsigte van die navorsings-metodologie, die behoeftes en funksionering van die vrou, die selfbeeld, die metode van maatskaplike groepwerk asook die myngemeenskap bestudeer.**

### 3.3.3 Die ontwikkeling van doelstellings

Nadat die literatuurgegewens in diepte ontleed is en die navorser-praktisyn bewus is van die moontlike sukses wat hy met bepaalde intervensiestrategieë met sy kliënt kan bereik, moet realistiese doelstellings ontwikkel en met die

medewerking van die kliënt geformuleer word (Du Plessis, 1994:57). Epstein en Tripodi (1977:119) stel die volgende: "Program goals may be stated, generally in program proposals and other agency documents. A simple device for translating abstract goals into specific objectives is to identify who in the program (which agency personnel) are expected to do what (using what procedures, strategies, therapeutic approaches, provision of services, etc.) to whom (the designated target population) where (at what location), when (with what frequency), and why (to accomplish what ends or objectives)?"

Die navorser stel sekere algemene en sekere spesifieke doelstellings op om rigting aan die ondersoek te gee. Uit die doelstellings word dan sekere hipoteses saamgestel (Strydom, 1986:219).

**Die primêre doel van hierdie ondersoek was om deur die gebruik van maatskaplike groepwerk die maatskaplike funksionering van die vrou in die myngemeenskap te verbeter. Die doelstellings wat gestel is, was dat die vrou sekere vaardighede moes aanleer, haar algemene kennis moes verbreed, daar moes verbetering van verhoudinge intree en insigvermeerdering in haarself moes plaasvind. 'n Program moes daargestel word om hierdie doelstellings te bereik en die inhoud van die program moes tot verbetering van die lede se selfbeeld aanleiding gee.**

### 3.3.4 Die ontwikkeling van hipoteses

Die formulering van 'n bruikbare hipotese is baie belangrik. Die hele navorsingstudie word gebou rondom die veelseggendheid van die hipotese. Mouton en Marais (1985:135) verklaar hipotese soos volg: " 'n Hipotese is 'n stelling wat 'n vermeende verband of verskil tussen twee of meer verskynsels of veranderlikes postuleer." "Hypotheses are tentative answers to research problems" (Nachmias & Nachmias, 1981:73).

Volgens Mouton en Marais (1985:135) word daar basies op twee wyses afgelei. Enersyds in meer deduktiewe studies (hipotesetoestand) word hipotese afgelei uit bestaande teorieë en modelle in die dissipline. Andersyds word hipoteses meer induktief uit waarnemings, ervaring, verbeelding, ensovoorts, afgelei.

Dit is ook belangrik om te let op die kriteria vir die beoordeling van bruikbare hipoteses. Miller (1991:33-37) bied die volgende kriteria:

- "The hypotheses must be conceptually clear."

- "The hypotheses must be specific."
- "Hypotheses should be related to available techniques."
- "The hypothesis should be related to a body of theory."

**As sentrale teoretiese stelling van hierdie ondersoek word gestel dat deur die ontwerp, aanbieding en evaluering van 'n intervensieprogram aan vroue in die myngemeenskap hul maatskaplike funksionering sal verbeter, dit wil sê hul selfbeeld sal positief uitgebou word, wat 'n positiewe invloed op die vrou se fisiese versorging, lewens- en handvaardighede en handhawing van verskillende verhoudinge sal hê.**

### 3.3.5 Die opstel van die ontwerp

Monette *et al.*, (1990:307-308) stel die volgende: "Once a problem and a corresponding goal for intervention have been identified, the next phase of the clinical research process is to select an appropriate single subject design. Whereas the general principle of single subject research consists of comparing a series of preintervention measurements with a series of postintervention measurements, there are many variations on this basic scheme." Die belangrike aspek van hierdie spesifieke stap van die proses van die enkelstelselontwerp is dat daar 'n seleksie van 'n metingsmetode moet plaasvind. Collins (1990:260) noem dat die seleksie van 'n metingsmetode belangrik is, aangesien dit die indikatore van die kliënt se gedrag sal weerspieël waarvolgens die maatskaplike werker moet optree (Du Plessis, 1994:57).

**Die ondersoeker het besluit om van die basiese eksperimentele ontwerp gebruik te maak. Die A-B-A-ontwerp, waar twee vergelykings moontlik is, met ander woorde tussen die eerste basislyn en intervensie, en tussen intervensie en tweede basislyn, is gebruik.**

Pentz (1995:21) stel die ontwerp soos volg voor:

## TABEL 3: BASIESE EKSPERIMENTELE ONTWERP

| A | B | A |
|---|---|---|
| Basislynfase | Intervensiefase | Basislynfase |
| Voor-toets | Tussenin-toets | Na-toets |
| Voorbereidingsfase | Aanvangs-, toetredings-, benuttingsfase | Afsluitingsfase |

### 3.3.6 Die omskrywing van die afhanklike veranderlike

'n Wydverspreide praktyk onder geesteswetenskaplikes is om die eienskappe van die navorsingsvoorwerp wat bestudeer word, veranderlikes te noem. Die afhanklike veranderlike dui op die konsekwente of daaropvolgende verskynsel (Mouton & Marais, 1985:129-130). Strydom (1986:219) is van mening dat die afhanklike veranderlike die dimensie is waarin die navorser veranderinge verwag. Dit moet baie spesifiek omskryf word in terme van meetbare en presiese terme. Sodoende kan enige verandering geëvalueer word.

**In hierdie ondersoek is die probleem waaraan gewerk moet word die verbetering van die vroue uit die myngemeenskap se selfbeeld sodat hulle maatskaplik beter sal funksioneer.**

### 3.3.7 Die omskrywing van die onafhanklike veranderlike

Die onafhanklike veranderlike dui op die antesedente of voorafgaande verskynsel (Mouton & Marais, 1985:130) Pentz (1995:22) wys daarop dat die onafhanklike veranderlike dit is wat verwag word om 'n uitwerking op die afhanklike veranderlike te hê.

**In hierdie ondersoek is daar 'n ontwikkelingsprogram ontwerp wat ander maatskaplike werkers as voorbeeld kan gebruik om vroue in 'n maatskaplike groepwerkopset se selfbeeld uit te bou en daardeur hul maatskaplike funksionering te verbeter.**

### 3.3.8 Die bepaling van maatskaplike hindernisse

Strydom (1994:118) noem dat die navorser deur hierdie stap poog om na alle toepaslike fasette van die beplande ondersoek te kyk ten einde te bepaal of daar enige struikelblokke in die weg van die suksesvolle uitvoering van die ondersoek sal wees. Alle moontlike praktiese en teoretiese beperkinge en struikelblokke moet by hierdie stap deeglik in oënskou geneem word.

**Vir die ondersoeker was daar kommer dat die lede vanweë hul algehele onbetrokkenheid by aktiwiteite in die gemeenskap, nie voluit betrokke sal wees by die bywoning van die groepbyeenkomste nie. Die ondersoeker het besef dat dit juis dan belangrik is om die lede gerus te stel oor wat in die groepe gaan gebeur. Dit was ook belangrik om die eerste byeenkoms indrukwekkend en entoesiasties aan te bied. Verder was die ondersoeker besorg dat die groeplede se mans hulle sou teëgaan en weier dat hulle na die groepbyeenkomste mag kom.**

**Daar was groeplede wie se mans negatief was en geweier het om hulle na die groepbyeenkoms te vervoer of om van die motor gebruik te maak (as sy kan bestuur). Van die groeplede het egter positief oor die groepe gevoel en het maar na die byeenkomste gestap. Namate die groepsgebondenheid in die groepe begin ontwikkel het, het van die ander lede die vroue by hul huise gaan afhaal en ná die verrigtinge terugbesorg. Die ondersoeker was besorg dat dit ernstige probleme vir die groeplede sou veroorsaak deur so op te tree, maar een van die groeplede het genoem dat haar man haar in elk geval sleg behandel en nog 'n verdere "tantrum" van hom dit nie slegter kan maak nie.**

### 3.3.9 Die basislynfase

Monette *et al.*, (1990:308) noem dat die volgende stap in die kliniese navorsingsproses die daarstel van 'n basislyn is of dit kan ook 'n reeks metings van die kliënt wees voordat behandeling toegepas is: Die basislyn word gebruik as 'n basis waarvandaan die kliënt se toestand gemeet kan word nadat behandeling toegepas is: "Assessment activities that occur before the beginning of intervention are usually called 'baseline'" (Jayaratne & Levy, 1979:93).

Deur die metings wat na behandeling gemeet is te vergelyk met die wat in die basislynfase geneem is, sal daar bepaal kan word of die behandeling enige effek het. "Typically, three measurements are needed as an absolute

minimum, to establish a baseline. More measurements are better, especially if the client's condition is unstable" (Monette, *et al.*, 1990:308).

Die basislynfase kom dus neer op die beplande insameling van gegewens, voordat die onafhanklike veranderlike toegepas word, ten einde te verseker dat die navorser volle beheer oor die verloop van die navorsingsprojek sal hê (Pentz, 1995:22).

**Die groeplede het met die eerste groepbyeenkoms die eerste metingskaal ingevul. Dit was van die uiterste belang dat die vroue met hierdie byeenkoms die metingskaal moes voltooi aangesien hulle nog nie aan die program blootgestel was wat met hulle gevolg sou word nie - dus 'n basislynmeting voordat intervensie (hulpverleningsprogram) geïmplementeer is. Nadat die intervensieprogram geïmplementeer is, het daar weer 'n meting plaasgevind waar daar 'n duidelike verbetering van die selfbeeld van die vroue gesien kon word. Dit was dus die tweede basislynfase wat na intervensie gevolg het.**

### 3.3.10 Die intervensiefase

Die beplande hulpverlening word tydens hierdie fase geïmplementeer. By die enkelstelselontwerp is dit belangrik dat daar net een veranderlike op 'n keer verander word. Dit beteken dat 'n spesifieke intervensiestrategie (een onafhanklike veranderlike) wat op 'n afhanklike veranderlike gerig is, 'n basislynfase moet opvolg en dat 'n basislynfase weer op die intervensiefase, ensovoorts, moet volg, afhangende van die spesifieke enkelstelselontwerp wat benut word (Du Plessis, 1994:59).

As daar 'n stabiele patroon in die basislyndata tot stand gekom het, moet die behandelingsprogram dadelik bekend gestel word. Verder moet die intervensiefase gestandaardiseer word sodat elke persoon wat deel het aan die behandelingsprogram, dieselfde diens of behandeling ontvang (Pentz, 1995:23).

**Die intervensieprogram (hulpverleningsprogram) is vanaf die tweede groepbyeenkoms geïmplementeer. Dieselfde metingskaal wat in die basislynfase gebruik is om die vroue se selfbeeld te meet, is weer in die middel van die intervensiefase sowel as met die laaste byeenkoms gebruik.**

### 3.3.11 Die ontleding van data

Die ontleding van data vind plaas na afhandeling van die intervensiefase. Strydom (1986:118) noem dat hierdie ingesamelde gegewens ontleed word ten einde te kan bepaal of daar verandering in die afhanklike veranderlike plaasgevind het en of daar sekere verbande tussen veranderlikes getrek kan word. Verder moet hy ook poog om te bepaal of dit wel die onafhanklike veranderlike was wat verandering in die afhanklike veranderlike teweeggebring het.

**'n Gestandaardiseerde metingskaal, bekend as die selfbeeldindeks van Hudson, is beskikbaar. Die ondersoeker het van hierdie metingskaal gebruik gemaak om die vroue se selfbeeld te meet en sodoende te bepaal of die program (intervensie) wat ontwerp is om die vroue se selfbeeld te verbeter, effektief was.**

By die metingskaal wat tydens die ondersoek gebruik is (kyk Bylae B), is 'n vyfpuntskaal gebruik om die afhanklike veranderlike te meet. Pentz (1995:23-24) stel dit soos volg voor:

1 = Ek voel nooit so nie

2 = Ek voel selde so (min of meer vier keer per jaar)

3 = Ek voel soms so (min of meer een keer per maand)

4 = Ek voel dikwels so (min of meer een keer per week)

5 = Ek voel altyd so

Ten einde deurlopend konsekwensie in die meting van die respondente se houdingsingesteldheid rondom die vrou se selfbeeld te verseker, moes die waardes wat toegeskryf is aan die skaal by positiewe houdingstellings omswaai om die werklike houdingsingesteldheid te projekteer. Onderaan die metingskale is die nommers van die stellings wat omgeswaai moes word. Hierdie skale werk op die basis dat die stellings wat omgeswaai moet word, soos volg gedoen word:

1 word 5

2 word 4

3 bly 3

4 word 2

5 word 1 (Bloom & Fischer, 1982:149; Pentz, 1995:24 en Strydom, 1990:275).

Strydom (1990:275) noem die volgende: "Nadat die omgekeerde waardes aan die betrokke antwoorde gekoppel is, word al die antwoorde se waardes bymekaargetel om 'n totaal te kry. Die getal vyf-en-twintig word van die totaal afgetrek, omdat daar vyf-en-twintig vrae is met 'n moontlike telling van eenhonderd vyf-en-twintig en die skaal voorsiening maak vir 'n maksimum van slegs eenhonderd. Die getal wat verkry is, is die betrokke afhanklike veranderlike wat gemeet is se waarde."

Nadat die omgekeerde waardes aan die betrokke antwoorde gekoppel is, is al die antwoorde se waardes bymekaargetel om 'n totaal te kry. Die getal wat verkry is, is die waarde van die betrokke afhanklike veranderlike wat gemeet is. Die beoordelingsdrumpel is 30. Hoër as 30 dui op 'n betekenisvolle probleem in die betrokke gebied en 'n telling laer as 30 dui op geen betekenisvolle probleem nie (Pentz, 1995:24) (kyk Bylae B).

**Die meeste van die vroue se selfbeeld het met die eerste meting so hoog as 98 getoets. Die vrou met die laagste telling (dus 'n relatief beter selfbeeld) was 71**.

### 3.3.12 Die opstel van die verslag

Cilliers (1973:51) noem die volgende: "Nadat die ondersoeker sy navorsing voltooi het, is dit gewoonlik nodig dat hy skriftelik verslag sal doen oor die ondersoek." Strydom (1992:119) meld dat die opstel van 'n verslag belangrik is ten einde bevindinge aan kollegas te kan oordra. Dit bring mee dat die bepaalde ondersoek deur ander ondersoekers herhaal kan word ten einde veralgemening van data moontlik te maak en by te dra tot kumulatiewe kennisgeheel oor die onderwerp. Uit sodanige verslag kan weer verdere vrae ontstaan wat tot ander tipes ondersoeke aanleiding kan gee. Ander terapeute kan ook hierdeur aangemoedig word om bewese suksesvolle intervensiebenaderings te gebruik ten einde die effektiwiteit van hul eie praktyk te verhoog.

Cilliers (1973:51-54) bied 'n uiteensetting aan van die belangrikste vereistes waaraan 'n navorsingsverslag wat vir 'n wetenskaplike publikasie bedoel is, moet voldoen:

In die breë moet 'n navorsingsverslag 'n uiteensetting bevat van die volgende: die probleem waaroor die ondersoek gehandel het; die navorsingsopset wat gevolg is, met 'n uiteensetting van die prosedures en tegnieke wat gebruik is; die bevindinge van die ondersoek; en die gevolgtrekkings wat uit die ondersoek afgelei kan word.

- Die stelling van die probleem wat ondersoek is, moet geskied aan die hand van die probleembepaling en -afbakening.
  - Dit beteken dat die navorser moet aantoon wat die probleem is wat hy onderskei het;
  - waarom hy dit as probleem onderskei het; en
  - in terme waarvan hy die antwoord op die probleem gesoek het.
- Wat betref die navorsingsopset, die prosedures en tegnieke wat gebruik is, moet die navorser kortliks 'n beskrywing gee van hoe hy te werk gegaan het in die uitvoering van sy ondersoek.
  - Die beginsel is hier dat die beskrywing sodanig moet wees dat 'n ander ondersoeker wat die bevinding wil kontroleer, in staat moet wees om uit die beskrywing die navorsingsopset te rekonstrueer;
  - indien gebruik gemaak word van erkende prosedures en/of tegnieke, is dit nie nodig dat 'n breedvoerige beskrywing van hierdie prosedures of tegnieke gegee word nie, behalwe in sover presies aangedui moet word hoe die betrokke prosedures en/of tegnieke in die onderhewige geval aangewend of toegepas is;
  - waar nuwe tegnieke vir die doel van die ondersoek ontwikkel is, moet 'n volledige uiteensetting van die ontwikkeling van hierdie tegnieke egter gegee word, sodat die metodologiese suiwerheid daarvan bepaal kan word.
- Wat betref die bevindinge, moet alle bevindinge wat in verband staan met die vraag wat ondersoek is, in die verslag weergegee word.

- Afgesien van die bevindinge self, moet die navorser vervolgens ook kortliks die vernaamste implikasies van of gevolgtrekkings wat uit die bevindinge gemaak kan word, formuleer.

- Die navorsingsverslag word met 'n kort samevatting afgesluit.
  - Die probleemstelling, navorsingsopset, bevindinge en gevolgtrekkings moet so kort moontlik opgesom word;
  - as die verslag self 'n lywige dokument is, kan hierdie samevatting in die vorm van 'n slothoofstuk opgestel word;
  - met 'n korter verslag kan die samevatting as 'n slotparagraaf aangebied word.

Du Plessis (1994:60-61) en Mouton en Marais (1990:197-202) sluit by Cilliers (1973:51-54) aan met die volgende opmerkings:

* Die navorsingsprojek moet binne 'n breëre raamwerk van relevante teorie en navorsing soos weerspieël in 'n literatuuroorsig, geïntegreer word.
* Alle sentrale konsepte of konstrukte moet eksplisiet gedefinieer word.
* Die wetenskaplike moet die meta-teoretiese aannames wat in sy navorsing geld, duidelik maak.
* Die navorsingshipotese of sentrale teoretiese stelling moet duidelik geformuleer word.
* Die navorsingsverslag moet die doelstellings wat nagestreef word, spesifiseer.
* Inligting oor die aard, geloofwaardigheid, relevansie en verteenwoordigendheid van data- of inligtingsbronne moet verskaf word.
* Die navorsingsverslag moet alle relevante besonderhede oor die data-insameling vervat.
* Die ontledingsprosedures wat benut is, moet volledig beskryf word.
* Die interpretasie en gevolgtrekkings moet binne die kader van die oorspronklike navorsingsprobleem en -ontwerp aangebied word en moet alle relevante inligting of data verken.

* Die navorsingsverslag moet aan die tegniese riglyne wat deur die betrokke finansier of instansie neergelê is, voldoen.

**Hierdie ondersoek is in die vorm van 'n proefskrif saamgevat en kan ander maatskaplike werkers help om soortgelyke ondersoeke te doen of hulle kan van die inligting gebruik om groepe met vroue (spesifiek in die myngemeenskap) te inisieer en te implementeer.**

## 4. RESULTATE VAN GROEPLEDE SE SELFBEELDMETINGS

Strydom (1990:176) meld dat die inligting wat tydens die enkelstelselontwerp ingesamel word, in tabelvorm of grafies voorgestel word. Arkava en Lane (1983:127) sluit hierby aan en stel in die verband die volgende: "This technique of graphic presentation conventionally is used to describe the results of single subject research designs."

Die vroue het tydens die eerste, tiende en negentiende byeenkomste gestandaardiseerde selfbeeldmetingskale ingevul (Bloom & Fischer, 1982:153). Die metings van die vroue by drie verskillende geleenthede is op een grafiek voorgestel sodat vergelykings moontlik kan wees.

In hierdie afdeling word die resultate van die metingskale wat in die ondersoek benut is, in tabelvorm en grafies voorgestel. Die twee verskillende ondersoekgroepe se resultate sal afsonderlik aangebied word.

## GROEP 1: DIE GLENHARVIE-GROEP


## TABEL 4: SELFBEELDMETINGS VAN RESPONDENTE VAN DIE GLENHARVIE-GROEP

| | METINGSKAAL DEUR VROU VOLTOOI | | |
|---|---|---|---|
| **GROEPLID** | **EERSTE METING** | **TWEEDE METING** | **DERDE METING** |
| 1 | 72 | 60 | 49 |
| 2 | 73 | 64 | 51 |
| 3 | 93 | 73 | 52 |
| 4 | 72 | 61 | 45 |
| 5 | 71 | 61 | 56 |
| 6 | 90 | 86 | 60 |
| 7 | 98 | 71 | 47 |
| **TOTAAL** | **569** | **476** | **360** |
| **GEMIDDELD VAN METING** | **81** | **68** | **51** |


Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat die tellings na elke meting kleiner is. Dit dui op die verbetering van die gemiddelde selfbeeld van die sewe vroue. Van die eerste na die tweede meting het 'n positiewe groei van 13 plaasgevind en van die tweede na die derde meting 'n groei van 17.

Vanuit bogenoemde gegewens is grafiese voorstellings opgestel wat vervolgens weergegee word.

## GRAFIESE VOORSTELLING 1: GEMIDDELDES VAN SELFBEELDMETINGS





## GRAFIESE VOORSTELLING 2: METING VAN GROEPLID 1 SE SELFBEELD




Uit bogenoemde grafiese voorstelling kan die groei wat by hierdie groeplid plaasgevind het, duidelik gesien word. Hierdie groeplid het met 31 punte


verbeter. Haar algemene houdingsverandering was merkbaar en dit het haar 'n redelik gewilde lid van die groep gemaak. Haar soms opvallende neerslagtigheid het plek gemaak vir 'n meer hoopvolle en uitdagende houding. Die positiewe reaksie wat dit uitgelok het, het haar gemotiveer om positief te bly.

**GRAFIESE VOORSTELLING 3: METING VAN GROEPLID 2 SE SELFBEELD**





Hierdie groeplid se selfbeeld het met 22 punte verbeter. Sy het 'n traak-my-nie-agtige houding gehad en was baie slordig op haarself. Met tyd was dit duidelik dat sy probeer het om meer aan haarself te doen. Die groeplid se dogter het blykbaar aan haar ma 'n kompliment gegee oor die verandering, wat vir haar 'n groot riem onder die hart was en het sy in die groep daaroor gepraat.

## GRAFIESE VOORSTELLING 4: METING VAN GROEPLID 3 SE SELFBEELD





Hierdie groeplid se selfbeeld het met 41 punte verbeter. Sy het lewensmoeg voorgekom. Sy het soos 'n slaaf vir haar kinders gevoel en ervaar dat haar man haar as 'n objek in die huis beskou. Met tyd het hierdie groeplid meer ontspanne en lewenslustig voorgekom. Sy het genoem dat sy idees gaan toepas het wat sy uit die groep gekry het en dit beslis 'n impak op haar gesinslewe gemaak het. Sy het byvoorbeeld reëls in die huis neergelê vir haar kinders. As hulle nie daarby hou nie, word hulle gestraf. Sy maak ook 'n bietjie tyd om dinge te doen waarvan sy hou. In daardie tyd mag niemand haar steur nie.

## GRAFIESE VOORSTELLING 5: METING VAN GROEPLID 4 SE SELFBEELD





Uit bogenoemde grafiese voorstelling kan die groei van hierdie groeplid duidelik gesien word. Haar selfbeeld het met 27 punte verbeter. Hierdie groeplid het 'n baie moeilike manier van praat, wat haar selfbeeld baie aangetas het. Sy was ook soms te skaam om aan groepbesprekings deel te neem. Die groeplid het egter besef dat sy so geskape is en dat sy met haar uniekheid 'n besondere en spesiale mens is. Haar dogter het amper dieselfde probleem en sy het nadat in die groep inligting daaroor ingewin is, haar dogter na 'n spraakterapeut begin neem omdat sy wou voorkom dat haar dogter 'n swak selfbeeld ontwikkel.

## GRAFIESE VOORSTELLING 6: METING VAN GROEPLID 5 SE SELFBEELD





Hierdie groeplid se selfbeeld het met 15 punte verbeter. Hierdie vrou was altyd netjies geklee, maar dit het gelyk of sy baie deur haar man gedomineer is. Die bywoning van die vrouegroepe het haar toegerus om standpunt in te neem en na haar eie behoeftes om te sien. Sy het genoem dat haar man aanvanklik baie kwaad was vir haar oor haar houding. Sy het egter net nie toegegee nie en vir hom in 'n brief geskryf wat haar behoeftes is en indien daar nie van sy kant af daaraan aandag gegee gaan word nie, sy nie verder sal kan gaan met hierdie slegte situasie nie. Sy het genoem dat sy nie die kans gewaag het nie, sy nooit sou weet of dit met hulle beter kan gaan nie. Dit was in elke geval al negatief en sy kon nie verder verloor nie. Die uitkoms was egter 'n positiewe reaksie van haar man en hulle het vir huweliksberaad gegaan.

## GRAFIESE VOORSTELLING 7: METING VAN GROEPLID 6 SE SELFBEELD




'n Punteverbetering van 30 by hierdie groeplid is duidelik merkbaar uit bogenoemde grafiese voorstelling. Hierdie groeplid se dogtertjie is nege maande voor die vrouegroep begin het, van haar af weggeneem. Haar twee seuns was nog in haar sorg. Hierdie groeplid se selfbeeld is deur die gebeure geweldig negatief beïnvloed. Haar wil om haar dogter weer terug te kry, was sterk en sy wou ten goede verander. Haar verandering was so merkbaar, dat almal daaroor gepraat het. Die groeplid het 'n deeltydse werk gekry wat later omgeskakel is na 'n voltydse pos. Die hof het op grond van die resultate van die vrouegroep en haar soveel meer positiewe maatskaplike funksionering, die dogtertjie in haar sorg teruggeplaas.

## GRAFIESE VOORSTELLING 8: METING VAN GROEPLID 7 SE SELFBEELD




Die groot verandering wat by hierdie groeplid plaasgevind het, is duidelik in bogenoemde grafiese voorstelling. Die lid se selfbeeld het met 51 punte verbeter. Hierdie groeplid was baie stil en teruggetrokke. Sy het egter fisies en geestelik 'n groot verandering ondergaan. Hoewel sy steeds nie baie gepraat het in die groep nie, het haar uiterlike netjieser geword en kon die positiewe pogings wat sy aangewend het om haarself op haar beste te laat lyk, waargeneem word. Omdat sy uit 'n redelik milieugestremde agtergrond kom, was die onderwerpe vir haar baie interessant en het sy aan die ondersoeker genoem dat sy hierdie leiding al as jongmeisie moes gehad het. Haar omstandighede by die huis is nog moeilik, maar sy voel beter toegerus om haarself en gesinsituasies te hanteer.

## GROEP 2: OOS-DRIEFONTEIN-GROEP


### TABEL 5: SELFBEELDMETINGS VAN RESPONDENTE VAN DIE OOS-DRIEFONTEIN-GROEP

| | METINGSKAAL DEUR VROU VOLTOOI | | |
|---|---|---|---|
| **GROEPLID** | **EERSTE METING** | **TWEEDE METING** | **DERDE METING** |
| 1 | 89 | 76 | 63 |
| 2 | 72 | 65 | 54 |
| 3 | 75 | 65 | 54 |
| 4 | 64 | 51 | 40 |
| 5 | 55 | 46 | 37 |
| 6 | 98 | 85 | 76 |
| 7 | 93 | 81 | 74 |
| 8 | 91 | 81 | 69 |
| **TOTAAL** | **637** | **550** | **467** |
| **GEMIDDELD VAN METING** | **80** | **69** | **58** |


Uit dié tabel is dit ook duidelik dat daar in hierdie groep se metings kleiner tellings was na elke meting, wat beteken dat positiewe groei by elke lid plaasgevind het. Tussen die eerste en tweede meting en tussen die tweede en derde meting het beide 'n groei van 11 punte gehad.

Die grafiese voorstellings vir bogenoemde resultate word vervolgens weergegee.

## GRAFIESE VOORSTELLING 9: GEMIDDELDES VAN SELFBEELDMETINGS





## GRAFIESE VOORSTELLING 10: METING VAN GROEPLID 1 SE SELFBEELD




Hierdie groeplid se selfbeeld het met 26 punte verbeter. Hoewel sy was 'n baie opgeruimde persoon is, was haar selfversorging nie altyd na wense nie. Sy het dikwels sleg geruik. Met tyd was dit duidelik dat die groepbesprekings


'n impak begin had het. Haar hare was nie meer olierig nie en sy het nie meer na sweet geruik nie.

**GRAFIESE VOORSTELLING 11: METING VAN GROEPLID 2 SE SELFBEELD**





Groeplid 2 se selfbeeld het met 18 punte verbeter. Hierdie groeplid se selfversorging het baie verbeter. Haar selfvertroue het baie verbeter en dit het groeplede uitgelok om haar gereeld opregte komplimente toe te voeg. Sy was baie trots op die feit dat haar man ook 'n positiewe aanmerking oor haar verandering gemaak het.

## GRAFIESE VOORSTELLING 12: METING VAN GROEPLID 3 SE SELFBEELD





Die punteverbetering van 21 volgens die grafiese voorstel is baie positief. Hierdie groeplid het soms gelyk of sy nie regtig belang stel in wat gebeur nie. Sy het egter die byeenkomste gereeld bygewoon. Dit was moeilik om haar te peil, maar die positiewe verandering met die metings dui aan dat sy wel ingeneem het wat in die groep plaasgevind het.

## GRAFIESE VOORSTELLING 13: METING VAN GROEPLID 4 SE SELFBEELD





Hierdie groeplid het 'n selfbeeldverbetering van 24 punte volgens die grafiese voorstelling gehad. Sy was 'n lang persoon, maar vir haar lengte was sy egter 'n hele paar kilogram oorgewig. Hierdie groeplid het besluit om 'n drastiese verandering aan haarself aan te bring en het gesonder en reg begin eet. Met die afsluiting van die groep het sy reeds 14 kg verloor. Sy het haar haarstyl verander en was waarlik een van die mooiste vroue wat die ondersoeker in 'n lang tyd gesien het. Haar toenemende selfvertroue en nuwe energie het ook aanleiding gegee tot 'n baie positiewe en nuwe dimensie in haar huwelik en gesinslewe.

## GRAFIESE VOORSTELLING 14: METING VAN GROEPLID 5 SE SELFBEELD





Hierdie groeplid was 'n baie stil en besadigde person. Die verbetering op haar selfbeeld met 18 punte op die grafiese voorstelling was egter 'n verrassing vir die ondersoeker. Omdat sy altyd so beheersd, kalm en vol selfvertroue opgetree het, het die ondersoeker nie gedink dat haar groei van so 'n aard sal wees nie. Die groeplid het nooit regtig te veel of te min aan die groepbesprekings deelgeneem nie. Hierdie is ook die enigste groeplid wat so naby aan die ideale selfbeeldpunt (30) gegroei het.

## GRAFIESE VOORSTELLING 15: METING VAN GROEPLID 6 SE SELFBEELD





Uit bogenoemde grafiese voorstelling blyk dit dat groeplid 6 met 22 punte verbeter het betreffende haar selfbeeld. Hierdie groeplid was 'n baie luide persoon. Uit die eerste selfbeeldmeting het dit egter duidelik geblyk dat sy oor 'n swak selfbeeld beskik en sy haarself wou laat geld. Dit het baie geduld van die ondersoeker asook groeplede geneem om die groeplid te dwing om nie die groepbesprekings te oorheers nie. Die groeplid het namate die groepbyeenkomste gevorder het, rustiger geraak. Sy was meer inagnemend en het besef dat dit haar gewilder maak as haar aanvanklike manier van kommunikasie.

**GRAFIESE VOORSTELLING 16: METING VAN GROEPLID 7 SE SELFBEELD**




Groeplid 7 se selfbeeld het met 19 punte verbeter. Sy was 'n baie skaam en introverte persoon. Die grootste verandering wat by haar bespeur kon word, was die feit dat haar selfversorging meer aandag geniet het. Sy het met een ander groeplid vriendinne geraak wat baie ondersteuning aan haar gebied het.

## GRAFIESE VOORSTELLING 17: METING VAN GROEPLID 8 SE SELFBEELD




Uit die bogenoemde grafiese voorstelling blyk dit duidelik dat groeplid 8 se selfbeeld met 22 punte verbeter het. Hierdie groeplid het kanker. Die ondersteuning wat die groeplede aan haar gebied het, het vir hierdie vrou baie beteken. Die feit dat sy kon hoor dat sy nog steeds uniek is met unieke potensiaal, het haar moraal baie goed gedoen. Die haarkapper (spreker) kon ook aan haar leiding gee ten opsigte van die behandeling van haar gehalte hare na die chemoterapie.

## 5. SAMEVATTENDE INTERPRETASIE

Uit die tabelle en grafiese voorstellings is dit duidelik dat al die groeplede se selfbeeld verbeter het. Die eerste metings dui op die teenwoordigheid van redelik ernstige probleme. Die tweede metings toon dat daar al verbetering ingetree het. Die derde metings dui aan dat redelike groot verbeterings in hul selfbeeld ingetree het. Aangesien 'n normale selfbeeldmeting as 30 bepaal is, kan daar nog heelwat aandag gegee word aan die uitbou van hierdie lede se selfbeeld. In ag genome hoe swak hul selfbeeld oor die algemeen was, kan daar wel gesê word dat die program ter verbetering van die lede se selfbeeld suksesvol was, wat gelei het tot beter maatskaplike funksionering.

Omdat die groeplede se selfbeeld verbeter het, het dit hulle oor die algemeen meer positief oor die lewe laat voel. Hulle het beter toegerus gevoel om hul rol as eggenote en moeder uit te voer. Hulle het 'n beter insig ten opsigte van hulself ontwikkel, bedoelende dat hulle hul behoeftes geïdentifiseer het en besef het dat dit noodsaaklik is om aan hul behoeftes aandag te gee. Uit terugvoer van kliniekpersoneel (met wie die vroue redelik baie kontak het) en gesprekke met die ondersoeker, het dit duidelik geblyk dat omdat hul gesindheid meer positief was, hul gesinne positief daarop gereageer het. Die vrou bepaal die gesindheid en stemming in die huis en deurdat die vroue beter oor hulself gevoel het, was daar kalmte en glimlagte by die gesinne en gesinslede te bespeur.

Die enkelstelselontwerp blyk 'n effektiewe wyse van data-insameling te wees. Die feit dat dié ontwerp ruimte laat om die intervensie op gereelde basis te evalueer en aanpassings te kan maak indien nodig, kon die enkelstelsel-ontwerp as gebruikersvriendelik vir enige navorser beskou word. Die data wat ingesamel is, word maklik gekontroleer indien daar van die enkelstelsel gebruik gemaak word, veral as die inligting grafies voorgestel word. Die grafiese voorstelling kan agteruitgang of groei uitwys. By agteruitgang kan daar aandag gegee word aan programinhoud of die intervensie.

## 6. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar aandag gegee aan die wyses van data-insameling, naamlik deelnemende waarneming en die enkelstelselontwerp en die empiriese data. Deelnemende waarneming as wyse van data-insameling is suksesvol aangewend. Uit die verskillende tipes waarneming wat gebruik kan word, is daar van deelnemende waarneming gebruik gemaak. Sodoende kon insig verkry word van die lewe en belewenis daarvan deur die oë van die vroue in die myngemeenskap.

Ten einde die verlangde inligting met behulp van deelnemende waarneming te verkry, was dit nodig om op die wyse van deelname te besluit. Met die gekose wyse van deelname moes die proses van deelname gevolg word om die benodigde inligting te verkry. Integrering van navorsing en praktyk het deurgaans plaasgevind.

Deur van die enkelstelselontwerp gebruik te maak, word die koppeling van navorsing en praktyk bewerkstellig. Daar is verskillende enkelstelselont-werpe. Vir die doel van hierdie ondersoek is een van die basiese

eksperimentele ontwerpe gebruik, naamlik die A-B-A-ontwerp. Hierdie ontwerp het dit moontlik gemaak om twee vergelykings te maak tussen die eerste basislyn *A* en intervensie *B* en tussen intervensie *B* en tweede basislyn *A*.

Daar is op die stappe van die enkelstelselontwerp gelet. Hierdie stappe het 'n logiese volgorde en maak die koppeling tussen teorie en praktyk moontlik. Omdat die enkelstelselontwerp hoofsaaklik gaan om die integrering van navorsing en praktyk, is die doel dus om die intervensieprogram aan die hand van statistiese gegewens te evalueer. Die gemiddeld van die lede se selfbeeldmetings is in tabelvorm weergegee. Die inligting wat in die tabel weergegee is, is grafies voorgestel. Die drie metings van elke groeplid se selfbeeld deur haarself is op een grafiek weergegee.

Die interpretasie van die tabelle en grafiese voorstellings dui duidelik aan dat al die groeplede se selfbeeld verbeter het. In ag genome hoe swak die groeplede se selfbeeld oor die algemeen was, kan daar wel gesê word dat die program ter verbetering van die lede se selfbeeld doeltreffend was, wat gelei het tot beter maatskaplike funksionering. Vervolgens sal daar in Hoofstuk 7 tot samevattende gevolgtrekkings gekom word asook aanbevelings deur die ondersoeker gemaak word.

# HOOFSTUK 7

# SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 1. INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse omstandighede bly voortdurend aan vinnige veranderinge blootgestel. Hierdie veranderinge het op verskeie aspekte van die mens en veral die vrou se lewe 'n invloed. Die vrou in die myngemeenskap het min tot geen geleentheid vir selfontwikkeling nie, veral vroue wat in die sogenaamde *villages* woon. Dit lei daartoe dat die vrou in die myngemeenskap se maatskaplike funksionering negatief beïnvloed word. As sy nie maatskaplik doeltreffend funksioneer nie, het dit 'n negatiewe invloed op haar hele gesin.

Die ondersoeker is van mening dat as die volwasse vrou maatskaplik doeltreffend funksioneer, dit baie maatskaplike probleme in die gesin kan uitskakel. Wat die vrou van haarself dink, het 'n groot invloed op haar algehele maatskaplike funksionering. Dit is dus belangrik om aandag te gee aan die opbou van die volwasse vrou in die myngemeenskap se selfbeeld, wat aanleiding sal gee tot haar verbeterde maatskaplike funksionering.

## 2. SAMEVATTING

### 2.1 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die primêre doel van hierdie ondersoek was om te bepaal of die toepassing van 'n ontwerpte intervensieprogram, gebaseer op maatskaplike groepwerk, vir vroue in 'n myngemeenskap 'n verbetering van hul maatskaplike funksionering tot gevolg sal hê.

Die doelwitte wat so geformuleer is dat die primêre doelstelling daardeur bereik kon word, is die volgende:

2.1.1 Om die maatskaplike funksionering van die vrou in die myngemeenskap deur middel van 'n verkennende ondersoek te bestudeer (deelnemende waarneming).

2.1.2 Om op grond van 'n literatuurstudie en die genoemde intervensienavorsing 'n intervensieprogram vir vroue te ontwerp wat daarop gerig is om hul maatskaplike funksionering te verbeter, dit wil sê hul fisiese versorging, die aanleer van lewens- en handvaardighede en handhawing van verskillende verhoudinge.

2.1.3 Om die intervensieprogram wat ontwerp is, te evalueer (enkelstelselontwerp).

Die bereiking van die doelstelling sal later in die hoofstuk bespreek word.

## 2.2 DIE METODES VAN ONDERSOEK

Ten einde die doelstelling van die ondersoek te bereik, is 'n literatuurstudie en intervensienavorsing as metodes van navorsing gebruik. Om die data van die navorsing in te samel, is daar van deelnemende waarneming en die enkelstelselontwerp gebruik gemaak.

### 2.2.1 Literatuurstudie

Die literatuurstudie is gebruik om die probleemstelling in diepte te ontleed. Deur van literatuurstudie gebruik te maak, kan daar nagevors word oor die algemene behoeftes van die vrou en haar selfbeeld. Daar is ook verder 'n studie van die teorie van maatskaplike groepwerk onderneem en in die ondersoek is die teorie deurgaans met die praktyk geïntegreer.

### 2.2.2 Intervensienavorsing

Intervensienavorsing is 'n nuwe siening van toegepaste navorsing in maatskaplike werk. Intervensienavorsing word gesien as 'n fasemodel bestaande uit ses fases. Elk een van hierdie fases sluit 'n reeks stappe in. Intervensienavorsing is in hoofstuk 5 uiteengesit ten einde dit duidelik te stel wat die proses van navorsing wat gevolg is, behels.

## 2.3 WYSES VAN DATA-INSAMELING

### 2.3.1 Deelnemende waarneming

Die deelnemende waarneming het soos volg plaasgevind:

- Tien vroue vanuit die Glenharvie-myngemeenskap is op 'n ewekansige wyse geselekteer op grond van inligting wat van die Medgold Kliniek by Glenharvie verkry is.

- Drie besoeke is per vrou wat geselekteer is, afgelê.

- 'n Kwalitatiewe vraelys (opnamestudie) is as data-insamelingsmetode gebruik.

- Die doel van die besoeke was om met behulp van die kwalitatiewe vraelys, onderhoudvoering en veldaantekeninge inligting van die vroue in te samel en hul lewenstyl en gedrag waar te neem. Sodoende kon bevestiging van die behoeftes van vroue in die myngemeenskap verkry word. Dit het beslis 'n bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die intervensieprogram.

- Die resultate wat uit die verkennende ondersoek verkry is, is deurgaans in die navorsingsverslag verwerk, maar veral in Hoofstuk 2.

### 2.3.2 Enkelstelselontwerp

Die enkelstelselontwerp het in twee dele verloop, naamlik die samestelling van vrouegroepe en die evaluering van die intervensie met behulp van metingskale.

- Twee groepe vroue woonagtig in die Glenharvie- en Oos-Driefontein-*villages* in die myngemeenskap is vir negentien (19) sessies elk gehanteer. Die vroue is tydens hierdie sessies die geleentheid gebied om hul kennis rondom selfversorging, lewens- en handvaardighede en die handhawing van verskillende verhoudinge, te verbreed en sodoende hul selfbeeld positief uit te bou.

- Die evaluering van die intervensie het met behulp van metingskale wat by drie geleenthede deur die groeplede voltooi is, geskied. Die doel van die metingskale was om die invloed van die ontwerpte intervensieprogram en die toepassing daarvan met behulp van maatskaplike groepwerk op die volwasse vrou in die myngemeenskap se selfbeeld wetenskaplik te bepaal.

## 2.4 DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE VOLWASSE VROU IN DIE MYNGEMEENSKAP

Die volwasse vrou het baie fasette en vaardighede om te bemeester in haar groei tot 'n volwassene met 'n positiewe selfbeeld. 'n Gesonde selfbeeld is noodsaaklik vir gesonde geestelike ontwikkeling; 'n swak selfbeeld benadeel die vrou se optrede en verhoudinge. Die voordele van 'n positiewe selfbeeld is dat so 'n persoon kalmte, rus en vrede beleef. Die vorming van 'n negatiewe selfbeeld vind in jou kinderjare plaas. 'n Swak selfbeeld het sy ontstaan daarin dat 'n persoon te min liefde, aanvaarding, goedkeuring en liefkosing van die mense rondom haar gekry het.

Daar is 'n hele paar simptome waaraan 'n swak selfbeeld uitgeken kan word. Dit is van kardinale belang dat sodra die simptome uitgeken word, daar so gou moontlik aandag daaraan geskenk moet word. Die selfkonsep is in wese drieledig, naamlik die bestaande selfkonsep, die begeerde selfkonsep en die aangebode selfkonsep. Om waarlik vrou te wees en maatskaplike doeltreffend te funksioneer, moet 'n vrou haarself ken en 'n positiewe beeld van haarself hê. Dit is belangrik dat elke vrou sal weet watter aspekte wat deel uitmaak van haar daaglikse lewe, kan bydra tot die opbou of afbreek van haar selfbeeld. Om bewus te wees van hierdie aspekte, bied aan die vrou die geleentheid om haarself en haar ewewig in die vinnige roetine van die lewe te behou en ook om as individu in eie reg te kan voortleef.

## 2.5 MAATSKAPLIKE GROEPWERK AS METODE

Met maatskaplike groepwerk as metode kan daar aandag gegee word aan normale ontwikkelingsbehoeftes van groeplede, die voorkoming van sosiale onttrekking, rehabilitasiedoelwitte kan gestel word en groeplede kan geleer word om tot positief maatskaplike funksionerende vroue te ontwikkel, wat as gesonde en verantwoordelike burgers van die gemeenskap beskou sal word. Om maatskaplike groepwerk as metode doeltreffend te kan aanwend, moes daar aan sekere aspekte van die metode aandag gegee word. Die doel van maatskaplike groepwerk is om die lede behulpsaam te wees in die ontwikkeling en uitbouing van al die aspekte van hul menswees.

Spesifieke doelstellings van groepwerk met volwasse vroue in die myngemeenskap stel 'n riglyn vir die groepleier en groeplede, wat aanleiding gee tot die bereiking van die gestelde doelwitte. Deur 'n uiteensetting van die verskillende soorte groepe te bied, kan duideliker aangedui word waaronder

groepe met volwasse vroue in die myngemeenskap ressorteer. Die ondersoeker moes ook aandag gee aan die administratiewe aspekte wat van belang was vir die spesifieke groep. Hier is gelet op die samestelling van die groep (ouderdom, waardesisteem, gemeenskaplike probleme, homogeniteit, heterogeniteit, intelligensie en verdraagsaamheid jeens struktuur, geslag en familie), werwing en voorbereiding van groeplede, plek, tyd, duur, gereeldheid en aantal byeenkomste, grootte van die groep en funksionele hulpmiddels.

Dit was belangrik om na die groepwerkproses te let, want dit is 'n eenheid wat baie dinamies is en tot die maksimum benut word om doelmatige hulpverlening deur middel van groepwerk te verseker. Hierdie proses bestaan uit 'n vertikale en horisontale benadering. Die vertikale benadering word in verskillende onderdele verdeel wat op so 'n wyse aangewend moet word dat dit doeltreffende hulpverlening verseker. Benewens die verskillende onderdele word daar ook fases in die groepwerkproses aangetref. Hier word daar dan na die horisontale benadering verwys.

# 3. GEVOLGTREKKINGS

## 3.1 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doelwitte van hierdie ondersoek is bereik, wat aanleiding gegee het dat die sentrale teoretiese stelling van die ondersoek bereik is, naamlik: die ontwerp, aanbieding en evaluering van 'n intervensieprogram aan vroue in die myngemeenskap het hul maatskaplike funksionering verbeter, dit wil sê hul selfbeeld is positief uitgebou, wat 'n invloed op die groeplede se fisiese versorging, lewens- en handvaardighede en handhawing van verskillende verhoudinge gehad het.

## 3.2 METODES VAN ONDERSOEK

### 3.2.1 Literatuurstudie

Dit blyk uit die literatuurstudie dat daar toenemende druk op die vrou geplaas word. Veranderinge vereis baie van die mens, en dan veral van die vrou. Die vrou in die myngemeenskap blyk baie probleme te ervaar weens die tipiese subkultuur wat in 'n dié gemeenskap bestaan. Met hierdie subkultuur word bedoel dat die meeste van die vroue wat nou in die myngemeenskap woon, se moeder en dié se moeder deel uitgemaak het van die myngemeenskap.

Die meeste van die vroue het 'n swak skolastiese agtergrond en moet tevrede wees met die soms moeilike omstandighede waarin hulle hulself bevind.

Die vrou in die myngemeenskap blyk nie altyd in staat te wees om haar behoeftes te identifiseer nie. Sy is ook nie altyd toegerus om in haar behoeftes te voorsien om sodoende maatskaplik beter te kan funksioneer nie. Sy beskik nie oor die nodige kennis en vaardigheid om haarself te help nie. As gevolg van die kringloop vanuit die subkultuur word die moontlikheid vir die vrou beperk om vanuit haar opvoeding sekere vaardighede ten opsigte van selfversorging, lewens- en handvaardighede en die instandhouding van verhoudinge aan te leer. Die vroue in die myngemeenskap ondervind 'n behoefte aan iemand wat aan hulle leiding en hulp kan bied ten einde 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel wat aanleiding sal gee tot 'n positief maatskaplike funksionerende persoon.

### 3.2.2 Intervensienavorsing

Intervensienavorsing was 'n bruikbare metode om inligting soos benodig vir die ondersoek in te vorder. Die fases is logies en opeenvolgend en die stappe onder elke fase bied 'n bruikbare riglyn vir wat in daardie fase bereik moet word. Die model het tot dusver baie min ondersoeke opgelewer en dit was vir die ondersoeker ook 'n innoverende werkwyse.

## 3.3 WYSES VAN DATA-INSAMELING

### 3.3.1 Deelnemende waarneming

Deelnemende waarneming kan met groot sukses in navorsing gebruik word. Met behulp van kwalitatiewe vraelyste is gestruktureerde onderhoude met die geselekteerde vroue gevoer. Deur van deelnemende waarneming gebruik te maak, kan daar insig verkry word van die lewe en belewenis daarvan deur die oë van die vroue in die myngemeenskap. 'n Redelik duidelike aanduiding van die vrou in die myngemeenskap se behoeftes is deur dié metode verkry.

Die geselekteerde vroue was oor die algemeen aanvanklik baie onseker oor die doel van die ondersoeker se besoek. Omdat daar drie onderhoude per vrou plaasgevind het, het 'n vertrouensverhouding ontstaan, wat die weergee van inligting vergemaklik het. Inligting ingesamel deur die kwalitatiewe vraelys, onderhoudvoering, waarneming en veldaantekeninge kon positief gebruik word om integrering van navorsing en praktyk deurgaans te laat plaasvind.

### 3.3.2 Die enkelstelselontwerp

#### 3.3.2.1 Hantering van 'n groep

Die inhoud van die program wat met die volwasse vrou in die myngemeenskap gevolg is, het aan hulle die geleentheid gebied om op fisiese, intellektuele, emosionele, sosiale en religieuse vlakke te ontwikkel. Daar is dus aan hulle die geleentheid gebied om deur middel van die program wat met hulle gevolg is, hul selfversorging, lewens- en handvaardighede en instandhouding van verhoudinge te verbeter. Deur die kennis wat hulle opgedoen het, het hul selfbeeld verbeter en het dit aanleiding gegee tot hul doeltreffende maatskaplike funksionering.

#### 3.3.2.2 Metingskale

Uit die gegewens wat uit die metingskale verkry is, het dit duidelik geblyk dat die groeplede se selfbeeld verbeter het. Die inhoud van die program wat met die groeplede gevolg is, het dus 'n positiewe invloed op die ontwikkeling van die groeplede gehad. Dit het daartoe bygedra dat die groeplede as vrou en moeder maatskaplik beter funksioneer en hulle dus 'n verskil in hul gesinne kan maak. Die hipotese van hierdie ondersoek is bewys, naamlik dat deur die toepassing van 'n ontwerpte intervensieprogram, gebaseer op maatskaplike groepwerk vir vroue in 'n myngemeenskap, dit 'n verbetering van hul maatskaplike funksionering tot gevolg het.

Die enkelstelselontwerp is 'n geskikte wyse van data-insameling wat benut kan word om teorie en praktyk te integreer. Hierdie standpunt word deur beide literatuurstudie en die empiriese resultate van hierdie ondersoek bevestig.

## 3.4 DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE VROU IN DIE MYNGEMEENSKAP

Uit die ondersoek het dit duidelik geblyk dat 'n gesonde selfbeeld noodsaaklik is vir gesonde geestelike ontwikkeling en dat 'n negatiewe selfbeeld die vrou se optrede en verhoudinge negatief beïnvloed. Geen vrou met 'n negatiewe selfbeeld en sonder kennis oor haarself en haar behoeftes kan doeltreffend funksioneer nie. Die vrou is die kern van die gesin en as sy maatskaplik wanfunksioneer, het dit 'n negatiewe invloed op haar hele gesin. Dit is daarom noodsaaklik om die vrou tot die besef te bring van hoe belangrik dit is om voortdurend aan haar selfbeeld te werk sodat sy maatskaplik doeltreffend

kan funksioneer. As gevolg van die vroue se omstandighede is hulle nie altyd in staat om 'n positiewe selfbeeld te hê nie en ontstaan daar 'n behoefte vir 'n program om die vroue tot beter maatskaplike funksionering te lei. Die program wat so saamgestel is dat die vrou die geleentheid kry om aandag te gee aan haar selfversorging, die aanleer van sekere hand- en lewensvaardighede en die uitbou van positiewe verhoudinge, het 'n positiewe selfbeeld by die vroue in die myngemeenskap tot gevolg en dit gee weer aanleiding tot positiewe maatskaplike funksionering.

## 3.5 MAATSKAPLIKE GROEPWERK AS METODE

Maatskaplike groepwerk, in teenstelling met die ander metodes van maatskaplike werk, naamlik gevallewerk en gemeenskapswerk, kan as baie tydbesparend en koste-effektief aangewend word. Die fokus by gevallewerk is een-tot-een hulpverlening en is 'n baie tydrowende metode, terwyl gemeenskapswerk weer 'n baie wye werkmetode is. Maatskaplike groepwerk gee aandag aan die normale ontwikkelingsbehoeftes van groeplede, voorkom sosiale onttrekking, stel rehabilitasiedoelwitte waar nodig is in en groeplede leer om tot maatskaplik positief-funksionerende mense te ontwikkel.

Deur bewus te wees van die doelstellings van maatskaplike groepwerk met volwasse vroue in die myngemeenskap word daar meer gestruktureerd na die bereiking van die primêre doelstelling van die groep gewerk. Dit is belangrik om die verskillende soorte groepe waarvan maatskaplike werkers gebruik kan maak, te onderskei, aangesien die soort groep die maatskaplike werker se werkwyse bepaal. Administratiewe aspekte maak ook 'n groot deel uit van die suksesvolle aanwending van maatskaplike groepwerk as metode.

Sonder goeie administrasie in maatskaplike groepwerk is doeltreffende hulpverlening onmoontlik. Administrasie skakel verwarring en onsekerhede ten opsigte van aspekte soos die plek, tyd, duur, gereeldheid en aantal byeenkomste uit. By die hantering van 'n vrouegroep in die myngemeenskap is dit belangrik dat 'n vasgestelde proses gevolg moet word. Die proses bied aan groeplede 'n struktuur wat hulle veilig laat voel en aan hulle die geleentheid bied om te groei.

Die maatskaplike groepwerkproses speel 'n belangrike rol in die hantering van 'n groep volwasse vroue in die myngemeenskap ter bereiking van gestelde doelstellings. Die groepwerkproses is die kern van groepwerkhulpverlening en moet deur die maatskaplike werker gestuur word

ten einde groeplede maksimaal te kan help. Die proses bestaan uit die horisontale en vertikale benadering en dit blyk dat die horisontale benadering meer aangewend word as die vertikale benadering.

# 4. AANBEVELINGS

## 4.1 METODES VAN ONDERSOEK

### 4.1.1 Literatuurstudie

Uit die gegewens het dit duidelik geblyk dat daar min tot geen aandag aan die behoeftes van die vrou in die myngemeenskap gegee word en dit tot 'n ernstige toestand van negatiewe maatskaplike funksionering aanleiding gee. Meer literatuur en betrokkenheid van maatskaplike werkers ten opsigte van die vrou in die myngemeenskap en haar doeltreffende funksionering word benodig.

### 4.1.2 Intervensienavorsing

Intervensienavorsing as navorsingsmetode moet meer deur navorsers gebruik word. Die publikasie van dié navorsingsprojek moet aangemoedig word vir beter bekendstelling van die metode.

## 4.2 WYSES VAN DATA-INSAMELING

### 4.2.1 Deelnemende waarneming

- Die kwalitatiewe vraelys kan met groot sukses gebruik word om 'n onderhoud, wat deel uitmaak van die deelnemende waarneming, te struktureer.

- Daar word ook aanbeveel dat deelnemende waarneming gebruik word om die subjek van nader te leer ken en sodoende te ervaar wat die subjek ervaar en daarvolgens by die behoeftes van die subjek aansluiting vind wat 'n ware refleksie van die behoeftes sal wees.

### 4.2.2 Die enkelstelselontwerp

#### 4.2.2.1 Hantering van 'n groep

Die volgende aanbevelings word ten opsigte van die hantering van 'n groep volwasse vroue in die myngemeenskap gedoen:

- Maatskaplike werkers moet meer van maatskaplike groepwerk in hul benadering tot volwasse vroue in die myngemeenskap gebruik maak.

- Daar kan langer stilgestaan word by die byeenkomste waar daar gefokus word op die rol as vrou, huweliksmaat en moeder. Die vroue benodig baie leiding ten opsigte van korrekte vervulling van hierdie rolle om sodoende hul gesinne in die regte rigting te kan lei.

- Die inhoud van die groepwerkprogram moet die doelstellings van die groep in ag neem, aan al die lede die geleentheid bied tot aktiewe deelname, op hul behoeftes fokus, tred hou met hul belangstellings en vermoëns en vir 'n verskeidenheid asook interessante aktiwiteite voorsiening maak.

- Die groep behoort uit tussen agt en twaalf lede te bestaan, sodat dit groot genoeg is om voorsiening te maak vir lede wat mag weggaan, maar klein genoeg om geleenthede te skep vir sinvolle gesprekvoering, deelname en die ontwikkeling van groepsverbondenheid.

- As gevolg van die vele probleme in die myngemeenskappe moet maatskaplike werkers meer van groep- en gemeenskapswerk gebruik maak omdat dit meer tyd- en koste-effektief asook meer doeltreffend is.

- Die Staat, die verskillende provinsiale regerings en die gemeenskap, moet tot die besef gebring word dat hulle 'n verantwoordelikheid het ten opsigte van die daarstel van finansies om groep- en gemeenskapswerk te bevorder en ook meer groepwerkprojekte, soos die vrouegroepe in die myngemeenskap, te kan loods. Meer geld vir navorsing ten opsigte van groepwerk, veral in die myngemeenskap, moet beskikbaar gestel word.

#### 4.2.2.2 Metingskale

- Dit word aanbeveel dat die groeplede die metingskale in die teenwoordigheid van die maatskaplike werker invul ten einde te verseker dat metingskale korrek en stiptelik ingevul word met die minimum subjektiewe invloed van die maatskaplike werker.

- Die meting van die groei van groeplede is van die uiterste belang, want sodoende word die effektiwiteit van programmedia gekontroleer en kan daar, indien nodig, aanpassings gemaak word. As die groeplede groei beleef, sal dit hulle nog meer positief instel.

## 4.3 MAATSKAPLIKE GROEPWERK AS METODE

- Meer maatskaplike groepwerkprogramme moet ontwikkel word om as riglyn vir maatskaplike werkers te dien. Dit kan baie tyd- en kostebesparend wees, veral ten opsigte van die getal kliënte wat maatskaplike werkers moet hanteer.

- Aangesien die maatskaplike werker oor die nodige kennis, vaardigheid en ondervinding beskik, word aanbeveel dat hy/sy die groepe met volwasse vroue in die myngemeenskap moet hanteer ter verbetering van die lede se selfbeeld.

- Die maatskaplike werker wat die groepe aanbied, moet let op die algemene doelstellings asook die spesifieke doelstellings van maatskaplike groepwerk met volwasse vroue in die myngemeenskap omdat die toepassing van 'n metode gerig word deur die doel wat nagestreef word.

- Die maatskaplike werker moet die verskillende soorte groepe wat hy/sy kan gebruik, onderskei, aangesien die soort groep die maatskaplike werker se werkwyse gaan bepaal.

- Dit is belangrik dat aandag ook aan administratiewe aspekte gegee moet word. Sodoende kan onnodige struikelblokke wat kan ontstaan, voorkom word. Administratiewe aspekte kan as riglyne gebruik word. Alvorens met die groep begin word, moet die maatskaplike werker

bepaal watter administratiewe aspekte vir dié bepaalde groep van belang is.

- Die maatskaplike werker moet in die hantering van die vrouegroep in die myngemeenskap steeds van die horisontale en vertikale benadering gebruik maak. Sonder die proses sal daar nie groei by lede kan plaasvind en geen evaluering van hul vordering gedoen kan word nie. 'n Proses bied 'n struktuur. Die groepwerkproses is 'n eenheid wat baie dinamies is en tot die maksimum benut moet word om doelmatige hulpverlening te verseker. Die groepwerkproses kan as rigtingwyser in die hulpverleningsproses dien.

## 4.4 AANBEVELING VIR VERDERE NAVORSING

- Navorsing kan onderneem word om die invloed van maatskaplike groepwerk op die selfbeeld van die volwasse man in die myngemeenskap te bepaal.

- Navorsing is verder nodig om die invloed van maatskaplike groepwerk met behulp van die aanleer van sekere lewensvaardighede en die uitbou van die selfbeeld van die kinders in die myngemeenskap te bepaal.

- Navorsing kan ook onderneem word om gesinne vanuit die myngemeenskap in 'n maatskaplike groepwerkprogram te betrek waar daar gefokus word op die uitbou van die selfbeeld van die lede, wat aanleiding gee tot die verbeterde maatskaplike funksionering van die hele gesin.

# 5. SLOTOPMERKING

Die Suid-Afrikaanse omstandighede is voortdurend en verbasend vinnig aan diepgaande veranderinge onderhewig. Hierdie veranderinge het op verskeie aspekte van die mens, maar veral ook op die vrou se lewe, 'n invloed. Uit die aard van die ondersoeker se werksaamhede in die myngemeenskap het dit duidelik geblyk dat die vrou in Suid-Afrika, maar meer spesifiek in die myngemeenskap, negatiewe situasies beleef. Die myngemeenskap, veral in die *villages* waar die ondersoek gedoen is, is 'n baie geslote gemeenskap.

Die *villages* is ver van dorpe geleë en het min tot geen infrastruktuur. Daar is dus min vermaak ter verryking van die vrou as persoon.

Die meeste van die vroue in die myngemeenskap het 'n swak skolastiese agtergrond en sy is meestal beperk tot haar huis as gevolg van bogenoemde omstandighede. Dit kan lei tot die ontwikkeling van 'n swak selfbeeld. 'n Swak selfbeeld benadeel 'n mens se hele lewe, optrede en verhoudinge. As die vrou nie doeltreffend funksioneer nie, kan dit gebeur dat haar hele gesin in duie stort. Indien die vrou in die myngemeenskap gelei kan word om maatskaplik doeltreffend te funksioneer, kan heelwat probleme in die gesin uitgeskakel word.

Deur middel van maatskaplike groepwerk word die vrou sekere lewens- en handvaardighede aangeleer en ontwikkel sy insig in aspekte oor haarself en die verhoudinge waarin sy staan. Sy het meer selfvertroue en haar verhouding met haarself asook met ander mense is meer positief. As sy as vrou doeltreffend funksioneer, kan sy haar gesin ook tot doeltreffende funksionering lei.

## BIBLIOGRAFIE


ACKERMANN, M. 1993. Huis en persoonlike higiëne. Pinelands: Leke Publikasies.

ACKROYD, S. & HUGHES, J.A. 1981. Data Collection in Context. New York: Longman.

ALLISSI, A.S. 1980. Perspectives on social groupwork practice. New York: Free Press.

ALPASLAN, N. 1994. Hoop en hulp vir die huwelik. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

ANSTEY, M. 1983. Working with groups. Cape Town: Juta & Co.

ARKAVA, M.L. & LANE, T.A. 1983. Beginning social work research. Boston: Allyn & Bacon.

BABBIE, E. 1992. The practice of social work research. Belmont, Calif.: Wadsworth.

BALGOPAL, P.R. & VASSIL, T.V. 1983. Groups in social work - An ecological perspective. New York: McMillan Publishing.

BARNARD, A. 1985. Jy en jou selfbeeld. Pretoria: Daan Retief Uitgewers.

BERGER, R.M. & PATCHNER, M.A. 1988a. Planning for research: A guide for the helping professions. California: Sage Publications.

BERGER, R.M. & PATCHNER, M.A. 1988b. Implementing the research plan: A guide for the helping professions. California: Sage Publications.

BLOOM, M. & FISCHER, J. 1982. Evaluating practice: Guidelines for the accountable professional. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

BOSCH, M. 1995. Spieëltjie, spieëltjie aan die wand. Parow: Nasionale Boekdrukkery.

BOTES, M. 1997. Multikulturele maatskaplike werk in Suid-Afrika: 'n Evaluering van die kursus 'inheemse maatskaplike werk' aan die PU vir CHO. Potchefstroom. (Proefskrif - Ph.D. - PU vir CHO.)

BOTHA, D. 1990. Gedragsverandering deur middel van maatskaplike groepwerk. **Maatskaplike Werk/Social Work**, 26(1):4-9, Maart.

BRAMMER, L.M. & SHOSTROM, E.L. 1982. Therapeutic psychology: Fundamentals of counselling and psychotherapy. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

BRANDLER, S. & ROMAN, C.P. 1991. Groupwork: Skills and strategies for effective interventions. New York: Haworth Press.

BROWN, A. 1979. Groupwork. London: Heinemann Educational Books.

BURGESS, R.G. 1982. Field research: A sourcebook and field manual. London: George Allen and Unwin.

BUTLER, S. & WINTRAM, C. 1991. Feminist groupwork. Newbury Park: SAGE Publications.

CILLIERS, S.P. 1973. Maatskaplike navorsing. Stellenbosch: Kosmo-uitgewery.

CLUNIE, S.H. 1993. The self-esteem of biological mothers of daughters incestuously abused by the biological father. Port Elizabeth. (M.Ed.-verhandeling (Educational Psychology) - University of Port Elizabeth.)

COMBRINK, S. 1989. Moderne vrouwees in die lig van die Skrif. Southdale: Baruk.

COLLINS, K.J. 1990. Social work research. (**In** DU PLESSIS, J.M.M. Die benutting van die enkelstelselontwerp in die maatskaplikewerk-praktyk. Potchefstroom. (MA -verhandeling (MW) - PU vir CHO. p 57.)

COREY, M.S. & COREY, G. 1987. Group process and practice. Pacific Grove, Calif.: Brook Cole.

COREY, M.S. & COREY, G. 1992. Group process and practice. Pacific Grove, Calif.: Brook Cole.

DANE, F.C. 1990. Research methods. Pacific Grove, Calif.: Brooks Cole.

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHE, C.B., POGGENPOEL, M. & SCHURINK, W. 1998. Research at grass roots: A primer for the caring professions. Pretoria: JL van Schaik.

DOUGLAS, T. 1995. Survival in groups - The basics of group membership. Buckingham: Open University Press.

DU PLESSIS, J.M.J. 1994. Die benutting van die enkelstelselontwerp in maatskaplikewerk-praktyk. Potchefstroom. (MA-verhandeling (MW) - PU vir CHO).

Definiërende woordeboek vir maatskaplike werk. 1984.

Kyk

VAKTAALKOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK.

DU PREEZ, M.S.E. 1981. Maatskaplike groepwerk: teorie en praktyk. Johannesburg: Keartland Press.

DU PREEZ, M.S.E. 1986. Maatskaplike groepwerk: teorie en praktyk. Johannesburg: Keartland Press.

DU PREEZ, M.S.E. 1989. Groepwerk as metode in maatskaplike werk. (**In** VAN STADEN, S.M., HUGO, E.A.K., VAN ROOYEN, I.J.J. & VAN DELFT, W.F., **reds**. Maatskaplikewerk-opleiding oor sestig jaar. Pretoria: Owen Burgess. p. 109-172.)

DU PREEZ, M.S.E. & ALPASLAN, A.H. 1992. Die gebruik van funksionele hulpmiddels in maatskaplike werk. **Maatskaplike Werk/Social Work**, 28(1):19-27, Maart.

ECKLEY, S.C.A. 1979. Die beplanning van maatskaplike groepwerk. Potchefstroom: Pro Rege.

EPSTEIN, I. & TRIPODI, T. 1977. Research techniques for program planning monitoring and evaluation. New York: Columbia University Press.

FELDMAN, R.A. & WODARSKI, J.S. 1975. Contemporary approaches to group treatment. San Fransisco: Jossey-Boss Publications.

FORCESE, D.D. & RICHER, S. 1973. Social research methods. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

FOURIE, S. 1992. Aanvaarbaarheid van die enkelstelselontwerp vir evaluering van maatskaplike hulpverlening. **Maatskaplike Werk/Social Work**, 28(3):71-77, Augustus.

GALLANT, A. 1989. Principles and techniques for the beauty specialist. Cheltenham: Stanley Thornes Publishers.

GAZDA, G.M. 1984. Group counselling: A developmental approach. Boston: Allyn and Bacon.

GERDES, L.C. 1988. Die ontwikkelende volwassene. Durban: Butterworth.

GERGEN, J.G. 1971. The concept of self. New York: Holt, Rinehart & Winston.

GHOSH, B.N. 1982. Scientific method and social research. New Delhi: Sterling Publishers.

GITTERMAN, A. & SHULMAN, L. 1994. Mutual aid groups, vulnerable populations, and the life cycle. New York: Columbia University Press.

GLAZER, B.C. & STRAUSS, A.L. 1967. The discovery of grounded theory. Chicago: Aldine.

GREYVENSTEIN, L.A., VENTER, M.D. & REITSMA, G.M. 1983. Vroue Reik Uit Stigting. Potchefstroom: Perskor.

GRINNELL, R.M. 1981. Social work research and evaluation. Itasca: F.E. Peacock Publishers.

GRINNELL, R.M. 1993. Social work research and evaluation. Itasca: F.E. Peacock Publishers.

HAT kyk ODENDAL, F.F., **red**.

HEAP, K. 1985. The practice of social work with groups: A systematic approach. London: George Allen & Unwin.

HENRY, S. 1992. Group skills in social work: A four dimensional approach. Pacific Grove: Brooks & Cole.

HOFMEYR, L. 1983. 'n Teoretiese deurskouing van gespreksbedrewenhede in maatskaplike groepwerk. Bloemfontein. (Proefskrif (D.Soc.Sc(MW) - UOVS.)

HOFMEYR, L. 1996. Groupwork with the disadvantaged. **Maatskaplike Werk/Social Work**, 32(4):360-372, Oktober.

JACOBS, L.J. & VREY, J.D. 1982. Selfkonsep, diagnose en terapie: 'n opvoedkundig-sielkundige benadering. Pretoria: Academica.

JAYARATNE, S. & LEVY, R.L. 1979. Empirical clinical practice. New York: Columbia University Press.

JORGENSEN, D.L. 1989. Participant observation - a methodology for human studies. Newbury Park: SAGE Publications.

KONOPKA, G. 1983. Social groupwork: A helping process. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

KRAMER, A. 1978. Die vrou se liggaam. Pretoria: Human en Rosseau.

LA HAYE, T. & LA HAYE, B. 1986. Die huweliksdaad. Pretoria: Sigma-pers.

LAVOIE, F., BORKMAN, T. & GIDRON, B. 1994. Self-help and mutual aid groups: International and multi-cultural perspectives. New York: The Haworth Press.

LEIDERMAN, M., BIRNBAUM, M.L. & DAZZO, B. 1988. Roots and new frontiers in social groupwork. London: Haworth Press.

LETSEBE, M.A. 1998. Empowering women in government in South Africa as a tool towards achieving social development goals. **Maatskaplike Werk/Social Work**, 34(1):1-9.

LOREN, S. 1984. Woman and beauty. London: Aurum Press.

MARLOW, C. 1993. Research methods for generalist social work. Pacific Grove, Calif.: Brooks & Cole.

McFARLANE, A. 1996. Van vrou tot vrou - 'n Bybelse dagboek vir vroue deur vroue. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

McKENDRICK, B.W. 1990. Introduction to social work in South Africa. Pretoria: HAUM.

MILLER, D.C. 1991. Handbook of research design and social measurement. California: SAGE Publications.

MILLS, T.M. 1984. The sociology of small groups. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

MOL, A. 1981. Kom ons wen saam. Pretoria: Femina Uitgewers.

MÖLLER, A.T. 1987. Persoonlikheidsielkunde. Durban: Butterworth.

MONETTE, R., SULLIVAN, T.J. & DE JONG, C.R. 1990. Applied social research : tool for the human services. Orlando: Holt, Rinehart & Winston.

MONTEITH, J.L., POSTMA, F. & SCOTT, M. 1988. Die opvoeding en ontwikkeling van die adolessent. Pretoria: Academica.

MORGAN, M. 1976. Volkome vrou. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

MOSTERT R., FOURIE, C., STANDER, E. & VAN VELDEN, N. 1983. Vrou eksklusief. Pretoria: Daan Retief Uitgewers.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1985. Metodologie van die geesteswetenskappe: basiese begrippe. Pretoria: RGN.

MULLER, J.H. 1995. Care of the dying by physicians-in-training. **Research on aging**, 17(1):65-88.

NACHMIAS, D. & NACHMIAS, C. 1981. Research methods in the social sciences. 2nd ed. New York: St. Martin's Press.

NEUMAN, W.L. 1997. Social research methods: Qualitative and quantitative approaches. London: Allyn & Bacon.

NORTHEN, H. 1988. Social work with groups. New York: Columbia University Press.

ODENDAL, F.F., **red**. 1992. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Johannesburg: Perskor.

ORBAN, W.A.R. 1985. Physical fitness. Canada: Queens Printer.

PENTZ, A.E. 1995. Die toepassing van maatskaplike groepwerk ter verbetering van die maatskaplike funksionering van die vrou in sub-ekonomiese omstandighede. Potchefstroom. (MA-verhandeling (MW) - PU vir CHO.)

PIEK, J.P. 1985. Die kleutertydperk. (**In** VAN ROOYEN, H.J. Persoonlikheidsverskille tussen introverte en ekstroverte met besondere verwysing na die selfkonsep. Potchefstroom. (MA-verhandeling - Psigologie) - PU vir CHO. p. 8.)

PIETERSE, J.E. 1976. Maatskaplike werk - 'n algemene inleiding. Pretoria: Academica.

POLANSKY, N.A. 1975. Social work research: Methods for the helping professions. London: The University of Chicago Press.

PRESTON-SHOOT, M. 1987. Effective groupwork. London: McMillan Press.

REID, W.J. & SMITH, A.D. 1981. Research in social work. New York: Columbia University Press.

REID, K.E. 1991. Social work practice with groups: A clinical perspective. Pacific Grove: Brooks & Cole.

RIDGEWAY, C.L. 1983. The dynamics of small groups. New York: St. Martin's Press.

ROGERS, V. 1984. Adult development through relationships. New York: Praeger Publishers.

ROSE, S.D. & EDLESON, J.L. 1988. Working with children and adolescents in groups: A multimethod approach. San Francisco: Jossey-Bass.

ROSENBLATT, A. & WALDFOGEL, D. 1983. Handbook of clinical social work. London: Jossey-Bass.

ROSS, E. 1990. Self-esteem in deaf young adults: Aan ecological perspective. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 26(4):324-329, October.

ROTHMAN, J. & THOMAS, E.J. 1994. Intervention research: Design and development for human service. New York: Haworth.

ROUX, A.A. 1981. Die naskoolsentrum vir skoolgaande kinders: 'n maatskaplikewerk-ondersoek met besondere verwysing na die rol van maatskaplike groepwerk. Potchefstroom. (MA-verhandeling (MW) - PU vir CHO).

ROYSE, D. 1995. Research methods in social work. Chicago: Nelson-Hall Publishers.

RUBEN, A. & BABBIE, E. 1997. Research methods for social work. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

RUST, W. 1994. Vrou 2000 - voluit vrou vir vandag. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

SCHREUDER, A. & THERON, A. 1997. Careers: An organizational perspective. Epping: Creda Press.

SCHURINK, W.J. 1988. Inleiding tot kwalitatiewe navorsingsmetodes. Pretoria: RGN.

SEARS, D.O., PEPLAU, A. & FREEMAN, J.L. 1988. Social psychology. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

SHULMAN, L. 1984. The skills of helping individuals and groups. Itasca, Ill.: Peacock Publishers.

SKIDMORE, R.A., THACKERAY, M.G. & FARLEY, O.W. 1994. Introduction to social work. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

SMIT, N. 1996. 'n Keur van wysheid - woordskakels wat mense oor eeue heen bind. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

SPRADLEY, J.P. 1980. Participant observation. New York: Holt, Rinehart & Winston.

STEYN, A.F. & UYS, T. 1988. Die kleingroep-struktuur en dinamika. Stellenbosch: Universtiteituitgewers.

STOPPARD, M.S. 1982. Every woman's life guide. London: McDonald & Co.

STRUWIG, A. 1996. Die Keirsey persoonlikheidsanalise. Pretoria: De Print Shoppe.

STRYDOM, C. 1990. Die gebruikmaking van maatskaplike groepwerk in die uitbouing van die adolessente dogter se selfbeeld. Potchefstroom. (MA-verhandeling (MW) - PU vir CHO).

STRYDOM, H. 1986. Die enkelstelselontwerp in maatskaplikewerk-navorsing en maatskaplikewerk-praktyk. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 22(4):216-221, Oktober.

STRYDOM, H. 1992. Maatskaplikewerk-navorsing. Potchefstroom: PU vir CHO. (Diktaat 208/89).

STRYDOM, H. 1994. Maatskaplikewerk-navorsing. Potchefstroom: PU vir CHO. (Diktaat 172/94).

STRYDOM, H. 1995. Die inhoud van 'n kursus in multi-kulturele maatskaplike werk. **Maatskaplike Werk/Social Work**, 31(2):115-125, Jun.

STRYDOM, H. 1996. Deelnemende waarneming as prosedure in maatskaplikewerk-navorsing. **Maatskaplike Werk/Social Work**, 32(2):123-136, Junie.

STRYDOM, H. 1997. Sekondêre analise as navorsingsprosedure in maatskaplike werk. **Maatskaplike Werk/Social Work**, 33(3):223-231, Augustus.

TAYLOR, S.J. & BOGDAN, R. 1984. Introduction to qualitative research methods: The search for meanings. New York: Willey.

THERON, M.C. 1994. Die effektiwiteit van maatskaplike groepwerk in rekonstruksiedienslewering. Potchefstroom. (Skripsie BA(MW) - PU vir CHO.)

THOMAS, E.J. 1984. Designing interventions for the helping professions. Beverley-Hills: SAGE.

THOMAS, E.J. 1989. Advances in developmental research. **Social Service Review**, December: 578-597.

TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 1984. An introduction to group work practice. New York: MacMillan.

TOSELAND, R.W. 1990. Group work with older adults. New York: University Press.

TOSELAND, R.W. 1995. Group work with the elderly and family care givers. New York: Springer Publishing Company.

TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 1998. An introduction to group work practice. Needham Heights: Allan & Bacon.

TRIPODI, T. & EPSTEIN, I. 1980. Research techniques for clinical social workers. New York: Columbia University Press.

TRIPODI, T. 1994. A primer on single subject design for clinical social workers. Washington: NASW Press.

TURNER, J.S. & HELMS, D.B. 1986. Contemporary adulthood. New York: CBS College Publishing.

TURNER, J.S. & HELMS, D.B. 1987. Lifespan development. 3rd ed. Canada: Holt, Rinehart & Winston.

VAKTAALKOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1984. Tweetalige definiërende woordeboek vir maatskaplike werk. Pretoria: Academica.

VAKTAALKOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1995. Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk. Kaapstad: CTP Book Printers.

VAN DER BURGH, C. 1988. **The methodology of participant observation**. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing: Introduction to qualitative research methods. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 62-75.

VAN ROOYEN, H.J. 1994. Persoonlikheidsverskille tussen introverte en ekstroverte met besondere verwysing na die selfkonsep. Potchefstroom. (MA-verhandeling (Psigologie) - PU vir CHO.)

VAN STADEN, S. 1992. Om heel te word: huweliks- en egskeidingsberaad vanuit 'n gesinsperspektief. Durban: Colorgraphic.

VAN VELDEN, N. 1983. Perspektief. Pretoria: Promedia-Publikasies.

VERMEULEN, O.C. 1985. Die kind en sy selfbeeld. Kaapstad: The Local Printer.

VINTER, R.D. 1967. The essential components of social groupwork practice. (**In** VINTER, R.D., **red**. Readings in groupwork practice. Michigan: Campus. p. 8-38.)

WEIL, M., CHAU, K. & SOUTHERLAND, D. 1991. Theory and practice in social groupwork: creative connections. New York: The Hayworth Press.

WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. 1996. Pretoria: Staatsdrukkery.

WORLD HEALTH ORGANIZATION. 1985. Women, health and development. Geneva: WHO Publications.

YARATING, S. & LEVY, R.L. 1979. Empirical clinical practice. New York: Columbia University Press.

# BYLAE A

11 Mei 1998

Geagte Mevrou

Ondergetekende is besig met navorsing ten opsigte van die vrou in die myngemeenskap. U is uitgekies as een van die vroue om deel te neem aan die navorsing. U kan help om 'n verskil te maak deur die navorser 'n geleentheid te gee om u te besoek. In die besoek sal daar van u verwag word om sekere vrae te beantwoord. Die navorser verwag dat u asseblief eerlik moet wees. U moet u werklike opinie en gevoelens deel en nie soos u dink die navorser wil hê u moet voel nie.

Baie dankie vir u samewerking.

Die uwe

....................................................

**ANNELIZE NAUDÉ**
**SNR MAATSKAPLIKE WERKER**

## MEETINSTRUMENT OM DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE VROU IN DIE MYNGEMEENSKAP TE BEPAAL

(1) Gee 'n kort beskrywing van jou kinderjare:

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

(2) Beskryf jou huidige huwelik:

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

(3) Hoe sien jy die rol van 'n moeder in die gesin:

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

(4) Beskryf jou daaglikse leefpatroon:

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

(5) Hoe beleef jy die feit dat jy 'n tuisteskepper is?

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

(6) Wat dink jy van jouself?

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

(7) Dink jy dit is belangrik om jouself te versorg en doen jy dit?

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

(8) Wat is jou siening van die myngemeenskap?

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

## BYLAE B

### SELFBEELDINDEKS

NAAM: ........................................... VANDAG SE DATUM: .........................

Hierdie vraelys het geen korrekte of verkeerde antwoorde nie. Beantwoord asseblief elke item so noukeurig en eerlik moontlik deur een van die volgende nommers langs elke vraag te plaas:

1. Ek voel nooit so nie
2. Ek voel selde so (± 4 keer per jaar)
3. Ek voel soms so (± 1 keer per maand)
4. Ek voel dikwels so (± 1 keer per week)
5. Ek voel altyd so

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Ek dink dat mense nie van my sal hou sal hulle my regtig goed leer ken nie | |
| 2. | Ek dink dat ander mense baie beter oor die weg kom as ek | |
| 3. | Ek dink dat ek 'n aantreklike mens is | |
| 4. | Ek voel dat ander mense daaroor bly is as ek by hulle is | |
| 5. | Ek dink mense hou regtig daarvan om met my te praat | |
| 6. | Ek dink dat ek 'n baie bekwame persoon is | |
| 7. | Ek dink ek maak 'n goeie indruk op ander | |
| 8. | Ek dink dat ek meer selfvertroue nodig het | |
| 9. | Ek is baie senuweeagtig as ek by vreemdelinge is | |
| 10. | Ek dink dat ek 'n oninteressante mens is | |
| 11. | Ek voel lelik | |
| 12. | Ek dink dat ander mense meer pret het as ek | |
| 13. | Ek dink dat ek mense verveel | |
| 14. | Ek dink my vriende vind my interessant | |
| 15. | Ek dink ek het 'n goeie sin vir humor | |
| 16. | Ek voel baie selfbewus wanneer ek by vreemde mense is | |
| 17. | Ek dink dit sal beter wees as ek meer soos ander mense was | |
| 18. | Ek dink dat mense pret het as hulle by my is | |
| 19. | Ek voel soos 'n muurblommetjie/vyfde-wiel-aan-die-wa wanneer ek uitgaan | |
| 20. | Ek voel ek word meer as ander mense "rondgestoot" | |
| 21. | Ek dink ek is 'n taamlike aangename persoon | |
| 22. | Ek dink dat mense regtig baie van my hou | |
| 23. | Ek dink dat ek iemand is van wie mense maklik kan hou | |
| 24. | Ek is bang dat ek 'n gek van myself maak voor ander mense | |
| 25. | Ek is hoog aangeskrewe by my vriende | |

* Walter W Hudson, 1974.

3, 4, 5, 6, 7, 14, 15, 18, 21, 22, 23, 25

# BYLAE C

## DIE KEIRSEY-VRAELYS

1. **Sal u by 'n sosiale geleentheid gesels met**
   (a) baie persone om u, vreemdelinge ingesluit
   (b) slegs met enkele persone wat u ken?

2. **Is u gewoonlik meer**
   (a) realisties (b) spekulatief?

3. **Is dit erger om**
   (a) jou kop in die wolke te hê (b) in 'n groef te wees?

4. **Word u meer beïndruk deur**
   (a) beginsels (b) emosies?

5. **Word u meer deur iets/iemand**
   (a) oortuig (b) geraak?

6. **Verkies u om te werk**
   (a) onder druk, teen 'n keerdatum (b) spekulatief?

7. **Neig u om, waar u keuses moet maak**
   (a) taamlik versigtig te besluit (b) ietwat impulsief te besluit?

8. **Sal u by 'n gesellligheid/partytjie**
   (a) laat vertoef, met toenemende energie
   (b) vroeg gaan, met afname in energie?

9. **Voel u meer aangetrokke tot**
   (a) verstandige mense (b) verbeeldingryke mense?

10. **Stel u meer belang in**
    (a) wat werklik die geval is (b) wat moontlik mag wees?

11. **Wanneer u andere beoordeel, laat u uself eerder lei deur**
    (a) wat reg of verkeerd is (b) omstandighede?

12. **Benader u andere met 'n meer**
    (a) objektiewe ingesteldheid (b) persoonlike ingesteldheid?

13. **Is u meer geneig tot**
    (a) stiptelikheid (b) bedaardheid/kalmte?

**14. Pla dit u meer om dinge**

(a) onvoltooid/ongefinaliseer/onbepaald te laat

(b) te voltooi/af te handel/te finaliseer?

**15. Is u in u sosiale groep**

(a) altyd op hoogte met die gebeure in andere se lewe

(b) gewoonlik agter met die nuus?

**16. Is u in die doen van alledaagse dinge geneig om**

(a) dit op die gewone manier te doen

(b) dit op u eie besondere manier te doen?

**17. Behoort skrywers**

(a) te sê wat hulle bedoel en bedoel wat hulle sê

(b) dinge meer simbolies uit te druk, bv. deur beeldspraak/analogie?

**18. Heg u meer waarde aan**

(a) konsekwente gedagtes

(b) harmonieuse menseverhoudings?

**19. Is u meer gemaklik om te oordeel volgens**

(a) logika (b) waardes?

**20. Hou u daarvan dat sake**

(a) beklink en afgehandel moet wees

(b) onbeslis en onafgehandel kan bly?

**21. Sou u sê dat u meer**

(a) ernstig en gedetermineerd is (b) meer gemaklik/onbesorgd is?

**22. Indien u 'n telefoonoproep maak, sal u**

(a) selde wonder of alles gesê sal word

(b) eers voorberei wat u gaan sê?

**23. Feite**

(a) spreek vanself (b) illustreer beginsels?

**24. Is idealistiese drome, fantasieë en planne**

(a) vergesog en ietwat hinderlik/lastig

(b) nogal bekoorlik, betowerend en boeiend?

**25. Is u meer dikwels**

(a) koelkop, kalm en berekend (b) geesdriftig, vurig en hartlik?

26. **Is dit erger om**

(a) onbillik te wees (b) ongenadig te wees?

27. **Behoort mense normaalweg dinge te laat gebeur deur**

(a) weldeurdagte en versigtige keuses te maak

(b) dit onwillekeurig aan toeval oor te laat?

28. **Voel u beter**

(a) nadat u iets gekoop het

(b) om nog die opsie te hê om te koop?

29. **Is u in geselskap die een wat**

(a) die gesprek aan die gang sit (b) wag om genader te word?

30. **Is u van mening dat algemene kennis/"gesonde verstand"**

(a) selde in twyfel getrek hoef te word

(b) dikwels te betwyfel is?

31. **Kinders is geneig om dikwels nie**

(a) hulself bruikbaar/nuttig genoeg te maak nie

(b) genoeg te fantaseer nie?

32. **Wanneer u besluite neem, voel u meer gemaklik met**

(a) standaarde (b) gevoelens?

33. **Is u meer**

(a) ferm (b) sag?

34. **Watter een bewonder u meer**

(a) die vermoë om te organiseer en metodes/riglyne daar te stel

(b) die vermoë om te kan aanpas en die beste van 'n saak te maak?

35. **Heg u meer waarde aan die**

(a) bepaalde vasgesteldheid (b) onbepaalde openheid?

36. **Sal ongewone/onverwagse interaksie met andere u**

(a) stimuleer en aktiveer (b) dreineer en uitput?

37. **Is u meer dikwels**

(a) prakties (b) kieskeurig?

38. **Is u meer geneig om te let op hoe**

(a) nuttig andere kan wees (b) andere 'n saak beskou?

39. **Is dit vir u meer bevredigend om**

(a) 'n kwessie deeglik te bespreek

(b) tot 'n beslissing/vergelyk te kom oor 'n saak?

40. **Word u meer oorheers deur u**

(a) verstand (denke) (b) hart (gevoelens)?

41. **Is u meer gemaklik met werk op 'n**

(a) kontrak-basis (b) toevallige basis?

42. **Is u meer op die uitkyk vir die**

(a) reëlmatige, gereelde en bekende

(b) die onvoorsiene, onverwagse en onbekende?

43. **Verkies u om in u omgang met mense**

(a) kort en saaklike kontak met verskeie vriende

(b) langer en nouer kontak met slegs enkele vriende?

44. **Gaan u meer op**

(a) feite (b) beginsels?

45. **Stel u meer belang in**

(a) produksie en distribusie (b) ontwerp en navorsing?

46. **Is dit 'n groter kompliment dat mense u sien as 'n persoon wat**

(a) baie logies is (b) baie sentimenteel is?

47. **Skat u uself meer na waarde omdat u**

(a) onwrikbaar/standvastig is (b) betrokke/toegewyd is?

48. **Verkies u meer dikwels die**

(a) finale, onveranderlike stelling (b) tentatiewe en voorlopige stelling?

49. **Is u meer gemaklik**

(a) nadat 'n besluit geneem is (b) voor 'n besluit geneem word?

50. **Is u 'n persoon wat**

(a) maklik lang gesprekke met vreemdes kan voer

(b) min vind om met vreemdelinge oor te praat?

51. **Maak u eerder staat op u**

(a) ondervinding/ervaring (b) vermoedens/aanvoeling?

52. **Sou u sê u is meer**

(a) prakties (b) vindingryk?

**53.** **Waardeer u 'n persoon meer vir sy**

(a) helder redenasie (b) sterk emosie/gevoelens?

**54.** **Is u meer geneig tot**

(a) regverdigheid (b) simpatie?

**55.** **Is dit meesal verkieslik om**

(a) seker te maak dat dinge gereël is

(b) dinge net te laat gebeur?

**56.** **Behoort 'n verhouding meesal af te hang van**

(a) onderhandeling

(b) aanpassing na gelang van omstandighede?

**57.** **Wanneer die telefoon lui, sal u**

(a) haastig wees om dit eerste te antwoord

(b) hoop dat iemand anders dit sal antwoord?

**58.** **Sal u in uself groter waarde heg aan**

(a) sterk realisme (b) helder/sterk verbeelding?

**59.** **Laat u uself sterker lei deur**

(a) fundamentele beginsels (b) algemene indrukke?

**60.** **Sou dit 'n groter fout wees om**

(a) te hartstogtelik te wees (b) te objektief te wees?

**61.** **Sien u uself as basies**

(a) hardkoppig (b) sagmoedig?

**62.** **Watter situasie sou u meer beïndruk**

(a) gestruktureerd en geskeduleerd

(b) ongestruktureerd en ongeskeduleerd?

**63.** **Is u van nature meer**

(a) geroetineerd (b) wispelturig?

**64.** **Is u gewoonlik**

(a) maklik om te benader (b) ietwat gereserveerd?

**65.** **Is u in u skrywes geneig om meer**

(a) letterlik te wees (b) figuurlik te wees?

**66.** **Is dit moeiliker vir u om**

(a) met andere te identifiseer (b) andere te benut/in te span?

**67.** **Hoe sou u graag meer wou wees**

(a) helderdenkend (b) medelydend?

**68.** **Is dit vir u 'n groter fout om**

(a) blindelings te aanvaar/handel (b) krities te wees?

**69.** **Verkies u dat dinge gebeur**

(a) volgens plan (b) onbepland?

**70.** **Neig u om meer**

(a) doelbewus op te tree (b) spontaan op te tree?

# KEIRSEY-ANTWOORDBLAD

NAAM: ................................................... DATUM: ...........................................

*Beantwoord die aangehegte vraelys deur telkens 'n kruisie (X) te trek in die toepaslike kolom a of b langs elke ooreenstemmende vraagnommer. Indien u werklik nie tussen a en b kan besluit nie, aangesien u keuse om't ewe sou wees, laat staan die vraag maar oor en gaan na 'n volgende vraag.*

Aangesien dit hier bloot gaan oor <u>persoonlike voorkeure</u>, hoef u uself nie te bekommer oor of die antwoorde reg of verkeerd is nie. Minstens die helfte van die samelewing sal met u saamstem!

| | a | b | | a | b | | a | b | | a | b | | a | b | | a | b | | a | b |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | 2 | | | 3 | | | 4 | | | 5 | | | 6 | | | 7 | | |
| 8 | | | 9 | | | 10 | | | 11 | | | 12 | | | 13 | | | 14 | | |
| 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | 20 | | | 21 | | |
| 22 | | | 23 | | | 24 | | | 25 | | | 26 | | | 27 | | | 28 | | |
| 29 | | | 30 | | | 31 | | | 32 | | | 33 | | | 34 | | | 35 | | |
| 36 | | | 37 | | | 38 | | | 39 | | | 40 | | | 41 | | | 42 | | |
| 43 | | | 44 | | | 45 | | | 46 | | | 47 | | | 48 | | | 49 | | |
| 50 | | | 51 | | | 52 | | | 53 | | | 54 | | | 55 | | | 56 | | |
| 57 | | | 58 | | | 59 | | | 60 | | | 61 | | | 62 | | | 63 | | |
| 64 | | | 65 | | | 66 | | | 67 | | | 68 | | | 69 | | | 70 | | |
| 1 | | | 2 3 | | | 4 3 | | | 4 5 | | | 6 5 | | | 6 7 | | | 8 7 | | 8 |

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | 2 | 3 | | | 4 | 5 | | |
| | E | I | | | S | N | | | T | F |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6 | 7 | | | 
| | | J | P |

8

## Aanwysings vir puntetelling

1. **Nadat u al die kruisies getrek het, tel afwaarts** in elk van die kolomme a en b bymekaar, en vul die akkurate aantal in die ooreenstemmende antwoordblokkies (1 - 8) daaronder in.
2. **Dra nou hierdie antwoorde oor** na die blokkies soos deur die pyltjies aangedui. Blokkies $_1$E en $I_2$ sal nou reeds ingevul wees. Dra nou blokkies 3 - 8 oor na die blokkies soos deur die pyltjies aangedui. **Tel die pare antwoorde** van blokkies 3 - 8 onderskeidelik bymekaar en vul die totale in die heel onderste ry ooreenstemmende blokkies in.
3. **Trek 'n kringetjie om die grootste getal van elke groep:** EI, SN, TF en JP. Indien twee getalle in dieselfde groep gelyk is aan mekaar, merk die groep met 'n groot (X).
4. Bel gerus u puntetelling deur vir spoedige ontleding en interpretasie.

*Die voordeel van hierdie resultate sal wees dat u, en andere, uself en mekaar as uniek, verskillend van mekaar kan raaksien, begryp, waardeer en ten volle kan (help) uitleef ...*

(Struwig, 1996:1-7)

## BYLAE D

### TEMPERAMENTVRAELYS

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Eet jy *normaalweg* vinniger as ander mense, al is daar geen rede tot haas nie? | Ja | ? | Nee |
| 2. | Glo jy mense *gewoonlik* wanneer hulle jou komplimenteer? | Ja | ? | Nee |
| 3. | Sal jy *oor die algemeen* verkies om by die huis te bly en jou met jou eie dinge besig te hou eerder as om by vriende te gaan kuier? | Ja | ? | Nee |
| 4. | Voel jy *soms* dat jy nie kan omgee wat met jou gebeur nie? | Ja | ? | Nee |
| 5. | Arriveer jy *dikwels* op die laaste nippertjie wanneer jy 'n bus of 'n trein moet haal? | Ja | ? | Nee |
| 6. | Het jy oor *die algemeen* 'n maklike geaardheid en raak jy dus nie maklik ontsteld nie? | Ja | ? | Nee |
| 7. | Dink jy *gewoonlik* sorgvuldig voordat jy enige besluit neem? | Ja | ? | Nee |
| 8. | Vererg jy jou *gou* wanneer 'n ding nie op sy regte plek is nie? | Ja | ? | Nee |
| 9. | Beduie jy *dikwels* met jou hande terwyl jy praat? | Ja | ? | Nee |
| 10. | Vind jy dit *betreklik* maklik om jou emosies onder beheer te hou? | Ja | ? | Nee |
| 11. | Wantrou jy *dikwels* ander mense se motiewe? | Ja | ? | Nee |
| 12. | Voel jy *dikwels* dat mense die dinge wat jy sê en doen afkeur? | Ja | ? | Nee |
| 13. | Raak jy *dikwels* gefrustreer wanneer jy 'n motor in stadige verkeer bestuur? | Ja | ? | Nee |
| 14. | Is jy *oor die algemeen* tevrede met jou fisiese voorkoms? | Ja | ? | Nee |
| 15. | Vind jy dit *normaalweg* by 'n sosiale byeenkoms moeilik om jouself aan vreemdelinge bekend te stel? | Ja | ? | Nee |
| 16. | Voel jy *dikwels* rusteloos - asof jy iets soek, maar nie seker is wat nie? | Ja | ? | Nee |
| 17. | Is mense wat baie versigtig bestuur *gewoonlik* vir jou 'n bron van irritasie? | Ja | ? | Nee |
| 18. | Kom jy *normaalweg* self tot 'n besluit, ongeag van wat mense mag dink? | Ja | ? | Nee |
| 19. | Kan jy *oor die algemeen* geduldig spaar vir 'n duur artikel wat jy wil koop? | Ja | ? | Nee |
| 20. | Het jy 'n paar slegte gewoontes wat jy *soms* voel jy lankal van ontslae moes geraak het? | Ja | ? | Nee |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21. | Weet ander mense *gewoonlik* wat in jou gedagtes en gemoed omgaan? | Ja | ? | Nee |
| 22. | Sou jy sê dat jy *oor die algemeen* tevrede is met jou lewe tot dusver? | Ja | ? | Nee |
| 23. | Beplan jy die *meeste* van jou aktiwiteite lank vooruit? | Ja | ? | Nee |
| 24. | Bekommer jy jou *dikwels* oor finansiële sake? | Ja | ? | Nee |
| 25. | Toon jy *gewoonlik* jou ongeduld wanneer iemand jou laat wag het? | Ja | ? | Nee |
| 26. | Probeer jy *normaalweg* iemand vind om jou op te vrolik wanneer jy terneergedruk voel? | Ja | ? | Nee |
| 27. | Verkies jy *oor die algemeen* om 'n dokumentêre stuk op televisie te sien eerder as 'n blyspel? | Ja | ? | Nee |
| 28. | Word jy *dikwels* deur 'n skuldige gewete gehinder? | Ja | ? | Nee |
| 29. | Vind jy *dikwels* dat jy reeds 'n besige straat oorgesteek het terwyl jou meer versigtige metgeselle nog aan die anderkant staan? | Ja | ? | Nee |
| 30. | Kan jy *normaalweg* 'n sosiale blaps wat jy gemaak het maklik vergeet? | Ja | ? | Nee |
| 31. | Hou jy *meestal* jou mening vir jouself indien jy dink dit sou iemand teenwoordig ontstel? | Ja | ? | Nee |
| 32. | Wanneer jy 'n muurprent skeef sien hang, vind jy dit *gewoonlik* moeilik om te konsentreer voordat dit reggeskuif is? | Ja | ? | Nee |
| 33. | Vind jy dit sinneloos om jou eie gedagtes en gevoelens *gereeld* te ontleed? | Ja | ? | Nee |
| 34. | Het jy *normaalweg* spesifieke doelwitte en 'n besliste sin van rigting in jou lewe? | Ja | ? | Nee |
| 35. | Indien iemand in 'n sosiale groep 'n mening uitspreek en jy beslis daarmee verskil, sou jy *normaalweg* stilbly eerder as om te sê dat jy nie saamstem nie? | Ja | ? | Nee |
| 36. | Voel jy *dikwels* dat daar nie veel in jou lewe is waarop jy trots kan wees nie? | Ja | ? | Nee |
| 37. | Is jy *gewoonlik* baie spraaksaam wanneer jy saam met bekende persone verkeer? | Ja | ? | Nee |
| 38. | Voel jy *meestal* dat jou lewe nuttig en 'n bydrae tot die gemeenskap is? | Ja | ? | Nee |
| 39. | Lees jy *gewoonlik* die waarborg voordat jy 'n elektriese toestel koop? | Ja | ? | Nee |
| 40. | Verkies jy *meestal* om 'n taak self af te handel eerder as om dit te delegeer, uit vrees dat niemand anders die taak so goed soos jy sou doen nie? | Ja | ? | Nee |
| 41. | Doen en sê jy dinge *dikwels* op die ingewing van die oomblik? | Ja | ? | Nee |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 42. | Wanneer jy iets verkeerd gedoen het, kan jy *normaalweg* gou daarvan vergeet en op die toekoms konsentreer? | Ja | ? | Nee |
| 43. | Is jy *oor die algemeen* besadig en tydsaam in jou optrede? | Ja | ? | Nee |
| 44. | Bly jy *soms* stil uit vrees dat mense sal lag of jou kritiseer vir jou standpunt? | Ja | ? | Nee |
| 45. | Vertel jy *dikwels* grappe en snaakse stories aan jou vriende? | Ja | ? | Nee |
| 46. | Lyk jou toekoms *oor die algemeen* belowend en rooskleurig? | Ja | ? | Nee |
| 47. | Dink jy *dikwels* oor jou verlede en die koers wat jy tans inslaan? | Ja | ? | Nee |
| 48. | Nadat jy 'n belangrike taak uitgevoer het, voel jy *dikwels* dat jy dit beter moes gedoen het? | Ja | ? | Nee |

(Mol, 1981:22-24)